# *DIE GESKIEDENIS VAN DIE GATSRAND*

## *VANAF DIE VESTIGING VAN DIE TREKKERGEMEENSKAP OMSTREEKS 1839 TOT DIE PROKLAMERING VAN CARLETONVILLE IN 1948*

* * *

*E.S. VAN EEDEN*

# *DIE GESKIEDENIS VAN DIE GATSRAND*

## *VANAF DIE VESTIGING VAN DIE TREKKERGEMEENSKAP OMSTREEKS 1839 TOT DIE PROKLAMERING VAN CARLETONVILLE IN 1948*

*Elize Sonja van Eeden*

*Verhandeling goedgekeur vir die graad MAGISTER ARTIUM in GESKIEDENIS in die FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE van die POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS*

*Leier: Prof. dr. P.F. van der Schyff.*
*Medeleier: Mnr. P.H.R. Snyman (RGN)*

*Potchefstroom*
*1988*

# INHOUDSOPGAWE

SUMMARY ... vii
VOORWOORD ... ix
INLEIDING ... x

HOOFSTUK EEN

BLANKE VESTIGING EN DORPSTIGTING IN DIE GATSRAND VOOR DIE PROKLAME=RING VAN CARLETONVILLE IN 1948 ... 1

HOOFSTUK TWEE

EKONOMIESE ONTWIKKELING ... 21

2.1 Landbou en veeteelt ... 21
2.2 Handel en mynbou ... 35
2.3 Die rol van Swartmense in die arbeidsmark ... 47

HOOFSTUK DRIE

GODSDIENSONTWIKKELING ... 53

3.1 Godsdiens vanaf die vestiging van Trekkers tot 1948 ... 53
3.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk (NH Kerk) ... 62
3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) ... 64
3.4 Ander kerkgenootskappe ... 67
3.5 Sendingwerk ... 69

HOOFSTUK VIER

ONDERWYS EN OPVOEDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 73

4.1 Onderwys voor 1900 .. ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 73
4.2 Onderwys, 1902-1937 .. ... ... .. ... ... ... ... ... ... ... 77
4.3 Onderwys op permanente grondslag, 1938-1948 . ... ... ... 86
4.4 Sosiaal-kulturele aktiwiteite ... ... ... ... ... ... ... ... 90
4.5 Onderwys aan Swartmense ... . ... ... ... ... ... ... ... ... 92

HOOFSTUK VYF

ONTWIKKELING OP POLITIEKE GEBIED .. ... ... ... ... ... ... ... ... 94

5.1 Die tydperk, 1838-1902 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 94
5.2 Tydperk, 1902-1948 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 103

HOOFSTUK SES

REGSPLEGING EN MILITêRE ONTWIKKELING .. .. ... ... ... ... ... ... 115

6.1 Regspleging (Wet en Orde) ... ... ... ... ... ... ... ... 115
6.2 Militêre Ontwikkeling (Verdediging) ...... .. ... ... ... 125
6.2.1 Militêre opset voor 1899 ... ... ... ..... .. ... ... ... 125
6.2.2 Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902 ... ..... .. ... ... ... 129
6.2.3 Ontwikkeling, 1903-1948 ... ... ... ... .. ... ... ... ... 139

HOOFSTUK SEWE

ADMINISTRATIEWE GROEI, GESONDHEIDS- EN WELSYNSDIENSTE ... ... ... 146

7.1 Plaaslike administrasie ... ... ... ... ... .. ... ... ... 146
7.2 Gesondheidsdienste ... ... ... ... ... ... ... .. ... ... 154
7.3 Welsynsdienste ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 159

HOOFSTUK AGT

KOMMUNIKASIE ... 163

8.1 Pos- en telegrafiese dienste ... 163
8.2 Padvervoer ... 168
8.3 Spoorweë ... 173
8.4 Lugverkeer ... 176

HOOFSTUK NEGE

SOSIAAL-KULTURELE AKTIWITEITE ... 179

9.1 Ontspanning ... 179
9.2 Sport ... 181
9.3 Kultuur ... 186

SAMEVATTING ... 188

BRONNE ... 196

TABELLE


1. Plaasbesetting in Gatsrand, 1840-1849 ... ... ... ... ... ... 8-9
2. Plaasbesetting in Gatsrand, 1850-1857 ... ... ... ... ... ... 10
3. Plaasbesetting in Gatsrand, 1857-1870 ... ... ... ... ... ... 12
4. Winkels en hotelle in die Gatsrand, 1868-1900 ... ... ... ... 37
5. Getal Swart arbeiders op plase in wyk Gatsrand in 1894 .. ... 48-50
6. Private en plaasskole in die Gatsrand tot 1899 . ... ... ... 76
7. Plaasskole in die Gatsrand in 1920 ... ... ... .. ... ... ... 84-85
8. Veldkornette en assistent-veldkornette (ook in 'n waarnemende hoedanigheid) in die Gatsrandwyk, 1849-1910 .. .. ... ... ... 119
9. Skietverenigings in die Gatsrand Kommando na 1913 ... ... ... 140


KAARTE


1. Ligging van Gatsrand ... ... ... ... .. ... ... .. ... ... ... ix
2. 'n Vereenvoudigde kaart van die geologie van die Gatsrand ... x
3. Plaasbesetting in die Gatsrand, 1839-1857 . ... .. ... ... ... 11
4. Plaasbesetting in die Gatsrand, 1858-1898 . ... .. ... ... ... 14
5. Die vestiging van goudmyne en dorpsproklamering tot 1948 .. ... 20
6. Die kommunikasienetwerk in die Gatsrand tot 1948 . ... ... ... 178


FOTO'S EN ILLUSTRASIES


1. 'n Lugfoto van Carletonville en omgewing in ongeveer 1950 ... viii
2. Ene Harmse se graf op Buffelsdoorn ... ... ... ... ... ... ... 3a
3. Van die eerste huise in Carletonville, uitbreiding nr. een ... 18a
4. Guy Carleton Jones ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 19a
5. Dagbreekkwekery op Jachtfontein, 1951 ... ... ... ... ... ... 27a
6. 'n Advertensie van Dagbreekkwekery, 1952 .... ... ... ... ... 27a
7. Adorp kaasfabriek ... ... ... .... ... ... ... ... ... ... ... 38a
8. 'n Woning van 'n nedersetter ..... ...... ... ... ... ... ... 38a
9. Skag nr. een op Blyvooruitzicht . ... ... ... ... ... ... ... 40a

10. Eerste mynhuise op Blyvooruitzicht ... ... ... ... ... ... ... ... 40a
11. Die eerste goudstaaf van die Blyvooruitzichtmyn, 1942. ... ... 40a
12. Sinking van skag nr. twee op Wes-Driefontein ..... ... ... ... 41a
13. Ontwikkeling by skag nr. twee op Wes-Driefontein .. ... ... ... 41a
14. West Wits hotel ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 45a
15. Tydelike kampongs by die Wes-Driefonteinmyn, 1946 ... ... ... 50a
16. P.J.W. Schutte .... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 54a
17. Die Jachtfontein kerkgebou ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 57a
18. Kerkraadslid B.J.J. Vermaas ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 58a
19. Hoeksteenlegging van die Sendingkerk te Fochville, 1948 .. ... 71a
20. J.P. Borrius ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 73a
21. Leerlinge en personeel van die skool Elandsfontein nr. 289, 1904. 77a
22. Leerlinge en personeel van die Rooipoort 50 skool, 1916.. . ... 79a
23. Rooipoort 50 skoolkomitee, 1910 ... ... ... ... ... ... ... ... ... 80a
24. Leerlinge en personeel van die Welverdiendskool, 1916 .... ... 82a
25. Wonderfontein skoolgebou, 1929 ... ... ... ... ... ... ... ... ... 85a
26. K.J. Kerling ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 85a
27. Die skool Elandsfontein nr. 289 se bus in ongeveer 1930... ... 88a
28. Leerlinge en offisiere van Elandsfontein nr. 289 tydens 'n ka=
detsaamtrek in Potchefstroom, 1917 ... ... ... ... ... ... ... .... 90a
29. Voorbeeld van 'n rekwisisie ten gunste van T.F.J. Dreyer, 1907. 103a
30. Kommandant T.F.J. Dreyer .. ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 104a
31. Generaal Louis Botha ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 105a
32. Volksvergadering op Bankstasie, 1914 .. ... ... ... ... ... ... .. 105a
33. G.P. Brits ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 107a
34. J.B. Wolmarans ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 108a
35. Wolmarans se begrafnis, 1948 .. ... ... ... ... ... ... ... ... .. 112a
36. Die SAC-pos te Losberg ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 119a
37. Van die opgekommandeerde Gatsranders, 1899 ... ... ... ... ... .. 128a
38. Veldkornet J.T. Martins .. ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 129a
39. Van die Gatsrand burgers in die krygsgevangenekamp te St. He=
lena, 1900 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 130a
40. Kaptein Danie Theron . ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 132a
41. Konsentrasiekampkinders in die Krugersdorp kamp .. ... ... ... .. 137a

42. Lede van die Losberg Skietvereniging, 1920 ... ... ... ... ... 141a
43. Womens Charity Committee ... ... ... ... ... .. .. ... ... ... ... 161a
44. 'n Gedeelte van die poskoetsstal op Welverdiend .. ... ... ... 163a
45. C. Dreyer ... ... ... ... .. ... ... ... .. .. ... ... ... ... 165a
46. 'n Sportdag op Elandsfontein nr. 289, 1910 ... ... ... ... ... 179a
47. Blyvoor Amateur Dramatic Society ... ... .. .. ... ... ... ... 180a
48. Die Wolmaranse as wildjagters ... .. ... .. .. ... ... ... ... 182a
49. Elandsfontein nr. 289 se tennisklub, 1910 . ... ... ... ... 184a

SUMMARY

The Gatsrand (as a series of ridges) is not only a well-known geograp= hical feature in the Western Transvaal but also features prominently as a definite area in the settlement history of the Whites in the Trans= vaal. In fact, the first farms in this area were registered simulta= neously with farms in the neighbouring Mooi River area.

Due to the inhabitants' agrarian predisposition up to the early years of the twentieth century, agriculture and stock farming formed the basis of the area's economic infrastructure. Initially the Potchefstroom market was the nearest outlet for products. Later on products were also sold at Johannesburg, Randfontein and Krugersdorp. In the process of development of this enterprise, stock diseases, droughts, poverty and wars continually set the inhabitants back. Prior to the establish= ment of gold mines (since 1937) in the northern areas of the Gatsrand, which enhanced economic development, the area's development was mainly dependent on the subsistence needs of the surrounding towns.

In this respect the building of roads to places like Krugersdorp, Rand= fontein, Pretoria and Johannesburg was beneficial to the Gatsrand as all these routes passed through this area. Administrative duties were initially performed by a field cornet and later by a justice of the peace, who was subordinate to the magistrate of Potchefstroom. In a similar fashion educational matters were handled by the Potchefstroom School Board. Until 1948, with the exception of Klipdrift School, there were only primary schools on several farms in the area which had from one to four teachers. With outbreaks of illness even the medi= cal services in Potchefstroom rendered help in the Gatsrand. Inhabitants had to travel to Potchefstroom, some of them covering great distances, if they were in need of medical facilities. Initially the nearest centre for worship was also in Potchefstroom. The first congregation in the Gatsrand was founded in 1926 at Fochville with boundaries which included the largest part of this area.

Since 1937 gold mine development has provided definite advances in local development. Up to 1948 six towns had been proclaimed, congrega= tions were formed, houses and roads were built to accommodate the gro= wing number of inhabitants. This resulted in the establishment of numerous enterprises. The number of pupils increased and smaller schools had to amalgamate with larger schools.

By 1948 it was apparant that the development in the Gatsrand would be phenomenal due to the rich discoveries of the then established gold mines.

# INLEIDING

Geskiedenis op plaaslike en streekvlak is 'n relatief jong vertakking van die geskiedeniswetenskap en 'n terrein waarop daar nog min navorsing gedoen is.[1] Die waarde hiervan vir die nasionale geskiedenis word ook te dikwels gering geskat, terwyl 'n studie van die doen en late van die mens in 'n historiese gemeenskap juis 'n vollediger beeld van die nasionale geskiedenis gee.[2]

In die afgelope kwarteeu het belangstelling in plaaslike geskiedenis toegeneem. 'n Algemene gebruik van veral plaaslike owerhede in die huidige tydsgees is om by geleentheid van veral eeufeeste dorpe se geskiedenis te laat opstel.[3] Graaff-Reinet, Stellenbosch, Paarl, Pie= tersburg, Klerksdorp en Potchefstroom is maar enkele voorbeelde hiervan. Carletonville, wat in 1948 geproklameer is, word in 1988 40 jaar oud. Dié dorp se plaaslike owerheid het die Departement Geskiedenis van Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys genader om navorsing oor dié gebied se geskiedenis te doen.

Om by Carletonville se geskiedenis van 1948 af aansluiting te vind, is besluit om by wyse van hierdie verhandeling eers die voorgeskiedenis van die omgewing van 1839 af tot 1948 te behandel. Die dorp se geskie= denis kan nouliks tot sy reg kom as die voorafgaande distriks- en veral die wyksgeskiedenis buite rekening gelaat word.

Die studieveld van die verhandeling is ten opsigte van verskeie aspekte in elke afdeling na 'n groter gebiedsverband uitgebrei. Aspekte soos die pioniersgeskiedenis, regspleging en militêre ontwikkeling asook kommunikasie en politiek kon nie van distriksverband losgemaak word nie, terwyl die ekonomie, onderwys, kerk- en bestuursontwikkeling sowel as gesondheid en welsyn in 'n groot mate met Potchefstroom se geskiedenis verband hou.

---

1) A.G. Oberholster, "Streekgeskiedenis en die historikus", *Contree* 6, Julie 1979, p.29.

2) P.L. Scholtz, *Streekgeskiedenis - 'n fassinerende mikrokosmos*, p.7.

3) A.G. Oberholster, "Redaksioneel", *Contree* 7, Januarie 1980, p.3.

In die geheel werk al hierdie aspekte mee om die destydse wyk Gatsrand, waarin die huidige Carletonville geleë is, in wyer streekhistoriese perspektief te stel.

Baie min navorsing is in die verlede oor die Gatsrand se geskiedenis gedoen. Enkele populêre publikasies (gedenkblaaie) het wel die lig gesien. Ook het navorsing oor 'n gedeelte van die geologie, geografie en ekonomie van die gebied in enkele manuskripte en tydskrifartikels verskyn. In hierdie studie van die voorgeskiedenis van die huidige Carletonville munisipale gebied is die reeds gemelde wyk Gatsrand asook 'n klein gedeelte van die wyk Boven-Mooirivier as ondersoekgebied gekies.

Die gebied waaruit die destydse wyk Gatsrand bestaan het, is oos van Potchefstroom geleë en het verder oos tot teen die distrikte Witwaters=rand en Heidelberg gestrek. Noord het wyk Boven-Mooirivier die grens gevorm. Plase in dié wyk wat by die studieveld ingesluit is en waarvan 'n groot deel tans in die Carletonville munisipale gebied val, is Stink=houtboom, Blaauwbank, Welverdiend, Goudvlakte-Oos, Goudvlakte-Wes en Wonderfontein. Gatsrandwyk se suidelike grens het tot naby die huidige Parys gestrek en vandaar verder suid-oos tot teen die distrik Vereeni=ging. Na hierdie afgebakende studieveld word in die verhandeling verwys as *Gatsrand* teenoor *wyk Gatsrand* wanneer dit oor sake binne wyksver=band handel.

Die geskiedenis van Fochville, wat in 1920 geproklameer is en binne wyk Gatsrand geval het, word slegs aangesny in so ver dit die ontwikke=ling van die res van die wyk beïnvloed het. Navorsing oor Fochville se ontwikkeling regverdig 'n afsonderlike studie. Namate mynbedrywighede in die gebied begin het, word meer klem op die ontwikkeling van die noordelike dele van die gebied onder bespreking - vandag deel van die Carletonville munisipale gebied - gelê.

Origens het die wyk tot en met 1936 net uit plase bestaan. Uit aktes blyk dit dat plase se nommers dikwels verander is, veral in 'n latere stadium toe dele van die gebied by ander distrikte ingedeel is. In die verhandeling word deurgaans verwys na die eerste plaasnommer wat toegeken is.

As gevolg van die wydgestrekte geografiese veld en lang tydspan is die navorsing veral op die Blanke bevolkingsgroep afgestem. Alhoewel aandag wel sydelings geskenk word aan die doen en late van Swartmense, moet dit nie as volledig beskou word nie. Dit is duidelik dat 'n breë studieterrein nog hier braak lê. Benewens die lang tydspan en die geografiese omvang van die terrein het die verweefdheid van die gebied se geskiedenis met dié van die distrik Potchefstroom die navorsing bemoeilik.

Primêre navorsing is hoofsaaklik in die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) gedoen. Dokumente wat betrekking het op wyk Gatsrand voor 1900 is veral in die argief van die Landdros van Potchefstroom en die Staat= sekretaris gevind. Gegewens oor die eerste drie dekades na Trekkerves= tiging (vanaf 1839)) is egter skaars en vir inligting is grotendeels op gepubliseerde argivale en sekondêre bronne gesteun.

Bronne vir die tydperk 1900 tot 1948 is veral gevind in private versame= lings, kerkargiewe in Transvaal asook argiefgroepe in die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), TAB en Onderwysmuseum. Daarbenewens is ook gesteun op dokumente in die besit van die Munisipaliteit Carletonville en die Nederduitse Gereformeerde gemeente Losberg. Die Staatskoerante van die ZAR en die Unie van Suid-Afrika asook plaaslike koerante sowel as mondelinge getuienisse en herinneringe (soos verkry uit die Carleton= ville argiefgroep van die PU vir CHO wat tans opgebou word en in die teks aangedui word as Carletonville - PU vir CHO) het baie daartoe bygedra om leemtes ten opsigte van sekere temas en periodes te vul.[4)] Om die Gatsrand in provinsiale en nasionale perspektief te stel, is sekon= dêre bronne hoofsaaklik gebruik.

* * * *

Gatsrand se geologiese formasie sou die vernaamste oorweging word waarom ontwikkeling in veral die jare dertig van die twintigste eeu in die gebied versnel het, naamlik toe goud ontdek is.

---

4) Terwille van eenvormigheid en vanweë uiteenlopende ordeningsisteme betreffende veral primêre bronne en manuskripmateriaal word die term "verwysing" (afgekort verw.) deurgaans gebruik in plaas van die term "band".

Die gebied word oor die algemeen gekenmerk deur 'n wye plat vallei wat omring word deur granietrif aan die noordekant en die lae granietheuwels van die Gatsrand aan die suidekant met hoër parallelle heuwels van Pretoria-kwartsiet verder suid. In hierdie dolomitiese vallei word die Wonderfontein=spruit aangetref. Dit is die hoofdreineringsaar van die gebied en vloei na die Mooirivier in die weste.[5)]

Die savanne-tipe plantegroei word onderbreek deur die teenwoordigheid van struike wat verspreid voorkom.[6)] 'n Prominente kenmerk van die topografie is die aanwesigheid van sinkgate. Sinkgate het voor die aanvang van mynbe=drywighede in die gebied natuurlikerwys ontstaan. Onderaardse grotte is ge=vorm deur die oplossing van dolomitiese gesteentes deur grondwater. Dit het aanleiding gegee tot die skielike of geleidelike insakking van grondlae.[7)] Mynbedrywighede het dié proses verhaas.

Die feit dat wyk Gatsrand in die studietydperk deel uitgemaak het van die distrik Potchefstroom, het dit nie moontlik gemaak om 'n volledige sensusop=name van die getal bewoners van die Gatsrand te bekom nie. Uit statistiese gegewens van die latere landdrosdistrik Oberholzer (gestig in Augustus 1953 en sluit 'n gedeelte van Gatsrand in) word bevolkingsdata, soos verkry in 1946, van die dorp Carletonville gegee. Daar was toe 143 Blankes, 678 Swartes en twee Gekleurdes in die dorp woonagtig terwyl die totale Blanke be=volking van die distrik Oberholzer 1 504, die Swartes 4 826, die Gekleur=des 128 en die Asiate 37 was.[8)]

---

5) R.A. Pelletier, "Contributions to the geology of the Far West Rand", *Transactions of the Geological Society of South Africa* XL, 26 July 1937, p.128.


6) A.M. Heyns, *'n Geografiese ondersoek na die landboukleinhoewes in die gebied Randfontein-Welverdiend*, p.2.

7) A. Nieuwoudt, *Die beplanning van die ontwikkelende verspreide stad in die gebied Carletonville, Fochville en Westonaria*, pp.59, 61.

8) Republiek van Suid-Afrika, *BURO VIR STATISTIEK: Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960: Verslag nr. 02-02-01*, pp.91, 95, 99, 104, 182.




'N LUGFOTO VAN CARLETONVILLE EN OMGEWING IN ONGEVEER 1950
Foto: Dr. J.F. Wolmarans (Carletonville)




KAART I LIGGING VAN GATSRAND

BRON: F. J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837-1886, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing.




KAART 2 'n VEREENVOUDIGDE KAART VAN DIE GEOLOGIE VAN DIE GATSRAND

BRONNE: R.A. PELLETIER, "Contributions to the geology of the Far West Rand" Geological Society S.A XL, 26.7.1937, plaat VII.
GEOLOGIESE REEKS, 1:25000, kaart 2626, Wes-Rand.

# HOOFSTUK EEN

## BLANKE VESTIGING EN DORPSTIGTING IN DIE GATSRAND VOOR DIE PROKLAMERING VAN CARLETONVILLE IN 1948

Reeds voor Blanke vestiging in die Gatsrand het Swartes die gebied bewoon. Die omvang en presiese ligging van hul aanwesigheid is moeilik om vas te stel.

Op Askoppie en ander soortgelyke koppies langs die Gatsrandheuwels is nog oorblyfsels van mure en ashope.[1] 'n Grot met oorblyfsels van hutte en gebruiksvoorwerpe is op die plaas Kleinfontein te sien. 'n Swartstam het vermoedelik hier geskuil tydens Mzilikazi en sy Ndebele (Matabele) se verwoestingsveldtog op die Hoëveld.[2]

Alhoewel die omgewing se kenmerkende heuwels, sinkgate, grotte, perma= nente water, voldoende weiding, skuiling en hout dit 'n ideale woongebied vir die Swartstamme gemaak het,[3] het die Trekkers tydens die eerste strafekspedisie teen Mzilikazi in Januarie 1837 tot in die Gatsrand geen inboorlinge aangetref nie. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die Ndebele se verwoestingsveldtog.[4]

In Volkekundige studies word vermeld dat Tswanastamme wel vir onderbroke tydperke in die omgewing gevestig was voordat die Trekkers hulle daar= heen begewe het. 'n Vertakking van die Kwena-stam onder leiding van Mare het hulle vermoedelik na 1823 in die suidelike deel van die Gats=

---

1) A.P. Nel, "Buffelsdoorn - 'n baken in ons kerk se geskiedenis", *Gere= formeerde Vroueblad*, xxx (8), Januarie 1977, pp.12-13.

2) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud dr. J.F. Wolma= rans, 15.4.1987.

3) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom", in A.J. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, p.18.

4) J.C. Voight, *Fifty years of the history of the republic in South Africa, 1795-1845*, p.168. Vergelyk ook H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, p.131.

rand gevestig.[5] Mare het 'n groot losstaande heuwel gekies as woonplek en dit Kokosi (Losberg)[6] genoem. Een van sy seuns (Kokosi) is na die heuwel vernoem. Kokosi was ook die laaste bekende hoofstat van die groep. Die verwoestingsveldtog van die Ndebele het gelei tot hierdie groep se verstrooiing en teen 1830 het 'n groot groep van hulle na die huidige Vrystaat en Lesotho uitgewyk.[7] 'n Ander Kwena-vertakking, die Molot= swane, het skynbaar in die tweede helfte van die agtiende eeu 'n tyd lank naby die huidige plaas Deelkraal gewoon.[8]

A.H. Potgieter se trekgeselskap wat in 1836 vanuit die Kaapkolonie na die noorde getrek het, het met Mzilikazi se Ndebele gebots. Van die geselskap se vee is in Oktober 1836 by Vegkop deur die Ndebele gebuit maar dit is in Januarie 1837 deur Gerrit Maritz en Potgieter se kommando by Mzilikazi se stat Mosega teruggeneem.[9]

In April 1837 was drie trekgeselskappe op Thaba Nchu saamgetrek en is Piet Retief as goewerneur verkies. Alhoewel Potgieter die Hoëveld en noorde as bestemming voor oë gehad het, het hy tog besluit om saam met Retief na Natal te gaan. Die geselskap van Piet Uys het in Augustus 1837 by die ander op Thaba Nchu aangesluit. Terwyl die trekgeselskap van Retief na Natal is, het dié van Potgieter, Uys en Maritz agtergebly met die doel om 'n tweede kommando teen Mzilikazi te organiseer.[10]

---

5) L.P. Vorster, *Die baKWENA baMARE-a-PHôGôLê* (MA-verhandeling, 1958), p.45.


6) Losberg is geleë binne die grense van die plaas Rhenosterfontein in die suidelike deel van Gatsrand.

7) L.P. Vorster, *Die baKWENA baMARE-A-PHôGôLê,* pp.52.57.

8) P.-L.Breutz, *Die stamme van die distrik Ventersdorp,* p.103.

9) C.F.J. Muller, "Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854," in C.F.J. Mul= ler (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* pp.134-137.

10) P.J. van der Merwe, *Die Matabeles en die Voortrekkers,* p.148., G.S. Preller, *Voortrekkermense III,* p.91. Vergelyk ook C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter,* pp.68, 74.



ENE HARMSE SE GRAF OP BUFFELSDOORN
Foto: Anglo American Corporation (Marshalltown)

Maritz het weens siekte nie die tweede ekspedisie in November meegemaak nie en in die laer agtergebly. Op 14 November 1837 het die kommando van Potgieter en Uys daarin geslaag om Mzilikazi se Ndebele tot oor die Limpoporivier te verdryf. Die vee is, met Maritz se aansluiting by Potgieter en Uys, in die Gatsrand verdeel en die plek is Deelkraal genoem.[11] Met hulle aankoms in Natal in Januarie 1838 was Retief reeds besig om met Dingane te onderhandel. Na die onverwagse moord op Retief en sy geselskap by Dingane se kraal, het die Trekkers hulle hoop op Potgieter en Uys gevestig. Op ~~6~~ 11 April 1838 is een van die twee afdelings onder Potgieter en Uys deur die Zoeloes by Italeni in 'n hinderlaag gelei. Uys het sy lewe verloor en van die Trekkers het vir Potgieter hieroor verkwalik. Met 'n geselskap van ongeveer 160 man en hulle families het Potgieter Natal verlaat en na die noorde vertrek.[12]

Teen November 1838 was baie van Potgieter se mense gevestig in die omgewing van die Vetrivier, Winburg en oorkant die Vaalrivier. 'n Klein groepie het hulle selfs rondom die huidige Heidelberg en Suikerbosrand gevestig.[13] In Desember 1838 het Potgieter die landstreek noord van die Vaalrivier tot Trekkergebied verklaar[14] en sy geselskap langs die Mooirivier, 11 kilometer noordoos van die huidige Potchefstroom, gevestig. Dié nedersetting het as Potchefstroom en later as Oude Dorp bekend gestaan.[15] Swak bodemgesteldheid was een van die redes vir die besluit op 'n terrein meer na die suide waar die huidige dorp (Potchefstroom)[16] toe in 1841 uitgelê is.

11) P.J. van der Merwe, *Die Matabeles en die Voortrekkers,* pp.218-219 en G.S. Preller, *Voortrekkermense III,* p.91. Kyk ook p.6, voetnoot 28.

12) C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter,* pp. 94, 113. Vergelyk ook D. Branken, "Maritz se laer by Suikerbosrand", *Argiefnuus,* xxvii (8), Februarie 1985, pp.29-30.

13) C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter,* p.114.

14) E.A. Walker, *The Great Trek,* p.227.

15) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom", in A.J.N. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.10. Vergelyk ook D.J.P, Haasbroek, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881,* p.4.

16) Die datum waarop die naam Potchefstroom, wat andersins ook bekend was as "Mooirivier Dorp", vir die eerste keer gebruik is, is onseker. Kyk G.N. van den Bergh, "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?" *Contree* 18, Julie 1985, p.9. Vergelyk ook D.J.P. Haasbroek, "Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?", *Contree* 3, Januarie 1978, p.25.

Volgens die "plaasrequestenregister" het kommandant Potgieter reeds van 3 Junie 1839 af plase in die distrik Mooirivier uitgegee.[17] J. de Klerk is later dié jaar as landdros van die hele "overbergse" gebied aangestel om die toekenning te behartig.[18] Volgens oorlewering het ene Harmse en sy familie hulle reeds teen 1836 op die terrein van die huidige plaas Buffelsdoorn in die Gatsrand bevind. Dié Harmse is blykbaar deur 'n gekweste buffel naby 'n plaat doringbosse doodgetrap en daar begrawe.[19] 'n Klipstapel wat na bewering Harmse se graf is, is nog op die plaas te besigtig.

Dit is insiggewend dat die plaas Buffelsdoorn moontlik eers 'n ander naam gehad het. In die "plaasrequestenregister" is die plaas Buffelspoortje in 1839 aan W.A. du Plessis gegee wat dit in 1856 aan P.J.W. Schutte onder die naam Buffelsdoorn oorgedra het.[20] 'n Verklaring vir die moontlike naamsverandering kan gekoppel word aan die buffelepisode aldaar.

Dit is bekend dat ernstige droogtes in die distrik Graaff-Reinet in 1821 en daarna geheers het en boere rondgetrek het om beter weiding vir hulle vee te soek. Sommige het selfs so ver as die Trans-Oranje getrek.[21] Moontlik het van dié mense, in die dertigerjare oor die Vaalrivier getrek en hulle in die omgewing van die Mooirivier gevestig.[22]

---

17) Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1838-1851. Waar die plase aangeteken is en wie vir 1838 se aangetekende plase verantwoordelik was, is onseker. Dit is moontlik dat, aangesien Maritz weens swak gesondheid nie die tweede ekspedisie teen Mzilikazi kon meemaak nie, hy by die laer op Suikerbosrand agtergebly het waar dié register begin is.

18) J.H. Breytenbach (red.), *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal nr. 1: Notule van die Natalse Volksraad, 8 Oktober 1841, 1838-1845*, pp.115-116.

19) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952,* p.51. Vergelyk ook *Carletonville/Fochville Herald,* 5.10.1973, p.9 en 29.8.1982, p.24, asook H. Elliot, "Down towards the styx", *Optima* 34(2), p.107.

20) Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1838-1851.

21) P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842,* pp.180, 205, 208, 282.

22) P.J. van der Merwe, *Die Matabeles en die Voortrekkers,* p.218. Kyk ook R. Marx, "Watter is die oudste dorp in Transvaal?" *Contree* 19, Januarie 1986, pp.28-29.

'n Deeglike studie is gemaak oor die moontlike aanwesigheid van Harmse in die gebied. Die enigste persoon wat waarskynlik in aanmerking kan kom vir die oorlewering, is Bartholomeus Harmse. Anna Christina Harmse (gebore Fourie) verwys in 'n brief (geskryf voor 1869) aan die landdros van Potchefstroom na haarself as die weduwee van Bartholomeus, gebore in die distrik Graaff-Reinet. Sy is in 1802 met hom getroud en het ten tyde van dié skrywe op Muiskraal, geleë in die wyk Mooirivier, ge=woon.[23]

B. en A.C. Harmse word in 1842 vermeld in die doopregister van die Potchefstroom-gemeente waar hulle as getuies die doop van 'n Harmse-kind bygewoon het.[24] Op daardie stadium was B. Harmse 'n bejaarde man van ongeveer 83 jaar.[25] Dit kon hy gewees het wat naby die plaat doringbosse op die plaas Buffelsdoorn doodgetrap is (maar moontlik reeds op Muiskraal gewoon het). Geen sterftekennis van B. Harmse kon opge=spoor word nie. Die beweerde buffelepisode moes dan na alle waarskynlik=heid in die tydperk tussen 1842-1856 plaasgevind het.

Aansoeke vir plase in die Gatsrand is in die "plaasrequestenregister" gevind. N. Grobler het op 3 Junie 1839 aansoek gedoen vir De Rietfontein en L.A. Erasmus op 15 Junie vir Elandsfontein, sowel as Krosalkop op 8 Julie. W.A. du Plessis volg deur op 8 Julie aansoek te doen vir Buffelspoortje, H.L. Janse van Vuuren op 13 Julie vir Rhenosterfontein, J.L. Pretorius op 22 Julie vir De Oertelskraal, G.T. van Vuuren op

---

23) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 8: A.C. Harmse/Landdros, (1879-1881). Alhoewel die ongedateerde brief in die 1879-1881-lêer van die Landdrosargief voorkom, is dit moontlik dat die brief vroeër geskryf is. A.C. Fourie is in 1784 gebore en oorlede in 1869 op die ouderdom van 85 jaar. In die brief het sy 'n fout gemaak deur haar ouderdom as 87 aan te gee. Kyk Meester van die Hoogge=regshof (TAB), Boedel van A.C. Harmse, nr. 19631, Junie 1869. Kyk ook C.G.S. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families, I. (A-M)*, p.284.

24) Potchefstroom-Gemeente (NH-Kerkargief, Pretoria), verw. G1 nr. 3/3/1: Doopregister, 27.3.1842-24.12.1849.

25) Volgens De Villiers en Pama, is B. Harmse in 1759 gedoop. Kyk C.G.S. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse fa=milies I (A-M)*, p.284.

8 Augustus vir Strypoort, W. Meintjies op 12 Oktober vir Uys zijn Deelkraal, C.J.H. Kruger op 2 November vir De Dorenkom, R.P. du Toit op 3 Desember vir Rhenostervlei en G.J.B. Robbertse op 9 Desember vir De Kaalplaats.[26)]

Met uitsondering van die plase Uys zijn deelkraal geleë "aan de Zuid=zijde van de gat", Rhenostervlei "oostzijde Mooirivier aan de Deelkraal=spruit", De Rietfontein en De Oertelskraal beide geleë "aan de spruit van dele Kraal", word die res van die bovermelde plase se ligging be=skryf as geleë "aan Gat zijn rand".[27)] Waar presies "Uys zijn deelkraal" geleë was of wat presies met die naam bedoel word, kon nie met sekerheid vasgestel word nie. Die plaas Deelkraal is bekend as die plek waar die gebuite vee na die tweede strafekspedisie teen Mzilikazi (November 1837) verdeel is. Piet Uys het saam met Potgieter aan dié ekspedisie deelgeneem en die buit by Deelkraal verdeel nadat Maritz by die twee leiers aangesluit het. Soos tydens die eerste ekspedisie was daar weer struweling tussen Potgieter en Maritz oor die wyse van verdeling. Potgieter wou eers sy kommandolede vergoed voordat enige ander burgers in aanmerking kon kom, terwyl Maritz aangedring het op 'n gelyke verde=ling. Uys moes kant kies om te bepaal wie se voorstel aangeneem gaan word.[28)] Die besluit van Uys (wat ten gunste van Potgieter was) het waar=skynlik aanleiding gegee tot die naam "Uys zijn deelkraal".[29)]

---

26) Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1838-1851. Vergelyk kaart 3 op (p.11) vir plaasbesetting in die Gatsrand, 1839-1857.

27) Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1838-1851.

28) C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgie=ter*, pp.94, 96-97 en H.B. Thom, *Die lewe van Gert Martiz*, pp.173, 174, 176-178.

29) Indien Uys zijn Deelkraal 'n gedeelte van die huidige plaas Deelkraal was, was Johannes Jooste, wat op 26 November 1849 die "vervallen plaats (Deelkraal) van P. Louw" verkry het, die tweede eienaar van dié plaas. Geen besonderhede oor P. Louw se aansoek kon in die "requestenregister" opgespoor word nie. Kyk Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433:Plaasrequestenregister, 1838-1851.

Die verwysing na "de Zuidzijde van de gat" by die plaas Uys zijn deel=kraal en die gebruik van "aan Gat zijn rand" en in sommige gevalle "aan de Rand van de Gat", dui daarop dat 'n bepaalde gat in die gebied as landmerk gedien het. Die plaas Weltevreden wat in 1849 aangeteken is se liggingaanduiding is "aan Gat zijn kant". Volgens dié verwysings was die reuse oersinkgat op die terrein van die huidige Doornfonteinmyn die verwysingspunt van die Trekkers.[30)]

Die gebruik van "Deelkraalspruit" en "aan de spruit van dele kraal" as verwysingspunte is waarskynlik verkry van die kommando wat aan die tweede strafekspedisie teen Mzilikazi deelgeneem het. Die kommandoperde en gebuite vee het waarskynlik by 'n standhoudende waterspruit op die terrein waar die vee verdeel is - genoem Deelkraal[31)] - gesuip.

Inskrywings in die register dui nie altyd die presiese ligging van plase aan nie. In baie gevalle word bloot net verwys na "aan de Mooiri=vier" sodat dit nie moontlik is om alle plase wat in die gebied uitge=neem is, op te spoor nie. Sekerheid bestaan oor minstens 42 plase wat tussen 1840 en 1849 toegeken is. In 1840 is altesaam tien nuwe plase aangeteken, in 1844 vier, in 1846 slegs een, in 1847 volg ses, 1848 vyf en in 1849 vermeerder dit na 16.[32)] Plaasbesetting in dié dekade word in tabel 1 hier onder aangetoon:

---

30) J.F. Wolmarans, *Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand: Gebeure in perspektief* (D.Phil.-proefskrif, 1984), pp.62, 95.

31) H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz,* p.176.

32) Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1838-1851.

TABEL 1 Plaasbesetting in Gatsrand, 1840-1849

| PLAAS | EIENAAR | "REQUESTEN"-DATUM |
|---|---|---|
| De Gat zyn fontein | I.T. Fourie | 21.1.1840 |
| De Buffelsvaley | B.J. de Klerk | 15.2.1840 |
| Wonderfontein | J.N.H. Grobler | 11.3.1840 |
| De Kraanvogel | F.J. du Plessis | 3.5.1840 |
| Weltevreden | M.F. Jacobs | 15.8.1840 |
| Jagersfontein | G. du Toit | 21.8.1840 |
| Zeiverfontein | J.S. du Toit | 21.8.1940 |
| Rietfontein | D. Pieterse | 13.10.1840 |
| Bultfontein | A.P. Grobbeler | 16.11.1840 |
| Paardefontein | J.J. Nortjé | 18.11.1840 |
| Rietfontein | G.J. van Vuuren | 12.3.1844 |
| Rietfontein | P.W.H. du Plessis | 13.3.1844 |
| Wagenboomfontein | C.J.H. Combreng | 18.3.1844 |
| Uitkomst | J.H. Grobler | 16.7.1844 |
| Boshoek | S. Grobler | 15.10.1846 |
| Doorndrift | P.W. Botha | 12.2.1847 |
| Onderste Wagendrift (Wonderfontein) | J.H. Snijman | 9.3.1847 |
| Nooitgedacht | F. Pieterse | 5.4.1847 |
| Rietfontein | J.J. en W. Prinsloo | 23.8.1847 |
| Klipgat | W.P. Grobler | 22.11.1847 |
| (Leeuwpoort) | C.M. Erasmus | 11.12.1847 |
| Stompoorfontein | D.G. Steyn | 27.2.1848 |
| Kleinfontein | J.M.A. Steyn | 16.3.1848 |
| Wolpoort | J.G. Stein | 30.3.1848 |
| Doornkloof | H.C. Marx | 17.4.1848 |
| Rietfontein | J.B. Prinsloo | 17.4.1848 |
| Poortjie | J.R. Janse van Vuuren | 12.1.1849 |
| Modderfontein | S.J. Janse van Vuuren | 12.1.1849 |
| Doornpoort | W.N. Viljoen | 9.2.1849 |
| Rietfontein | J.J. Viljoen | 9.2.1849 |
| Rietfontein | J.C. Broodryk | 21.2.1849 |

vervolg

TABEL 1 (vervolg)

| PLAAS | EIENAAR | "REQUESTEN"-DATUM |
|---|---|---|
| Vogelstruisfontein | E.S. du Plessis | 21.2.1849 |
| Rietfontein | S. Prinsloo | 26.4.1849 |
| Rooikoppiesfontein | P. Marx | 30.4.1849 |
| *Blyvoorrust | H.J. Fourie | 16.5.1849 |
| Katbosfontein | J.A. Geldenhuis | 18.6.1849 |
| Groot Rietfontein | D. Janse van Vuuren | 3.7.1849 |
| Hartebeesfontein | J. Herman | 10.7.1849 |
| Doornpoort | J.A. Venter | 10.7.1849 |
| Welverdiend | F.G.A. Wolmarans | 16.9.1849 |
| Gelukfontein | C. Marnewick | 26.11.1849 |
| Rooipoort | C.J. van Tonder | 8.12.1849 |

Van die plase wat in die tabel vermeld word, word nie op kaart nr. 3 (saamgestel in 1906) aangedui nie, aangesien 'n volledige kaart voor 1870 nie opgespoor kon word nie. F. Jeppe se kaart van 1899 is die eerste wat al die plase aandui. Die 1906-kaart is egter gebruik aange= sien die grense van die wyk Gatsrand duideliker afgebaken is.


* H. Fourie het op 3.6.1853 die plaas Blyvooruitzicht aan P.H. de Beer oorgedra, wat die vermoede wek dat die plaas Blyvoorrust se naam tussen 1849 en 1853 verander het na Blyvooruitzicht. Kyk Registra= teur van Aktes (TAB), verw. 2689: Indeks van transportboek, 1838-1862.

In die daaropvolgende agt jaar tot en met die Zuid-Afrikaansche Repu= bliek (ZAR) se verkryging van 'n grondwet in 1857, het nog 16 plase eienaars gekry. Eienaarskap van sommige van die plase het geskied by wyse van oordrag van eiendom van die regering aan die aansoeker.[33)]

TABEL 2 Plaasbesetting in Gatsrand, 1850-1857

| PLAAS | EIENAAR | "TRANSPORT"-DATUM |
|---|---|---|
| Wildebeestenkuil | G.A. Schoonbeek | 26.3.1850 |
| Onderste drif (Wonderfontein) | I. Niemandt | 2.5.1850 |
| Veefontein | D.R. Opperman | 25.5.1850 |
| Jachtfontein | J.F. Martins | 24.3.1851 |
| Driefontein (591) | H. Boshoff | 3.11.1851 |
| Uitspanning | Regering | 6.11.1851 |
| Driefontein (388) | B.C. Greyling | 26.1.1854 |
| Vlakfontein | C.L. Dreyer | 15.7.1854 |
| Kwaggafontein | T.J. Niemand | 3.8.1854 |
| Doornfontein (579) | J.C. Broodryk | 15.9.1854 |
| Piekfyn | H.E.J. Broodryk | 17.1.1857 |
| Varkenslaagte | F.G.A. Wolmarans | 18.4.1857 |
| Rietfontein (636) | H.B.L. Klopper | 2.5.1857 |
| Elandsfontein (360) | T.P. Pretorius | 10.6.1857 |
| Nooitgedacht (661) | J.F. Robertse | 10.6.1857 |
| Oog van Wonderfontein | J.F. van der Merwe | 10.12.1857 |

33) Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1839-1851. Kyk ook Aktes van Transport (Aktekantoor, Pretoria), verw. IQ. Buiten die drie plase wat in 1850 in die "requesten= register" (kyk tabel 2) aangeteken is, is die ander verkry uit die aktekantoor se registers.




KAART 3 PLAASBESETTING IN DIE GATSRAND, 1839-1857.

BRON: "Report of the Transvaal constituencies Delimitation commission, 1906:magisterial district map of Potchefstroom, schedule IX", "The Transvaal Government Gazette Extraordinary", XIX (430), 24 Desember.

Na Brittanje se anneksasie van Natal in 1843 het al hoe meer Trekkers hul toekoms in die land noord van die Vaalrivier gesoek waar hulle vryheidsideaal kon voortleef. Na die totstandkoming van die ZAR in 1857 is dié ideaal bereik en het dit bygedra tot die verdere besetting van die gebied. Tussen 1858 en 1870 het 23 plase in die Gatsrand eie= naars gekry:

TABEL 3 Plaasbesetting in Gatsrand, 1858-1870[34)]

| PLAAS | EIENAAR | "TRANSPORT"-DATUM |
|---|---|---|
| Kraalkop | J.D. Gouws | 13.10.1858 |
| Taaiboschspruit | H.M.J. du Plessis | 18.11.1858 |
| Tweefontein | R.G.P. Pretorius | 13.12.1858 |
| Elandsfontein (493) | R.P.G. Dreyer | 24.12.1858 |
| Elandsfontein (494) | N.F. Alberts | 29.12.1858 |
| Kalbasfontein | J.A. Geldenhuis | 3.1.1859 |
| Vlakfontein (364) | C.J. Beukes | 1.4.1859 |
| Leeuwspruit | D.R. Opperman | 27.5.1859 |
| Klipkop | C.J. Uys | 9.3.1860 |
| Blaauwbank | J.H. Bodes | 29.6.1860 |
| Varkfontein | J.H. Boshoff | 16.8.1860 |
| Doornfontein (470) | P.J. Laubscher | 3.10.1860 |
| Rietspruit | A.H. Botha | 25.1.1860 |
| Cardoville | C. Dreyer | 23.8.1861 |
| Driefontein (614) | N.M. Prinsloo | 28.7.1864 |
| Wildebeestfontein | W.J. Viljoen | 15.11.1864 |
| Stinkhoutboom | I. Niemand | 7.11.1867 |
| Oog van Elandsfontein | G. Engelbrecht | 29.12.1868 |
| Raatskraal | R.P.G. Dreyer | 29.12.1868 |
| Kaalfontein | S. Janse van Rensburg | 20.1.1869 |
| Houtkop | H.C. en J.C. van der Merwe | 24.8.1869 |
| Katboslaagte | J.P. Cronje | 12.3.1870 |
| Springbokkraal | J.W. Salan | 30.11.1870 |

34) Aktes van Transport (Aktekantoor, Pretoria), verw. IQ.

In 1871 is die plase Twyfelvlakte en Klipdrift in besit geneem. Die dorp Carletonville sou in 1948 op die plaas Twyfelvlakte geproklameer word. P.H. de Beer wat op 30 Junie dié plaas bekom het, was so ver bekend die eerste eienaar. Klipdrift het op 3 Julie die eiendom van P.M. Voesee geword. Op hierdie plaas is die eerste nedersetting in die Gatsrandwyk - bekend as Klipdrift - na Uniewording (1910) begin. In die volgende drie jaar is een plaas per jaar beset, naamlik Vlakplaats op 22 April 1872 deur A.B. Merensky, Welgevonden op 16 Mei 1873 deur R.C. Green en Droogeheuwel op 10 Junie 1874 deur J.A. Smith. Witkoppiesfontein wat op 14 Januarie 1876 aan P.L. Bezuidenhout oorge= dra is, was die laaste plaas in die Gatsrand wat uitgegee is voor Theo= philus Stepstone op 12 April 1877 die ZAR van sy onafhanklikheid ontneem het.[35)]


Geen plase in die Gatsrand het gedurende die daaropvolgende jare tot en met die herwinning van onafhanklikheid in 1881 bygekom nie. Die laaste vyf plase in die gebied het in 1897 en 1898 eienaars gekry. Goudvlakte Oost en West is in Oktober 1897 as staatsgrond opgemeet. Ook het die plaas De Silva op 5 April 1898 in regeringsbesit gekom. Op 11 Januarie 1898 het Driemoeg die eiendom van die NG-gemeente van Rustenburg geword en Drieziek op 4 Februarie 1898 die eiendom van die NG-gemeente Heidelberg.[36)]

Gedurende die tydperk 1839-1898 was die Blanke bewoners van die Gatsrand plaasgebonde met landboubeoefening as die grootste enkele beroep. Anders as in ander wyke van die distrik Potchefstroom, onder meer Laer-Schoon= spruit en Boven-Schoonspruit waar Klerksdorp en Ventersdorp onderskeide=

---

35) Aktes van Transport (Aktekantoor Pretoria), verw. IQ. Kyk ook Potchefstroom Stadsraad (TAB), verw. 351: Townlands, establishment of townships, 9.9.1948. Kyk kaart nr. 4 (p.14) vir plaasbesetting in die Gatsrand, 1858-1898.

36) Aktes van Transport (Aktekantoor Pretoria), verw. IQ. Die plase Driemoeg en Drieziek is waarskynlik as beleggings bekom of as jeugkampterreine gebruik. Driemoeg het in 1903 en Drieziek in 1917 van eienaar verwissel.




KAART 4 PLAASBESETTING IN DIE GATSRAND, 1858-1898.

BRON: "Report of the Transvaal constituencies Delimitation commission, 1906...."

lik tot stand gekom het,[37] was daar nie sprake van dorpstigting in die Gatsrand nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) was die gemeenskap steeds agraries ingestel. Die eerste poging tot dorpstigting was op die plaas Klipdrift waar 'n nedersetting van 1911 af op die been gebring is met die doel om aan verarmde blankes 'n heenkome te bied. Die neder= setting het aanvanklik met 50 persone begin. As deel van die onder= standswerke vir dié nedersetting is 'n dam by die nabygeleë spruit gebou en in 1917 voltooi.[38]

Fochville is die eerste dorp wat in die Gatsrand tot stand gekom het. Die dorp wat op 15 November 1920 geproklameer is, het sy ontstaan te danke aan die inisiatief van die sakemanne Joseph Wulfsohn en Abraham Horvitch wat besef het dat daar 'n behoefte is aan 'n dorp wat sen= traal geleë is ten opsigte van die omliggende dorpe Potchefstroom, Parys, Vereeniging en Randfontein. Om die voornemende inwoners van water te voorsien, moes die dorp geleë wees langs 'n spruit sodat 'n opgaardam gebou kon word. Boere van die omgewing veral dié van Weltevreden, Elandsfontein nr. 289, Leeuwpoort en Kraalkop, is byeengeroep om dié aangeleentheid te bespreek. Na 'n reeks vergaderings is die dorp op gedeeltes van Leeuwspruit en Kraalkop uitgelê.[39]

Onsekerheid bestaan oor die vernoeming van die dorp na generaal F. Foch, die opperbevelvoerder van die Geallieerde magte in Frankryk tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918).[40] Dit is moontlik dat die here Wulfsohn en Horvitch generaal Foch se groot bydrae tot die sukses van

---

37) G.N. van den Bergh, "Is Klerksdorp die oudste ..." *Contree* 18, Julie 1985, p.9.

38) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 24.7.1931, p.3 en 2.5.1947, p.9.

39) Anon., *Fochville 50, 1920-1970: Gedenkuitgawe*, p.17. Vergelyk ook Ministerie van Vervoer (SAB), verw. 409 nr. 16/44: Potchef= stroom-Losberg line petition, 15.3.1922.

40) D.J. Potgieter *et al.* (red.), *Standard Encyclopedia of South Af= rica IV*, p.601.

die Geallieerdes teen Duitsland wou vereer deur dié dorp, in die hartjie van Gatsrand, na die Fransman te vernoem.

Die naam Fochville het nie kritiek vrygespring nie. A.J. van der Walt, 'n bewoner van Deelkraal, skryf dat die onoordeelkundige "ligsinnige" naam deur onbevoegde mense gegee is. Hy beskou die "massale massiewe" Losberg as die enigste naam vir 'n dorp in daardie omgewing.[41)]

Agt jaar na die proklamasie van Fochville (1928) is daar op inisiatief van die Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereniging (ZA-Stigting Moederland) besluit om 'n deel van Wonderfontein te koop en Nederlandse boere aan te moedig om daarheen te emigreer. Werkloosheid en oorbevolking in Nederland het boere beweeg om van dié aanbod gebruik te maak.[42)]

'n Boer van Groningen, F. Veldman, was een van die eerste emigrante wat hom op Wonderfontein gevestig het. Vir Veldman wat gewoond was aan die intensiewe landbou en oorbevolking in Nederland, was die uitge= strekte vlaktes van Wonderfontein iets ongewoon. 'n Groepie Groningers wat in 1928 op Wonderfontein aangekom het, het 'n kommissie (Commissie voor Wonderfontein) aangestel met die doel om 'n nedersetting bestaande uit Nederlandse families op Wonderfontein te vestig en emigrasie aan te moedig.[43)]

---

41) A.J. van der Walt, *Vastrappers (of Volkstiepe)*, p.2. Soos in die inleiding aangetoon, word die geskiedenis van Fochville in hierdie studie nie in diepte bespreek nie.

42) Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: Kol. dr. J. Ploeger/E.S. van Eeden, 12.9.1986. Vergelyk ook Anon., "De Nederlandsche Landboune= derzetting op Wonderfontein (Transvaal)", *Zuid-Afrika,* Oktober 1934, p.6. Die Europese neo-imperialistiese uitbreidingsdrang teen 1870 het die Nederlanders ook beïnvloed en beweeg om ekonomiese en kulturele uitbreidingsmoontlikhede in Suid-Afrika te begin. 'n Groep Nederlandse Boerevriende het in 1883 'n maatskappy in die ZAR gestig met die doel om grond aan te koop en boerekolonies te vestig. Hier= die vestigingspogings is steeds in die twintigerjare van die eeu voortgesit. Kyk C. de Jong, "Dullstroom, 1884-1984", *Contree* 17, Januarie 1985, p.29.

43) Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: Kol.dr. J. Ploeger/E.S. van Eeden, 12.9.1986. Vergelyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 17.10.1930, p.10 en Bewaarder van Vyandseiendom (SAB), verw. 104 nr. H3/12: Commissie voor Wonderfontein, Januarie 1940.

Alhoewel daar in 1930 slegs 60 persone (vroue en kinders ingesluit) op Wonderfontein was, kon die plaas van 3 500 morg (3 010 hektaar) 'n bevolking van 250 persone huisves. Elke setlaar moes sy eie plot van ongeveer 25 morg (21,5 hektaar) koop. Behuising en buitegeboue is volgens elke familie se behoeftes gebou.[44] Die aanvang van goudmyn=bedrywighede op Blyvooruitzicht in 1937 het die ideale omstandighede geskep vir die uitleg van 'n dorp.[45] J.E. Hommes ('n Groninger) het 'n deel van sy grond op Wonderfontein afgestaan vir dorpsuitleg. Uit Hommes se korrespondensie aan sy ouers blyk dit dat die hoë koste van die uitleg van 'n dorp op Wonderfontein hom slapelose nagte besorg het.[46] Volgens hom het die landmeteronkoste 250 pond beloop, die dorpsbeplanningsraad 30 pond, die regering se ondersoek 32 pond, die verbandlosmaking 35 pond, die kaartuitlegbeplanning 32 pond en die oprigting van 'n maatskappy 35 pond.[47]

Op 22 Februarie 1939 is die dorp Oberholzer op Wonderfontein geprokla=meer volgens die voorwaardes van die Dorps en Stadsbeplanningsordonnan=sie (nr. 11 van 1931).[48] In totaal is 600 erwe uitgelê waarvan 50 as sakepersele gereserveer is. Die regering het 90 van die standplase uitgehou vir publieke geboue.[49] Erwe is verkoop vir 100 pond waarvan 25 pond as deposito gegee moes word. Paaiemente was betaalbaar teen ses persent rente.[50]

Goudmynbedrywighede wat voor 1936 op Venterspost en Libanon (buite die noordoostelike grense van die Gatsrand) aan die gang was, het gelei tot dorpstigting op die plaas Bank. Drie dorpe is hier uitgelê. West Wits is in 1937 as dorp geproklameer en so genoem na aanleiding van

---

44) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 17.10.1930, p.10.

45) Mynbouontwikkeling in die Gatsrand word in hoofstuk 2 breedvoerig bespreek.


46) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 2.8.1938.

47) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 14.6.1938.

48) Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960.

49) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 10.5.1936.

50) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 8.3.1938.



VAN DIE EERSTE HUISE IN CARLETONVILLE, UITBREIDING NR. EEN
Foto: Wes-Driefonteinmyn (Carletonville)

die goud wat in die omgewing gevind is deur die maatskappy *West Witwatersrand Areas Limited.*[51] Op 5 Februarie 1940 is goedkeuring verleen vir die proklamering van 'n dorp op 'n deel van W.S. en C.F.J. Swanepoel se grond op Bank. Dié dorp het die naam van die plaas gekry.[52] In 1947 is Blybank (voor die datum bekend as Bankville) as die derde dorp geproklameer.[53] Hierdie dorpe het nie volgens verwagting ontwikkel nie omdat mynwerkers 'n behoefte aan akkommodasie nader aan Venterspost, Libanon en Blyvooruitzicht gehad het.[54]

Die uitbreiding van goudmynbedrywighede op Blyvooruitzicht en later Wes-Driefontein en Doornfontein het J.J. Tromp vermoedelik laat besluit om 'n dorp op Welverdiend uit te lê. In 1937 is met dorpsuitleg begin en Welverdiend is op 11 September 1942 geproklameer. Prokureurs Moore, Williams, Gaisford en du Toit van Potchefstroom het die verkoop van erwe op Welverdiend hanteer.[55]

'n Waterskaarste het veroorsaak dat ander dorpe in die omgewing vinniger as dié dorp uitgebrei het. Teen 1945 was Welverdiend nog nie van krag en water voorsien nie.[56] Toe die elektrifisering van spoorlyne in

---

51) Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960. Vergelyk ook Justisie (SAB), verw. 614 nr. 2817/35: West Wits reservation of land, 7.12.1935.

52) Stadsklerk (Potchefstroom), verw. 351: Townlands establishement of townships, 5.2.1940.

53) Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960. Kyk ook Naturellesake (SAB), verw. 4524 nr. 603/313: Blybank (Bank=ville), 6.1.44 en 11.12.1947.

54) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud dr. J.F. Wolma=rans, 15.4.1987.

55) Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960. Verge=lyk ook Munisipaliteit (Carletonville), verw. T1/30 nr. TA 540/7638: Townships Board/Administrator, 4.9.1937 en Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/303: Venereal diseases clinic, Welver=diend, 23.7.1941.

56) Anon., *Laerskool De Beer: Gedenkblad, 1880-1980, 100ste bestaans=jaar,* p.7.



GUY CARLETON JONES

Foto: Gold Fields of South Africa Limited (Johannesburg)

die vooruitsig gestel is, is in 1948 begin met die beplanning van 400 huise vir Welverdiend om spoorwegpersoneel te huisves[57] - 'n stap wat vooruitgang vir dié dorp beteken het.

Namate 'n tekort aan akkommodasie ondervind is in die nabye omgewing van Blyvooruitzicht en Wes-Driefonteinmyn, is die moontlikheid van 'n dorp op die nabygeleë plaas Twyfelvlakte ondersoek. Die maat= skappy *West Witwatersrand Areas Limited* het in November 1946 by die ad= ministrateur van Transvaal aansoek gedoen om Twyfelvlakte vir dié doel te proklameer en dit in die vooruitsig gestel dat die dorp aanvanklik uit 600 erwe sou bestaan.[58] Op 20 Januarie 1948 is die aansoek skrif= telik goedgekeur. Landmeter S. Perkins was verantwoordelik vir die uitleg.[59] Die dorp Carletonville wat daar tot stand gekom het, het na myningenieur Guy Carleton Jones geheet. Hy was in 1932 medeverant= woordelik vir die ontdekking van die ryk goudrif in die gebied, bekend as die West-Wits-Lyn.[60]


---

57) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 16.6.1948, p.5.

58) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 22.11.1946, p.2.

59) Stadsklerk (Potchefstroom), verw. 351: Townlands establishment of townships, 9.9.1948. Kyk kaart nr. 5 (p.20) vir dorpsproklame= ring en mynbouontwikkeling in die Gatsrand tot en met 1948.

60) R. Macnab, *Gold their touchstone: Goldfields of South Africa, 1887-1987 - a centenary story,* pp.121.124. Vergelyk ook *Die Transva= ler,* 15.1.1954, pp.8-11. Guy Carleton Jones is op 3 Desember 1948 oorlede. Kyk *Carletonville/Fochville Herald,* 17.10.1980, p.2 (Ge= denkblad).




KAART 5 DIE VESTIGING VAN GOUDMYNE EN DORPSPROKLAMERING TOT 1948.

BRON: "Report of the Transvaal constituencies Delimitation commission, 1906...."

# HOOFSTUK TWEE

# EKONOMIESE ONTWIKKELING

Die aanvanklike lewenswyse vanaf Trekkervestiging noord van die Vaalri= vier, naamlik landboubeoefening, het oorlewing moontlik gemaak. Van 'n georganiseerde ekonomiese stelsel was daar weinig sprake maar dit is vanaf die vyftigerjare vervang met 'n markgerigte stelsel. Potchef= stroom en later Johannesburg, Krugersdorp en Randfontein was die handels= sentrums vir landbouprodukte. Die vestiging van goudmyne in die Gats= rand in 1937 het geleidelik gelei tot die vooruitgang en welvaart van veral die dorpe Carletonville (vanaf 1948), Oberholzer en Welverdiend.

## 2.1 Landbou en veeteelt

Voor goudmynvestiging in die noordelike dele van Gatsrand is die land= boupotensiaal bepaal deur die beskikbaarheid van water[1] en is hierdie en die oostelike dele beskou as die gebied se beste landbougrond. Die grond aan die westekant is as swakker beskou as die in die suide rondom Losberg.[2]

Die Trekkerboere het akkerbou aanvanklik beoefen met die doel om in hulle eie lewensonderhoud te voorsien. Vee het toe die basis van hulle ekonomiese bedrywighede uitgemaak en die maatstaf vir rykdom was grond= besit en veegetalle.[3]

---

1) J.F. Wolmarans, *Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand: Gebeure in perspektief,* p.13.

2) PU vir CHO., INSTITUUT VIR PEDOLOGIESE NAVORSING, *Indeling van die Wonderfonteinvallei in agt substreke vir die bepaling van die land= boupotensiaal,* pp.8-9.

3) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899* (D.Litt.-proefskrif, 1954), p.18.

Boere wat nie finansieel in staat was om 'n plaas te koop nie, kon dit by wyse van 'n leningsstelsel van die regering verkry.[4] Ook in die Gatsrand was daar boere wat van dié stelsel gebruik gemaak het om plase te bekom.[5] Plase van ongeveer 3 000 morg (2 586 hektaar) het volgens artikel 56 van die 1855-grondwet 15 000 riksdaalders (3 000 pond) gekos. Die regering se opdrag aan die inspekteurs wat verantwoordelik was vir die opmeting en indeling van plase, was om die fonteine tussen die plase te verdeel.[6] Waar dit nie moontlik was nie, het die eie= naars onderling kontrakte aangegaan. So het F.G.A. Wolmarans van Wel= verdiend volgens 'n ooreenkoms met J.J. Oberholzer van Wonderfontein op 28 Oktober 1876 200 pond betaal vir die gebruik van water uit die Wonderfonteinoog.[7]

Oortreders het egter die waterverbruik van die bewoners van Welverdiend en plase suid daarvan belemmer deur gate langs die Wonderfonteinspruit te grawe sodat die water in die aarde kon wegsyfer. Wie die oortreders was en waarom die gate gegrawe is, is nie duidelik nie. Uit die Welver= dienders se klag wat aan die departement Justisie gerig is, lyk dit egter asof dit moontlik die mense van Wonderfontein kon wees wat nie meer die 1876-kontrak as geldig beskou het nie. Die Volksraad het in 1893 ingegryp deur 'n resolusie te aanvaar wat aan die Welverdienders en die plase suid daarvan toestemming sou verleen om van die water van Wonderfontein te gebruik. Die regering is daardeur ook die mag gegee om geskille tussen plaaseienaars te hanteer totdat die konsessie bekragtig is.[8]

---

4) H.B. Thom, *Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika*, p.12.

5) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 312: Siviele kommissaris se register van plaasbelasting, wyk Gatsrand, 1884-1890. Persone soos S. Cronje van Klipdrift en L.J. van der Berg van Hartebeestfon= tein het hulle plase volgens die leningsstelsel bekom.

6) Staatsekretaris (TAB), verw. R930/55: Nieuwe wetten voor de maat= skappy der Hollandsche Afrikanen benoorden de Vaalrivier, 1855.

7) Departement Justisie (TAB), verw. LD1268 nr. AG223/07: Akte van ooreenkoms nr. 194, 28.10.1976. Soos reeds in die inleiding vermeld, is die Wonderfonteinoog 'n sytak van die Mooirivier.

8) Departement Justisie (TAB), verw. LD1268 nr. AG223/07: Rooth en Wessels/ Minister van lande, 5.6.1907.

Ook het die regering besluit om opgaardamme wat water aan die myne van die Witwatersrand kon voorsien, in die omgewing van Wonderfontein te bou.[9] Hierdie besluit het gelei tot ontevredenheid onder die Gats=randers in die noordelike dele. Na 'n petisie[10] van die inwoners is die besluit herroep aangesien byna al die inwoners van die omgewing afhank=lik was van die natuurlike waterbron.[11]

Die fonteine is aanvanklik, as gevolg van 'n gebrek aan afsetmoontlikhede vir akkerbouprodukte, nie so doeltreffend benut nie. Landbou het eers rondom 1850 meer aandag in die Trekkerstaat gekry.[12] 'n Mark is in dié jaar in Potchefstroom geopen wat boere aangespoor het om meer vars produkte soos groente en vrugte te produseer en nie net vir eie gebruik te voorsien nie. Van dié produkte, asook wol en velle, is dikwels by smouse verruil vir koffie, suiker en rys.[13] Teen 1859 was daar by=voorbeeld al 2 000 wingerdstokke en 250 vrugtebome op die saaiplaas Rietfontein in die Gatsrand.[14]

Soos in ander wyke van die distrik Potchefstroom is gewasse soos aart=appels, lusern, tabak, koring, hawer, mielies en sonneblom ook in die Gatsrand verbou.[15] Pogings is aangewend om vlas te kweek. In 1868, tydens 'n landboutentoonstelling op Potchefstroom, is die eerste prys vir vlasverbouing aan weduwee J.M. Pieterse van Blyvooruitzicht toegeken.

---

9) J.R. Shorten, *The Johannesburg saga,* pp.167-168.

10) Departement Justisie (TAB), verw. LD1268 nr. AG223/07: Klagtes van die inwoners van Wonderfontein, 2.7.1906.

11) J.R. Shorten, *The Johannesburg saga,*, p.168.

12) A.N. Pelzer, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, I: Wordingsjare,* p.179. Vergelyk ook J.H. Coetzee (red.), *Voort=gesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 2: Ge=bied Potchefstroom,* p.162.

13) J. Swanepoel, *Landbouontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954, met spesiale verwysing na staatsoptrede in die verband* (D.Phil-proefskrif, 1958), p.122. Vergelyk ook A.N. Pelzer, *Die geskiede=nis van die Suid-Afrikaanse Republiek ...,* p.178.

14) *Staats Courant der ZAR,* nr. 61, 28.1.1859, p.1.

15) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899,* p.41. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandop=name C. en T. Schutte. 27.10.1986.

Sy het selfs lynolie uit die saad gepers wat in haar en haar bure se behoeftes voorsien het.[16)]

Die aanplant van tabak was aanvanklik net vir eie gebruik. Emigrante uit die Kaapkolonie wat die gewas in die ZAR beproef het, het boere in die omgewing leiding gegee en aangespoor om tabak vir die mark te verbou.[17)] Dat daar boere in die omgewing was wat goeie kwaliteit tabak gekweek het, blyk uit die pryse wat die Pienaars van Elandsfontein nr. 289 tydens die tiende landboutentoonstelling in Potchefstroom verower het.[18)]

Alhoewel bokke en veral skape, volgens 'n korrespondent van *De Zuid-Af=rikaan* in 1856, ook goed in die Gatsrand geaard het, is skaapboerdery in hierdie jare verwaarloos. Boere kon in daardie stadium niks met die wol doen nie. Die lae wolprys en lang afstande na 'n mark waar wol van die hand gesit kon word, was van die redes vir hulle gebrek aan belangstelling in skaapboerdery.[19)]

Van die handelaars in Potchefstroom het teen 1860 'n kanaal vir die uit=voer van wol geskep.[20)] Wol van veral merinoskape in die Gatsrand is aanvanklik na handelaars in Potchefstroom gestuur. Volgens oud-inwoners is die wol reeds in 1885 ook direk na Durban se hawe gestuur vir uitvoer.[21)]

---

16) Anon., "Terugblik oor katoenverbouing in die Zuid-Afrikaansche Republiek", *Die Potchefstroomer,* 7.2.1885, p.5.

17) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899,* p.54.

18) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 22.5.1908, p.3.

19) A.N. Pelzer, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek* ..., pp. 181, 185. Vergelyk ook J. Swanepoel, *Landbouontwikke=ling in Suid-Afrika, 1652-1954 ...,* p.114.

20) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899,* p.29.

21) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986.

Beeste sowel as skape was in die wordingsjare belangrike ruilartikels en veel makliker om te bemark as gewasse aangesien hulle slegs na die mark aangejaag kan word. Boere in die distrik het teen 1860, soos blyk uit die boedelvendusies in die Staatskoerant, nie baie beeste besit nie.[22] Daar is, soos in die res van die ZAR, met verskeie rasse geboer waaronder die Fries-, Afrikaner- en Nguni- of Zoeloeras.[23]

Dit blyk dat die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die gebeure wat die oorlog voorafgegaan het die mark in Potchefstroom in dié jare feit=lik tot stilstand gedwing het. Daar was ook 'n gebrek aan vars produkte en eers nadat die boere vanaf kommandodiens teruggekeer het, kon daar weer vir die mark geproduseer word.[24] Hierdie situasie het waarskynlik ook vir die Gatsrand gegeld.

Ten spyte van probleme soos roofdiere, veediefstal, sprinkane, onkruid en 'n tekort aan implemente het die boere min probleme ondervind om in hulle eie behoeftes te voorsien.[25] Die regering moes in die 1870's help met die uitroei van die onkruid *Xanthium spinosium* (boetebossie) wat vanuit die Kaapkolonie na die ZAR versprei het en ernstige afmetings aangeneem het. Vir wolskaapproduksie was dié onkruid skadelik want die saad wat in die wol vasgesit het kon die masjinerie wat die wol moes verwerk, beskadig.[26] In 1892 het J.C.H. Pistorius van Losberg die landdros van Potchefstroom meegedeel dat die boetebossie vervuil

---

22) S.J. Eloff, *'n Evaluering van die grondgebruikspatroon van die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier* (MA-verhandeling, 1984), p.9.

23) J. Stuart, *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika*, p.224. Vergelyk ook S.J. Eloff, *'n Evaluering van die grondgebruikspatroon in die Vredefortkoepel noord van die Vaalri=vier*, p.9.

24) H.M. van Coller, *Die burgerlike lewe in Potchefstroom ten tye van die Eerste Vryheidsoorlog*, (MA-verhandeling, 1983), p.121.

25) S.J. Eloff, *'n Evaluering van die grondgebruikspatroon van die Vredefortkoepel ...*, p.9.

26) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899*, p.37.

het in die Gatsrand, veral op die plaas Elandsfontein nr. 360.[27)]

In die verbouing van 'n landbougewas soos mielies het onkruide ook baie las gegee. Droogtes en springkaanplae het die mielieboer ook gereeld geteistér. Daarbenewens moes lang afstande dikwels afgelê word om die mielies, sowel as koring, te maal. Meulens was nie volop nie en Potchefstroom was aanvanklik die Gatsranders se naaste sentrum vir dié doel.[28)]

Alhoewel selfonderhoudend, was van die boere skynbaar nie in staat om kapitaal te skep om hulle boerdery te bevorder nie. In April 1890 het J. Martins, J. Geldenhuys en 62 ander in 'n memorie wat op Buffels=doorn opgestel is die regering gevra om krediet aan boere te verskaf. Die regering het op daardie stadium nog nie die nodigheid daarvoor ingesien nie en die voorstel was ook vreemd aangesien dié bedryf in die ZAR destyds nog op selfonderhouding geskoei was. Daar is wel in 1893, na aanleiding van ernstige natuurrampe, plae en veesiektes, be=sluit om 'n sogenaamde delgingsfonds te begin om boere in geteisterde gebiede te help.[29)]

Van die veesiektes wat die Transvaal getref het, was long-, brand- en perdesiekte asook runderpes die vernaamste. Die uitbreek van runder=pes in die Gatsrand in 1897, soos trouens ook in die grootste gedeelte van Suid-Afrika, was waarskynlik die gevoeligste terugslag.[30)] Uit die gereelde verslae wat die veldkornet van Gatsrand tydens die epidemie aan die landdros van Potchefstroom moes lewer, is dit duidelik dat daar in daardie stadium 'n groot aantal beeste in die gebied was. Ten spyte van die inenting van 5 656 beeste het 1 516 aan die siekte ge=


---

27) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 19: J.C.H. Pistorius/Land=dros, 1.3.1892.

28) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899*, pp.44-45.


29) J.H. Coster, *Locale wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afri=kaansche Republiek, 1890-1893*, 2.6.1890. Vergelyk ook P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899*, p.82.

30) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899*, p.271.



DAGBREEKKWEKERY OP JACHTFONTEIN, 1951

Foto: W.J.A. Wessels (Fochville)




'N ADVERTENSIE VAN DAGBREEKKWEKERY, 1952

Illustrasie: B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van*

vrek.[31] Die groot beesverliese het beteken dat trekdiergetalle vermin=der het en gevolglik boere se saaiery bemoeilik het. Die nood het met=tertyd so vererger dat die Volksraad besluit het om die geteisterde distrikte te hulp te kom deur veeartse op staatsonkoste daarheen te stuur.[32]

Die regering het ook streng maatreëls ingestel om te verhoed dat die runderpes versprei. Dit het onder meer behels dat alle besmette beeste sonder vergoeding van kant gemaak en dadelik begrawe moes word.[33] In 1896 het P.J.W. Schutte (jr.) die Uitvoerende Raad meegedeel dat die runderpesregulasies die haglike toestande onder die boere in die omgewing vererger.[34] Voer en trekdiere is deur die regering aangekoop en onder die geteisterdes versprei. In die distrik Potchefstroom is 646 donkies en 83 muile uitgedeel.[35]

Teen die einde van die negentiende eeu was daar min plase in die Repu=bliek waar die bewerkte grond 47,2 morg (40,6 hektaar) oorskry het. Onderverdeling van plase het gelei tot oorbeweiding.[36] Ook sommige plase in die Gatsrand is deur meer as een familie bewoon, elk met 'n deel van die grond wat volgens hul behoeftes gebruik is.[37]

---

31) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 24: J.F. van der Merwe/Landdros, 19.7.1897.

32) P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899*, p.290.

33) Transvaal Colony, *Preliminary report on Rinderpest in the Trans=vaal*, p.2.

34) Staatsekretaris (TAB), verw. R1470/96: P.J.W. Schutte/Staat=sekretaris, 7.1.1896.

35) J. Swanepoel, *Landbouontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954 ...*, p.122. Vergelyk ook P. Naudé, *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899*, p.274.

36) A.J. Christopher, *Southern Africa: Studies in historical geography*, pp.81-82.

37) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986. Vergelyk ook Potchefsroom Landdros (TAB), verw. 133: Diverse inkomende stukke van Naturellesake,1859-1899.

Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die landbou tot stilstand gebring en na vredesluiting was die meeste boere tot die bedelstaf gedwing. Brittanje se beleid van verskroeide aarde gedurende die oorlog het die plase met niks gelaat nie. Kommissies is deur die Britse admi= nistrasie aangestel om onder meer saad en implimente aan behoeftige boere te verskaf. Die landbou wat nou beoefen is, was soortgelyk aan dié van die jare 1840-1850 en geskoei op selfonderhouding.[38)]

Die selfonderhoudende situasie het verander met die stigting van 'n Koöperasie op 4 Mei 1909. Boere is gehelp om produkte gesamentlik te bemark.[39)] Boonop kon boere van entomoloë van Pretoria se dienste gebruik maak indien probleme ondervind is met plae. In 1911 moes J. Pistorius van Losberg byvoorbeeld 'n kundige se hulp inroep om rooidop= luis, wat 300 lemoenbome op sy plaas besmet het, onder beheer te kry.[40)]

Ten spyte van die Britse administrasie se hulp aan boere, was daar diegene wat hul plase moes verkoop vanweë die hoë lewenskoste en 'n tekort aan kontant. Hierdie omstandighede waarin feitlik elke boer in 'n mindere of meerdere mate verkeer het, was waarskynlik een van die redes waarom 'n jong boer van Jachtfontein, G.P. Brits, besluit het om 'n nuwe rigting in te slaan. Hy het in 1912 begin om 'n kwekery vir vrugtebome en blomme op sy plaas te ontwikkel.[41)]

'n Hoër vraag na voedsel op die Johannesburgse goudmyne, vanweë 'n toeloop van werksoekendes na die oorlog, het 'n mark geskep vir graanprodukte (veral koring). Boere is geleentheid gebied om hulle finansiële posi= sie te verbeter deur meer graanprodukte te produseer en dit dan vir

---

38) Potchefstroom Repatriation Commission (TAB), verw. 8, nr. c11: Commission applications for assistance, 1902.

39) Anon., *Vyftig jaar van Koöperasie in Wes-Transvaal, 1909-1959*, p.29.

40) Hoof Insektekundige (SAB), verw. 509 nr. E1719: Entomoloog/J. Pis= torius, 5.9.1911.

41) *Die Vaderland*, 10.9.1959, p.9. Sommige beskou G.P. Brits as 'n pionier op die gebied van vrugteboomkwekery. In 1947 het hy reeds jaarliks 'n kwartmiljoen boompies bekweek. Kyk ook *Die Vaderland*, 29.3.1947, p.9.

goeie pryse aan die goudmyne te verkoop.[42] Die meule op Elandsfontein nr. 289 en Bank was vir die boere van groot hulp met die malery van koring voor dit aan die goudmyne verkoop is.[43] Boere in die Gatsrand het selfs vars vrugte, veral perskes, aan die mynwerkers verkoop. Geskilde droëperskes is teen ses pennies per pond (ongeveer 500 gram) en ongeskildes teen drie pennies per pond aan die winkeliers in Potchef=stroom verkoop.[44]

Dat die boere se sukses op landbougebied steeds in 'n groot mate afge=hang het van hulle eie ervaring en kundigheid, blyk uit Howitzer van Elandsfontein (nr. 289) se korrespondensie met *De Westelike Stem*. Hy sê dat "op een zaai-plaats, als deze bezittende de sterkste bronne in de Gatsrand, is het maar steeds ijzeren klauw in de grond, of slawer=nij op een kleine schaal, tog kan men niet leven of gegrond blijven, als je niet zwoegt ... Een boer moet hersens hebben want hy moet een dokter wezen om vee, plant en zichselve te kunnen verplegen. Een baro=meter moet hij ook zijn want zijn geluk of ongeluk hangt veel af van de kennis van de weergesteldheid; ook een goede ouditeur generaal om de inkomsten en uitgaven goed te kunnen gadeslaan ..."[45]

Daar is weldra besef dat boereverenigings noodsaaklik was vir doeltref=fende landbouvoorligting. Dit blyk dat reeds in 1906 'n boerevereniging te Wonderfontein bestaan het.[46]

---

42) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986.

43) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook verw. 3: Onderhoud T. Nosarka, 22.5.1987 en verw. 1: Herinneringe S.A.M. Erasmus, 18.2.1985.

44) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe S.A.M. Erasmus, p.5. Vergelyk ook verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986.

45) *De Westelike Stem*, 10.2.1916, p.5. Of Howitzer 'n skuilnaam was, is onseker.

46) Hoof Insektekundige (SAB), verw. 63 nr. EE3965: Wonderfontein Farmers Association, 14.6.1906. Wanneer dié Boerevereniging gestig is, is onbekend.

In 1924 verwys *De Westelike Stem* na dié vereniging as die Wonderfontein Saamwerk Boerevereniging met J.P. Nortjé as voorsitter.[47] Ander Boe=reverenigings wat eers in die twintigerjare gestig is, was Welverdiend, Elandsfontein nr. 494,[48] Leeuwpoort,[49] Klipdrift, Losberg,[50] Fochville en Hermina.[51]

Die Hollandse nedersetters wat hulle vanaf 1928 op Wonderfontein geves=tig het, het hulle eie Saamwerk Boerevereniging gehad. Die nederset=ters het produkte soos mielies, kafferboontjies, suikerriet, beet en pampoene hoofsaaklik vir eie gebruik geproduseer, terwyl slegs aartap=pels vir die mark in Johannesburg verbou is. Hulle hoofdoel was om 'n melkery te vestig en ook kaas sowel as botter te produseer. Vir dié doel is 'n aantal stoet Frieskoeie van Nederland af ingevoer om hulle plaaslike kudde aan te vul en te verbeter. Gewasse soos lusern, rog, gars, mangelwortel en weidingsgras is aangeplant vir voer. Die neder=setters se Saamwerk Boerevereniging het alles wat geproduseer is namens almal verkoop en die wins verdeel in ooreenstemming met die hoeveelheid wat elke nedersetter bygedra het.[52]

In teenstelling met grootskaalse melkboerdery in die noordelike dele onder meer te Wonderfontein, Elandsfontein nr. 494, en Stinkhoutboom, het die boere in die suidelike gedeeltes meer gekonsentreer op skaap=boerdery. Vir hulle was water nie so ruim beskikbaar vir die aanplant van weidingsgras soos vir die boere in die noordelike gedeeltes nie. 'n Tak van die Nasionale Wolkwekersvereniging is in die twintigerjare

---

47) *De Westelike Stem*, 5.3.1924, p.5.

48) *De Westelike Stem*, 1.7.1920, p.3 en 19.7.1922, p.2.

49) *De Westelike Stem*, 2.2.1923, p.2.

50) *De Westelike Stem*, 28.7.1924, p.3. Vergelyk ook *Potchefstroom He=rald and Western Gazette*, 24.7.1931, p.5. Die Klipdrift Boerever=eniging het later bekend gestaan as die Loopspruit Boerevereniging.

51) Anon., *Vyftig jaar van Koöperasie in Wes-Transvaal, 1909-1959*, p.126.

52) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 17.10.1930, p.10.

in Fochville gestig en die Gatsrand Wolkwekers genoem. Die hoofdoel van die tak was om voorligting aan boere te gee en te beding vir beter wolpryse.[53)]

Buiten die bekendstelling aan landbouinligting was die boereverenigings ook die spreekbuis waardeur boere ongunstige plaaslike omstandighede onder die aandag van 'n betrokke instansie kon bring. In 1922 het die verenigings vir volksraadslid T.F.J. Dreyer van Losberg kiesafdeling versoek om die minister van Spoorweë te nader met die oog op die oprig= ting van 'n graansuier by enige van die drie stasies in die Gatsrand (Bank, Welverdiend of Oberholzer) of buite die suidelike grense (Nolte en Klington). Dit is egter nie verwesenlik nie omdat die hoeveelheid graan wat die gebied aan die stasies gelewer het nog te min was. Selfs die oprigting van 'n klein graansuier het vereis dat 5 000 tot 8 000 ton graan per jaar versend moes word. Van die drie stasies in die Gatsrand het Bank in 1921 slegs 1 507 ton graan versend, wat meer was as Welverdiend se 991 en Oberholzer se 134 ton. Daar is aanbeveel dat boere van die graansuier op Potchefstroom of die op Ventersdorp gebruik maak.[54)]

Voorts het 'n verteenwoordiger van die administrateur, wat in September 1924 'n byeenkoms van die Welverdiend-Boerevereniging bygewoon het, die boere se klagte met betrekking tot die hoë spoorwegtarief op pro= dukte in die 75 myl (120 kilometer) radius aangehoor. Vanweë die hoë koste het sommige boere op Wonderfontein en Welverdiend nie van die sta= sie op Welverdiend gebruik gemaak nie en self hulle produkte na Johannes= burg vervoer. 'n Versoek is ook gerig dat die spoorweghalte Oberholzer op Wonderfontein as 'n stasie moet open. As rede is aangevoer dat die produksieoppervlakte in 1925 sal vergroot en daar gevolglik in die

---

53) Anon., *Vyftig jaar van Koöperasie in Wes-Transvaal, 1909-1959*, p.126. Vergelyk ook J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekop= name van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 3: Gebied Weston= aria-Welverdiend*, p.92.

54) *De Westelike Stem*, 28.6.1922, p.3.

toekoms meer gebruik gemaak sal word van die "stasie".[55]

Die Fochville-Boerevereniging het reeds in 1922, by wyse van 'n petisie, die omgewing se gebrekkige vervoerfasiliteite onder die aandag van die minister van Vervoer gebring. Dit het deels bygedra tot die spoorweë se beplanning vir die opening van die Potchefstroom-Losberg-spoorlyn in 1927.[56] Die vertoë van die Welverdienders met betrekking tot die Ober=holzer spoorweghalte is eers in die dertigerjare verwesenlik toe goudmyne in die omgewing geopen het en gereelde passasiersdienste ingestel is.[57]

'n Oorkoepelende liggaam vir die distrik Potchefstroom se boerevereni=gings, die Sentrale Boere-unie, is vanuit dié dorp georganiseer met verteenwoordigers in alle wyke. Gatsrand-inwoners wie se name in die presensielys van die Sentrale Boere-unie in 1922 geïdentifiseer kan word, is J.B. Wolmarans, P. Schutte, P. Davidtz, B. Greyling en E. de Beer.[58] Ook hier het besprekings en reëlings gehandel rondom die verbe=tering van die boere se omstandighede. Om die sprinkaanplaag in die onderskeie wyke te bekamp is sprinkaanbeamptes in 1922 deur die Boere-unie aangestel. G.H. Davidtz, J.B. Wolmarans, R.G Amm en P.J. de V. Steyn is vir die Gatsrand aangewys, en in 1923 ook H.S. du Preez, J. Greyling, F.D. Pienaar en D.J. Wolmarans.[59] Wanneer natuurrampe soos droogte en haelstorms die boere getref en hulle vee uitgedun of gewasse beskadig het, het die Boere-unie en die boereverenigings deur finansiële bystand die nood probeer verlig.[60] Boereverenigings het, soos hierna sal blyk, 'n belangrike rol in die verdere boerderybedrywighede van 'n oorwegend agrariese gebied gespeel.[61]

---

55) Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAB), verw. 292 nr. G65/1/13: Meeting of Welverdiend Agricultural Society, 19.9.1924.

56) Ministerie van Vervoer (SAB), verw. 409 nr. 16/44: Potchefstroom-Losberg line petition, 15.3.1922. Vergelyk ook *De Westelike Stem,* 18.1.1928, p.5.

57) G.L. van Heerde, *Die invloed van moderne vervoer op die ontwikke=ling van dorpe in Wes-Transvaal* (D.Phil-proefskrif, 1981), p.116.

58) *De Westelike Stem,* 21.2.1922, p.5.

59) *De Westelike Stem,* 25.10.1922, p.7 en 3.10.1923, p.3.

60) *De Westelike Stem,* 11.10.1922, p.5.

61) Sien voetnote 65 en 70.

Na aanleiding van gerugte uit pamflette en nuusblaaie dat goudmynmaat=skappye besig was om die mineraleregte van boere se plase te koop met die oog op prospektering, het ene Ferreira van Losberg tydens die Sen=trale Boere-unie se kongres in 1924 voorgestel dat waaksaamheidskomi=tees gestig moet word om die ruïnering van boere te voorkom. Daar is besef dat die verkoop van mineraleregte sou lei tot die onteiening van grond.[62] By 'n ander geleentheid het P. Schutte versoek dat saad aan behoeftige boere in die distrik verskaf moet word.[63]

Die droogte en depressiejare (1929-1933) het die meeste boere swaar getref en lae pryse is vir produkte op die Newton-mark in Johannesburg en die mark in Potchefstroom behaal.[64] In 1931 het die Loopspruit-Boerevereniging op Klipdrift met die Stadsraad van Potchefstroom onder=handel oor die verhoging van markpryse. Dit sou boere dan aanspoor om produkte eerder na Potchefstroom te neem wat die verbruiker sou bevoordeel.[65] Die Stadsraad was egter nie by magte om veel in die verband te doen nie. Algehele depressie en droogte in die land het gelei tot 'n toenemende daling in die pryse van produkte. In 1931 het die regering 'n spesiale noodlenigingswet aangeneem wat voorsiening gemaak het vir lenings aan boere. Alhoewel die ergste droogte teen 1933 gebreek was, was die gevolge so groot dat 'n tweede noodlenigingswet in 1935 aanvaar is.[66]

Vir die boere in die noordelike dele van die Gatsrand was die 1929-1933 tydperk waarskynlik nie so 'n gevoelige slag soos vir diegene in die res van die gebied nie. Hulle kon van die natuurlike fonteine gebruik maak. Te midde van droogte het die Hollandse nedersetter, F. Veldman, beplan om 'n nuwe Duits-vervaardigde produk op Wonderfontein

---

62) *De Westelike Stem*, 30.1.1924, p.2. Van hierdie voorstel het niks ge=kom nie. Van 1937 af het goudmyne sonder enige probleme in die ge=bied begin funksioneer.

63) *De Westelike Stem*, 12.3.1924, p.5.

64) *De Westelike Stem*, 4.2.1930, p.5.

65) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 24.7.1931, p.5.

66) A.P. Ravenscroft, *The course of the depression in South Africa*, pp.30-31. Vergelyk ook J.C. Coetzee, *Pioniers van die skoolplaas Klipdrift: Johan en Johanna Schutte, 1923-1938*, p.59.

te gebruik wat groot gedeeltes van die bewerkte grond kon besproei. Dit sou dan terselfdertyd arbeidsbesparend wees.[67)] Of Veldman die produk wel gebruik het, is onseker.

Die Venterspostgoudmyn wat in die vroeë dertigerjare buite die grense van Gatsrand begin funksioneer het, het van die boere wat hulle plase as gevolg van finansiële nood verlaat het, in diens geneem.[68)] Daar was ook nedersetters wat die voorbeeld van enkele boere gevolg het en ver=kies het om 'n heenkome elders te soek.[69)] Plakkery het op plase in die omgewing van die myn voorgekom. Na aanleiding van sodanige plakkery wat veral op Lawley ondervind is, het die Gatsrand Boerevereniging die departement van Naturellesake versoek om aandag te skenk aan dié probleem.[70)]

Van persone in die Gatsrand wat in landbouorganisasies op distriks- en provinsiale vlak gedien het, is min bekend. J.W. Grey van Doorn=fontein en W.J.A. Vermaas van Rhenosterfontein was tussen 1920 en 1935 komiteelede van die Potchefstroomse Distrikslandbou-unie.[71)]

Alhoewel die Transvaalse Vroue Landbou-unie in 1925 gestig is, het takke van dié organisasie eers na 1948 in die Gatsrand tot stand gekom. Vroue in die omgewing het waarskynlik vanaf 1926 by die Vroue Landbou-unie se tak in Frederikstad, noordoos van Potchefstroom, aangesluit. Die doel van die organisasie was om die Afrikanervrou op te hef deur

---

67) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 17.10.1930, p.10.

68) J.C. Coetzee, *Pioniers van die skoolplaas Klipdrift: Johan en Jo=hanna Schutte, 1923-1938,* p.60.

69) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 14.2.1930, p.8. Verge=lyk ook H.H.A. Gybland Oosterhoff, *Indrukke van een reis na Zuid-Afrika,* p.52.

70) Naturellesake (SAB), verw. nr. 2920 832/323: Gatsrand Boerevere=niging/Sekretaris Naturellesake, April 1937. Die stigtingsdatum van die Gatsrand Boerevereniging kon nie opgespoor word nie. Hierdie vereniging is vanaf die plaas Jachtfontein georganiseer. Hulle grense moes verder as die Gatsrand se oostelike grens gestrek het, aangesien Lawley nie deel was van die wyk nie.

71) Anon., *Vyftig jaar van Koöperasie in Wes-Transvaal, 1909-1959,* p.33.

onder meer gesprekvoering oor aktuele sake en die beoefening van hand=vaardigheid op kompetisievlak.[72]

Vir die boere wat hulle plase behou het, het goudmynvestiging voordele ingehou. Die boerderybedryf het meer winsgewend geword deurdat die ver=bruiker nader aan die produsent gebring is. Die verskaffing van produk=te aan Potchefstroom, Krugersdorp, Randfontein en die Randse dorpe het afgeneem terwyl die plaaslike myne in 'n toenemende mate bedien is. Aanvanklik is net suiwelprodukte verskaf. Die uitbreiding van mynbedrywighede het teen 1948 die situasie verander. Sommige boere het steeds room en botter na Johannesburg versend. Ook is vrugte aan die mynwerkers van Randfontein verkoop.[73]

Georganiseerde landbou en mynvestiging het daartoe gelei dat die wel=vaart van die boeregemeenskap in die Gatsrand bevorder is. Dit was egter die mynbou wat gelei het tot die ontwikkeling van gedeeltes van die gebied. Goudmynvestiging het gelei tot stigting van dorpe en dit het weer gelei tot die koms van handelaars en oprigting van nywerhede.[74]

## 2.2 Handel en mynbou

Na Trekkervestiging (1839) was Potchefstroom die middelpunt van ekono=miese bedrywighede in die distrik. Vendusies het hier plaasgevind en 'n mark is in 1850 vir plaaslike produkte geskep.[75]

Tydens nagmaalgeleenthede wat drie keer per jaar in Potchefstroom gevier is, het die Gatsranders die nodige huishoudelike artikels en klere aangekoop. Verbruikersgoedere soos eiers, groente en vrugte is ook

---

72) Anon., *Die Transvaalse Vroue Landbou-unie, 1925-1975,* p.2. Ver=gelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname B. Wolvaardt, 20.11.1986.

73) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud K. Greyling, 11.2.1987.

74) J.H. Coetzee, (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 2 ...,* p. 93.

75) H.M. van Coller, *Die burgerlike lewe in Potchefstroom ...,* p.78.

ingeruil teen geringe vergoeding. Geld was skaars en transaksies het grotendeels op 'n ruilbasis plaasgevind.[76]

Vanweë die groot geldskaarste onder die burgers was die staatskas so goed as leeg en die regering in finansiële nood.[77] Vermoënde burgers van die ZAR het by tye geld aan die Volksraad geleen. Burgers van die Gatsrand wat ook die regering van geld voorsien het, was P.J.W. Schutte en F.G. Wolmarans. Schutte het byvoorbeeld in 1858 100 pond aan die Volksraad geleen. President M.W. Pretorius het persoonlik die geld op Schutte se plaas Buffelsdoorn, in ontvangs geneem.[78]

Sover vasgestel kon word, was daar nie voor 1868 gevestigde handelaars en hoteleienaars in die Gatsrand nie. Tot 1900 is slegs 'n paar winkels en hotelle opgerig waarvan sommige deur die plaaseienaars self bedryf is. Aansoeke is, in oorleg met die wyksveldkornet en die landdros van Potchefstroom, deur die Potchefstroomse handelslisensiekomitee goed- of afgekeur.[79]

Vir reisigers se gerief is hotelle en winkels oorwegend langs die hoof= roetes vanaf Potchefstroom na Pretoria en Johannesburg opgerig. Die inwoners het ook voordeel daaruit getrek aangesien dit nie meer nodig was om alle aankope en verkope op Potchefstroom te maak nie.[80] Minstens 13 winkels en hotelle het oor die laaste drie dekades in die gebied hulle verskyning gemaak:

---

76) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook H.M. van Coller, *Die burgerlike lewe in Potchefstroom ...*, p.78.

77) J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.227, 230.

78) Staatsekretaris (TAB), verw. R2251/58: P.J.W. Schutte/M.W. Pre= torius, 22.8.1858. Kyk ook N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agtergrond van die Transvaalse geskiedenis tot 1884: In die geslagslyn na Senator A.D.W. Wolmarans, Joseph Johannes, Frederik Gerhardus en Frederik Gerhardus Andreas* (MA-verhandeling, 1968), p.106.

79) *Staats Courant der ZAR*, nr. 3, 16.10.1856, p.7.

80) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986.

TABEL 4 Winkels en hotelle in die Gatsrand, 1868-1900

| PLAAS | ONDERNEMING | EIENAAR | STIGTINGS= JAAR |
|---|---|---|---|
| Lapdoorns | Blythe en Kie win= kel | J. Biesler | 1868 |
| Klipkop | "Retail shop" | C.L. Dreyer | 1879 |
| *Kraalkop | Hotel | Vince | (1886) |
| Blyvooruitzicht | "Kantien en losies voor rijzegers" | J.P. Brand | 1888 |
| Kaalfontein | Winkel | S. Grass | 1888 |
| Blyvooruitzicht | "Hotel langs den weg" | Hompes en See= hoff | 1889 |
| Welverdiend | Winkel en hotel | S. Rosenthal | 1893 |
| Buffelsdoorn | Winkel en slaghuis | Flacks en Ruten= berg | 1896 |
| Elandsfontein nr.289 | "Hotel langs den weg" | -- | (1897) |
| *Taaiboschspruit | Winkel | -- | (1897) |
| *Jachtfontein | Winkel | S. en C. Gel= denhuys | (1898) |
| *Doornfontein | Winkel | -- | (1897) |
| *Elandsfontein nr.289 | Winkel | Bosman | (1898) |

*Inligting verkry uit mondelinge bronne. (Die oorblywende inligting is oorwegend verkry uit die Potchefstroom Landdros-argief).

Handelaars van Potchefstroom het gereeld togryers (smouse) gehuur en met handelsartikels die wyke ingestuur. Ossewaens het van plaas tot plaas getrek om die artikels te verkoop. Die Joodse winkelier Japie Kliwanski, wat 'n potpourri van handelsartikels tydens sy reise verkoop het, word steeds in herinnering gehou.[81)]

81) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook verw. 3: Bandopname B. Wolvaardt, 20.11.1986.




ADORP KAASFABRIEK



'N WONING VAN 'N NEDERSETTER

Foto's: Anon., "De Nederlandsche Land=bouwnederzetting op Wonderfon=tein ...", *Zuid-Afrika,* Oktober 1934.

Die opkommandering van boere met die uitbreek van die Tweede Vryheids= oorlog in 1899 het noodwendig gelei tot die sluiting van sommige Afri= kaners se winkels en hotelle in die Gatsrand. Joodse handelaars soos Vince, Rosenthal en Flacks en Rutenberg is skynbaar nie opgekommandeer nie en hulle het voortgegaan met hulle ondernemings.[82)] Dit blyk dat hulle lojaliteit gedurende die oorlog na die boere uitgegaan het. Van die vroue het voedsel sonder betaling van die handelaars, veral Rosen= thal, ontvang.[83)] Met die beeïndiging van die oorlog in 1902 het die winkels van S. en C. Geldenhuys en Bosman weer hulle bedrywighede her= vat. Ander ondernemings wat in die Gatsrand geopen het, is dié van J. Sylvcot (Wildebeestfontein), M.S. Rubenstein (Rietfontein nr. 503), A. Israel (Kraalkop), J.S. Smook (Wildebeestfontein), J.C.F. Wolter (Kaalfontein), en W. Binks (Rietfontein nr. 503).[84)]

In 1922 het 'n handelaar, bekend as Solomon Brothers, 'n winkel op Los= berg geopen.[85)] In daardie stadium het die jong dorp Fochville ook 'n aantal handelaars gehad.[86)] Welverdiend het steeds 'n winkel en hotel gehad, sowel as 'n slaghuis asook drie skure waar produkte verkoop kon word deur reisende handelaars.[87)]

---

82) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 4.2.1944, p.4.

83) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952,* p.17.

84) Carletonville versameling (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook TAB, (ongekatalogiseer): Kieserslys van wyk nr. 5: Gatsrand, 1905 asook Justisie (SAB), verw. 142 nr. 3/475/12: Landdros/Potchefstroom/Sekretaris van Justisie, 3.4.1912.

85) *De Westelike Stem,* 2.2.1922, p.5.

86) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Ober= holzer...,* p.31.

87) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: Sekretaris van Polisie/ Sekretaris van Justisie, 4.11.1924.

Die vestiging van die Nederlandse boere op Wonderfontein vanaf 1928 het bygedra tot die uitbreiding van die handelsektor in die Gatsrand. Van die Nederlandse immigrante het hulle ambagskwalifikasies gebruik om ondernemings op Wonderfontein op te rig.[88)] Akker en Mensinga het 'n kaasfabriek, bekend as Adorp, begin. Folkerts was die slagter en bakker, Boersma die grofsmid en J. Rukema die winkelier. Die Oranje-hotel wat in ongeveer 1930 deur F. Veldman opgerig is, was tot en met 1948 die enigste hotel in die onmiddellike omgewing van die myn.[89)] Die kaasfabriek is, na die totstandkoming van myne in die omgewing in 1937, deur die Wonderfontein kommissie geadministreer. J. Domisse en A.P. Brugman het toe die Kommissie se melkboerdery behartig.[90)] Op= koop van grond deur die mynmaatskappye en 'n toeloop van handelaars vanuit ander gebiede is faktore wat sommige van die nedersetting se eerste handelaars verdring het.[91)]

Goudmynbedrywighede in die gebied vanaf 1937 is voorafgegaan deur pros= pekteerwerk wat in ongeveer 1880 'n aanvang geneem het. Dat daar nie getwyfel is oor die aanwesigheid van goud nie, blyk uit die opkoop van grond tussen 1883 en 1884 deur goudmynmaatskappye soos African Gold Recovery Propietary Limited, Bertha Estate Goldmines and Company, Battery Reef Goldmines Company Limited, Moddervlei Prospecting Sindicate, Randfontein Estate Goldmines Company, Witwatersrand Limited, G.M. Sut= ton Goldmines Company en West Battery Reef Goldmines Company Limi= ted.[92)]

---


88) Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: Kol. Dr. J. Ploeger/ E.S. van Eeden, 20.9.1986.

89) H.H.A. Gybland Oosterhoff, *Indrukken van een reis na Zuid-Afrika*, p.51. Vergelyk ook Hommes (TAB), verw. WHA. 90: J.E. Hommes/ Ouers, 21.4.1933 en Bewaarder van Vyandseindom (SAB), verw. 104 nr. H3/12: Commissie vir Wonderfontein: Staat van inkomste en uitgawes, September 1948.

90) Bewaarder van Vyandseiendom (SAB), verw. 104 nr. H3/12: Commissie vir Wonderfontein, 6.6.1940-4.7.1940.

91) Anon., "De Nederlandsche landbounederzetting op Wonderfontein (Transvaal)", *Zuid-Afrika*, Oktober 1934, p.6. Vergelyk ook H.H.A. Gybland Oosterhoff, *Indrukken van een reis na Zuid-Afrika*, p.52.


92) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 90: Indeks op belastingregis= ter Gatsrand, 1883-1884.



SKAG NR. EEN OP BLYVOORUITZICHT



EERSTE MYNHUISE OP BLYVOORUITZICHT



DIE EERSTE GOUDSTAAF VAN DIE BLYVOORUITZICHTMYN, 1942

Agter: P.D. Roux
Voor, v.l.n.r.: W.H.A. Lawrence, A. Saville-Davis (Bestuurder), W.M. Frames (Rand Mines)

Foto: C. Rautenbach (Carletonville)

Vanaf 1899 tot 1911 was die gebied suidwes van Randfontein gekenmerk deur heelwat mynaktiwiteite. Nege skagte is deur die Western Rand Estates gesink waarvan drie in die Gatsrand was, naamlik Twyfelvlakte in 1902, Driefontein nr. 591 in 1903 en Doornkloof in 1910. Die maat= skappy Goertz and Company het die boorwerk behartig. Vanweë 'n onvermoë om deur die dolomiet te boor, is aktiwiteite voorlopig gestaak totdat New Consolidated Gold Fields Limited in 1930 met prospekteerwerk in die gebied begin het.[93)] 'n Duitse geofisikus, doktor R. Krahmann, het met behulp van die magnetometriese metode daarin geslaag om goud in die noordelike dele van Gatsrand op te spoor.[94)] Dominee T.F. Burgers - die latere staatspresident van die ZAR - wat tydens sy reis deur Trans= vaal in 1871 vir 'n dag op Wonderfontein vertoef het, se opmerking "wie weet welke schatten van goud hier nog gevonden zullen worden ... dit laat ik echter aan deskundige beoordeling over",[95)] is inderdaad be= waarheid.

Die West Witwatersrand Areas Limited wat in November 1932 as maatskappy geregistreer is, het verdere prospekteerwerk in die omgewing voortge= sit.[96)] In 1932 is 'n navorsingsbasis onder veldsuperintendent T.W. Bruyns op Oberholzer gestasioneer. Die plaaslike navorsingspan het geoloë, landmeters en werktuigkundiges ingesluit en hulle was vir plaas= like dienste soos vervoer, watervoorsiening, herstelwerk, timmerwerk en die maak van paaie verantwoordelik.[97)]

---


93) R,A. Pelletier, "Contributions to the geology of the Far West Rand", *Transactions of the geological society of South Africa* XL, Julie 1937, pp.130, 139.

94) R. Macnab, *Gold their touchstone: Gold Fields of South Africa, 1887-1987 - a centenrary story*, p.124. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. Baard, 16.3.1987.


95) T.F. Burgers, *Schetsen uit de Transvaal*, p.7.

96) W.E. Skinner, *Mining year book 1945* 59, p.406. Vergelyk ook Car= letonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. Baard, 16.3.1987.

97) R.A. Pelletier, "Contributions to the geology ...," *Transactions of the geological society of South Africa* XL, Julie 1937, p.159.



SINKING VAN SKAG NR. TWEE OP WES-DRIEFONTEIN



ONTWIKKELING BY SKAG NR. TWEE OP WES-DRIEFONTEIN
Foto: Wes-Driefonteinmyn (Carletonville)

Die sogenaamde West-Wits-Lyn is geopen toe daar by Venterspost, noord van die huidige Westonaria, begin is met skagsinking en die gebruikmaking van die sementasieproses waardeur waterdraende skeure in die dolomiet in die omgewing van die skag gestop is. Dit het gelei tot die sink van skagte op Blyvooruitzicht, Wes-Driefontein en Doornfontein. Die deurlopende goudrif vanaf Venterspost tot by Doornfontein het bekend geword as die West-Wits-Lyn. Die naam is waarskynlik ontleen van die maatskappy Wes Witwatersrand Areas Limited wat vanaf 1932 in die omgewing werksaam was.[98)]

Ontwikkeling by Blyvooruitzicht het op 11 Januarie 1937 deur die Corner House-groep begin. Die mynmaatskappy het bekend gestaan as die Blyvooruitzicht General Mining Company met R.S.G. Stokes as voorsitter en B.A.D. Kinahan as bestuurder.[99)] Die eerste tonnels is op 14 November 1937 oopgeskiet en in 1942 is begin met die produsering van erts.[100)] Die eerste goudstaaf is in 1942 gegiet.[101)] Dié myn het teen 1948 'n totale wins van 2 486 519 pond getoon en is beskou as die myn in Suid-Afrika met die belowendste groeipotensiaal.[102)]

Mynbedrywighede op Blyvooruitzicht het geleidelik verhoog. In 1938 is 73 Blankes in diens geneem en die getal het teen 1948 tot 585 gestyg. Daarenteen was 478 Swart werknemers in 1938 in diens; dié getal het tot 3 915 in 1948 toegeneem.[103)]

---

98) Anon., *Rand mines: Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited - visitors brochure*, p.1. Vergelyk ook R. Macnab, *Gold their touchstone ...*, pp. 212-213.

99) R.A. Pellitier, "Contributions to the geology ...", *Transactions of the geological society of South Africa* XL, Julie 1937, p.131. Vergelyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 18.6.1937, p.3.

100) A.P. Cartwright, *Gold paved the way*, p.168. Vergelyk ook W. Hagan-Watson, "Down memory lane: Blyvoor's first 20 years", p.1.

101) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", pp.1-2.

102) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 19.1.1945, p.4. Vergelyk ook J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 3 ...*, tabel nr. 3.

103) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 3 ...*, p.126.

Wes-Driefonteinmyn het 'n jaar na dié van Blyvooruitzicht begin. Die myn is in 1938 beplan nadat 'n huurkontrak van die regering verkry is. Teen die einde van 1945 is daar begin met die sink van skagte.[104] In 1948 is nog nie met produksie begin nie, maar in daardie stadium was die getal Blanke mynwerkers 100 en die Swartes 595.[105]

'n Derde myn in die Gatsrand, bekend as die Doornfonteinmyn, is in Januarie 1947 geopen en die Annan-skag op 21 Maart gesink. Robert Annan, na wie die skag vernoem is, was die voorsitter van Consolidated Gold Fields sedert 1941. As myningenieur was hy ook betrokke by die vroeë mynbedrywighede in die gebied.[106] Ook hier is teen 1948 nog nie met produksie begin nie en slegs 65 Blankes en 306 Swartes was in diens.[107]

Die West Witwatersrand Areas Limited het in die veertigerjare voortgegaan om mineraleregte op dele van plase soos onder andere Elandsfontein nr. 289,[108] Kraalkop en Buffelsfoorn te bekom.[109] Die Gatsrand was in 1948 nog deel van die distrik Potchefstroom en myne se werksaamhede in die gebied was vir die dorp ekonomies voordelig. Ten tyde die bepaling van Randfontein se grense, het die dorp aanspraak gemaak op 'n gedeelte van die distrik Potchefstroom, naamlik die gebied in die omgewing van die goudmyne. Potchefstroom het dié aanspraak betwis. In 1947 het die departement van Justisie egter bepaal dat Randfontein se grense nog nie gefinaliseer is nie en die gebied steeds deel van die distrik Potchefstroom bly.[110]

---

104) R. Macnab, *Gold their touchstone ...*, p.75.

105) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette steeekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 3 ...*, p.126.

106) R. Macnab, *Gold their touchstone ...*, p.161.

107) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 3 ...*, p.127. Vergelyk ook W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...," p.1.

108) Elandsfontein nr. 289 se mineraleregte is vir 38 000 pond verkry. Kyk *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 7.3.1947, p.7.

109) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 7.11.1943, p.2. Vergelyk ook Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 2324 nr. 1991: Aansoek van West Witwatersrand Areas Limited, 6.3.1964.

110) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 9.5.1947, p.3.

Met die aanvang van die goudmynbedryf in die Gatsrand was daar nie genoeg handelaars om in al die behoeftes van die myne te voorsien nie. Teen Augustus 1938 het drie handelaars van Randfontein - 'n bakker (J. Celine), 'n kruidenier (ene Fedler) en 'n onbekende vrugtehandelaar - goedere op bestelling by die Blyvooruitzichtmyn afgelewer.[111] Die Knight-kontrakteurs van Potchefstroom het vleis aan die Blyvooruitzicht=myn verskaf. Bestellings is per spoor na Welverdiendstasie gestuur en daar afgehaal. Inwoners van die omgewing het ook van dié kontrak=teurs se dienste gebruik gemaak.[112]

Mynvestiging en dorpstigting het die koms van handelaars, veral uit Potchefstroom, aangemoedig.[113] Algemene handelaars soos M. Mia, J.A. Leukema en T. Lewitton het hulle op Oberholzer gevestig. Plaaslike slag=ters (J.J. Nieuhuis en J.P. Holtzhausen) het die tydsame vleisbestellings uit Potchefstroom uitgeskakel.[114] Die grofsmid, H. Boersma, wat aan=vanklik die inwoners van die Hollandse nedersetting bedien het, het sy smidswinkel na Oberholzer verskuif. Dié dorp het van 1939 af ook oor 'n drankwinkel beskik.[115] Met die koms van goudmyne is diensnywe=hede soos motorhawens, vervoerondernemings en kalkfabrieke opgerig om in die behoeftes van die myne te voorsien. Fourie, Calderbank asook Snyman en Roux het elk 'n motorhawe op Oberholzer geopen.[116] J.L. en J.P. van der Berg het in 1941 'n kalkfabriek opgerig[117] en Lutterveld

---

111) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.13.

112) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", pp.3-4.

113) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T. Nosarka, 22.5.1987.

114) United Transvaal Directory Company Limited, *United Transvaal directory for 1941-1942,* p.1557. Telefoongidse het as 'n belang=rike bron van inligting nie veel opgelewer nie. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe S.A.M. Erasmus, 12.11.1984.

115) United Transvaal Directory Company Limited, *United Transvaal directory for 1941-1942,* p.1953. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud dr. W.P. Roux, 15.4.1987.

116) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A. Judelsohn, 14.4.1987. Vergelyk ook *Carletonville/Fochville Herald,* 27.1.1978, p.20.

117) United Transvaal Directory Company Limited, *United Transvaal directory for 1941-1942,* p.1557.

in 1947 'n steenfabriek om veral in die behoeftes van die boukontrakteurs te voorsien.[118)]

J.E. Hommes het in 1947 al 400 klante gehad waar melk daagliks afgele= werk is. Hy het in 1948 begin om ook melk aan die Blyvooruitzichtmyn te lewer. Hierdie melkery op Oberholzer het in daardie stadium 2 000 gelling (9 000 liter) per dag gelewer.[119)] In 1948 is 'n kruideniers= winkel (Waks en Judelsohn), 'n melkery (Phibbs) en 'n apteek (J. Grolman) op die dorp geopen.[120)]

Die meeste winkels op Bank is naby die stasie opgerig. Die K.O. Bazaars en Blybank Supply Stores is deur die Nosarka-familie bedryf.[121)] Ander algemene handelaars was H.A. Hai, N.F. Stores en P.K. Petel. Gelden= huys het 'n slaghuis geopen en E.J. Carney en Swanies elk 'n motorha= we.[122)] 'n Standard Bank agentskap is in 1947 op versoek van die dorpsin= woners geopen, waarskynlik omdat die inwonertal wat in daardie stadium meer was as die van Oberholzer, Blybank en West Wits, dit geregverdig het. Die West Wits-Vervoerdiens is deur die Kennedy's bedryf en die West Wits hotel deur S. Fine.[123)] As gevolg van 'n tekort aan handelaars op die dorpe West Wits en Blybank het hulle inwoners tot en met 1948

---

118) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 24.2.1947.


119) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 24.12.1947.

120) Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: J. Grolman/E.S. van Eeden, 17.2.1987. Vergelyk ook *Carletonville/Fochville Herald*, 27.1.1978, p.20.

121) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T. Nosarka, 22.5.1987. T. Nosarka se vader, I. Nosarka, het in 1939 die perseel van ene Blomberg as smous beset na Blomberg se onderneming gesekwestreer is. Nosarka het die onderneming, wat sedert 1927 bekend was as Bank station store en onder verskeie persone se bestuur was voor Blomberg dit oorgeneem het, na Blybank Supply Stores verander.

122) United Transvaal Directory Company Limited, *United Transvaal di= rectory for 1941-1942*, p.487.

123) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986. Vergelyk ook verw. 2: B.N.D. Geldenhuys/C. Rauten= bach 31.12.1984 en verw. 3: Onderhoud T. Nosarka, 22.5.1987. Die Standard Bank van Suid-Afrika het reeds in 1922 'n tak op Fochville gehad wat waarskynlik ook deur mense in daardie omgewing gebruik is. Kyk Ministerie van Vervoer (SAB), verw. 409 nr. 16/44: Potchef= stroom-Losberg line petition, 15.3.1922.



WEST WITS HOTEL

Foto: Departement van Paaie (Potchefstroom)

op Bank gekoop.[124)]

Voor die proklamasie van Welverdiend in 1942 was algemene handelaars soos J.E. Metharen, en Rosenthal en Flacks reeds in die omgewing bedry=wig.[125)] Teen 1948 het D. Gerson, die Jode Pantanowitz en Katz en 'n onbekende handelaar onder die naam Atlas Basaar hulle by die reeds bestaande handelaars gevoeg. Die onderneming van Peck Broers was sover bekend toe die enigste vervoermaatskappy op Welverdiend.[126)]

Die laaste dorp wat in die omgewing van die myne geproklameer is, was Carletonville wat teen 1948 beskik het oor een varsproduktehande=laar en 'n drankwinkel (eienaar D.A. van Aardt). Rondreisende smouse het die mense, wat hulle in daardie stadium reeds op die dorp gevestig het, van die nodige voorsien. Daar was 'n melkery op Blyvooruitzicht en 'n algemene handelaar sowel as 'n slaghuis op die gronde van die Wes-Driefonteinmyn waarvan die inwoners van Oberholzer en Carletonville moontlik ook gebruik gemaak het.[127)]

'n Blok van 12 winkels met woonstelle bo-op is reeds in 1947 in Carleton=ville begin bou. Dié gebou, bekend as Flint, is in 1952 voltooi. Ingot-House wat in 1948 begin bou is en in 1949 voltooi is, was een van die eerste sakesentrums.[128)] 'n Hotel van 80 000 pond is in 1947 in die vooruitsig gestel.[129)] Die beplanning is aanvanklik gestaak toe die eienaar van die hotel op West-Wits beswaar gemaak het. Daar

---

124) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T. Nosarka, 22.5.1987.

125) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 13.11.1908, p.3.

126) United Transvaal Telephone Directory Company Limited, *Transvaal telephone directory for 1948*, p.789. Kyk ook *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, nr. 4049, 1.11.1948, pp.85-86.

127) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JB 3/T nr. 3: Mediese beamp=te van die Raad vir Buitestedelike gebiede/Landdros Johannesburg, 8.7.1947. Vergelyk ook *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, nr. 4049, 1.11.1948, p.85.

128) *Die Transvaler*, 15.1.1954, pp.3-4.

129) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 22.11.1946, p.2.

is aangevoer dat nog 'n hotel oorbodig is aangesien daar reeds twee hotelle (naamlik West Wits op Bank en dié van D. Gerson op Welverdiend) in die nabye omgewing van die myne was. 'n Hofsaak met betrekking tot die geldigheid van die oprigting van nog 'n hotel het in die Landdroshof van Potchefstroom voorgekom. F.T. Hindle, die aansoeker vir die nuwe hotel namens die Suid-Afrikaanse Broueryе, het die landdros oortuig dat die dorp Carletonville se uitbreidingspotensiaal groter is as dié van sy bure. Hy het voorts aangevoer dat daar 'n groot aanvraag vir hotelgeriewe in Carletonville-omgewing was.[130)]

In 1948 is twee damesuitrusters naamlik Moolmans en Chic op die dorp geopen. Ook het die eienares van die Chic modewinkel, A. van der Westhuizen, en haar gesin roomys by 'n groot handelaar in Johannesburg gekoop en onder die inwoners van Carletonville verkoop.[131)]

Teen 1948 was daar ook diensnywerhede en handelaars in ander dele van die Gatsrand. So was daar kalkwerke op Rooipoort, 'n vervoerkontrakteur (J.B. Wolmarans) op Losberg, 'n grofsmid (A.M. Nolan) op Vlakfontein nr. 364, 'n motorhawe (eienaar C.S. Jeffrey) op Kraalkop en drie kwekerye op Jachtfontein naamlik Doornpoort- (eienaar R.C. Anderson), Dagbreek- (eienaar G.P. Brits en Seun) en Jachtfonteinkwekery (eienaar H.P. Lindeque).[132)] Voorts het algemene handelaars op Taaiboschspruit (J.I. Mia en M.E. Methar en Seuns), Loopspruit (M.J. Orelowitz), Vlakfontein nr. 364 (J.M. Schoonara, Silliman en Hoosan), Hermina (F.J. Buitendach, Aurbelowitz en S.W. Vorster) en Cardoville (S.A. Bosman en W.F. Pretorius) sake gedoen.[133)]

---

130) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 6.12.1946, p. 2.

131) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A. van der Westhuizen, 25.8.1987.

132) Transvaal Telephone Directory Company Limited, *Transvaal telephone directory for 1948*, pp.760, 819, 1588, 1949.

133) United Transvaal Directory Company Limited, *Transvaal telephone directory for 1941-1942*, pp.327, 401, 402,1522, 198.

Dit was teen 1948 duidelik dat Carletonville en Oberholzer as die naaste dorpe aan die drie goudmyne, vinniger ontwikkel het as Welverdiend, Bank, West-Wits en Blybank.[134)]

## 2.3 Die rol van Swartmense in die arbeidsmark

Mzilikazi en die Ndebele se verwoestingsveldtog noord van die Vaalri= vier het Swartstamme van die omgewing uitgedun en versprei. Voort= vlugtende Tswanas het na Trekkervestiging (1838) hulle dienste aan Blankes gebied in ruil vir beskerming.[135)]

Dit was die taak van die veldkornet om, op aanvraag van die plaasbe= woners in sy wyk, arbeiders te kry en in diens te plaas.[136)] Die getal arbeiders in die Gatsrand het teen 1855 nie aan die vraag voldoen nie en die veldkornet moes gedurig die klagtes van die boere aanhoor. So byvoorbeeld het veldkornet T.P. Pretorius van wyk Gatsrand in 1856 uit moedeloosheid die landdros van Potchefstroom gevra om "een klomp volk" te stuur aangesien hy onsuksesvol was in sy poging om arbeiders te kry.[137)]

Indiensneming van arbeiders het van 1859 af deur middel van wettige kontrakte geskied en is deur die landdros van Potchefstroom hanteer.[138)] Volgens J.A. Grimbeeck se kontrak het dit byvoorbeeld voorsiening gemaak dat 'n eienaar moes onderneem om 'n arbeider vir 'n vasgestelde tydperk in diens te neem, van die nodige lewensmiddele te voorsien en nie te mishandel nie.[139)]

---

134) Plaaslike ontwikkeling word breedvoerig in hoofstuk sewe bespreek.

135) W.A. Stals, *Die kwessie van Naturelle eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884,* p.1.

136) F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950, p.274.

137) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 1: T.P. Pretorius/Landdros, 25.8.1856.

138) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 133: Diverse inkomende stukke van Naturellesake, 1859-1899.

139) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 81: J.A. Grimbeeck/Landdros, 20.4.1874.

Afgesien van besonderhede oor dienskontrakte is min inligting oor die wel en weë van die arbeiders gevind. Dit blyk egter dat sommige boere die mense en hulle families toegelaat het om op die plase te woon. Hulle kon ook beeste vir eie gebruik aanhou.[140] Wat getalle betref kon slegs een sensusopname, die in 1894, opgespoor word. Dit gee 'n aanduiding van die arbeiders-verspreiding in die Gatsrand, vir sover dit verblyf betref.[141]

TABEL 5 Getal Swart Arbeiders met vroue en kinders op plase in wyk Gatsrand in 1894

| PLAAS | EIENAAR(S) | ARBEIDERS (MANS) | VROUE EN KINDERS |
|---|---|---|---|
| Wonderfontein | 9 | 17 | 59 |
| Modderfontein | 12 | 34 | 60 |
| Kwaggafontein | 1 | 5 | 14 |
| Houtkop | 1 | 4 | 20 |
| Klipkop | 1 | 4 | 29 |
| Rietfontein nr. 503 | 1 | 2 | 7 |
| Blyvooruitzicht | 1 | 3 | 7 |
| Buffelsdoorn | 11 | 31 | 138 |
| Doornfontein | 1 | 3 | 8 |
| Driefontein | 1 | 10 | 34 |
| Rhenosterfontein | 2 | 8 | 28 |

vervolg/


140) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 24: J.F. van der Merwe/Land=dros, 19.7.1897. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

141) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 133: Diverse inkomende stukke van Naturellesake, 1859-1899: Sensus van Naturelle wonende in wyk Gatsrand, 1894. Hoewel net 47 plase genoem word, kon werkers wel op naburige plase in diens gewees het. Kyk Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Verdere sensusopnames gedurende die ZAR-tydperk kon nie opgespoor word nie.

Tabel 5 (vervolg)

| PLAAS | EIENAAR(S) | ARBEIDERS (MANS) | VROUE EN KINDERS |
|---|---|---|---|
| Elandsfontein nr. 289 | 8 | 45 | 226 |
| Doornpoort | 3 | 7 | 22 |
| Elandsfontein nr. 493 | 2 | 6 | 40 |
| Cardoville | 5 | 13 | 59 |
| Driefontein | 1 | 5 | 26 |
| Weltevreden | 4 | 12 | 63 |
| Doornkloof | 6 | 16 | 64 |
| Vlakfontein | 4 | 17 | 90 |
| Kaalplaats | 4 | 6 | 25 |
| Boschoek | 4 | 18 | 88 |
| Rietspruit | 8 | 19 | 82 |
| Driefontein | 2 | 6 | 28 |
| Rietfontein nr. 144 | 1 | 2 | 4 |
| Elandsvlei | 3 | 3 | 11 |
| Leeuwspruit | 5 | 21 | 92 |
| Leeuwpoort | 9 | 21 | 106 |
| Rietfontein nr. 659 | 3 | 6 | 32 |
| Poortje | 2 | 15 | 61 |
| Wildebeesfontein | 3 | 15 | 67 |
| Rietfontein nr. 636 | 3 | 14 | 74 |
| Loopspruit | 1 | 27 | 140 |
| Kraalkop | 4 | 28 | 90 |
| Rietfontein nr. 274 | 2 | 3 | 18 |
| Doornfontein | 2 | 13 | 71 |
| Elandsfontein nr. 494 | 2 | 6 | 22 |
| Brandvlei | 1 | 1 | - |
| Blaauwbank | 2 | 4 | 29 |
| Wildebeestkuil | 1 | 6 | 23 |
| Elandsfontein nr. 79 | 1 | 4 | 15 |
| Deelkraal | 5 | 17 | 101 |
| Jachtfontein | 3 | 6 | 21 |
| Elandsfontein nr. 360 | 7 | 11 | 54 |

vervolg/



TYDELIKE KAMPONGS BY DIE WES-DRIEFONTEINMYN, 1946
Foto: Wes-Driefonteinmyn (Carletonville)

Tabel 5 (vervolg)

| PLAAS | EIENAAR(S) | ARBEIDERS (MANS) | VROUE EN KINDERS |
|---|---|---|---|
| Hartebeesfontein | 1 | 6 | 39 |
| Rietfontein nr. 162 | 1 | 3 | 18 |
| Kalbasfontein | 9 | 23 | 108 |
| Kaalfontein | 5 | 9 | 59 |
| TOTAAL | 168 | 555 | 2 472 |

Vir die terugkerende boere-families was daar byna niks op die plase oor om mee te begin nie. Afgebrande plaashuise, verlate murasies, 'n afwesigheid van vee asook 'n tekort aan arbeiders was na die Tweede Vryheidsoorlog van die grootste hindernisse in die weg van die herop= bouproses.[142] Swart arbeiders het grotendeels hulle dienste tot be= skikking van die spoorweë, myne en Britse administrasie gestel. Vanweë die arbeidstekort het ouers hulle kinders ingespan om die landerye te help bewerk.[143] Die Stadsraad van Potchefstroom het gereeld klagtes van boere ontvang dat Swartes te lank sonder toestemming van die plase af wegbly en in sommige gevalle glad nie terugkeer nie.[144]

Mynvestiging in die omgewing na 1937 het gelei tot 'n invloei van Swart arbeiders[145] waarvan sommige uit buurstate soos die huidige Mosambiek, Zimbabwe en Botswana. Van die arbeiders se vroue en kinders het op

---

142) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 28.10.1986.

143) A. Nieuwoudt. *Die beplanning van die ontwikkelende verspreide stad in die gebied van Carletonville, Fochville en Westonaria,* p.316. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud K. Greyling, 11.2.1987.

144) Potchefstroom Stadsklerk (TAB), verw. 1974 nr. 237: Control of Natives in municipal and urban areas, March 1946. Die Stadsraad was nie in staat om die probleem van die plaasbewoners op te los nie en het voorgestel dat daar beter fasiliteite op die plase opgerig moes word as 'n sterk arbeidsmag behou wou word.

145) Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 24.12.1947. Hommes vermeld dat sy arbeidsmag heeltemal voldoende was.

plase in die omgewing van die myne gaan werk[146] terwyl sommige vermoedelik in diens van die handelsektor van die ontwikkelende gebied getree het. Verblyf vir Swart mynwerkers het teen 1945 'n dringende behoefte geword as gevolg van die toename in getalle op die Blyvooruitzichtmyn en die opening van die Wes-Driefonteinmyn. Nadat 'n kampong in 1937 op Blyvooruitzicht opgerig is, kon 1 000 Swart mynarbeiders geakkommodeer word. Akkommodasie vir nagenoeg 5 900 mynwerkers was egter van 1946 af nodig.[147] Wes-Driefonteinmyn het 'n tydelike kampong op die myn se gronde opgerig om in hulle behoeftes te voorsien. Dit was egter teen 1947 nie voldoende nie en ongeveer 30 plakkershuise is in die omgewing van die myn opgemerk. 'n Toename in arbeiders en 'n gebrek aan verblyf het ook gelei tot plakkery buite die grense van die Blyvooruitzichtmyn.[148] Op die plase Kraalkop en Wonderfontein, veral langs die stasie, is gevalle van plakkery by die departement van Naturellesake aangemeld.[149]

Die departement van Naturellesake het reeds in die dertigerjare begin met die beplanning van 'n streekslokasie. Grond hiervoor is te Stinkhoutboom, noord van die spoorweg Potchefstroom-Welverdiend-Johannesburg, aangekoop wat ongeveer 10 000 inwoners kon huisves.[150] Sakekantore vir die Naturellesakedepartement is op Welverdiend aangekoop. Die plan was om die beoogde lokasie van daar af te administreer.[148]

---

146) A. Nieuwoudt, *Die beplanning van die ontwikkelende verspreide stad in die gebied van Carletonville, Fochville en Westonaria,* p.316.

147) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...," pp.41, 48.

148) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JB 3/T nr. 3: Mediese beampte vir die Raad vir Buitestedelike gebiede/Landdros Johannesburg, 8.7.1947.

149) Naturellesake (SAB), verw. 7142 nr. 923/323: Wonderfontein Boerevereniging/Sekretaris Naturellesake, 1945. Vergelyk ook verw. 7147 nr. 896/323 en 931/323: Wonderfontein Boerevereniging/Sekretaris Naturellesake, 1942-1947.

150) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 2 ...,* pp.68, 71.

148) Naturellesake (SAB), verw. 3874 nr. 57/309: Township Welverdiend: reservation of land, 27.11.1936.

Die lokasiebeplanning het 'n tyd geneem aangesien dit moeilik was om behoorlik en genoeg wwonplek en wonings in te ruim. Tot 1948 nog het die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede die administrasie van die Swartmense in die gebied behartig. 'n Lokasie is eers in die vyf=tigerjare onder leiding van die Gesondheidsraad en departement van Naturellesake, opgerig.[152)]

152) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. T130/3388: Sek=retaris Gesondheidsraad/Prokureurs Roux en Jacobz, 29.12.1953. Vergelyk ook J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 2 ...,* p.72.

# HOOFSTUK DRIE

# GODSDIENSONTWIKKELING

Voor 1925 was Potchefstroom die naaste sentrum vir kerkbedrywighede vir 'n groot gedeelte van die inwoners van die Gatsrand.[1] Die eerste kerkgenootskap is eers in dié jaar in die gebied gestig.[2] Vanweë die Gatsranders se noue band met die kerkgeskiedenis van Potchefstroom, kon daar nie altyd gegewens gevind word wat oor die kerkaktiwiteite van hierdie inwoners alleen handel nie. In Kerkraadnotules van die gemeentes in Potchefstroom is soms melding gemaak van dié wyk en uit hierdie inligting is gepoog om 'n beeld te vorm van die inwoners se betrokkenheid by kerklike bedrywighede.

## 3.1 Godsdiens vanaf die vestiging van Trekkers tot 1948

Vanaf die vestigingsjare van die Trekkers tot 1853 het die inwoners van die distrik Potchefstroom probeer om 'n predikant te kry. F.G. Wolmarans wat as katkisasiemeester vir kinders in die trekgeselskap van A.H. Potgieter opgetree het en hom later in die Gatsrand gevestig het, het hom veral beywer vir hierdie saak. Wolmarans het in 1852 as voorsitter van die kerkvergadering op Hekpoort opgetree waartydens 'n brief aan die Sinode van die Hervormde Kerk in Den Haag (Nederland) gerig is met die versoek dat 'n predikant vir die Trekkers gestuur word. Wolmarans en nog twee ouderlinge wat deur die Trekkers aangestel is, het intussen die leiding geneem met die hou van eredienste.[3]

---

1) W.J. Badenhorst, *Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal, 1842-1885,* pp.1-2.

2) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* p.3.

3) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agtergrond van die Transvaalse geskiedenis ...,* pp.20-22.



P.J.W. SCHUTTE
Foto: S. du Toit (red.), *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959*

Predikante uit die Kaapkolonie het soms die inwoners van die distrik besoek, eredienste waargeneem en kindertjies gedoop. Die mense van Gatsrand is nie tydens die reise uitgesluit nie. Dominee Andrew Murray meld in 'n verslag (26 Desember 1850) van 'n dagreis wat op 15 Oktober 1850 van Potchefstroom na Gatsrand onderneem is. 'n Erediens is op die plaas Rietfontein nr. 274 van J.H. Boshoff gehou en die doop is bedien. Volgens Murray was dit 'n "zeer aandachtig gehoor". Tydens dominee J.L. Cachet se terugreis van Potchefstroom af na Pretoria in 1866 het hy 'n erediens op Nooitgedacht nr. 489, die plaas van J.J. Hoffman, gehou en die sakramente bedien. [4)]

Na dominee Dirk van der Hoff se koms (1853) as eerste predikant vir die bewoners noord van die Vaalrivier het hy met die hulp van ouderling F.G. Wolmarans 'n kerklike wetboek saamgestel.[5)] Van der Hoff het intus=sen begin om eredienste op Potchefstroom te behartig. Gereelde gods=diensbeoefening was vir elke Trekkergesin 'n vername en onmisbare akti=witeit en die lang ure met 'n ossewa na Potchefstroom tydens die jaar=likse drie nagmaalgeleenthede is nie ontsien nie.[6)]

Die reis, wat vir die meeste inwoners van die Gatsrand gewoonlik vier dae geduur het, is met groot sorg beplan. Tydens dié geleentheid is ook inkopies gedoen, die mark en basaar besoek en administratiewe sake afgehandel. As gevolg van die vermoeiende reis het min inwoners die gewone Sondagdienste bygewoon. Kerkdienste is in die wyk op voorafvas=gestelde plase gehou en gewoonlik deur 'n ouderling gelei.[7)]

---

4) C. Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek,* pp.98, 311, 337. Verbatim-verslae van dié reise is in Spoelstra gepubliseer.

5) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agtergrond van die Transvaalse geskiedenis ...,* p.122. Die kerklike wette was die riglyne vir funksionering van kerkgenoot=skap op Potchefstroom.

6) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986. Vergelyk ook verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

7) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A.M.C. Pretorius, 3.4.1987.

Die goedkeuring van die wetboek deur die kerkvergadering in 1857 het gelei tot ontevredenheid by 'n aantal persone.[8)] Reeds voor die wetboek se goedkeuring het P.J.W. Schutte, 'n gesiene en invloedryke leier op die Kerkraad van Mooirivier, 'n voorstel ingedien dat 'n predikant vir die ontevredenes beroep moes word.[9)] Ontevredenheid was onder andere oor die sing van gesange en die gebrek aan die suiwere verkondiging van die Woord. Daar is besluit dat 'n "Vrije Gereformeerde-Kerk" gestig moet word. Diegene wat dan by die Kerk aansluit, sou dan vry wees van die staatsmag waaraan die Nederduitsch Hervormde Kerk as staatskerk so nou verbind was. Die doel was om met 'n vrye gewete slegs onder die gesag van die Woord te staan.[10)]

Dominee Dirk Postma wat in November 1858 in die Transvaal aangekom het, het hom by die ontevredenes geskaar. Postma is op sy reis na Potchefstroom, waar hy van plan was om 'n erediens op 7 November te lei en Kersfees op versoek van dominee Dirk van der Hoff deur te bring, deur ongure weer verhinder om betyds by die dorp aan te kom. Gevolglik moes hy op 6 November by ouderling P.J.W. Schutte van Buffelsdoorn oornag. 'n Oggend- en middagerediens is op Sondag die sewende op die plaas gehou en daar is by dié geleentheid gepreek uit 1 Samuel 7:12 en Psalm 37:5. Dit het gou bekend geword dat dominee Postma op Buffels= doorn is en was dié eredienste goed bygewoon.[11)] Die prediking by die opstal van Buffelsdoorn was Postma se eerste in Transvaal. Só het dit gedien as die beginpunt vanwaar die Gereformeerde leer, ook deur skriftuurlike prediking, verder in Transvaal ingedra sou word.[12)]

---

8) J.L. Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1859-1909,* p.10.

9) S. du Toit, *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959: Gedenkboek by geleentheid van die eeufees,* p.345.

10) G.C.P. Van der Vyver, *Professor Dirk Postma, 1818-1890,* pp.193, 195, 245.

11) Gereformeerde Kerkargief, verw. PV 72: Dominee Dirk Postma reisjoer= naal, 1858-1859. Kyk ook G.C.P. van der Vyver, *Professor Dirk Post= ma, 1818-1890,* p.225.

12) W.P. du Plessis, *Phillipus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman* (MA-verhandeling, 1984), p.35. Die latere president van die ZAR, S.J.P. Kruger, was ook by die erediens teenwoordig.

P.J.W. Schutte was die eerste ondertekenaar van die skeidingsakte wat op 12 Januarie 1859 deur 15 persone tydens 'n algemene kerkvergadering ingehandig is toe hulle uitgetree het uit die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk.[13] Tydens die Gereformeerde-Kerk se formele stigting op 11 Februarie 1859 in Rustenburg is Schutte as ouderling vir die wyk Mooirivier gekies. Hy was ook skriba.[14] Die lidmaatgetal van die wyk, waarvan Schutte se familie 'n groot deel uitgemaak het,[15] het met 15 begin. Die getal het in 1860 aangegroei tot 72 en voor die stigting van die Gereformeerde-gemeente Potchefstroom, op 17 April 1863, is die gemeentelede in wyke ingedeel.[16]

Na 1863 is daar, afgesien van eredienste op Potchefstroom, ook wyks= dienste by Schoonspruit (huidige Klerksdorp), Vaalrivier en Gatsrand gehou. Die meeste Gereformeerdes in die Gatsrand was afkomstig van die plase Buffelsdoorn, Deelkraal en Kaalplaats.[17] Dit kan toegeskryf

---


13) S.J. du Toit, *Die Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1859-1909 ...,* p.345. Tydens die Groot Trek het die Kaapse Sinode besluit om die benaming Nederduitsch Gereformeerde in die plek van Nederduitsch Hervormde aan te neem. Die Trekkers het die ou benaming behou en tot en met 1885 gepraat van die Nederduitsch Hervormde of Gere= formeerde Kerk. Kyk G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Neder= duits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1842-1885,* p.30.

14) Gereformeerde Kerk (TAB), verw. A1023: *Gedenkboek by geleentheid van die eeufees, 1859-1959,* p.20. Vergelyk ook J.L. Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk ...,* p.23. Die wyk Mooirivier waarvan daar gepraat word, dui waarskynlik op die gemeentewyk Mooirivier wat die hele distrik van Potchefstroom ingesluit het.

15) W.P. du Plessis, *Phillipus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman,* pp.92-93.

16) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/1: Kerkraadnotu= le, 17.4.1863.

17) W.P. du Plessis, *Phillipus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman,* pp.94-95. P.J.W. Schutte se ideaal om 'n teologiese skool op te rig is op 29 November 1869 in Burgersdorp verwesenlik. Die Si= node kon die skool nie alleen behartig nie en gevolglik is 'n Kurato= rium in die lewe geroep. Ses lede wat jaarliks aangewys is, het die administrasie behartig. Schutte is as eerste kurator benoem en het die amp tot sy dood op 9 November 1873 beklee. Kyk A.P. Nel, "Buffelsdoorn - 'n baken in ons kerk se geskiedenis", *Gereformeerde Vroueblad* xxx(8), Januarie 1977, p.15. Vergelyk ook J.P. Jooste, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959,* p.114.



DIE JACHTFONTEIN KERKGEBOU

Foto: Nederduitse Gereformeerde-gemeente, Losberg (Foch=ville)

word aan P.J.W. Schutte se invloed op sy eie familie en op die inwoners van die aangrensende plase.[18]

Ten spyte van die skeuring in kerkgeledere het die meerderheid lidmate deel van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk gebly. Tydens 'n kerkvergadering op Potchefstroom in 1859 is besluit om 'n boukommissie aan te stel om 'n groter kerkgebou as die bestaande op die dorp te beplan vanweë die toename in lidmaattalle.[19] F.G.A. Wolmarans (seun van F.G. Wolmarans) van die plaas Welverdiend in die Gatsrand was 'n lid van die boukommissie wat die finansies en beplanning van die beoogde kerkgebou hanteer het. Tydens die inwyding van die gebou op 24 Februa=rie 1866 het oud-ouderling F.G. Wolmarans en S. Viljoen die Bybel van die ou na die nuwe kerkgebou gedra.[20]

Teen 1866 is buitedienste en doopplegtighede gereeld op die plase Jacht=fontein, Elandsfontein nr. 289, Rietfontein nr. 274, Wonderfon=tein,[21] Doornfontein nr. 470 en Leeupoort gehou.[22] Huwelike is egter in Potchefstroom voltrek.[23]

In 1884 het daar weer eens 'n gees van ontevredenheid onder lidmate van die Ned. Herv. of Geref. Kerk geheers. Ontevredenes het weggebreek

---

18) Soos reeds in hoofstuk 2 vermeld, was daar plase wat onderverdeel is tussen families.

19) G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk ...*, p.81.

20) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agtergrond van die Transvaalse geskiedenis ...*, pp.133-134.

21) Potchefstroom-Gemeente (NG-Kerkargief), verw. AD-1 POT-1: Doopre=gister, 1867-1877. Vergelyk ook POT-1: Kerkraadnotules, 1885-1894.

22) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

23) Potchefstroom-Gemeente (NG-Kerkargief), verw. AD-3 POT-1: Huweliks=register, 1871-1888.



KERKRAADSLID B.J.J. VERMAAS

Foto: B.J.J. Vermaas (Jr.)(Fochville)

en die Nederduitsch Hervormde Kerk gestig.[24] Inwoners van veral die suidoostelike en noordoostelike plase van die Gatsrand het hulle met die NH Kerk vereenselwig.[25] 'n Hervormde lidmaat, veldkornet J.T. Martins, het in 1890 'n kerkgebou op die plaas Jachtfontein opgerig. Hierdie kerkgebou is tydens buitedienste in die wyk vir die drie Suster=gemeentes oopgestel.[26] Die inwoners het ten spyte van die kerkskeuring gereeld die weeklikse buitedienste op Jachtfontein of elders bygewoon, selfs al was dit nie 'n predikant van hulle eie kerkgenootskap nie.[27]

Op 7 Julie 1890 het die Kerkraad van die NG-gemeente Potchefstroom op aanbeveling van die ondersoekkommissie besluit om die gemeentegrens tussen Krugersdorp en Potchefstroom vas te stel. Inwoners in die noor=delike dele van Gatsrand het voordeel getrek uit die grensverdeling. Plase wat by die Krugersdorp NG-gemeente ingeskakel het, is Wonderfon=tein, Vlakplaats, Rooipoort, Elandsfontein nr. 494, Driefontein nrs. 591 en 614 en Rietfontein nr. 162.[28] Lidmate van die NH Kerk in die noordoostelike dele het ook eredienste op Krugersdorp bygewoon.[29]

---

24) G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk ...*, p.110. Afgesien van kleiner verskille, was een van die vernaamste redes vir die skeuring die keuse van die Kerk se naam: Daar is besluit op Nederduits Gereformeerd terwyl sommige Nederduitsch Hervormde verkies het. Kyk ook S.P. Engelbrecht, *Die Nederduitsch Hervormde gemeente Potchefstroom, 1842-1942*, p.125.

25) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A.M.C. Pretorius, 3.4.1987.

26) I. van Wyk, "Landskoonmaker", *Die Boervrou*, Julie 1950, p.17. Huwelike is na die Tweede Vryheidsoorlog ook in hierdie gebou voltrek.

27) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A.M.C. Pretorius, 3.4.1987.

28) Potchefstroom-Gemeente (NG-Kerkargief), verw. POT-1: Kerkraadnotule, 7.7.1890. Die kerklike aktiwiteite van die inwoners van plase wat onder die Krugersdorp NG-gemeente gesorteer het, word nie in die verhandeling bespreek nie. In 1925 en 1935 het die gemeente=grense verander en is die plase by die nuwe gemeentes van Fochville ingedeel. Kyk Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985*, p.18.

29) T.F.J. Dreyer (red.), *Almanak en Bybelse dagboek van die Neder=duitsch Hervormde Kerk van Afrika* 40, 1946, pp.57, 60.

Die Tweede Vryheidsoorlog was vir die inwoners van die Republiek 'n donker tydperk op kerklike gebied. Baie vroue en kinders was in kon= sentrasiekampe en die mans op kommando of reeds weggestuur na krygsge= vangenekampe. Van die vroue en kinders in die Gatsrand is deur Engelse soldate van die plase verwyder en na konsentrasiekampe gestuur. Ander het gevlug en by familie, elders buite die wyk, gaan woon. Daar was dus tot en met die beëindiging van die oorlog in 1902 nie sprake van die ordelike funksionering van gemeentewyke nie. Geestelike bearbeiding is wel deur predikante in krygsgevangene- en konsentrasiekampe verrig.[30]

Diegene wat na die oorlog na hulle plase teruggekeer het, het weer by hulle onderskeie gemeentes (Potchefstroom en Krugersdorp) ingeskakel. Teen April 1912 het die NG-gemeente Potchefstroom vier diakens in die vier gemeentewyke van Gatsrand aangestel. Sommige van die wyke het tot 100 lidmate gehad wat besoek moes word. Kerkraadslid B.J.J. Vermaas van Rhenosterfontein wat by enkele geleenthede as voorsitter van kerk= vergaderings op Potchefstroom opgetree het, se gemeentewyk in die Gats= rand het 160 lidmate gehad.[31]

Groei in lidmaattalle in die NG-gemeente Potchefstroom is waarskynlik een van die redes waarom kerkraadslid J.C.H. Pretorius van Nooitgedacht nr. 661 tydens die kerkraadsvergadering op 8 April 1912 voorgestel het dat 'n hulppredikant beroep moet word. Die besluit is goedgekeur en geld vir die doel is van die gemeentewyke ingesamel. Naas Potchefstroom-dorp wat 292 pond vir die hulpprediker ingesamel het, het die gemeente= wyke in die Gatsrand die meeste bygedra, naamlik 290 pond.[32]

---

30) J.W. Kok, *Sonderlinge vrug,* pp.11-12. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

31) Potchefstroom-Gemeente (NG-Kerkargief), POT-2: Kerkraadnotule, 8.4.1912.

32) Potchefstroom-Gemeente (NG-Kerkargief), POT-2: Kerkraadnotule, 8.4.1912. Vergelyk ook 16.5.1912.

Inwoners van die Gatsrand het tot en met 1924 eredienste in hulle onder=skeie kerkverband en volgens gemeentegrensindeling in Potchefstroom en Krugersdorp bygewoon. Weeklikse wyksdienste is steeds gereeld ge=hou.[33] Die proklamasie van Fochville as dorp in 1920 was een van die redes wat aanleiding gegee het tot die stigting van die eerste gemeentes in die gebied, naamlik die NH-gemeente in 1925[34] en die NG-gemeente in 1935.[35] Lidmate van die Gereformeerde-Kerk het egter teen 1948 nog onder die Potchefstroom-gemeente geressorteer omdat hulle getalle toe nog nie die afstigting van 'n eie gemeente geregverdig het nie.[36] Aanvanklik was Gereformeerde lidmate in die Gatsrand in twee gemeentewyke ingedeel, naamlik Benede Gatsrand en Boven Gatsrand en elk slegs deur een ouderling en diaken op die Kerkraad van die gemeente in Potchefstroom verteenwoordig.[37] In hierdie ampte het veral die Schut=tes van Buffelsdoorn hulle onderskei, onder andere P.J. Schutte wat van 1904 af tot 1939 die amp van ouderling beklee het.[38] Hy het in ver=skeie advieskomitees gedien[39] en tydens kerkraadsvergaderings aktief meegedoen, onder andere op 'n vergadering van 12 Februarie 1927. Schutte het voorgestel dat mans en vroue, soos vroeër in dié kerk die gebruik was, nie tydens eredienste bymekaar moet sit nie. Die versoek is wel deur die kerkraad goedgekeur.[40]

---

33) Potchefstroom-Gemeente (NG-Kerkargief), POT-2: Kerkraadnotule, 2.10.1916. Vergelyk ook 5.6.1922 en 2.9.1922. Kyk ook Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975*, p.6 en N.H. van der Walt (red.), *Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* 63, 1938, p.77.

34) T.F.J. Dreyer (red.), *Almanak en Bybelse dagboek van die Neder=duitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 67, 1946, p.57.

35) Anon., *Halfeeufees NG-Kerk Losberg, 1935-1985*, p.8.

36) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberhol=zer, 9-11 Februarie 1952*, p.51. Tydens 'n kerkraadsvergadering van die Gereformeerde-gemeente Potchefstroom op 24 September 1932 is die kwessie van beskikbaarheid van erwe op Fochville vir kerk=doeleindes te berde gebring. Vanweë getalle is besluit om nie verder op dié moontlikheid in te gaan nie. Kyk Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/5: Kerkraadnotule, 24.9.1932.

37) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/4: Kerkraadnotu=le, 3.7.1908.

38) J.L. Cachet (red.), *Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afri=ka*, 30, 1904, p.53. Kyk ook N.H. van der Walt (red.), *Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* 64, 1939, p.71.

39) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/4: Kerkraadnotu=le, 2.7.1909 en Kerkraadnotule 23.3.1917.

40) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/5: Kerkraadnotu=le, 12.2.1927.

Dit blyk dat die Gereformeerde lidmate van die Gatsrand se getalle teen 1930 in so mate toegeneem het dat die twee gemeentewyke nog 'n tweede ouderling en diaken geregverdig het.[41)] Gemeentewyke is toe ook op Losberg, Rooipoort en Klipdrift begin.[42)] In die stadium was een bui=tediens per kwartaal op die onderskeie plekke gehou.[43)] Uitbreiding by die goudmyne sou eers in 1949 lei tot die stigting van 'n eie gemeente vir Gatsrand. Die nuwe Gereformeerde-gemeente is Buffeldoorns genoem omdat van die eerste lidmate van die Kerk op Potchefstroom bewoners van die plaas Buffelsdoorn was.[44)]

3.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk (NH Kerk)

Die NH-gemeente Losberg in Fochville is op 16 Mei 1925 van die moederge=meente in Potchefstroom afgestig. Nuwe gemeentegrense is vasgestel en al die Hervormde Kerk se lidmate in die Gatsrand het binne die grense van die nuwe gemeente geval.[45)]

'n Totaal van 767 lidmate het by die gemeente ingeskakel waarvan 444 belydende en 323 dooplidmate was. Sedert die stigting van die gemeente het dit meer as vier jaar geduur voordat die eerste leraar, proponent P.J. Smit, bevestig is. Reeds in daardie stadium het die belydende lidmaattal met 26 en die dooplidmaattal met 129 vermeerder. Die groei kan moontlik toegeskryf word aan sommige lidmate se aanvanklike traag=heid om by die nuwe gemeente in te skakel, maar wat toe tog met verloop van tyd anders besluit het.[46)]

---

41) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/5: Kerkraadnotu=le, 20.6.1930.

42) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/5: Kerkraadno=tule, 24.9.1932.

43) Potchefstroom-Gemeente (Geref-Kerkargief), verw. 1/5: Kerkraadno=tule, 31.3.1933.

44) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Ober=holzer, 9-11 Februarie 1952,* p.51.

45) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* p.6.

46) S.P. Engelbrecht (red.), *Almanak en Bybelse dagboek van die Ne=derduitsch Herormde Kerk van Afrika,* 42, 1926, p.65. Kyk ook *Almanak en Bybelse dagboek...*,46, 1930, p.61.

Oggend-buitedienste is die eerste drie Sondae van die maand op Wonder= fontein, Herminaskool (Rietfontein nr. 659), Japiesrus (Leeuwpoortskool), Kaalplaas, Rhenosterfontein en Modderfontein gehou. Vanaf Junie 1939 is 'n gereelde buitediens ook op die myndorp Blyvooruitzicht gehou.[47)]

Lidmate van die gemeente buite die grense van Fochville soos J.B. Wol= marans, F.R.P. Schutte, J. Martins, A.L. Oosthuizen en J.P. Pretorius was lede van die boukommissie wat die finansies en beplanning van 'n eie kerkgebou behartig het. Die knellende droogte en depressie (1929-1933) het egter reeds in die vroeë dertigerjare 'n invloed op die gemeen= telewe gehad. Die beplanning van 'n kerkgebou moes gevolglik eers opsy geskuif word.[48)]

Dominee Smit het begin aandag skenk aan kinderkategese wat reeds sedert 1927 deur die gemeente se katkisasiekommissie hanteer is. 'n Mylpaal in kerklike aktiwiteite was die stigting van die Jongelings Vereniging in Junie 1934.[49)]

Teen 1935 het die NH-gemeente Losberg op Fochville uit 585 belydende en 445 dooplidmate bestaan.[50)] In 1938, 'n jaar na die inwyding van die nuwe kerkgebou, het dominee Smit die gemeente verlaat en het die konsulent, dominee J.G.M. Dreyer van Potchefstroom (oud-bewoner van die plaas Leeuwpoort in die Gatsrand), alle godsdiensaktiwiteite be= hartig.[51)]

---

47) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* pp.3, 10.

48) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* pp.10, 16.

49) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* pp.7, 10, 13.

50) S.P. Engelbrecht (red.), *Almanak en Bybelse dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 29, 1935, p.73.

51) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* p.15.

'n Toename in mynbedrywighede in die noordelike dele van Gatsrand het gelei tot groei van inwonergetalle in daardie gebied. Dit het beteken dat die gemeente die aantal buitedienste sou moes uitbrei of dat tot afstigting oorgegaan sou moes word. Aandag is in 1939 geskenk aan die moontlike afstigting van 'n gemeente op Bank. Ook is met die NH-gemeente Krugersdorp onderhandel.[52)] Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was moontlik die rede waarom op daardie stadium niks van die afstigtingsgedagte gekom het nie.

In 1942 bring ouderling W. van der Merwe van Leeuwpoort weer die af= stigtingskwessie onder die kerkraad se aandag. Dit is goedgekeur en na die Ringe van Potchefstroom en Zeerust verwys wat ook positief op die afstigting gereageer het. Op 7 September 1946 is 'n NH-gemeente vir Bank in die skoolsaal van Rooipoort gestig met 250 belydende en 130 dooplidmate. Dominee P. Geertsema is as eerste predikant van die gemeente bevestig. Die wyke van die nuwe gemeente is hoofsaaklik saam= gestel vanuit die gemeentes Losberg en Randpoort.[53)]

Voor die afstigting van die nuwe gemeente Bank is 'n tak van die Neder= duitsch Hervormde Sustersvereniging op 5 April 1942 op Doornfontein nr. 470 gestig. Die doelstelling van die tak was om fondse vir gemeen= telike belange soos die bou van 'n kerksaal en algemene belange soos weeshuise en teologiese opleiding, in te samel. In elke wyk van die NH-gemeente Losberg het vroue pogings aangewend om geld vir dié doel in te samel.[54)]

---

52) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* p.15.

53) P.S. Dreyer (red.), *Almanak en Bybelse dagboek van die Neder= duitsch Hervormde Kerk van Afrika* 40, 1946, p.160. Vergelyk ook Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuit= gawe, 1925-1975,* p.16.

54) Volkswelsyn en pensioene (SAB), verw. 2872 nr. SWP 8/777: Kontro= lelys, 27.5.1942. Kyk ook kontrolelys 8.5.1943.

Elke subtak het ook na die behoeftiges in hulle eie wyk omgesien.[55] Met die afstigting van die Bank-gemeente in 1946, het die Vroueverenigings= tak Losberg se voorsitter, L. Steyn, in 'n finansiële verslag melding gemaak van dié tak se verlies van twee ywerige subtakke (waarskynlik Bank en Leeuwpoort).[56]

Teen 1948 het die NH-gemeente Losberg se getalle op 566 belydende en 396 dooplidmate te staan gekom. Die afname van 172 lidmate kan grootliks toegeskryf word aan die afstigting van die dogtergemeente Bank.[57] Die fenomenale groei van die Bank-gemeente het later gelei tot die stig= ting van die NH-gemeente Carletonville.[58]

### 3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk)

Met die stigting van die NH-gemeente Losberg in 1925, is daar gevrees dat sommige NG-lidmate eredienste van die Hervormde-gemeente sou bywoon en lidmaatskap van dié Kerk sou aanneem. Die gemeentes op Potchefstroom is versoek om die stigting van 'n Nederduitse Gereformeerde-gemeente op Fochville te oorweeg. In samewerking met die gemeentes Potchef= stroom, Mooirivier en Vereeniging is die NG-gemeente Losberg te Fochville op 11 April 1935 gestig.[59] Met afstigting was die totale aantal siele 690 terwyl hulle bure, die NH-gemeente, op daardie stadium 'n sieletal van 1 030 gehad het.[60]

---

55) Volkswelsyn en Pensioene (SAB), verw. 2872 nr. SWP 8/777: L. Steyn/ Sekretaris, departement Volkswelsyn, 14.8.1946.

56) Volkswelsyn en Pensioene (SAB), verw. 2872 nr. SWP 8/777: Finan= siële verslag, 31.12.1946,

57) P.S. Dreyer (red.), *Almanak en Bybelse dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 42, 1948, p.78.

58) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg - feesuitgawe, 1925-1975,* p.16.

59) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985,* p.8.

60) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadsnotule, 11.4.1935.

Die NG-gemeente Losberg is in sewe wyke ingedeel naamlik Jachtfontein, Kaalfontein, Losberg, Kaalplaats, Elandsfontein nr. 289, Kraalkop en Droogeheuwel. Elke wyk het uit drie tot ses plase bestaan.[61] Die verdeling van die gebied in gemeentewyke het egter nie by almal byval gevind nie. Sommige wou nie van hulle ou gemeentes afstand doen nie en het selfs die steun van die betrokke gemeentes geniet. Van die Mooirivier-gemeente het aanvanklik slegs 40 van die 200 lidmate binne die grense van die gemeente Losberg by dié nuwe gemeente ingeskakel.[62] Dit was veral die ouer mense wat verkies het om nie by die nuwe gemeente in te skakel nie terwyl hulle kinders wel aangesluit het. Die groot rede wat aanlei= ding gegee het tot die onaangename situasie was dat die Mooirivier-ge= meente wat, volgens die sinodebesluit van 1917, hulle reg gehandhaaf het om sonder grense te mag bestaan. Daar was dus geen verpligting op lidmate om wel by die nuwe gemeente aan te sluit nie.[63] In 1946 het die kerk= raad van die NG-gemeente Losberg weer met die betrokke Mooirivier-lidmate onderhandel. Die poging was egter onsuksesvol.[64] In 1948 het dié probleem steeds bestaan.[65]

Na die wyksindeling in 1935 het proponent G. Nel, wat in Oktober as leraar van die Losberg-gemeente bevestig is, met wyksbesoeke ook gereeld eredienste gehou. Ook die kerkgebou op Jachtfontein is vir dié doel gebruik.[66] In 1935 is agt kinders gedoop terwyl 11 belydenis van hulle geloof afgelê het en een paartjie in die huwelik bevestig is. Elk van die sewe wyke in die gemeente het 'n Sondagskool gehad wat deur een per= soon en in sommige wyke twee persone behartig is. Daar was altesaam 119 kinders in die sewe Sondagskole.[67]

---

61) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadsnotule, 2.11.1935.

62) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985,* pp. 8-9. Vergelyk ook H.R.B. (pseud.), "Mooirivier (Potchefstroom)", *Die Kerkbode,* xxxv 21, 22.5.1935, p.26.

63) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985,* p.17.

64) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadsnotule, 9.11.1946.

65) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985,* p.24.

66) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadnotule, 2.11.1935.

67) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadnotule, 8.11.1936.

Jeugverenigings van die NG-gemeente Losberg wat reeds in 1945 gefunk= sioneer het, was die Kinderkrans, die Christelike Jongeliede- en Chris= telike Strewersvereniging.[68] 'n Tak van die Transvaalse Vrouesending= vereniging (TVSV), die Mannesendingbond (MSB) en 'n Sendingwerkkring was ook in daardie stadium in die omgewing werksaam.[69]

Na die stigting van 'n NG-gemeente op Venterspost, buite die Gatsrand, in 1946 het die Losberg-gemeente se getalle gedaal. Met afstigting het Rooipoort, Blyvooruitzicht, Welverdiend, Wonderfontein en Bank binne die nuwe gemeente se grense geval.[70] As gevolg hiervan het die totale aantal lidmate van die NG-gemeente Losberg, wat in 1946 'n siele= tal van 1 342 gehad het, in 1947 verminder tot 1 050.[71]

Die groeiende inwonergetalle in die noordelike dele van Gatsrand, as gevolg van goudmynbedrywighede, het die behoefte geskep vir die stig= ting van nog 'n gemeente. Op 27 November 1948 is die NG-gemeente Ober= holzer van die moedergemeente Losberg en die gemeente Venterspost afgestig met 'n sieletal van 600. Dominee P.L. Erasmus was die eerste predikant. Eredienste is in die nuwe skoolgebou asook die ontspanning= saal van die Blyvooruitzichtmyn gehou.[72]

Ten spyte van die verlies van lidmate aan die gemeentes Venterspost en Oberholzer was die NG-gemeente Losberg, met 593 belydende en 440 dooplidmate, teen 1948 die grootste van al die gemeentes (NH-gemeentes uitgesluit) in die Gatsrand.

---

68) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985*, p.64.

69) Sendingwerk word verder aan in hierdie hoofstuk behandel.

70) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985*, p.35.

71) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadnotule, 22.3.1947.

72) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadnotule, 28.10.1948. Verge= lyk ook W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...," p.52.

73) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Kerkraadnotule, 27.3.1949.

3.4 Ander kerkgenootskappe

Gatsrand is nie net deur Afrikaanssprekendes en Voortrekkernasate be= woon nie. Heelwat Engelssprekendes en andersvolkiges was veral teen die dertigerjare van die twintigste eeu, naamlik toe goud ontdek is, in die gebied gehuisves.[74]

Op versoek van Engelssprekende amptenare van die goudmyne in Gatsrand het 'n leraar van die *Wesleyaanse/Metodiste Kerk,* eerwaarde J. Cox, van= af 1942 elke vyfde Sondag eredienste vir Blanke en Swart mynwerkers in die ontspanningssaal op Blyvooruitzicht gehou.[75]

Die getal Engelssprekendes het so gegroei dat een diens per maand gou onvoldoende was. Predikante wat werksaam was in die Ventersdorp- en Randfonteinomgewing kon as gevolg van plaaslike verpligtinge nie meer as een diens vir die mynwerkers hou nie. In 1948 is eerwaarde D.C. Thomp= son, superintendent van die Wesrandse Sirkel, met 'n versoekskrif genader waarin gevra is om meer dienste op Blyvooruitzicht te hou. Eerwaarde Thompson het, in oorleg met die geestelike bearbeiders van die sirkel, besluit dat daar van Oktober af een diens per maand gehou moet word. Mynamptenare het nietemin begin om fondse in te samel vir 'n eie predi= kant. In 1949 het eerwaarde C.G.S. Spencer die beroep as predikant vir die goudmyne in die Gatsrand aangeneem.[76] Op daardie stadium was die sieletal 80 en Sondagskoolklasse is deur ene Hobson en 'n mevrou Ackermann behartig.[77]

---

74) Vergelyk voetnote 75-82 en 83-104.

75) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952,* p.11.

76) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.52.

77) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952,* p. 13. Vergelyk ook W. Hagan-Wat= son, "Down memory lane ...", p.52.

Die eerste erediens van die *Anglikaanse Kerk (Church of the Province of South Africa)* is in 1940 deur vader C.J.C. Cutter in die ontspannings= saal van Blyvooruitzicht gehou. Die behoefte was so groot dat daar besluit is om maandelikse eredienste te hou. Vanaf 1945 is dit deur vaders E.S. Muller en H.R. Higgs behartig.[78)] In 1948 het die Kerk toestemming van die Uitvoerende Raad gekry om 'n kerk en pastorie op Blyvooruitzicht op te rig.[79)]

Alhoewel 'n Joodse gemeente vir die Carletonville-omgewing, die *Carleton= ville and District Hebrew Congregation* eers in Augustus 1951 gestig is met T. Waks as voorsitter, is eredienste in privaathuise reeds voor 1948 gehou. Jode soos die Rosenthal's, Fleischer's en Woolfson's wat van ongeveer 1893 af reeds in die Gatsrand was, het waarskynlik ook vanweë hulle verspreidheid op dié wyse hulle godsdiens beoefen.[80)] In daardie stadium was die naaste sinagoges dié van Johannesburg en die Witwatersrand.[81)]

Enkele Indiërs het hulle in die dertigers in veral die noordelike gebied gevestig met die doel om handel te dryf. Soos die Joodse families, het die Indiërs in privaathuise hulle godsdiens beoefen. 'n Moslempries= ter het dikwels eredienste vir Indiërfamilies in die huis van I. Nosarka op Bank gehou. Die kinders het dan by die geleentheid godsdiensonderrig van die priester ontvang. 'n Indiër Moskee, bekend as die *Bank and dis= trict Moslem Masjid,* is eers in die vyftigerjare op Bank gestig.[82)]

---

78) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Ober= holzer, 9-11 Februarie 1952,* p.21.

79) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 2553 nr. 3441: Toestemming aan Johannesburg Diocesan Trustees, 18.10.1948.

80) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T. Waks, 15.4.1987. Vergelyk ook B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ont= vangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952,* pp.17, 19.

81) G. Shimoni, *Jews and Zionism: The South African experience, 1910-1956,* pp.22, 65.

82) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T. Nosarka, 27.5.1987.

## 3.5 Sendingwerk

So ver bekend was dit slegs die Berlynse Sendinggenootskap en die Ge= reformeerde-Kerk wat reeds teen die sestigerjare van die negentiende eeu met sendingwerk in die Gatsrand begin het, alhoewel die Gereformeerde Kerk se werksaamhede hier nie heeltemal duidelik is nie.

P.J.W. Schutte van Buffelsdoorn en 'n ouderling van die Gereformeerde-gemeente Potchefstroom het reeds in 1863 teenoor eerwaarde S. Hofmeyer genoem dat sendingwerk onder die "Heidenen" gedoen moet word.[83] Tydens die eerwaarde se kort verblyf by Schutte het hy waarskynlik eredienste vir Swart arbeiders van die plaas en omgewing gehou. Dit is ook moont= lik dat Schutte gereeld vir hulle uit die Woord geleer het.

Die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) se gemeente op Potchefstroom het reeds teen 1879 uit ongeveer 97 persone bestaan waarvan die meeste hoofsaaklik Swart arbeiders van die dorp was. Eerwaarde B. Köhler wat hier werksaam was, het hom beywer om buiteposte aan te lê waar sendingwerk deur 'n evangelis hanteer kon word. Twee buiteposte wat gestig is, naamlik Gatsrand en Losberg, het Köhler blykbaar groot vreugde deur hulle entoesiasme verskaf. Daar is byvoorbeeld 'n skoolgebou op Losberg opgerig en gemeentelede het teen 1899 een sjieling per maand bygedra om te help met gemeente-uitbreiding.[84]

Die Anglikaanse Kerk wat na die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 met sendingwerk op Potchefstroom begin het, het probleme vir die BSG verskaf. Buiten sendingbearbeiding op die dorp het Anglikaanse evan= geliste ook in die distrik rondgereis en selfs BSG-lidmate oorreed om by hulle kerk aan te sluit. Die Berlynse evangelis op Losberg het by=

---

83) S. Hofmeyer, *Twintig jaar in Zoutpansberg: Een verhaal van twintig jaren arbeid onder Heidenen in de Transvaal,* p.89.

84) D.W. van der Merwe, "Die geskiedenis van die Berlynse Sending= genootskap in Transvaal, 1860-1900", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 46(1), 1984, p.96.

voorbeeld in 1888 by die Anglikaanse-Kerk aangesluit.[85]

Sendingwerk in die Republiek in die negentiende eeu is oorwegend deur Engelstalige kerke beoefen. Daarteenoor het Boere 'n negatiewe houding teenoor sending gehad.[86] Dit is bekend dat sommiges geglo het dat die inboorlinge van Afrika nakomelinge is van Gam (Genesis 9:25).[87] Hierdie Skriftuurlike-begronde rassisme het veral deurgewerk op die verdedigingsterrein. Die gereelde oorloë teen Swartstamme en die Britse soldate se gebruikmaking van Swartes teen die Blankes gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), was faktore wat die negatiewe houding teen sendingbedrywighede bevorder het.[88]

Buiten predikante het enkele persone uit die boeregemeenskap hulle wel geroepe gevoel om die "heidenen" geestelik te bearbei. D.P. Ter= burg wat in 1894 op Welverdiend in die Gatsrand begin skoolhou het, se ideaal was om evangelisasiewerk onder die Swartes te verrig.[89] In 1895 stig hy die Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Zendingge= meente Transvaal in Potchefstroom.[90] Hy het die onderwys verlaat en as sendingpredikant vir die distrik Potchefstroom opgetree. Eredienste is blykbaar nie oral in die distrik gehou nie en diegene wat dit wou bywoon, moes na Potchefstroom gaan.[91]

---

85) D.W. van der Merwe, "Die geskiedenis van die Berlynse Sending= genootskap in Transvaal, 1860-1900", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 46(1), 1984, p.96.

86) J.W. Kok, *Sonderlinge vrug,* p.20.

87) G.C.P. van der Vyver, *Professor Dirk Postma, 1818-1890,* p.411.

88) J.W. Kok, *Sonderlinge vrug,* p.20.

89) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.

90) C. Spoelstra, *Het kerkelijk en goedsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek,* p.604.

91) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.



HOEKSTEENLEGGING VAN DIE SENDINGKERK TE FOCHVILLE, 1948
Foto: Nederduitse Gereformeede-Gemeente, Losberg (Fochville)

Die Tweede Vryheidsoorlog het sendingaktiwiteite tot 'n stilstand gebring. Dit is eers na afloop van die oorlog hervat. Vroue van die NG Kerk het op 15 November 1905 die Transvaalse Vrouesending=vereniging (TVSV) in Pretoria in die lewe geroep.[92] Takke van die vereniging het oral in Transvaal tot stand gekom met die doel om plaas=lik aandag te skenk aan sending en armsorg. In 1933 het 15 susters van die NG-gemeente Losberg 'n tak gestig met mevrou J. Freislich as voorsitter.[93]

Die eerste sendingbasaar van die TVSV-tak Losberg is op 24 Oktober 1936 gehou en die opbrengs vir plaaslike sendingwerk aangewend. Daar is ook 'n evangelis vir mynwerkers in die noordelike dele van Gatsrand aangestel.[94] 'n Ander vereniging van die NG Kerk, die Mannesending=bond (MSB), wat in 1917 gestig is, het ook in 1938 met 'n tak op Losberg begin. H.A. Muller was die eerste voorsitter.[95] Volgens die tak se 1947-1948 finansiële staat, is geld aan hulpbehoewende instansies buite die Gatsrand vir sendingwerk geskenk.[96]

In April 1941 het die MSB- en TVSV-tak van Losberg vergader met die doel om aandag te skenk aan die begin van 'n plaaslike sendinggemeente. Geld is in 1944 aan die kerkraad gegee vir die oprigting van 'n huis vir 'n evangelis. Hulle het ook onderneem om 30 pond per jaar van die persoon se salaris te dra.[97] In 1945 het die TVSV en die MSB met die samewerking van die kerkraad evangelis Leslie Matsoele op Fochville

---

92) J.W. Kok, *Sonderlinge vrug,* pp.22, 30-32. Vergelyk ook D.W. van der Merwe "Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Trans=vaal, 1860-1900." *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 46(1), 1984, p.96.

93) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Transvaalse Vrouesendingvereni=ging: Notule, Oktober 1933.

94) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Transvaalse Vrouesendingvere=niging: Finansiële state, 5.11.1935-30.6.1949.

95) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985,* p.49. Vergelyk ook J.W. Kok, *Sonderlinge vrug,* p.40.

96) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Mannesendingbond: Finansiële sta=te vir 1947-1948.

97) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Transvaalse Vrouesendingvereni=ging: Notules, 26.4.1941 en 5.8.1944.

bevestig. Die sendingkerk van die Losberg-gemeente is op 25 Junie 1949 ingewy.[98] Sendingdienste is ook in die tweede woongebied van die Blyvooruitzichtmyn, "The Hill", gehou.[99]

'n Sendingwerkkring van die NG Kerk het in 1939 in Fochville tot stand gekom. Die werkkring het gepoog om sendingwerk binne en buite die Gatsrand finansieel te steun. Die plaaslike TVSV- en MSB-tak is ook finansieel deur die Sendingwerkkring gesteun.[100]

Met die aanvang van mynbedrywighede op Blyvooruitzicht in 1937 het die Anglikaanse Kerk met sendingwerk onder die Swart mynwerkers begin. Eredienste is in die myn se eerste woongebied, "The Village", gehou maar hoe gereeld dit was, is onseker.[101] In 1948 is toestemming van die Uitvoerende Raad verkry om 'n stuk grond op Blyvooruitzicht te ge=bruik vir die oprigting van 'n kerkgebou en pastorie vir Swartes.[102] Die Rooms Katolieke Kerk het ook in dié jaar vergunning verkry om 'n pastorie en kerkgebou vir Swartes op Blyvooruitzicht te begin bou.[103] In 1949 het die Metodiste Kerk vir 'n soortgelyke vergunning aansoek ge=doen.[104]

Dit is opvallend dat slegs Engelse kerke hulle teen 1948 so na as moont=lik aan die Blyvooruitzichtmyn gevestig het om Swart mynwerkers te bearbei. Daarenteen het die Afrikaanse kerke verkies om hulle sending=werk van buite Blyvooruitzicht te organiseer en dan volgens 'n vasge=stelde reëling eredienste daar te hou.

---

98) Anon., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985,* pp.48-49.

99) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.52.


100) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Sendingwerkkring: Finansiële ver=slag vir 1.7.1947-30.6.1948. Vergelyk ook Kerkraadnotule, 15.4.1939.

101) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.52.

102) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 2535 nr, 2676: Toestem=ming aan Johannesburg Diocesan Trustees (Anglican Church), 9.6.1948.

103) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 2535 nr. 2700: Toestem=ming aan Transvaal Vikariaat, 18.7.1948.

104) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 2662 nr. 2628: Toestem=ming aan Methodist Church of South Africa, 7.5.1949.



J.P. BORRIUS

Foto: F. Vermooten, *J.P. Borrius: 'n Drukker-pionier ...*

# HOOFSTUK VIER

# ONDERWYS EN OPVOEDING

## 4.1 Onderwys voor 1900

Voor die aanstelling van 'n superintendent van onderwys in Transvaal in 1879 was onderwys hoofsaaklik in die ouers se hande.[1] Soms het ouers afsonderlik of in groepe 'n private onderwyser vir 'n paar maande gehuur.[2] Dit was veral ongeskoolde swerwertipe onderwysers wat hulle dienste op boereplase aangebied het.[3]

Tydens die Volksraadsitting op 19 September 1864 is 'n reglement vasge= stel waarvolgens 'n onderwyser wat kinders op plase onderrig, moes toe= sien dat hulle leer lees, skryf, rekeningkunde doen en in die Bybelse geskiedenis onderrig word.[4]

So ver bekend, was daar nie voor 1879 juis sprake van private skole en onderwysers in die Gatsrand nie. Staatsdrukker J.P. Borrius het in 1864 tydens die burgeroorlog hom van die openbare lewe onttrek aange= sien hy verkies het om neutraal te bly. Hy het vir 'n halfjaar op sy skoonmoeder se plaas Blyvooruitzicht gaan woon en leerlinge onderrig terwyl die burgeroorlog in die ZAR aan die gang was.[5] Borrius het aanvanklik geen vergoeding vir sy dienste ontvang nie, maar wel in

---

1) H.M. van Coller, *Die burgerlike lewe in Potchefstroom ten tye van die Eerste Vryheidsoorlog*, p.19.

2) J.H.P. van der Walt, *Onderwys van Blankes in die Ventersdorpse di= strik tot 1970* (M.Ed-proefskrif, 1977), pp.41-42. Vergelyk ook M.G. Hoon, *Die finansiering van die onderwys van die Blankes in die ZAR* (D.Ed.-proefskrif, 1955), p.26.

3) A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, I: Wor= dingsjare*, p.195.

4) J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius, *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek: Transvaal nr. 5, 1864-1866*, p.177.

5) F. Vermooten, *J.P. Borrius: 'n Drukker pionier, 1840-1892*, p.21.

1887 toestemming van sy skoonmoeder gekry om vergoeding met agterstal= lige rente uit sy skoonvader se boedel te eis.[6]

P.J.W. Schutte het in 1866 'n onderwyser, ene Bakker, op Buffelsdoorn aangestel teen 'n maandelikse vergoeding van tien sjielings, 'n halfsak meel en 'n "ietsie" om te slag.[7] Hy is kort na sy aanstelling deur Schutte ontslaan vanweë sy foutiewe vertolking van die Bybel. Ene Klouts het Bakker as onderwyser vervang, maar is ook later ontslaan toe dit geblyk het dat hy hom meer op kleremaak as die onderwys toege= spits het.[8]

Onderwys in die Gatsrand was soos die meeste plekke in die ZAR teen 1874 steeds swak voorsien en onvoldoende.[9] President T.F. Burgers en die Volksraad het in 1874 besluit om die onderwyspeil in die ZAR te verhoog deur die aanvaarding van 'n onderwyswet. Voorsiening is onder meer gemaak vir die stigting van plaas- en dorpskole.[10] Vanaf 1880 tot voor die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 het ongeveer 25 plaas= skole in die Gatsrand gefunksioneer.[11]

---

6) *Staats Courant der ZAR*, nr. 217, 13.7.1887, p.507. Borrius se eis vir agterstallige rente is waarskynlik uniek.

7) W.P. du Plessis, *Phillipus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman*, p.48.

8) S.L. Barnard, *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967* (D.Ed.-proefskrif, 1971), p.47.

9) J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1839" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, p.160. Vergelyk ook A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek ...*, p.195.

10) J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", in C.F.J. Muller (red.) in *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.231. Vergelyk ook *De Volkstem*, 7.2.1874, p.2.

11) Raadpleeg tabel 6 vir 'n lys van plaasskole wat voor 1900 in die Gatsrand bestaan het. Die saamgestelde tabel is oorwegend verkry uit dokumente van die argief van die Transvaalse Onderwysdeparte= ment (TAB).

Onvoldoende losies het onderwysers afgeskrik en die plaasskole het gevolglik dikwels 'n tekort aan bevoegde onderwysers gehad.[12] So byvoor=beeld het die Onderwysdepartement in 1895 mejuffrou A.C.M. Martins as onderwyseres aangestel, al was sy minderjarig.[13] Ook onderrigge=riewe en boeke was by die meeste plaasskole gebrekkig en selfs elemen=têre onderrig het groot moeite geverg.[14]

Ouers het seggenskap in onderwyssake gehad deur middel van skoolkom=missies waarvan die lede deur die plaasbewoners verkies is.[15] Skool=kommissies was verantwoordelik vir die verskaffing van meubels. Toesig moes ook gehou word oor administratiewe aangeleenthede soos boekebestel=lings en die kwartaalikse versending van subsidiestate aan die Departe=ment van Onderwys.[16]

Kinders het onderrig ontvang in Bybelgeskiedenis en die elementêre vakke (skryf, lees en reken). Aandag is ook aan sang geskenk.[17] Vol=gens inspeksieverslae van skole in die Gatsrand blyk dit dat die in=spekteur onderrig daar as baie elementêr maar tog doelmatig beskou het.[18]

---

12) S.I.W. Roos, *Onderwys in Transvaal* (M.Ed.-verhandeling, 1952), p.69.

13) Superintendent van Onderwys (TAB), verw. OD 213 nr. 6024/95: TOD/ A.C.M. Martins, 11.7.1895.

14) Superintendent van Onderwys (TAB), verw. OD 213 nr. 8827/96: A.J. van der Walt/TOD, 8.11.1896. Vergelyk ook verw. OD 213, nr. 8098/96: J. van der Tak/TOD, 26.1.1896.

15) Superintendent van Onderwys (TAB), verw. OD 635: Register op dorp en wykskole met kommissies, 1895-1899.

16) *De Volkstem*, 7.2.1882, p. Vergelyk ook J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp, 1887-1939*, p.49.

17) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Verslag van die Staat van het openbaar onderwijs in de ZAR over het dienst=jaar, 1885, 16.3.1885, p.3. Vergelyk ook Superintendent van Onderwys (TAB), verw. OD 213 nr. 3512/96: A.J. van der Walt/TOD, 22.4.1896 en verw. OD 210 nr. 1532/90: Getuigskrif D.H. Viljoen, 9.7.1890.

18) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Verslag van den Staat van het openbaar onderwijs in de ZAR over het dienst=jaar, 1886, 24.8.1886, p.6. Vergelyk ook Verslag nr. 1885, 16.4.1885, p.3 en 1887 3.10.1887, p.6.

TABEL 6 Private en plaasskole in die Gatsrand tot 1899

| PLAASSKOOL | STIGTINGS= DATUM | EERSTE ONDERWYSER | OPVOLGERS |
|---|---|---|---|
| Blyvooruitzicht | 1864 | J.P. Borrius | ? |
| Buffelsdoorn | 1866 | Bakker | Klouts (1866), S.T'Hart (1884), A.J. van der Walt (1890) |
| Welverdiend | 1880 | ? | S.T'Hart (voor 1887), D.P. Terburg (1894). G.M.J. Slabbert (1897) |
| Weltevreden | 1884 | J.C. van Coller | ? |
| Jachtfontein | 1886 | J.C. van Coller | A.C.M. Martins (1896), F. Meurs (voor 1899) |
| Wonderfontein | 1886 | Ene Kolvert | M.M. Malan (1895), C.J.L. Fourie (1898) |
| Klein-Losberg | 1887 | Mej. A.M. Brink | ? |
| Leeuwspruit | 1887 | M.J. Oosthuizen | ? |
| Oog van Wonderfontein | 1887 | C. de Beer | J.S. le Roux (1895) |
| Elandsfontein nr. 289 | 1889 | D.H. Viljoen | W.S. Rademeyer (1892), G.S. Malherbe (1897) |
| Doornkloof | 1892 | Mej. M.L. de Beer ------ | ------→ |
| Deelkraal | 1892 | D.P. Terburg | T.J. Momsen (1895), A. Dykens (1898) |
| Boschoek | 1893 | S. Boersma | J. van der Tak (1895) |
| Leeuwpoort | 1893 | A.W.F. Pearson | S. Boersma (1898) |
| Elandsfontein nr. 360 | 1893 | A.P. Grové ------ | ------→ |
| Kraalkop | 1894 | H.P.M. Raupp | A.P. Grové (1895), W.S. Rademeyer (1897), mej. A.J.C.L. Rossouw (1898) |
| Rietfontein nr. 162 | 1894 | ? | ? |
| Driefontein nr. 614 | 1894 | ? | ? |
| Rhenosterfontein | 1893 | H.A. Fourie ------ | ------→ |
| Elandsfontein nr. 493 | 1893 | J.P. Pretorius | J.M.L. Steyn (1898) |
| Kaalfontein | 1893 | C.J.R. Nolte ------ | ------→ |
| Rietfontein nr. 659 | 1893 | ? | ? |
| Cardoville | 1896 | ? | ? |
| Hartebeesfontein | 1896 | W.R. Wentzel ------ | ------→ |
| Kleinfontein | 1896 | Mej. M.J. van der Schyff | W.A.S. Nel (voor 1899) |
| Rietspruit | 1897 | A.C. Castelijn ------ | ------→ |
| Modderfontein | 1898 | P.J. van der Walt ------ | ------→ |



LEERLINGE EN PERSONEEL VAN DIE SKOOL ELANDSFONTEIN
NR. 289, 1904

Foto: Dominee A. Brink (Fochville)

Of kinders in skoolgeboue onderrig ontvang het, is nie seker nie. Die 1885-1886-inspeksieverslae maak melding van Jachtfontein en Buffels=doorn se lokale (wat 'n kamer in die plaashuis of skure kon wees) wat te klein is.[19] Dit het ook soms gebeur dat 'n boer so 'n "lokaal" en onderwyswoning net tydelik vir onderwysdoeleindes beskikbaar kon stel aangesien hy dit vir eie gebruik nodig gehad het.[20] Besonderhede oor die akkommodasie van ander plaasskole voor 1900 kon nie opgespoor word nie.

## 4.2 Onderwys, 1902-1937

Onderwys in die meeste plaasskole in die Gatsrand het na die begin van die Tweede Vryheidsoorlog geleidelik tot stilstand gekom en gesluit. Plaasvervangers vir onderwysers wat by die kommando's aangesluit het, was nie bekombaar nie.[21] Na die Vrede van Vereeniging in 1902 is ook onderwyssake onder die beheer van die Britse administrasie geplaas.[22]

Ouers in die Gatsrand het vanaf 1902 onmiddellik begin om weer skole op die been te bring.[23] Sir Alfred Milner se heropbouprogram het egter inbreuk op die tradisionele onderwys gemaak.[24] Sy Onderwys-ordonnansie van 1903 het bepaal dat slegs vyf uur per week aan die onderrig van Nederlands bestee kon word. Hoewel protesterende Afrika=

---

19) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Verslag van den Staat van het openbaar onderwijs in de ZAR over het dienst=jaar 1885, 16.4.1885, p.3. Vergelyk ook Verslag nr. 1886, 24.8.1886, p.6.

20) Superintendent van Onderwys (TAB), verw. OD 210 nr. 1532/90: Ge=tuigskrif D.H. Viljoen, 9.7.1890.

21) A. Barnard, *Die groei van plattelandse onderwys (Blank) in Trans=vaal, 1836-1934* (MA-verhandeling, 1935), p.58.

22) F.C. Symington, *Onderwys in die Transvaal, 1900-1907* (D.Ed.-proefskrif, 1948), p.28.

23) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Ober=holzer, 9-11 Februarie 1952,* p.52. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.

24) J.A. Wiid, "Weeropbou, 1902-1908" in D.W. Krüger (red.), *Geskie=denis van Suid-Afrika,* p.459.

ners na aanleiding daarvan skole vir Christelik Nasionale Onderwys (die sogenaamde CNO-skole) gestig het[25], blyk dit dat die meeste plaas= skole in die Gatsrand, waarskynlik as gevolg van 'n tekort aan geld, van regeringshulp gebruik gemaak het en tevrede moes wees met Engelse onderwysers.[26] Slegs Kaalplaats, Boschoek, Klein-Losberg, Deelkraal en Vlakplaats was CNO-skole.[27]

Plaasskole soos die op Jachtfontein, Oog van Wonderfontein, Doornkloof, Boschoek, Driefontein nr. 614, Elandsfontein nr. 493, Kaalfontein, Hartebeesfontein, Kleinfontein en Rietspruit het na die oorlog nie heropen nie.[28] Nuwe skole op Rooipoort (Môrester), Blyvooruitzicht, Kaalplaats, Kalbasfontein, Rietfontein nr. 274, Vlakfontein nr. 364, Taaiboschspruit en Elandsfontein nr. 494 het in die tydperk van 1902 af tot 1910 bygekom.[29]

Vir sommige plaasskole was swak skoolbesoek die doodsteek. Groot af= stande van die skool af en die onverskilligheid van die ouers deur hulle kinders as arbeiders op die plase in te span, as gevolg van 'n arbeidstekort, het die bestaansreg van sommige skole bedreig.[30]

---

25) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Report for the year ended December 1906, p.8, p.8.

26) A. Barnard, *Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys ...*, p.80. Vergelyk ook Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmu= seum), Report for the year ended December 1906, pp.128-129.

27) J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom..." in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1839*, p.234. Ver= gelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.

28) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Report for the year ended December 1906, pp.128-129.

29) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Report for the year ended June 1910, pp.298-302. Vergelyk ook verw. D3/83/176: Rooipoort 50 skooljoernaal, 1906-1932, 1.1.1910.

30) A. Barnard, *Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys ...*, p. 95. Vergelyk ook Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmu= seum), verw. D3/78/801: Welverdiend skooljoernaal, 1907-1924, rapport van afwesigheid, 1.11-13-12-1912.



LEERLINGE EN PERSONEEL VAN DIE ROOIPOORT 50 SKOOL, 1916

Foto: C. Uys (Potchefstroom)

Die Potchefstroomse Skoolraad het al in 1907 pogings aangewend om die skole in die omgewing te sentraliseer sodat onderwysers meer sinvol aangewend kan word. Daar is aanbeveel dat daar slegs vyf skole moes wees, naamlik op Kalabasfontein(100 leerlinge), Wonderfontein/Rooipoort (100 leerlinge), Elandsfontein nr. 360 (60 leerlinge), Kaalplaats (80 leerlinge) en Rietfontein nr. 659 (60 leerlinge).[31] Die aanbeve=ling is nooit uitgevoer nie en ouers het voortgegaan om vir die opening van nog skole te vra. Die skool op Wonderfontein (wat in 1904 geopen is) en dié op Blyvooruitzicht moes as gevolg van 'n afname in leerling=talle in 1910 met Rooipoort 50 amalgameer.[32] Cardoville moes op 30 Julie 1909 om dieselfde rede sluit.[33] Blyvooruitzicht het in 1919 heropen met N. Roux as onderwyser. Weens sy afsterwe in 1924 en 'n afname in leerlingtalle, het die skool in 1924 gesluit.[34] In 1919 is Driefontein nr. 388, Stompoorfontein, Klipdrift en Bank geopen en moes Driefontein nr. 388 sowel as Bank na 'n kortstondige bestaan in 1924 sluit.[35] Elke nuwe skool wat geopen is, het noodwendig een of twee ander skole se getalle laat verminder en gevolglik was die kanse op 'n vergroting van personeel skraal.[36]

Plaasskole wat na die Tweede Vryheidsoorlog heropen is, het 'n tekort aan akkommodasie ondervind as gevolg van verwoeste plaasgeboue. Tente ("Mafeking Shelters") is aanvanklik gebruik en "bully beef" kissies

---

31) Transvaalse Onderwysdepartement (TAB), verw. W217: Potchefstroom Skoolraadnotule, 7.1.1908. F.R.P. Schutte was in dié jaar vise-voorsitter van die Skoolraad.


32) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/83/176: Rooipoort 50 skooljoernaal, 1906-1932, 1.1.1910.

33) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Report for the year ended June 1910, p.299.

34) *De Westelike Stem,* 6.5.1924, p. 4 en 30.7.1924, p.6.

35) A.L. Kotzé, "J. van der Tak", *Onderwysblad* XLVIII (544), 1.7.1945, pp. 18-19. Vergelyk ook *De Westelike Stem,* 23.4.1924, p.2.

36) Transvaalse Onderwysdepartement (TAB), verw. W217: Potchefstroom Skoolraadnotule. 9.8.1910. Vergelyk ook Transvaalse Onderwysde=partement (Onderwysmuseum), verw. D1/76/173: Petisie ondertekenaars Leeuwspruit/Potchefstroom Skoolraad, 25.3.1916.



ROOIPOORT 50 SKOOLKOMITEE, 1910

Foto: Anon., *Gedenkalbum Rooipoort 50 skool, 1910-1960*

en dromme het as sitplekke gedien.[37] Namate die onderwysadministrasie verbeter het, is tydelike klaskamers met sinkdakke gebou.[38] Skole soos Klein-Losberg, Rooipoort 50, Welverdiend en Elandsfontein nr. 289 het twee en meer tydelike klaskamers sowel as seuns- en dogters= kleedkamers gehad met voldoende water vir die kinders.[39] Daarteenoor was daar skole wat vir baie jare onder uiters primitiewe omstandighede kop bo water moes hou. So moes onderwyser J. van der Tak, na Klip= driftskool se opening in 1919, die kinders in 'n stal onderrig.[40] Die 1925-inspeksieverslag van die skool op Wonderfontein, wat op 27 Januarie 1925 met M. Wissing as hoof heropen is, maak melding van die bouvallige skoolgebou op die plaas wat 'n gebrek aan voldoende ventilasie en lig het. Ook is die meubels primitief en leermiddels ontoerei= kend.[41] 'n Gebrek aan fondse het sommige skoolkommissies se taak om meubels en goed toegeruste lokale te voorsien, bemoeilik.[42]

Onvoldoende finansies, fasiliteite en leermiddels was waarskynlik van die redes waarom leerlinge op plaasskole in die Gatsrand, met uitsonde= ring van Klipdrift, tot 1948 slegs 'n primêre onderwyskwalifikasie: (st. 1 tot st. 6) kon verwerf. Vir verdere studies moes leer=

---

37) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/83/176: Rooipoort 50 skooljoernaal, 1906-1932, 27.10.1906. Vergelyk ook verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934, 1.1.1906.

38) Departement Justisie (TAB), verw. AG 85/08 nr. 1557: Toestemming vir die oprigting van skoolgeboue, 20.4.1908.

39) Publieke Werke Departement (SAB), verw. 5576: Welverdiend school erection and additions, 6.1.1917. Kyk ook *Laerskool De Beer: Ge= denkblad, 1880-1980, 100ste bestaansjaar,* p. 7 en Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe M.M. van der Westhuizen, p.2 sowel as verw. 3: Bandopnames J.M.F. Terburg, 30.9.1987 en K. du Preez, 6.11.1986.

40) A.L. Kotzé, "J. van der Tak", *Onderwysblad* XLVIII (544), 1.7.1945, pp. 18-19.

41) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/153: Rapport van inspeksie Wonderfontein, 17.3.1925.

42) J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom..." in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* pp. 238-241.

linge na Potchefstroom gaan.[43] In September 1930 het inspekteur J.G. de Vos 'n sekondêre afdeling (st. 7 en 8 of ook bekend as vorm II en III) aan die skool op Klipdrift toegestaan aangesien die ouers bereid was om op eie onkoste geboue vir dié doel te verskaf. Twee lokale is vir dié standerds ingerig, terwyl 'n sinkgeboutjie met sementvloere gebruik is as 'n laboratorium vir Wetenskap onderrig. Ander vakke wat vir dié standerds aangebied is, was Geskiedenis, Engels, Rekeningkunde, Kuns en Afrikaanse Taal- en Letterkunde.[44]

Na 1902 het leerlinge, soos voor die Vryheidsoorlog, steeds onderrig in die elementêre vakke ontvang en voordrag en die skryf van opstelle is toegevoeg.[45] Hoewel die onderrig Engels was, is die Hollandse weer=gawe van die Bybel gebruik. Die laer klasse (st. 1 en 2) se Engelse onderrig was slegs mondelings van aard, terwyl die hoër standerds se onderrig ook leeswerk ingesluit het.[46]

Taalordonnansie nr. vyf van 1911 het albei tale (Afrikaans en Engels) in skole op gelyke voet geplaas waarby Afrikaanssprekende kinders in die Gatsrand beslis gebaat het.[47] Skole soos Elandsfontein nr. 289, Welverdiend[48] en Klein Losberg se inspeksieverslae na 1911 was vol lof vir die vordering wat kinders in die skole gemaak het.

---

43) K.J. Kerling, "Laer Gedenkskool Danie Theron," p.4. Wonderfon=tein was die eerste skool in die Gatsrand, naas Klipdrift wat hoërskoolstatus verkry het, maar eers in 1951. Kyk ook S.L. Bar=nard, *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967,* p.200.


44) J.C. Coetzee, *Pioniers van die skoolplaas Klipdrift: Johan en Jo=hanna Schutte, 1923-1938,* pp.15, 17.

45) Anon., *Gedenkalbum Rooipoort 50 skool, 1910-1960,* p.15. Vergelyk ook Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. O/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934, 2.3.1906.

46) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. O3/83/176: Rooipoort 50 skooljoernaal, 1906-1932, 27.10.1906. Vergelyk ook S.L. Barnard, *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967,* p.193.

47) A. Barnard, *Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys ...,* p.103. Vergelyk ook F.C. Symington, *Onderwys in die Transvaal, 1900-1907,* p. 30.

48) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. O3/78/801: Welverdiend skooljoernaal, 1907-1924.




LEERLINGE EN PERSONEEL VAN DIE WELVERDIENDSKOOL, 1916

Foto: B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets ...*

Die skool op Elandsfontein het teen 1912 'n groot getal leerlinge gehad wat beter as standerd vyf se standaard was. Dié getal was hoër as die sogenaamde eersterangse skole vir laer onderwys in Potchefstroom.[49] Klein-Losberg is in 1915 beskou as een van die buiteskole in die distrik Potchefstroom wat die beste vordering toon.[50]

Na die Departement van Onderwys die leerplan hersien het, is dit in 1915 in alle skole geïmplementeer. Vakke soos Aardrykskunde, Geskiede= nis, Natuurstudie en Liggaamsoefening is toegevoeg.[51] Slegs die skole op Elandsfontein nr. 289, Hermina (Rietfontein nr. 659) en Klein-Losberg, wat meer as drie leerkragte gehad het, is vanaf 1915 toegelaat om ook Naaldwerk en Kookkuns aan te bied. Elandsfontein was een van die drie sentrums in die distrik Potchefstroom waar Hande-arbeid (waarskynlik Houtwerk) aangebied is.[52] Namate skole soos Klipdrift, Wonderfontein, Blyvooruitzicht en Welverdiend uitgebrei het, is hierdie vakke ook daar aangebied.[53]

Die plaasskole is deur 'n mate van informaliteit gekenmerk. Skoolkommis= sies het self, in oorleg met die onderwyser, die skoolure na goeddunke vasgestel. Dieselfde reëlings het vir die beplanning van skoolvakansies gegeld. Daar is soms op Saterdae skoolgegaan as 'n weeksdag vir ander aangeleenthede ingeruim is. Ook tydens begrafnisdienste in die omge= wing en spesiale verjaardae van byvoorbeeld die skoolhoof en die koning

---

49) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934, 10.3.1912.

50) *Die Westelike Stem*, 30.9.1915, p.7.

51) A. Barnard, *Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys ...*, p.108.

52) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934. Vergelyk ook Losberg (TAB), verw. WHA 1666: Losberg Skoolkommissie, 1905-1938 en Carletonville versameling (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A.M.C. Pretorius, 3.4.1987.

53) K.J. Kerling, "Laer Gedenkskool Danie Theron," p.3. Vergelyk ook Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/153: Rapport van inspeksie Wonderfontein/Potchefstroom Skoolraad, 27.9.1929 en J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom ... " in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom 1838-1938*, p. 261.

van Engeland, het skole nie vir die dag geopen nie. Die Superintendent van Onderwys is wel van sulke reëlings in kennis gestel.[54)]

Vervoerprobleme het ook soms veroorsaak dat 'n skool weens swak bywoning vir 'n dag moes sluit. Modderige toestande te wyte aan ongure weer het die leerlinge wat te voet sowel as die wat gebruik gemaak het van perde of donkies, dikwels belemmer om by die skool te kom.[55)]

Die Potchefstroomse Skoolraad het toegesien dat daar aan elke skool genoeg donkies verskaf word. In 1910 het die Skoolraad 53 donkies aangekoop waarvan 32 aan skole in die Gatsrand gegee is.[56)] Namate pro=bleme ondervind is met die aanhouding en versorging van die diere, is daar gebruik gemaak van 'n skoolbus (plaaslik bekend as 'n skoolwa).[57)]

Teen 1920 het daar nog 20 skole in die Gatsrand gefunksioneer waarvan Klein-Losberg, Hermina en Elandsfontein nr. 289 in daardie stadium die grootste was. Besonderhede oor dié skole word hieronder gebied: [58)]

---

54) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934 en D3/83/176: Rooipoort 50 skooljoernaal, 1906-1932. Vergelyk ook Transvaalse Onderwysdepartement (TAB), verw. OD 212 nr. 7115/94: A.J. van der Walt/Sekretaris, TOD 19.12.1894 en S.L. Barnard, *'n Historiespedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool, 1838-1967*, p.195.

55) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934. Vergelyk ook verw. D3/78/801: Welverdiend skooljoernaal, 1907-1924.

56) Transvaalse Onderwysdepartement (TAB), verw. W217: Potchefstroom Skoolraadnotule, 11.10.1910.


57) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/57/129: Rietfontein 274 skool/Potchefstroom Skoolraad, 20.11.1925. Verge=lyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

58) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderysmuseum), Report for the year ended 31.12.1920, Bylae cxii-xc. Die skole op Driefontein nr. 388 en Bank word nie in hierdie verslag gemeld nie. As dit bygereken word, was daar in 1920 20 skole.


TABEL 7 Plaasskole in die Gatsrand in 1920

| PLAASSKOOL | PERSONEEL | LEERLINGTAL |
|---|---|---|
| Welverdiend | S.J. de Beer<br>Mev. J.M. de Beer<br>Mej. M. Yssel | 75 |
| Buffelsdoorn | W.F. Henning<br>Mej. M.P. Davidtz | 47 |
| Elandsfontein nr. 289 | G.S. Malherbe<br>P. Rocher<br>J.G. Hurter<br>J.G. Conradie<br>Mev. M. Conradie | 96 |
| Elandsfontein nr. 494 | H.J. van Broekhuizen | 23 |
| Hermina | J.M.L. Steyn<br>W.J. Badenhorst<br>R.F. Rattrey<br>Mev. W. Steyn<br>Mej. H.J. de Bruyn | 108 |
| Japiesrus (Leeuwpoort) | P.F.G. Ellis<br>Mej. M.S. Gronum<br>Mej. S.S. van den Merwe | 67 |
| Kaalplaats | D.F. Bierman<br>A.J. van der Walt<br>M.M. du Plessis | 68 |
| Kalabasfontein | J.S. Naudé<br>J.F. van Deventer<br>Mej. E. du Plessis | 66 |
| Klein-Losberg | M.J. Erasmus<br>G.J. Lindeque<br>Mej. M.N. van der Bank<br>Mej. H.J.C. Cronjé | 111 |
| Klipdrift | J. van der Tak<br>P. Coetzee<br>Mej. K.E. Roth | 69 |
| Modderfontein | D.M. Hoogenhout<br>Mej. J.J. Hoffmann | 48 |

(vervolg)



WONDERFONTEIN SKOOLGEBOU, 1929
Foto: B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets ...*



K.J. KERLING
Foto: K. de Beer (Potchefstroom)

TABEL 7 (vervolg)

| PLAASSKOOL | PERSONEEL | LEERLINGTAL |
|---|---|---|
| Rietfontein nr. 274 | J. van der Twisk<br>F. de F. de Villiers | 50 |
| Rietfontein nr. 659 | E.G. Kleyn<br>Mej. J.E. Rousseau | 43 |
| Rooipoort 50 | G.J. Wissing<br>J.M.J. Knox<br>Mej. J.A. Combrink | 78 |
| Stompoorfontein | C. van der M. de Villiers | 18 |
| Vlakfontein nr. 364 | J.C. van Niekerk<br>Mev. C.M. van Niekerk | 38 |
| Vlakfontein nr. 669 | Mej. G.W. Pienaar | 21 |
| Blyvooruitzicht | N. Roux | 10 |

Die Wonderfonteinskool wat in 1925 met 25 leerlinge heropen is, het 'n sukkelbestaan gevoer en moes in 1927 sluit.[59)] Die koms van die Hollandse nedersetters na Wonderfontein in 1928 het gelei tot die skool se heropening in Januarie 1929 met W. Rademeyer as hoof.[60)] Die stigting van nog 'n skool het egter nie inspekteur G.J. de Vos se goedkeuring weggedra nie.[61)]

59) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/155: Rapport van inspeksie Wonderfontein, 17.3.1925 en 8.2.1927.

60) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/155: Rapport van inspeksie Wonderfontein/W.F. Schoon, 27.8.1929. Mnr. K. Kerling het op 18 Maart 1930 hoof van die Wonderfonteinskool geword.

61) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Verslag vir die jaar geëindig 31.12.1935, p. 78.

In 1935 meld inspekteur De Vos in sy verslag dat daar tussen Welverdiend en Rooipoort oor 'n afstand van 14 myl (22,4 kilometer), twee skole bestaan. Die skool Wonderfontein, wat tussen dié twee skole lê, was dus nie regverdigbaar nie. Daarenteen was skole soos Buffelsdoorn, Elandsfontein nr. 289 en Japiesrus vyf tot nege myl (8 tot 14,4 kilometer) vanaf Fochville (waar reeds 'n skool geopen is) en kon leerlinge hulle onderrig daar ontvang.[62)]

## 4.3 Onderwys op permanente grondslag, 1938-1948

Daar is, waarskynlik as uitvloeisel van inspekteur De Vos se ontevredenheid, begin met die sentralisasie van skole in die Gatsrand. Die voordeel van gesentraliseerde skole vir leerlinge was dat meer leerkragte by so 'n skool aangestel kon word, 'n verskeidenheid van vakke aangebied word en meer sosiaal-kulturele aktiwiteite georganiseer word.[63)]

In 1938 moes die skool op Wonderfontein vir 'n tweede maal met Rooipoort 50 saamsmelt,[64)] terwyl die Losbergskool ook gesluit het en leerlinge na die skool op Fochville moes gaan.[65)] Rooipoort 50 was in daardie stadium 'n driemanskool met 150 leerlinge en W. Rademeyer as hoof. Daarenteen het Welverdiend Buffelsdoorn, Elandsfontein nr. 289 en Japiesrus se hoofde W. Louw, J.L. du Plessis, T.J. Kotze en P.F.G. Ellis, elk slegs een assistent gehad met leerlingtalle van ondeskeidelik 55, 42, 30 en 54.[66)] Daar was in 1938 gesamentlik 51 leerlinge in die standerd 7- en 8-klas op Klipdrift. Die meeste leerlinge was blykbaar afkomstig

---

62) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Verslag vir die jaar geëindig 31.12.1935, pp.78-80.

63) J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom..." in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, pp.256-257.

64) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/150: Sekretaris TOD/Potchefstroom Skoolraad, 6.5.1938.

65) Losberg (TAB), verw. WHA 1666: Losberg Skoolkommissienotule, 1.7.1938. Volgens die notule van 6.1.1929 is die skool, Klein-Losberg, se naam verander na Losberg.

66) J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom..." in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, pp.256-257.

van ander distrikte soos Vereeniging, Ventersdorp en Kliprivier en 'n minimale getal van Klipdrift. Die rede hiervoor is skynbaar die tekort aan kinders ~~daar~~ as gevolg van ouers wat tydens die depressiejare weggetrek het. Van 1930 af tot 1938 het ongeveer 200 leerlinge die standerds op Klipdrift geslaag.[67] Die skole Japiesrus, Buffelsdoorn en Kaalplaats het op 13 Februarie 1939 met Elandsfontein nr. 289 geamal=gameer.[68]

Weens 'n toename in die getal kinders in die omgewing van die jong Bly=vooruitzichtmyn is die Wonderfonteinskool op 1 Januarie 1939 weer her=open[69] - vir 'n vierde maal! Goudmynbedrywighede het onderwys in veral die noordelike dele van Gatsrand op 'n permanente grondslag geplaas. 'n Toename in die getal kinders het daartoe gelei dat die Blyvooruitzicht=skool in Januarie 1942 heropen is, terwyl Wonderfonteinskool in 1946 na die huidige Carletonville verskuif is.[70] Afgesien van die goudmyne was Welverdiendskool se groei van 1945 af hoofsaaklik te danke aan die uitbreiding van die spoorweë.[71]

Teen 1948 was Welverdiend 'n viermanskool (hoof: S.P. Groenewald) met 136 leerlinge, Rooipoort 50 'n driemanskool (hoof: W. Watermeyer) met 80 leerlinge, Blyvooruitzicht 'n tweemanskool (hoof: F.J. de V. Hamman) met 339 leerlinge en Wonderfontein 'n sesmanskool (hoof: K.J. Kerling) met 127 leerlinge.[72]

---

67) J.C. Coetzee, *Pioniers van die skoolplaas, Klipdrift: Johan en Jo=hanna Schutte, 1923-1938,* pp.16, 71.


68) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal 1935-1939, 13.2.1939.

69) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/148: G.J.J. du Preez/Sekretaris TOD, 1.12.1938.

70) K.J. Kerling, "Laer Gedenkskool Danie Theron," p.56.

71) Anon., *Laerskool De Beer: Gedenkblad, 1880-1980, 100ste bestaans=jaar,* p.7.

72) B.J.V. Naude (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Ober=holzer, 9-11 Februarie 1952,* pp.17, 25, 39. Vergelyk ook K.J. Ker=ling, "Laergedenkskool Danie Theron", p.3.



DIE SKOOL ELANDSFONTEIN NR. 289 SE BUS IN ONGEVEER 1930

Foto: K. du Preez (Fochville)

Die Klipdriftskool wat in 1943 herdoop is na Generaal Pienaar Skool=plaas,[73] Kalabasfontein en Elandsfontein nr. 289 het steeds in 1948 bestaan. Elandsfontein nr. 289 het later met die skool op Fochville geamal=gameer.[74]

Die toename in leerlingtalle by sommige skole het nie beteken dat onder=rigfasiliteite onmiddellik verbeter het nie. Die skoolgebou op Wonder=fontein is reeds in 1925 en weer in 1943 beskou as treurig en geriewe ontoereikend. Die kinders moes drinkwater uit die nabygeleë watervoor (twee kilometer van die skool) met emmers aandra skool toe.[75]

Potchefstroom Skoolraad se gesondheidsverslag vir 1944 van Wonder=fonteinskool het die skoolkommissie se jarelange klagtes oor die toe=stand van skoolgeboue in die Gatsrand bevestig.[76] Die sinkgeboue en grondvloere was te warm in die somer en te koud in die winter. Daar is ook gekla dat die kinders gebruik moes maak van die watervoor waar=deur beeste daagliks gejaag is. Ouers het probeer help deur die grond=vloere met tapyt te bedek.[77]

'n Toename in die leerlingtal van die Wonderfonteinskool het die behoefte geskep vir meer klaskamers. In 1946 is die skool na twee tydelike geboue op die plaas Twyfelvlakte (huidige Carletonville) verskuif.[78]

---

73) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 20.10.1943, p. 4. Genl. J.J. Pienaar was in 1943 die administrateur van Transvaal.

74) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1980. Kyk ook Anon., "Laerskool Kalabasfontein", p.3.

75) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/153: Rapport van inspeksie Wonderfontein, 17.9.1943. Vergelyk ook verw. D1/83/94: W.E. Groot/Skoolraad Ventersdorp, 23.3.1930.

76) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/148: Rapport van geneeskundige skoolbesoek aan Wonderfontein, 26.1.1944. Vergelyk ook *De Westelike Stem*, 19.8.1920, p. 5.

77) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/148: Rapport van geneeskundige skoolbesoek aan Wonderfontein, 26.1.1944. Vergelyk ook K.J. Kerling, "Laer Gedenkskool Danie Theron", pp.1-2.

78) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/148: F.J. Pretorius/Skoolraad Potchefstroom, 5.11.1945.

Die koste is deels deur die mynmaatskappye gedra. In 1947 is vyf klaskamers en twee kleedkamers bygevoeg.[79)]

Leerlinge van die Blyvooruitzichtskool, wat op 20 Januarie 1942 heropen is, moes tot 1947 in die ontspanningsaal van Blyvooruitzichtmyn onderrig ontvang. Die Transvaalse Provinsiale Raad en die Skoolraad van Potchef= stroom het in 1947 toestemming verleen dat tydelike klaskamers op ses morg (5,17 hektaar) grond opgerig kan word. Die grond is geskenk deur die Blyvooruitzicht General Mining Company.[80)] Hoewel dié skool op 25 April 1947 geopen is, was daar reeds planne om 'n permanente gebou op Carletonville op te rig vanweë die skool se uitbreiding.[81)]

Van die ander skole in die Gatsrand soos Elandsfontein nr. 289 en Rooi= poort 50 het eers na amalgamasie aandag aan die uitbreiding en verbe= tering van skoolgeboue geskenk.[82)] Die Generaal Pienaar Skoolplaas het in Oktober 1943 'n koshuis van 28 000 pond geopen om in hulle behoef= tes te voorsien. Op 24 Desember 1947 is die koshuis egter deur weerlig getref en vernietig.[83)] Hoë onkostes moes aangegaan word om die gebou te herstel.[84)]

Die sentralisasieproses in die Gatsrand was ook in 'n ander opsig voor= delig, naamlik dat gereelde busdienste as gevolg van 'n toename in leer= lingtalle ingestel kon word. Die kinders wat van 1942 af die skool

---

79) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D1/83/150: Wonderfontein sluiting en verskuiwing, 26.7.1946. Vergelyk ook K.J. Kerling, "Laer Gedenkskool Danie Theron", p.4.


80) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", pp.34, 46. Vergelyk ook B.J.V. Naude (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberhol= zer, 9-11 Februarie 1952*, p.17.

81) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 27.6.1947, p.3.

82) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

83) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 20.10.1943, p.5.

84) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 27.12.1947, p.5.



LEERLINGE EN OFFISIERE VAN ELANDSFONTEIN NR. 289
TYDENS 'N KADETSAAMTREK IN POTCHEFSTROOM, 1917
Foto: Dominee A. Brink (Fochville)

op Blyvooruitzicht bygewoon het, is vir 'n tyd lank met 'n mynambulans na die skool vervoer.[85)]

## 4.4 Sosiaal-kulturele aktiwiteite

Voor ongeveer 1914 is min ten opsigte van georganiseerde sport en kul= tuuraktiwiteite op skoolvlak gedoen. Die beoefening daarvan het infor= meel geskied. Só byvoorbeeld is 'n speletjie soos aspaai (wegkruiper= tjie) gespeel terwyl klei-osse en tolle gewilde speelgoed was.[86)] Sover vasgestel kon word, was die eerste sportbyeenkoms 'n atletiekdag wat op 31 Mei 1914 deur die Rooipoortskool op Bank gehou is en waaraan verskeie skole deelgeneem het.[87)]

Die skool op Elandsfontein nr. 289 was waarskynlik die enigste in die Gatsrand wat teen 1920 rugby as sportsoort onder leiding van G.S. Mal= herbe beoefen het. Dié skool en die skool wat later op Fochville geopen is, het gereeld teen mekaar gespeel.[88)] Wonderfonteinskool het eers van 1940 af, na 'n toename in leerlingtalle, begin met rugby en korf= bal.[89)] Die skole wat in 1939 geamalgameer het, het ook begin om dié twee sportsoorte te beoefen. Tot ongeveer 1947 is daar nie formeel in hierdie sportsoorte meegeding nie.[90)]

---

85) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.33.

86) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987. Vergelyk ook verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

87) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/83/176: Rooipoort 50 skooljoernaal, 1906-1932, 3.5.1914.

88) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934.

89) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/83/155: Rapport van Wonderfonteinskool, K.J. Kerling/Potchefstroom Skool= raad, Desember 1939.

90) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

Kadetkorpse is van ongeveer 1915 af by die meeste plaasskole op die been gebring. Dit het onder andere behels dat die seuns opgelei word om te kan skiet, militêre dissipline aan te leer en drilwerk te doen.[91] Die meeste skole in die gebied het dit slegs as deel van die weeklikse skoolprogram beoefen. Gebrekkige leerlingtalle het ook die skole ver= hinder om aan die junior en senior skietkompetisies vir kadetafdelings in Wes-Transvaal deel te neem.[92]

Soos reeds vermeld, was Elandsfontein nr. 289 vir baie jare een van die skole in die Gatsrand met die hoogste leerlingtal. Gevolglik kon die skool aan die junior skiet- sowel as die Bisley-skietkompetisie deelneem. Die enigste prestasies wat die skool in dié verband in hulle skooljoernaal vermeld, is die op 31 Januarie 1922, toe die tweede plekke in die junior sowel as die senior skietkompetisie behaal is, en leer= linge P. Davidtz en S. Schutte wat later dié jaar onderskeidelik tweede en derde plek behaal het in die Bisley-skietkompetisie.[93]

Ander aktiwiteite wat beoefen is namate die skole se getalle dit gereg= verdig het, was skoolkonserte en uitstappies na Potchefstroom, Krugers= dorp en Johannesburg. Al die kinders van 'n skool is gewoonlik by kon= serte betrek. Die ouers was gewoonlik die enigste gehoor en toegangs= geld is gevra om so die skool se fondse te verstewig.[94] Na 1936 het die Elandsfonteinskool 'n Junior-Rooikruis en 'n spaarklub gestig.[95]

---

91) Carletonville (PU vir CHO) verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook J.C. Coetzee, *Pioniers van die skoolplaas Klipdrift ...*, pp. 78-79.

92) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/78/801: Welverdiend skooljoernaal, 1907-1924. Vergelyk ook K.J. Kerling, "Laer Gedenkskool Danie Theron", p.4.

93) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein nr. 289 skooljoernaal, 1906-1934, 31.1.1922 en 4.9.1922.

94) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

95) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), verw. D3/75/139: Elandsfontein skooljoernaal, 1935-1939, 9.4.1937. Dit is nie bekend in watter mate ander skole dié voorbeeld gevolg het nie.

## 4.5 Onderwys aan Swartmense[96]

Gedurende die veertigerjare van die negentiende eeu het sendelinge van die Londense Sendinggenootskap met hul werksaamhede in die latere ZAR begin. Die Hermannsburgse Sendinggenootskap het in 1857 met bear= beiding onder die Tswana in Wes-Transvaal begin. Die Berlynse Sending, Anglikaanse-en Rooms Katolieke-Kerk het ook tot die sendingveld toegetree.[97]

Die sendinggenootskappe was tot 1948 vir die grootste deel van die Swartmense se onderwysopleiding verantwoordelik.[98] Soos reeds in hoofstuk drie vermeld, was daar sendingaktiwiteite op die buiteposte Losberg en Gatsrand (laasgenoemde buitepos se presiese ligging is onbe= kend). Daar is wel 'n skool op Losberg opgerig. Onderrigfasiliteite was egter nog meer ontoereikend as die onderwysopleiding van die Blanke.[99]

Hoewel die Britse administrasie na 1902 aandag begin skenk het aan Swart onderwys, was daar teen 1919 nog geen staatskool in die distrik Potchefstroom nie.[100]

---

96) Hierdie afdeling bevat slegs 'n kort oorsig van die onderwys van Swartmense aangesien daar meer op die onderwysontwikkeling van die Blanke gekonsentreer is.

97) B.F. Nel, *Naturelle opvoedingen onderwys*, pp. 82, 84. Vergelyk ook J.C. Coetzee, "Die geskiedenis van die Onderwys in Potchef= stroom ..." in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, p.262.

98) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Verslag vir die jaar geëindig Desember 1917, p.86. Vergelyk ook Verslag vir die jaar geëindig Desember 1947, p.215.

99) D.W. van der Merwe, "Die geskiedenis van die Berlynse Sending= genootskap, 1860-1900", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse ge= skiedenis*, 46(1), 1984, p.96.

100) J.C. Coetzee. "Die geskiedenis van die Onderwys in Potchef= stroom..." in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, pp.222, 262.

In 1920 was daar 22 sendingskole vir Swartes in die distrik Potchefstroom, maar volgens die name was geeneen van hulle in die Gatsrand nie.[101)] Vanaf 1937 sou goudmynbedrywighede in die Gatsrand spoedig dié situasie verander. In 1948 het die Anglikaanse Kerk toestemming van die Uitvoerende Raad verkry om 'n skool vir Swartkinders op Blyvooruitzicht op te rig.[102)] Eers na die vestiging van 'n lokasie in die vyftigerjare is van owerheidsweë se kant aandag aan Swart onderwys in die gebied geskenk.[103)]

---

101) Transvaalse Onderwysdepartement (Onderwysmuseum), Report for the year ended December, 1920, pp.186-187.

102) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 2535 nr. 2676: Johannesburg Diocesan Trustees, 9.6.1948.

103) Carletonville (Munisipaliteit), verw. L1/29/20: Explanatory report on the layout of the proposed Native Location at Stinkhoutboom, 9.2.1956.

# HOOFSTUK VYF

# ONTWIKKELING OP POLITIEKE GEBIED

## 5.1 Die tydperk, 1838-1902

Die Gatsranders se deelname aan die staatkundige ontwikkeling van die Oorvaalse gebied voor 1902 is só nou verweef met die van Potchef=stroom en die res van die ZAR, dat dit nie altyd moontlik is om dié mense se deelname uit te sonder nie. Ontwikkeling kan teruggevoer word tot so ver as November 1838 toe die Trekkergemeenskap van Potgieter deur 'n Krygsraad regeer is. In oorleg met die Natalse Volksraad is 'n Adjunkraad in 1840 daargestel bestaande uit Volksraadlede wat in die distrikte Mooi- en Sandrivier gewoon het.[1)] F.G. Wolmarans wat hom in 1846 op die plaas Boschoek in die Gatsrand gevestig het, was in 1842 voorsitter van dié Raad.[2)]

Die anneksasie van Natal deur Brittanje in Julie 1842 het daartoe gelei dat die Adjunkraad die Republiek Natalia se onderhorigheid aan Brittanje verwerp het. 'n Volksraad is in 1844 tot stand gebring en Drie-en-dertig artikels is opgestel waarvolgens die Oorvaalse gebied regeer sou word.[3)]

In 1851 het die Volksraad 'n driemankommissie aangestel wat met Engelse amptenare oor die erkenning van die onafhanklikheid van die Trekkers noord van die Vaalrivier moes onderhandel. F.G. Wolmarans was lid

---

1) F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskie=denis* 4(2), 1941, p.37.

2) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat ...*, pp.7, 20.

3) F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek ...," *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 4(2), 1941, p.38.

van die kommissie.[4] Die onderhandelinge het op 17 Januarie 1852 uitge= loop op die ondertekening van die Sandrivier-konvensie waardeur Trekker= onafhanklikheid erken is. Uit Trekkergeledere was F.G. Wolmarans en P.J.W. Schutte van Gatsrand mede-ondertekenaars van die konvensie.[5]

Namate die gemeenskap uitgebrei het, was die Drie-en-dertig artikels van die Oorvaalse gebied nie meer toereikend nie. Die regering het gevolglik in 1855 besluit om 'n behoorlike grondwet op te stel. In Desember 1858 is 'n konsepgrondwet aanvaar waarvolgens die nuwe staat die naam Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) sou dra.[6] In daardie stadium was P.J.W. Schutte, veldkornet G. Engelbrecht en F.G. en F.G.A. Wolma= rans van Gatsrand reeds as volksraadlede verkies.[7] Alle Blanke manlike burgers bo die ouderdom van 21 jaar het in 'n vrye verkiesing volksraad= lede vir 'n termyn van twee jaar gekies.[8] In 1860 is kommandant T.P. Pretorius van Gatsrand as lid van die Volksraad ingesweer.[9]

As regeringshoof van die ZAR het M.W. Pretorius en die Volksraad nie al die burgers se volle samewerking gekry nie. Hulle ondervinding met die outokratiese optrede van die goeweneurs van die Kaapkolonie het gelei tot 'n oordrewe demokratiese ingesteldheid deur sommige.[10] Nadat M.W. Pretorius in Februarie 1860 ook die presidentskap van die Vrystaat aanvaar het, is J.H. Grobler as waarnemende president aange= stel. As gevolg van hierdie gebeure het kommandant-generaal S. Schoeman

---

4) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat ...*, p.55.

5) G.D. Scholtz, *Die ondertekening van die Sandrivier-konvensie her= denk, 1852-1952*, p.34.

6) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, pp. 61, 68.

7) *Staats Courant der ZAR*, nr. 1, 25.9.1857, p.3.

8) J.S. du Plessis, "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1902". *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18(1), 1955, p. 123.

9) *Staats Courant der ZAR*, nr. 20, 10.8.1860, p.1.

10) J.S. du Plessis, "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18(1), 1955, p. 130.

en sy ondersteuners op 'n vergadering te Potchefstroom in Oktober 1860 besluit dat hulle nie meer vertroue in die Volksraad het nie, dat Pre=torius die president van die ZAR moes bly en Schoeman die waarnemende president moet wees.[11)]

'n Tyd van verwarring het gevolg nadat Pretorius vir 'n langer tyd=perk as wat hy verlof gevra het, in die Vrystaat gebly het. In Janua=rie 1861 het Schoeman vergaderings gehou om die mense se gevoelens te toets oor Pretorius se besluit om langer in die Vrystaat te bly;
Op 'n volksvergadering te Potchefstroom is besluit om een jaar verlof aan Pretorius toe te ken, dat Schoeman intussen die betrekking moet vul en dat die Volksraad moet plek maak vir 'n nuwe. Hierdie besluite was egter onkonstitusioneel.[12)]

Daarenteen het kommandant Paul Kruger en sy ondersteuners in September 'n byeenkoms gehou waarop die land regeringloos verklaar is. Kruger het besluit om kennisgewings aan die veldkornette te stuur waarin die inwoners van 'n wyk versoek word om dit te onderteken as hulle verkies het dat die ou Volksraad bymekaar moes kom.[13)] Veldkornet G. Engelbrecht van die Gatsrand het die inwoners op verskeie geleenthede laat byeenkom om dié saak te bespreek. Op 13 Januarie 1862 is 'n verklaring aan land=dros J.C. Steyn van Potchefstroom uitgereik waarin die inwoners 'n mosie van wantroue in die Volksraad gestel het vanweë besluite wat teenstry=dig was met die grondwet van die ZAR.[14)] Alhoewel die besluite nie in

---

11) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.70.

12) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.71.

13) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.72.

14) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 2: G. Engelbrecht/Landdros, 13.1.1862.

die verklaring genoem is nie, kan aanvaar word dat van die inwoners nie gelukkig was met Grobler se aanstelling as waarnemende president nie. Schoeman as senior lid van die Volksraad moes volgens die grond=wet die pos gevul het.[15] Dit verklaar dus ook dan die distrik Potchef=stroom (Gatsrand ingesluit) se steun aan Schoeman.[16]

Ten tyde van die veldkornette se vergaderings oor die Volksraadkwessie in die onderskeie wyke van elke distrik, het 'n kommissie van ses persone uit die kommando's van Potchefstroom, Marthinus Wesselstroom en Rusten=burg die ontmoeting tussen Kruger en Schoeman in November 1861 in Pre=toria bygewoon. Schoeman het voor die ontmoeting die onderskeie di=strikte se veldkornette versoek om toe te sien dat die burgers gewapend in Pretoria opdaag.[17] Uit die wyk Gatsrand het 74 burgers aan die oproep gehoorgegee terwyl 29 nie aan die versoek voldoen het nie.[18]

Om die gespanne situasie in Pretoria op 'n vreedsame wyse op te los, is besluit om 'n nuwe Volksraad te kies en Schoeman te behou as waarne=mende president tot die nuwe Volksraad in April 1862 vergader. Die nuutgekose Volksraad het Schoeman op 17 April ontslaan vanweë pligsver=suim en sy poging om 'n rebellie te begin. W.C. Jansen van Rensburg is as waarnemende president verkies.[19] Die veldkornette van die ver=skillende wyke het gedurende die verkiesing as stemopnemers opgetree.[20]

---

15) J.S. du Plessis, "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1902", *Ar=giefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18(4), 1955, p.125.

16) D.W. Krüger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* p.263.

17) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom 1838-1938,* p.72.

18) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 2: G. Engelbrecht/Landdros, 9.12.1861.

19) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis an Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.72.

20) J.S. du Plessis, "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1859-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18(4), 1955, p.125.

Schoeman het groot steun in die distrik Potchefstroom geniet, veral in die dorp. Van Rensburg is nie deur hulle as die nuwe waarnemende president erken nie. Hulle het hom selfs belet om die dorp te besoek. Schoeman se weiering om as waarnemende president af te tree, het die spanning teen Oktober 1862 tot 'n hoogtepunt gevoer.[21)] Die wrywing tussen die volksleër (ontevredenes) en die staatsleër is eers in Janua=rie 1864 beëindig toe M.W. Pretorius ingegryp het. F.G. Wolmarans was een van die bemiddelaars tydens die onderhandelinge.[22)]

M.W. Pretorius is in Mei 1864 as president van die ZAR herkies en die volgende inwoners van Gatsrand is tot Volksraadlede verkies: F.G.A. Wolmarans, J.J. Hoffman en T.F.J. Steyn.[23)] In 1865 het die Krygsraad van die ZAR teen persone opgetree wat hulle tydens die burgeroorlog aan die rebellie skuldig gemaak het.[24)] Ten spyte daarvan dat veldkor=net G. Engelbrecht volgens hom nie die burgers van sy wyk aangesê het om in April 1862 gewapend na Pretoria te gaan nie,[25)] is hy skuldig be=vind en met 333 pond beboet. Die bedrag kon hy nie onmiddellik betaal nie en sy plaas Hartbeesfontein in die wyk Vaalrivier het as sekuriteit gedien totdat hy betaal het.[26)]

Pretorius is in 1872 deur T.F. Burgers opgevolg. Burgers se gewildheid het mettertyd afgeneem vanweë aangeleenthede soos sy Onderwyswet van 1874 en probleme wat hy ondervind het om die oorlog teen Sekhukhune te hanteer. Volksraadlid Hoffman, kommandant T.P. Pretorius en 114

---

21) W.J. Badenhorst, "Die geskiedenis van Potchefstroom" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, pp.73-74.

22) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat ...*, p. 145.

23) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 3: J.J. Hoffman/Landdros, Mei 1864. Vergelyk ook *Staats Courant der ZAR* nr. 165, 4.9.1866, p.3.

24) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 3: H.T.F. Muller (Balju)/ Landdros, 24.11.1865.

25) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 3: G. Engelbrecht/Landdros, 15.12.1865.

26) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 3: H.T.F. Muller (Balju)/ Landdros, 24.11.1865.

burgers uit die Gatsrand het nietemin in 1876 hulle vertroue in Burgers herbevestig en hom versoek om vir die volgende verkiesing te staan.[27)]

Britse anneksasie van die ZAR op 12 April 1877 het president Burgers se termyn egter beëindig en gebeure op politieke gebied vanaf die annek= sasiedatum tot 3 Augustus 1881 het net om een doelstelling gewentel, naamlik om hulle verlore onafhanklikheid te herwin.[28)] Terwyl die meeste burgers aanvanklik nie die gevolge van die anneksasie van die ZAR deur sir Theophilus Shepstone besef het nie,[29)] was daar enkele persone wat hulle daadwerklik verset het, en wel reeds voor anneksasie toe dit bekend geword het dat sir Theophilus Shepstone Pretoria besoek het. F.G.A. Wolmarans van Welverdiend in die Gatsrand (bekend as Frikkie Stompoor)[30)] het al op 6 Februarie 1877 met ongeveer 300 man te perd na die regeringskantore in Pretoria gegaan om Shepstone en die Engelse daar te verdryf.[31)] Daar is toe reeds gevrees dat Shepstone moontlik die ZAR sou annekseer. President Burgers het hulle egter die verseke= ring gegee dat Shepstone 'n goedgesinde kommissaris was wat gekom het om op 'n vriendskaplike wyse te onderhandel, waarop hulle huiswaarts gekeer het.[32)]

Na die anneksasie het 'n deputasie op 9 Mei 1877 na Europa vertrek om met Brittanje te onderhandel oor die herstel van die ZAR se onafhank= likheid. Hulle kon egter nie daarin slaag nie. Die deputasie se ver= slag is op 28 Januarie 1878 op Naauwpoort (wyk Boven-Mooirivier) voorge= lees en die volksvergadering het soos die burgers in Pretoria besluit

---

27) P.A.C. Wieringa, *De oudste Boeren republieken in Zuid-Afrika: Graaff-Reinet en Zwellendam van 1775 tot 1806*, pp.111-112.

28) F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale be= wussyn, 1868-1881*, p. 121.

29) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880*, p.16.

30) Wolmarans het op die plaas Welverdiend in wyk Boven-Mooirivier gewoon maar ook die plaas *Stompoor*fontein in die Gatsrandwyk besit - vandaar sy bynaam.

31) *De Volkstem*, 11.3.1879, p.3.

32) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881*, p.7.

om 'n kommissie van 15 lede te benoem. Hierdie kommissie het saam met die kommissie van Pretoria oor die deputasie se verslag besluit.[33] Persone woonagtig in die Gatsrand wat in die Potchefstroomse kommissie gedien het, was H. Wolvaardt en F.G.A. Wolmarans.[34]

Die eerste taak van die kommissie (later bekend as Volkskomitee) was om in April 1878 'n volkstemming te hou en die publiek 'n versoekskrif te laat onderteken om te bewys dat die meerderheid teen anneksasie was. 'n Vergadering om onder meer dié saak te bespreek, is op 12 Maart 1878 op die plaas Doornfontein in die Gatsrand gehou.[35] Vergaderings is deur 'n proklamasie van Shepstone verbied maar selfs landdros Goetz van Potchefstroom se vermaning aan die eienaar van die plaas Doornfon= tein, W. Kock, kon dié volksvergadering nie keer nie.[36]

Op Doornfontein is besluit om 'n tweede deputasie na Londen te stuur met 'n versoekskrif onderteken deur 6 591 stemgeregtigde burgers, om so die Republiek se onafhanklikheid op 'n vreedsame wyse terug te kry. Die deputasie (dr. E. Bok, S.J.P. Kruger en P. Joubert) het egter op 24 Oktober met onverrigter sake na die ZAR teruggekeer.[37]

Daar is besluit dat die deputasie op 10 en 11 Januarie 1879 op die plaas Wonderfontein verslag sou doen. Ongeveer 1 500 burgers van oral

---

33) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881*, p.7.

34) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880*, p. 38.

35) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881*, p. 21.

36) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880*, p. 38.

37) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881*, pp.32-34.

38) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880*, p.95.

oor het die modderige paaie na twee dae se swaar reëns na Wonderfontein aangedurf.[38] Die ontvangs van Kruger, Joubert en Bok was blykbaar skouspelagtig. 'n Aantal ruiters, gevolg deur 34 rytuie en 544 ruiters, het dié deputasie na die plek van samekoms begelei. Daarna is die volksvergadering toegespreek.[39] Op 11 Januarie het die deputasie op die regeringsuitspanning op Rietvlei[40] (plaas van J. Prinsloo) aan die Volks=komitee verslag gedoen.[41] Saam het hulle besluit om 'n deputasie na die Britse hoë kommissaris sir Bartle Frere in Natal te stuur om die onaf=hanklikheidstrewe met hom te bespreek.[42] Dit het egter ook misluk.[43]

Vanaf Maart 1897 is vergaderings deur die Volkskomitee gehou om die herstel van die ZAR te bespreek. 'n Seweman-kommissie het op 7 Junie op Stompoorfontein vergader met F.G.A. Wolmarans as die sekretaris. Gerugte dat die voorsitter van die Volkskomitee, M.W. Pretorius, inge=sweer is as Britse burger, is deur die kommissie behandel. S.J.P. Kruger se verslag oor die aangeleentheid het die lede gerus gestel en die vergadering is verdaag.[44]

Die koms van sir Garnet Wolseley as nuwe goewerneur en hoë kommissaris van die ZAR in September 1879 en sy poging om die verset van die burgers te onderdruk, het gemoedere weer laat opvlam. Dit het aanleiding gegee tot die beplanning van 'n tweede volksvergadering op Wonderfontein.[45]

---

39) *De Volkstem* 18.1.1879, bylae: Verslag van de Vergadering op Won=derfontein. Daar is blykbaar besluit dat die volksvergadering op Wonderfontein bymekaar moes kom aangesien dit "een gezonde paarden=plaats" was en perdesiekte op daardie stadium oral 'n probleem was. Kyk H.C. Bredell en P. Grobler (reds.), *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p.71.

40) Die plaas Rietvlei (Rietvley), is in 1859 aan J.G. Schoonbee toege=ken op voorwaarde dat hy 'n publieke uitspanning toelaat. In 1871 is dit as deel van die poskoetsroete in gebruik geneem. Die plaas Wonderfontein grens aan die oostelike sy van Rietvlei. Kyk Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 3: Uitvoerende Raad/J.G. Schoon=bee, 23.9.1859. Vergelyk ook *Staats Courant der ZAR* nr. 366, 21.2.1871, p.203.

41) P. Joubert (TAB), verw. 25 nr. A14: Verslag van die tweede deputa=sie op Wonderfontein, 10-11.1.1879.

42) P.J. Joubert (TAB), verw. 25 nr. A14: Verslag van die tweede depu=tasie op Wonderfontein, 10-11.1.1879.

43) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881*, p.37.

44) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881*, p.62.

45) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880*, p.127.

In die tagtigerjare is goud in die Witwatersrand ontdek. Baie immigran= te het hulle in die Republiek kom vestig en gelyke seggenskap in die regering probeer verkry. Dit was onder die burgers bekend dat Joubert 'n liberaler siening teenoor die immigrante openbaar het en ook verskil het van Kruger ten opsigte van die konsessiebeleid en die aanstelling van Hollanders as hoofamptenare van die land se administrasie.[51)] Die immigrante het Joubert gevolglik in die 1893-verkiesing gesteun. Die burgers van die ZAR, insluitend die Gatsranders, het Kruger egter in die verkiesing as president herkies en vir Joubert as kommandant-gene= raal verkies.[52)]

Die instelling van 'n Tweede Volksraad vir die Uitlanders (reeds in 1890) het daartoe gelei dat die ou Volksraad van toe af bekend gestaan het as die Eerste Volksraad. F.R.P. Schutte van Buffelsdoorn is in 1898 as lid van die Eerste Volksraad ingesweer. Sy dienstydperk was egter van korte duur vanweë Britse oorname van die ZAR gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902).[53)]

## 5.2 Tydperk 1902-1948

Generaals L. Botha, J.H. De la Rey, C.F. Beyers, J.C. Smuts en oud-senator A.D.W. Wolmarans, het na die Vrede van Vereeniging in 1902 die leiding geneem in die politieke heropbou van die Afrikaner in Trans= vaal. In 1905 is die eerste na-oorlogse Afrikanerparty genaam "Het Volk" gestig.[54)] In 1906 het die Gatsrand 'n "Het Volk"-tak gekry met G.P. Brits (latere volksraadlid) as een van die stigterslede.[55)]

---


51) J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.254, 259.

52) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 20: J.T. Martins/Landdros, Mei 1893.

53) Staatsekretaris (TAB), verw. R4257: F.R.P. Schutte/Staatsekretaris, 24.1.1900. Vergelyk ook Carletonville versameling (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986.

54) F.V. van Engelenburg, *Generaal Louis Botha*, p.312.

55) *Dagbreek en Sondagnuus*, 19.7.1937, p.3.



KOMMANDANT T.F.J. DREYER

Foto: T.F. Dreyer Jr. (Parys)

In 1906 het Brittanje verantwoordelike regering aan Transvaal toegeken. Die voormalige Republiek is in kiesafdelings ingedeel en Gatsrand het onder Losberg geval. 'n Algemene verkiesing is vir Februarie 1907 uitge= skryf.[56] Met die oog op die 1907-verkiesing het kommandant Theunie Dreyer 20 rekwisisies met ongeveer 600 handtekeninge van die inwoners van die Gatsrand- en Vaalrivierwyk ontvang waarin hy gevra is om hom verkiesbaar te stel.[57] Dreyer se gewildheid, blykbaar weens sy aandeel (as kommandant) in die Tweede Vryheidsoorlog, het daartoe gelei dat hy onbestrede as "Het Volk"-kandidaat vir die kiesafdeling Losberg verkies is.[58]

Tydens die eerste Uniale verkiesing in 1910 het die "Het Volk" Party (Transvaal) en Suid-Afrikaanse party (Kaap) sowel as die Oranje-Unie (Vrystaat) 'n bondgenootskap gevorm - bekend as die Verbonde Party. Dreyer is weer eens onbestrede verkies. Sy partyleier, Louis Botha, was egter nie so gelukkig nie en moes sy setel in Pretoria-Wes aan die Unionis, sir Percy Fitzpatrick, afstaan.[59] Dreyer het met die toe= stemming van die kiesers die Losberg-setel op 4 Oktober die jaar aan Botha afgestaan.[60] Dit is dus duidelik dat Losberg in daardie stadium 'n baie veilige vesting vir Botha se party (vanaf November 1911 bekend as die Suid-Afrikaanse Party of kortweg SAP)[61] was.

---

56) A. Mawby, *The political behaviour of the British population of the Transvaal, 1902-1907,* p.60.

57) Carletonville (PU vir CHO), verw. 4: Rekwisisies uit Gatsrand- en Vaalrivierwyk/T.F.J. Dreyer, Januarie 1907. Wyke Vaalrivier en Gatsrand was een kiesafdeling. Dit sluit nie die plase Oberhol= zer en Welverdiend in wat aanvanklik in die Ventersdorp-kiesafde= ling geval het nie.

58) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987. Kommandant Dreyer se aandeel in die Tweede Vryheidsoorlog word in hoofstuk 6 bespreek.

59) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976,* p. 27.

60) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987. Vergelyk ook *Parlementêre register, 1910-1961,* p. 84.

61) B.J. Liebenberg, "Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van West= minster, 1910-1931" in C.F.J. Muller (red), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* pp.347-349.



GENERAAL LOUIS BOTHA
Foto: Potchefstroom Museum



VOLKSVERGADERING OP BANKSTASIE, 1914
Foto: Brandwag, 1914

Generaal Hertzog was ontevrede met Botha se konsiliasiebeleid en stig die Nasionale Party (NP) in Januarie 1914. Heelwat mense in die Losberg-kiesafdeling het hom hierin ondersteun.[62)] Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 en die Unie se besluit om Brittanje te steun, het wye reaksie in Suid-Afrika uitgelok. Sommige was ontevrede met Botha se besluit om Suidwes-Afrika vir Brittanje te verower. Hierdie ontevredenheid het aanleiding gegee tot generaal Botha se besluit om 'n toespraak oor die aangeleentheid in sy kiesafdeling te hou. Op 28 September 1914 het hy ongeveer 5 000 belangstellendes op Bankstasie toegespreek. Onder die belangstellendes was burgers van verskeie di= strikte se skietverenigings en enkele politici.[63)]

Botha het in sy toespraak die mense daarop gewys dat die Unie as deel van die Britse Ryk nie neutraal in die stryd kon staan nie. Hy het vervolgens gevra wie die voorstel steun, naamlik dat die Unie van die hawens in Suidwes-Afrika teen die Duitsers moet beskerm. Die mense was verdeeld en die geleentheid het ontaard in 'n bakleiery tussen die Botha- en Hertzog-ondersteuners.[64)] G.P. Brits, 'n vurige Hertzog-onder= steuner van Gatsrand, was ook in die bakleiery betrokke.[65)] Die Hert= zogiete in die kiesafdeling Losberg het na die voorval op Bank onder leiding van Brits en J.B. Wolmarans 'n NP-tak gestig.[66)] Die presiese stigtingsdatum is egter onbekend.

---

62) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

63) Goewerneur-Generaal (SAB), verw. 599, nr. 9/59/20: Prime Ministers address to his constituents in Losberg division at Bank station, 28.9.1914. Vergelyk ook *Rand Daily Mail*, 29.9.1914, p.1.

64) *Rand Daily Mail*, 29.9.1914, p.1. Vergelyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 18.8.1914, p.2.

65) *Die Vaderland*, 10.7.1959, p.9.

66) *Dagbreek en Sondagnuus*, 19.7.1937, p.3. Vergelyk ook Carletonvil= le (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

Met die oog op die verkiesing van Oktober 1915 het 'n nominasiehof vir die kiesafdeling Losberg op Welverdiend gesit. Kommandant Dreyer het Botha (SAP) voorgestel en P.J. Schutte vir advokaat A.S. van Hees (NP).[67] In hierdie stadium was die partytakke reeds goed voorberei vir die verkiesing. Die jong NP-tak het minder tyd vir voorbereiding gehad as die SAP-takke op Welverdiend (met M.J. Wolmarans as voorsitter) en Losberg (ook bekend as die Rondavel-tak met H.M. du Preez as voor=sitter).[68]

Die verkiesing van 1915 was die eerste in die geskiedenis van Gatsrand waar 'n opposisieparty ook deelgeneem het. Beide partye se kandidate het voor die verkiesing vergaderings toegespreek. Van Hees se verga=dering op Bankstasie is egter deur SAP-ondersteuners ontwrig. Hulle het ook 'n mosie van wantroue in hom gestel.[69]

Vanweë die kiesafdeling se uitgestrektheid is voorsiening gemaak vir agt stemlokale, naamlik Kaalplaats, Welverdiend, Rooipoort, Elandsfon=tein nr. 289 en die polisieposte op Kraalkop en Frederikstad (laasge=noemde is geleë net buite die Gatsrandwyk se westelike grens), asook twee plase in die Vaalrivierwyk.[70] Botha se oorwinning van 1451 stemme teenoor 780 oor van Hees[71] het getoon dat die meerderheid plaaslike kie=sers steeds vertroue in hom gehad het.

Na Botha se onverwagse dood op 27 Augustus 1919 is kommandant Dreyer, wat tot op daardie tydstip in die skadu van Botha gewerk het, gevra om hom as SAP-kandidaat verkiesbaar te stel vir die algemene verkiesing van Maart 1920.[72] Generaal Smuts, die nuwe eerste minister, het nie Botha

---

67) *De Westelike Stem,* 30.8.1915, p.3.


68) *De Westelike Stem,* 2.9.1915, p.5.

69) *De Westelike Stem,* 7.10.1915, p.5.

70) *De Westelike Stem,* 26.8.1915, p.4.

71) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976,* p.58.

72) *De Westelike Stem,* 1.1.1920, p.5.



G.P. BRITS

Foto: W.J.A. Wessels (Fochville)

se persoonlike aansien gehad nie. Hy moes egter leiding gee aan 'n party waarvan die steun afgeneem het as gevolg van die Unie se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog.[73] Die SAP het tog die Losberg-kiesafdeling met 'n meerderheid van 424 stemme gewen. Dreyer het 1 292 stemme op hom verenig teenoor J.J. Pienaar (NP) se 868.[74] Alhoewel die NP se steun in Losberg in hierdie verkiesing toegeneem het, blyk dit dat Losberg in daardie stadium nog 'n veilige setel vir die SAP was.

Smuts het reeds na sy terugkeer uit Europa vereniging van die twee partye voorgestel, maar dit het nie 'n werklikheid geword nie. Daar was burgers - onder andere P.J. Schutte in die Losberg-kiesafdeling - wat ook na eenheid gestrewe het. Deur middel van 'n koerant in Potchef= stroom het Schutte 'n beroep op die SAP en NP gedoen om toenadering te soek.[75]

Tog het die meeste NP-ondersteuners nie op Smuts se versoek ag geslaan nie, veral nie nadat Smuts besluit het om die Unioniste te nader om by die SAP aan te sluit nie. Om die nuutgevonde eenheid te toets, het Smuts besluit om 'n verkiesing in Februarie 1921 te hou. Die SAP het die setel op Losberg behou maar steun vir dié party het verder gedaal. Dreyer het met slegs 315 stemme (1 239 teenoor 924) teen J.B. Wolmarans van die NP gewen.[76]

Die tydperk na die 1921-verkiesing het groot verwarring by die kiesers van Losberg geskep. Generaal Smuts se onvermoë om die na-oorlogse ekonomiese probleme op te los en sy hantering van die 1922-Staking aan die Rand het SAP-ondersteuners na die NP laat oorloop. Daarenteen

---

73) B.J. Liebenberg, "Die Unie van Suid-Afrika ..." in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 358.

74) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.87.

75) *De Westelike Stem*, 25.3.1920, p.5. Kyk ook B.J. Liebenberg, "Die Unie van Suid-Afrika ..."in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Af= rikaanse geskiedenis*, p.358.

76) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.116.



J.B. WOLMARANS
Foto: J.M.F. Terburg (Florida)

het generaal Hertzog (NP) se verkiesingsooreenkoms (Pakt) met kolonel F.H.P. Creswell (Arbeidsparty) in 1923 (met die oog op samewerking in die 1924-verkiesing) van die NP-ondersteuners in die kiesafdeling Losberg afgeskrik.[77)]

J.B. Wolmarans (NP-kandidaat vir Losberg) het Hertzog se verkiesings=ooreenkoms bestempel as betreurenswaardig. Hy het tydens verkiesings=vergaderings in die omgewing sy misnoë duidelik laat blyk deur te sê dat die beginsels van die NP verkwansel is en die verkiesingsooreenkoms sou lei tot 'n rooivlagregering en sosialistiese wetgewing. Sy daarop=volgende bedanking as lid van die NP het groot opspraak verwek en elf NP-ondersteuners het onmiddellik sy voorbeeld gevolg.[78)]

G.P. Brits, medestigter van die NP-tak Losberg, het egter by die NP gebly en is as kandidaat vir die 1924-verkiesing genomineer. Brits was bewus daarvan dat baie kiesers ontevrede was met die NP se optrede. Hy het Hertzog gevra dat die NP-leier in Transvaal, Tielman Roos, 'n verkiesingstoespraak op Losberg moes hou. Hertzog het Brits blykbaar meegedeel dat Roos nie tyd het om in 'n verlore kiesafdeling te praat nie.[79)] Die 1924-verkiesing het Hertzog egter verkeerd bewys deurdat Brits naelskraap met 56 stemme (1 206 teenoor 1 150) die oorwinning oor T.F.J. Dreyer (SAP) behaal het.[80)] Vir Brits was dit 'n persoonlike triomf na 'n moeilike verkiesingsveldtog en baie teenkanting.[81)]

Hertzog was verras met die NP se oorwinning in Losberg. Hy het moontlik nog sy negatiewe skrywe aan Brits voor die verkiesing onthou toe hy met die oog op die 1929-verkiesing die kiesafdeling Losberg op 15 Mei

---

77) *De Westelike Stem,* 9.4.1924, p.2.

78) *De Westelike Stem,* 10.6.1924, p.8. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.

79) *Die Vaderland,* 10.9.1959, p.9.

80) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976,* p.136.

81) *Dagbreek en Sondagnuus,* 19.7.1937, p.3.

1929 besoek het. Hertzog het 'n vergadering van nagenoeg 3 000 mense op Fochville toegespreek. Van die kiesafdeling se SAP-ondersteuners het ook opgedaag en die NP-voorsitter, L. Blignaut, gevra of hulle ook 'n voorsitter kon aanwys om namens hulle die leiding op die vergade= ring te neem. Dit is egter geweier en die vergadering het in 'n vuis= slanery ontaard. Hertzog het nadat die orde herstel is en van die SAP-ondersteuners vertrek het, die vergadering toegespreek.[82)]

J.B. Wolmarans het hom egter nie met die NP versoen nie en die nominasie as SAP-kandidaat vir die 1929 verkiesing aanvaar. Die twee eertydse politieke bondgenote, Brits en Wolmarans, het mekaar die stryd aangesê. Brits het naelskraap met 38 stemme (1 156 teenoor 1 118) gewen.[83)]

Mense soos J.B. Wolmarans, P.J. Vermaas, A.C. Oosthuizen, P.J. Schutte en F.R.P. Schutte het egter steeds vereniging tussen die NP en SAP nagestreef. In toesprake in die omgewing en in briewe aan 'n plaaslike koerant is dié gedagte bepleit.[84)]

Die depressie in die vroeë dertigerjare en flaters van generaal Hertzog soos onder meer die weiering om van die goudstandaard af te stap, het 'n invloed op die politiek gehad en die verenigingsproses tussen die NP en SAP is verhaas. 'n Koalisie is op 15 Februarie 1933 gesluit en die Verenigde Party (VP) het tot stand gekom. Brits is in die Losberg-kiesafdeling onbestrede verkies.[85)]

Die NP-leier van Kaapland, dr. D.F. Malan, was nie ten gunste van dié vereniging nie en hy en sy volgelinge het hulle beywer om die NP suiwer te hou. Tydens die 1938-verkiesing is drie kandidate (VP, NP en 'n Onafhanklike) vir die Losberg-kiesafdeling benoem. Heelwat Engelsspre=

---

82) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 17.5.1929, p.5.

83) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.165.

84) *De Westelike Stem*, 17.5.1929, p.2. en 1.7.1930, p.3.

85) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.185.

kendes wat hulle na die opening van die Blyvooruitzichtmyn (1937) in die omgewing gevestig het, het die VP gesteun soos blyk uit die uitslag van die verkiesing. G.P. Brits (VP) het met 'n meerderheid van 1 351 stemme (2 787 teenoor 1 436) 'n wegholoorwinning oor J.I.F. Brits (NP) behaal, terwyl J.J. le Grange (Onafhanklik) slegs 314 stemme op hom verenig het en dus nie 'n faktor was nie.[86)]

Die Ossewa-Brandwag (OB) wat in 1939 as 'n uitvloeisel van die eeufees= viering van die Groot Trek in 1938 as kultuurorganisasie gestig is, het op die politieke toneel verskyn met baie Nasionaliste as onder= steuners. Ook in die Losberg-kiesafdeling het mense by die OB aange= sluit. Weens Smuts se verbod op die organisasie en Malan se distan= siëring daarvan (in 1941) het van die OB-ondersteuners besluit om onder= gronds met hulle bedrywighede voort te gaan deur by die Stormjaers ('n afdeling van die OB wat op die militêre lees geskoei was) aan te sluit.[87)] Die hoof van Wonderfonteinskool, K.J. Kerling, het 'n lei= dende rol in dié beweging se bedrywighede gespeel. Buiten enkele voorvalle van sabotasie in die Gatsrand (soos die knip van telefoon= drade en steel van petrol) was ondersteuners van die OB bedrywiger op ander plekke soos byvoorbeeld Vryburg. Om aktief mee te doen aan die organisasie moes Kerling en 'n paar ander van Gatsrand elke Saterdag na Vryburg gaan aangesien die OB nie 'n tak in nabye omgewing gehad het nie.[88)]

Die Unie se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het ook verdeeldheid in die kiesafdeling Losberg tot gevolg gehad. 'n Eertydse minister van Verdediging, O. Pirow, het die kiesafdeling op 3 November 1939 besoek om die Unie se toetrede tot die oorlog op Fochville te

---

86) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.43. Kyk ook B.M. Schoe= man, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.226.

87) Ossewa-Brandwagargief (PU vir CHO), verw. 94: W. Mclouglin/K.J. Kerling, 18.8.1944. Vergelyk ook L.M. Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid, 1938-1942* (D.Litt-proefskrif, 1987), pp.7, 33.

88) Ossewa-Brandwagargief (PU vir CHO), verw. 94: Bandopname - tran= skripsie K.J. Kerling, 2.5.1974. Die OB was teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog as 'n organisasie (1945) gebreek.

verdedig. G.P. Brits wat ook die vergadering toegespreek het, het hom geskaar by diegene wat teen Smuts se deelname aan die oorlog gekant was[89] en het hom gevolglik nie vir die 1943-verkiesing beskikbaar gestel nie.[90]

J.B. Wolmarans is as kandidaat vir die VP genomineer, terwyl J.P. Bar=nard die Herenigde Nasionale Party (HNP), wat in 1940 gestig is, verteen=woordig het. Die uitslag was ten gunste van Wolmarans met 'n meerderheid van 949 stemme (3 186 teenoor 2 437)[91] en die Losberg-kiesafdeling het daarmee te kenne gegee dat Smuts weer 'n kans gegun moes word.

Anders as sy voorgangers was Wolmarans 'n man wat maklik sy standpunte tydens Volksraadvergaderings gestel het. In April 1944 het hy tydens die debat rakende die voortsetting van die Unie se deelname aan die oorlog gesê dat die Unie geld op oorlogsuitgawes moes spandeer en nie moes onttrek nie.[92] Hy het ook Malan by geleentheid aangeval oor die taalkwessie en gemeen dat haat tussen Afrikaner en Engelsman nie sal lei tot vooruitgang van die Unie nie. Daar sou ook volgens hom nie mêêr vryheid onder 'n NP-regering wees nie aangesien die Unie reeds 'n groot mate van vryheid onder Britse heerskappy geniet het.[93]

Met die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog (1945) het die toestro=ming van mynwerkers na die Blyvooruitzicht-, Wes-Driefontein- en Doorn=fonteinmyn die getal kiesers in die kiesafdeling laat vermeerder.[94] Smuts se Wet op Grondbesit van Asiate en Verteenwoordiging van Indiërs

---

89) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 3.11.1939, p.3.

90) *Potchefstroom Herald en Western Gazette*, 6.8.1943, p.4.

91) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.260.

92) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 21.4.1944, p.2.

93) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 26.4.1944, p.7.

94) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.53.



WOLMARANS SE BEGRAFNIS, 1948

Foto: B.J.J. Vermaas Jr. (Fochville)

in die regering het gelei tot ontevredenheid by die opposisie en ver=deeldheid onder die kiesers. Die Indiërs was hierdeur nog nie tevrede gestel nie en boonop het die Swartmense se Verteenwoordigende Raad (wat in 1936 ingestel is) geweier om langer met die regering saam te werk. Dit het gelei tot toenemende rassespanning.[95] In die Losberg-kiesafdeling is die situasie vererger toe Wolmarans in 1947 openlik sy teenkanting teen die VP se Kleurbeleid bekend gemaak het en besluit het om as lid van dié party te bedank.[96] Teen die verwagting in, maar moontlik met die wete dat daar wel 'n algemene verkiesing in 1948 gehou sou word, het die afdelingsbestuur van die VP 'n eenparige mosie van vertroue in Wolmarans gestel en hom gevra om die kiesafdeling steeds te verteenwoordig sodat 'n tussenverkiesing nie uitgeskryf hoef te word nie.[97]

Wolmarans se bedanking as lid van die VP het wye reaksie uitgelok. Oor die algemeen het die NP-ondersteuners regoor die land sy uitlatings verwelkom en hulle laat glo dat die Blanke beskawing in Suid-Afrika in ge=vaar was en te veel op Swart onderwys spandeer is. Die VP-ondersteuners in Losberg het egter nie Wolmarans se uitlatings aanvaar terwyl hy steeds dié kiesafdeling verteenwoordig het nie. Onder aanvoering van G. Davidtz, 'n lid van die VP se distrikskomitee, is Wolmarans gevra om as LV van die kiesafdeling te bedank. Hierdie versoek het Wolmarans egter van die hand gewys en steeds voortgegaan om die VP se beleid te kritiseer.[98]

Vanweë sy Kleurbeleid het die minister van Finansies, J.H. Hofmeyr, ook onder Wolmarans se kritiek deurgeloop. Hofmeyr wou daarop 'n verga=dering op Fochville toespreek om sy siening van die Kleurbeleid uiteen

---

95) B.J. Liebenberg, "Van die statuut van Westminster tot die Repu=bliek van Suid-Afrika ..." in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.387.

96) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 3.6.1947, p.9.

97) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 27.6.1947, p.3.

98) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 4.8.1947, p.9. Die koerant verwys byvoorbeeld na die dekking wat sy toespraak in etlike ander koerante gekry het.

te sit. Die vergadering op 12 September 1947 is egter deur Wolmarans, studente en plaaslike NP-ondersteuners ontwrig en die voorsitter, kolonel Rood (LV van Vereeniging), is gedwing om die vergadering te verdaag.[99)]

In 1948 het die Afbakeningskommissie, met die oog op die verkiesing in Mei, die grootte van alle kiesafdelings weer in oënskou geneem. Daar is besluit om stemdistrikte nommers 289, 459 en 457 (2 928 kiesers) van die steeds groeiende Losberg-kiesafdeling weg te neem en by die van kiesafdelings in die Witwatersrand te voeg.[100)]

In Wolmarans se plek is die regsgeleerde, B. Bekker (seun van die voor=malige administrateur van Transvaal, S. Bekker), as kandidaat vir die VP genomineer.[101)] Wolmarans sowel as G.P. Brits, wat weer tot die politiek toegetree het, is as HNP-kandidate genomineer. Die meerderheid het Brits verkies. Wolmarans het waarskynlik steun verloor na aanlei=ding van die Hofmeyr-voorval op Fochville.[102)] J.B. Wolmarans se om=strede en aktiewe politieke loopbaan is kort na Brits se nominasie deur sy skielike dood op 22 April beëindig.[103)]

Alhoewel Bekker beskou is as 'n gewilde keuse vir die VP,[104)] het die na-oorlogse politieke toestand en toenemende kritiek op die kleurbeleid Brits in Mei 1948 die verkiesing laat wen met 'n meerderheid van 971 stemme (4 212 teen 3 751).[105)]

Die 1948-verkiesing het 'n dramatiese wending in die politieke geskiede=nis van Suid-Afrika gebring. Smuts was verplig om te bedank na die HNP se oorwinning en dr. D.F. Malan, leier van die HNP, is gevra om 'n nuwe regering saam te stel.

---

99) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 19.9.1947, p.9.

100) *Report of the Transvaal constituencies Delimitation Commission, 1947*, p.62. Vergelyk ook *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika* nr. 3931, 13.2.1948, p.2.

101) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 26.3.1948, p.6.

102) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 2.4.1948, p.5.

103) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 23.4.1948, p.2.

104) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 26.3.1948, p.6.

105) B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, p.291.

Hiermee het 'n nuwe tydvak vir die Unie aangebreek. Dit blyk dat die politieke denkpatroon in die Gatsrand teen 1948 oorwegend die van die NP was wat later die apartheidsbeleid sou implementeer en gestrewe het na die verkryging van 'n Republiek.

# HOOFSTUK SES

# REGSPLEGING EN MILITêRE ONTWIKKELING

In die Gatsrand het geen afsonderlike georganiseerde stelsel van verde= diging en regspleging bestaan nie maar was Blanke bewoners van die gebied nie voor 1900 deel van die ZAR nie. Potchefstroom was aanvanklik die enigste sentrum vanwaar militêre opdragte vir die wyke in die di= strik gegee en georganiseer is. Ook regsaangeleenthede is daar afgehan= del. Die juridiese en militêre opset in die Gatsrand het egter veral na die Tweede Vryheidsoorlog en Uniewording ontwikkeling en verandering ondergaan, soos trouens ook op provinsiale en nasionale vlak.

## 6.1 Regspleging (Wet en Orde)

Na die vestiging van die Trekkers noord van die Vaalrivier in omstreeks 1839, het Potgieter aanvanklik met 'n eie Raad regeer.[1] J. de Klerk word in 1839 deur die Natalse Volksraad as landdros in die gebied aangewys en het met behulp van heemrade gesag uitgeoefen.[2] Dus is wet en orde op 'n dubbelslagtige wyse deur die twee stelsels behartig. In Oktober 1840 het Potgieter en sy volgelinge 'n ooreenkoms met die Natalse Volks= raad gesluit waartydens besluit is dat die Trekkers 'n verenigde maatskap= py onder gesag van die Natalse Volksraad sou vorm.[3] Tydens 'n Volksraad= sitting in Natal in Februarie 1841 is besluit om 'n Adjunk-Raad van twaalf lede op Potchefstroom in te stel met F.G. Wolmarans as voorsit= ter.[4] Toe Natal in 1843 deur Brittanje geannekseer is, het die Adjunk-

---

1) P.L.A. Goldman, Beredeneerde inventarissen van die oudste archief= groepen der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.138.

2) J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Natalse Volksraad: Natal nr. 1, 1838-1845, p.115.

3) F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiede= nis* 4(2), 1941, p.120.

4) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat ...*, p.7. Kyk ook F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaan= se geskiedenis* 4(2), 1941, p.120. Die eerste landdros van Pot= chefstroom (J.H. Grobler) is in 1841 aangestel. Kyk Inventarislys, Potchefstroom (TAB), p.137.

Raad sy selfstandigheid verklaar. In die daaropvolgende jaar is 'n Volks=raad vir die Oorvaalse gebied ingestel en op 9 April is die sogenaamde Drie-en-dertig artikels opgestel waarvolgens die land regeer is. Die Volksraad het hoofsaaklik van landdroste, kommandante en veldkornette vir wetstoepassing gebruik gemaak.[5)]

Die landdros van Potchefstroom het ook die wyke van dié distrik bedien, en was met die regspraak sowel as die administrasie van die distrik belas.[7)] In alle regsaangeleenthede is die landdros bygestaan deur ses heemrade wat gekies is deur die Hof van Landdros en Heemrade.[8)]

Die instelling van 'n onafhanklike Hooggeregshof en die invoering van 'n juriestelsel in 1828 in die Kaap het so byval by die publiek gevind dat die Trekkers dit ook later in hulle eie Republiek ingestel het. Die Hooggeregshof het bestaan uit drie landdroste sowel as 12 persone (waarskynlik burgers) wat as jurielede beëdig is.[9)]

Tot en met die beëindiging van die ZAR-tydperk moes die burgers van Gatsrand vir kriminele en siviele sake na Potchefstroom gaan.[10)] Geen Rondgaande Hof het in dié tydperk in die gebied gesit nie.

---

5) F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse ge=skiedenis* 4(2), 1941, p.120. Vergelyk ook P.L.A. Goldman, *Be=redeneerde inventarissen van die oudste archiefgroepen der Zuid-Afrikaansche Republiek,* p.143.

6) F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiede=nis* 4(2), 1941, p.121.

7) F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950, p.207.

8) M.J. Hugo, "Die stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Repu=bliek", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 10(1), 1947, p.8. Vergelyk ook J. Malan, *Die werksaamhede van die ampte=nare belas met die administrasie van naturellesake in die Zuid-Af=rikaansche Republiek tot 1877* (MA-verhandeling, 1985), p.44.

9) M.A.S. Grundlingh, "Vyftig jaar Britse bestuur, 1806-1854" in D.W. Krüger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 167-168. Kyk ook D.J.P. Haasbroek, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881,* p.71.

10) D.J.P. Haasbroek, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881,* p.71.

Inwoners van die Gatsrand se rol in die gemelde ampte was maar gering. P.T.T. Pienaar van Elandsfontein nr. 289 was in 1867 lid van die Heem= rade van Potchefstroom,[11] terwyl F.G.A. Wolmarans van Welverdiend in 1874 as jurielid van die Hooggeregshof gerekwireer is.[12]

Alhoewel die amp van veldkornet 'n meer militêre karakter gehad het, moes die veldkornet ook in die regsbedeling van die Republiek 'n vername funksie vervul, veral ten opsigte van die beslegting van klein siviele gedinge tussen burgers. Buiten die uitvoering van hulle geringe regter= like take het die veldkornet ook 'n administratiewe verantwoordelikheid gehad.[13]

In die geval waar die wyk 'n bevolkingstoename getoon het of burgers verspreid gewoon het in die gebied kon die veldkornet aansoek doen om die wyk te verdeel of om 'n assistent-veldkornet aan te stel. Die assistent-veldkornet was 'n erkende militêre offisier wat onder die veldkornet gedien het.[14] Reeds in 1855 is 'n assistent-veldkornet vir die Gatsrand aangestel.[15] Die burgers se verspreidheid in die gebied was waarskynlik die rede vir die aanstelling.

---

11) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 3: P.T.T. Pienaar/Landdros, 14.5.1867.

12) N. Dreyer, *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat ...*, p.194.

13) F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950, pp.209, 243, 306. In hoofstuk 7 word die veldkornet se rol as administratiewe ampte= naar bespraak.

14) *Staats Courant der ZAR* nr. 3, 16.10.1857, p.3. Vergelyk ook F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950, pp.219-220.

15) Staatsekretaris (TAB), verw. R879/55: Staatsekretaris/T. Cronje, 4.3.1855. Die veldkornette is vir hulle dienste deur die rege= ring vergoed, en wel op 'n maandelikse basis. Dit is interessant dat C. Dreyer se 200 riksdaalders (40 pond) wat hy gedurende 1860 verdien het, teen 1897 verhoog is na 300 pond. Kyk Staat= sekretaris (TAB), verw. R3883/60: Staatsekretaris/C. Dreyer, 8.8.1860. Vergelyk ook *Staats Courant der ZAR* nr. 884, 17.3.1897, p.11.

Die aanstelling van 'n veldkornet het geskied by wyse van 'n opdrag van die landdros waarvolgens 'n uittredende veldkornet gelas is om 'n nuwe verkiesing in sy wyk te hou. Aanvanklik is 'n nominasielys in die wyk rondgeneem om die keuse van die stemgeregtigde burgers te kry. Later is twee tot drie vergaderings belê waar stemming deur middel van stembriefies plaasgevind het.[16)]

Tydens 'n veldkornetverkiesing in Gatsrand gedurende 1881 het 'n geknoeiery tydens die verkiesing veroorsaak dat assistent-veldkornet W.J.J. Kok 'n klag by generaal P. Joubert ingedien het. Die landdros van Potchefstroom het in Februarie 1882 generaal Joubert se bevindings daaroor ontvang. Daar is bevind dat sommige burgers se name twee keer op die kieslys verskyn het en dat daar ook name op die lys was van mense wat nie eers in die wyk gewoon het nie. Gevolglik het J.T. Martins nie 133 stemme teen J. Geldenhuys gekry nie, maar net 111.[17)]

Die uittredende veldkornet, A.J.G. Oosthuizen, is gevra om weer 'n verkiesing te hou. Op 3 Mei 1882 is J. Geldenhuys tot veldkornet verkies toe hy 135 stmme op hom verenig het teenoor Martings se 114.[18)] Alhoewel die aanstelling van veldkornette waarskynlik reeds van 1839 af dateer,[19)] strek dokumente van dié aard met betrekking tot Gatsrand eers vanaf 1849.[20)] Die onderstaande lys van veldkornette en assistent-veldkornette, ook in 'n waarnemende hoedanigheid, is hoofsaaklik uit dokumewnte in die Potchefstroom Landdros-argief saamgestel:

---


16) F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950, p.222.

17) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 9: P. Joubert/Landdros, 19.2.1882.

18) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 9: P.J. Geldenhuys/Landdros, 3.5.1882.

19) F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950, p.209.

20) F.G.A. Wolmarans en J.H.G. van der Schyff van Welverdiend was onderskeidelik in 1850 en 1861 veldkornet van wyk Boven Mooirivier. Kyk J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius, *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek: Transvaal nr. 1, 1845-1850, 22.11.1850*,p.347, en Staatsekretaris (TAB), verw. R4404/61: J.H.G. van der Schyff/Waarnemende president S. Schoeman, 17.5.1861.



DIE SAC-POS TE LOSBERG

Foto: B.J.J. Vermaas (Jr.)(Fochville)

TABEL 8 Veldkornette en assistent-veldkornette (ook in 'n waarnemende hoedanigheid)* in die Gatsrandwyk, 1849-1910

| VELDKORNET | JAAR VAN AANSTEL= LING | ASSISTENT-VELDKORNET | JAAR VAN AANSTEL= LING | WAARNEMENDE VELDKORNET | JAAR VAN AANSTEL= LING |
|---|---|---|---|---|---|
| T.P. Pretorius | 1849 | T. Cronjé | 1855 | | |
| C. Dreyer | 1858 | | | | |
| G. Engelbrecht | 1861 | | | C. Dreyer | 1863 |
| A.L. Pretorius | 1873 | M.A. Muller | 1872 | W.J.J. Kok | 1865 |
| C.A.J. Burgers | 1878 | A. van Wyk | 1878 | J. greyling | 1873 |
| A.H. de Vries | 1880 | | | | |
| A.J.G. Oosthuizen | 1881 | P.H. Martins | 1881 | | |
| J. Geldenhuis | 1882 | W.J.J. Kok | 1882 | | |
| J.T. Martins | 1884 | J.F. vd Merwe | 1894 | J.F. vd Merwe | 1897 |
| T.F.J. Dreyer | 1901 | J.P. Kleyn | 1899 (waarne= mend)* | - Cronje | 1898 |
| A.M. Redelinghuys | 1902 | B.J.J. Vermaas | 1900 (waarne= mend)* | F.G. Breytenbach | 1899 |
| J.F. vd Merwe | 1910 | | | M.A. Muller<br>J.F. vd Merwe ** | 1900<br>1902 |

* *Die aanstelling van 'n waarnemende veldkornet en waarnemende assistent-veldkornet was tydelik en het nie beteken dat reeds aangestelde persone, wat dalk meegedoen het in 'n oorlog teen 'n Swartstam of elders was, uit hulle pos onthef is nie.*

** *J.F. van der Merwe was waarnemende veldkornet vanaf 1902 tot 1910 tot hy skriftelik as veldkornet aangestel is en die pos tot ongeveer 1912 beklee het.*

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die Britse administrasie die voormalige Boererepubliek se stelsel van regspleging verander. Ook die wyke van die distrik Potchefstroom is hierdeur ten nouste geraak. In die Gatsrand is polisieposte van die "South African Constabulary" (SAC) op Welverdiend, Bank

en Kraalkop opgerig. Die een op Welverdiend was blykbaar tydelik en het kort na 1906 gesluit aangesien daar reeds 'n polisiepos in Frederik=stad (buite Gatsrand se westelike grens) was.[21)]

Die pos op Kraalkop was meer sentraal geleë as die ander. Op 11 April 1903 het H.M. du Preez an Elandsfontein nr. 289 'n kontrak met kaptein H. Chamney van die SAC onderteken waarin hy sy gedeelte van die plaas Kraalkop afgestaan het vir 'n polisiepos.[22)] Die grootste gedeelte van die SAC-mag, wat reeds gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die Republiek was, is in Engeland en Kanada gewerf met die doel om die Britse element in die voormalige Boererepubliek te versterk. Hulle hooftaak na die oorlog was om polisiepatrolliediens in die verowerde gebiede te doen.[23)]

Luitenant N.H. Barton van die SAC is op 25 Oktober 1904 as vrederegter vir die Gatsrand- en Vaalrivierwyk op Kraalkop aangestel. Sy plig was om die landdros van Potchefstroom by te staan met die handhawing van wet en orde in die gebied, 'n plig wat voor 1900 nog dié van die veld=kornet was.[24)] Barton is hierin bygestaan deur ongeveer 13 polisiemanne van die SAC-kamp op Losberg.[25)]

Die vrederegter se regsprekende gesag was beperk tot voorlopige onder=soeke, die dagvaarding van oortreders en die uitreiking van passe aan Swartes. Fasiliteite vir die aanhouding van oortreders was egter nie

---

21) Hoofinsektekundige (SAB), verw. 45 nr. EE2801: South African Con=stabulary Welverdiend, 14.4.1906. Kyk ook Justisie (SAB), verw. 395, nr. 3/251/25: Commissioner, Transvaal Police/Secretary for Justice, 25.6.1910. Die drie SAC-lede wat op Bank diens gedoen het, het op Wonderfontein gewoon. Kyk Ongekatalogiseer (TAB): Kie=serslys van wyk nr. 5 Gatsrand, 1905.

22) Departement van Openbare Werke (TAB), verw. 263 nr. 5892/04: Oprig=ting van geboue, 11.4.1903.

23) L.E. van Onselen, *A rhapsody in blue (South African Police)*, pp.27-28.

24) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(1): Law Department/SAC 21.10.1904. Kyk ook Departement van Openbare Werke (TAB), verw. 263 nr. 5892/04: Oprigting van geboue, Oktober 1904.

25) Ongekatalogiseer (TAB): Kieserslys van wyk nr. 5, Gatsrand, 1905.

by die polisiepos op Kraalkop sowel as die SAC-kamp op Losberg beskikbaar nie.[26] Dit het in Oktober 1904 gelei tot Barton se versoek vir die oprigting van 'n gevangenis met aparte geriewe vir Blank en Swart naby die kamp te Losberg. Dié versoek is toegestaan en die Britse admini= strasie het besluit om 'n tydelike gevangenis dáár op te rig. Nog in dieselfde jaar is die tydelike gevangenis na Kraalkop verskuif sodat dit naby die polisiepos kon wees. Tot tien persone kon vir hoogstens 14 dae in die een sel aangehou word. Gevangenes is as arbeiders aangewend om paaie te maak en die terrein van die polisiestasie skoon te hou.[27] Teen 1906 is nog nie oorweging geskenk aan die instelling van 'n perio= dieke hof, waargeneem deur die landdros van Potchefstroom op Kraalkop nie, aangesien slegs 'n geringe aantal ernstige sake vanuit die gebied voorgekom het. Die hofsake is in Potchefstroom verhoor.[28] Minder ernstige sake kon wel deur die vrederegter verhoor word. Om J.G.E. Freislich, die nuut-aangestelde vrederegter in die verhoor van sake by te staan, is korporaal J.M. Cadwallader en G.C. Meredith in 1906 on= derskeidelik as klerk en publieke aanklaer van die hof op Kraalkop aan= gestel.[29] G.P. Brits, latere Volksraadlid, het Freislich in 1910 as vrederegter opgevolg.[30]

In 1910 het die landdros van Potchefstroom die departement van Justisie versoek om dringend aandag te skenk aan die heroprigting van 'n polisiepos op Welverdiend aangesien onwettige transaksies skynbaar op Welverdiend=

---

26) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Law Department/SAC, 30.10.1904.

27) Departement van Openbare Werke (TAB), verw. 263, nr. 710/531: Oprig= ting van geboue, 8.7.1906. Kyk ook Justisie (SAB), verw. 484 nr. 1900/29: Inspection of police lockups and cells: Kraalkop, 1919-1945, en verw. 116 nr. 5/663/1: Kraalkop lockup, 7.5.1912.

28) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Law Department/SAC, 30.10.1904 en 8.7.1906.

29) Justisie (SAB), verw. 267 nr. 3/801/18: Law Department/Chief staff officer, SAC, 24.3.1906 en Attorney-general/Law Department, 25.4.1906. Kyk ook Departement van Openbare Werke (TAB), verw. 263 nr. 710/531: Oprigting van geboue, 8.7.1906.

30) *Dagbreek en Sondagnuus*, 19.7.1937, p.3. (Berig oor G.P. Brits).

stasie deurgevoer is, waaraan niks gedoen is nie.[31] Die kommissaris van die Transvaalse polisie[32] in Pretoria het aanbeveel dat die tyde=like polisiegebou op Bank geïnspekteer en na Welverdiend verskuif word.[33] Dit is egter nie deur die distrikskommandant van polisie in Potchefstroom verwelkom nie aangesien dit sou beteken dat die polisie op Frederikstad die hele gebied tot op Bank sou moes patrolleer totdat die polisiepos op Welverdiend opgerig is.[34] Dié probleem en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 was waarskynlik die redes waarom daar eers in 1919 weer aandag aan die beoogde polisiepos op Welverdiend geskenk is.[35] Winkelier S. Rosenthal het aanvanklik aangebied om 'n kantoor vir twee polisiemanne en een Swart konstabel asook stalle vir twee perde te bou. Die lisensiehof van Potchefstroom het hom egter verplig om verbeteringe aan die hotel op Welverdiend aan te bring en hy moes, as gevolg van 'n gebrek aan geld, sy aanbieding laat vaar.[36] Die departe=ment Justisie het ook vanweë finansiële oorweging die oprigting van so 'n pos laat vaar.[37]

In 1924 het M. du Toit, 'n afgevaardigde van die kommissaris van Polisie van Transvaal, aanbeveel dat Welverdiend steeds deur die polisie op Kraalkop gepatrolleer moes word, aangesien die aantal sake uit Welverdiend min was en nie 'n afsonderlike polisiepos regverdig het nie.[38]

---

31) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: Proposed establishment of a police post Welverdiend, 19.5.1910.

32) Na die 1907-verkiesing het generaal Botha besluit om die SAC tot 'n normale polisiekorps terug te bring. Kyk J.A. Wiid, "Weeropbou, 1902-1908" in D.W. Krüger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p.458.

33) Justisie (SAB), verw. 395, nr. 3/251/25: Commissioner Transvaal police/Secretary for Justice, 12.8.1910.

34) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: District Commandant Potchef=stroom/Secretary Transvaal police, 13.8.1910.

35) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: Secretary for Justice/Com=missioner SAP, 2.10.1919.

36) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: Commissioner SAP/Secretary for Justice, 26.9.1919 en 3.3.1920.

37) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: Commissioner SAP/Secretary for Justice, 27.6.1921.

38) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: M. du Toit/Secretary SAP, 4/11/1924.

In 1916 is G.S. Bosman as vrederegter vir die Gatsrand- en Vaalrivierwyk aangestel[39] en hy is in 1918 opgevolg deur P.J. Davidtz.[40] Persone uit die jong dorp Fochville (geproklameer in 1920) naamlik, T.G. Truter, kommandant T.F.J. Dreyer, F.R.P. Schutte, J.P. Kleyn, F.D. Pienaar en A. Horvitch het in 1921 die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie gevra om die vrederegter se hof op Kraalkop sowel as die polisiepos na die dorp te verskuif omdat die dorp se ontwikkeling dit regverdig het. Die Kommissaris het egter nie aan hulle versoek voldoen nie aange= sien Kraalkop steeds beskou is as die sentrale punt van die omgewing. As die hof en polisiepos sou skuif, sou die polisie ook verder van Bank= stasie af wees waar die nodige voorraad gewoonlik afgehaal is.[41]

In 1923 het kommandant Dreyer die minister van Justisie gevra om 'n periodieke hof op Fochville in te stel wat elke 14 dae sou sit, omdat dit so ver was om na Potchefstroom te gaan.[42] Die versoek is toegestaan en 'n periodieke hof is in 1925 op Kraalkop ingestel en deur die landdros van Potchefstroom behartig. Die hof sou elke derde Woensdag in Februa= rie, Mei, Augustus en November sit en sake uit die Gatsrand en 'n klein deeltjie van die Vaalrivierwyk is behartig.[43] Na die opening van die spoorlyn tussen Fochville en Potchefstroom in 1927 is die periodieke hof sowel as die polisiepos vanaf Kraalkop daarheen verskuif.[44]

---

39) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 300 nr. 3091: Appointing of Justice of the peace, 15.2.1916.

40) Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 300 nr. 3091: Appointing of Justice of the peace, 13.3.1918.

41) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Kommissaris SAP/Landdros Potchefstroom, 25.2.1921 en Hugo, Henning and Kempen/Secretary for Justice, 10.10.1921.

42) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): T.F.J. Dreyer/Departement Justisie, 20.3.1923.

43) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Landdros Potchefstroom/ Sekretaris Justisie, 26.2.1925 en 31.8.1925.

44) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Kommissaris van Polisie/ Sekretaris Justisie, 6.6.1927.

Sedert 1934 het die landdros vertoë aan die departement van Justisie gerig om dié hof op Fochville twee keer per maand te laat sit aangesien daar in die tydperk vanaf 1928 slegs 24 hofsittings gehou is. Die finansiële nood weens die nagevolge van die 1929-1933-droogte en -depressie het egter nie die versoek moontlik gemaak nie.[45] So ook is die Gesondheidskomitee op Fochville se versoek dat dié dorp en omlig= gende plase as 'n aparte landdrosdistrik verklaar word in 1932 om die= selfde rede afgekeur.[46] Die periodieke hof se werksaamhede is groten= deels deur kriminele sake in beslag geneem. Tussen Julie 1934 en Julie 1936 is byvoorbeeld 238 kriminele sake verhoor, terwyl slegs een siviele saak te berde gebring is.[47]

Om die bewoners van Fochville en omgewing tegemoet te kom, is 'n voltydse vrederegter in 1937 aangestel. Die vrederegter was steeds onder die landdros van Potchefstroom se gesag. In daardie stadium was daar skyn= baar nog nie genoeg werk om die aanstelling van 'n landdros te regverdig nie.[48]

Die aanvang en uitbreiding van goudmynbedrywighede in die Gatsrand van 1937 af het weldra die oprigting van nog 'n polisiepos geregverdig. In 1945 is 'n interne polisiepos op Blyvooruitzicht begin - waarskynlik 'n sekuriteitsmaatreël - wat deur mynamptenare beman is. Die polisie is tydelik in die gebou van die MOTH (Memorable Order of Tin Hats) gehuisves.[49]

---

45) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Landdros Potchefstroom/ Sekretaris van Justisie, 17.1.1935.

46) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Sekretaris Justisie/Sek= retaris Gesondheid; Fochville, 6.6.1932. Fochville het tot in die sewentigerjare steeds gepoog om as 'n selfstandige landdrosdistrik verklaar te word. Kyk Anon., *Fochville 50, 1920-1970: Gedenkuit= gawe*, p.28.

47) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Landdros Potchefstroom/ Sekretaris van Justisie, 17.1.1935-12.9.1936.

48) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 23.7.1937, p.5.

49) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ..." p.52.

Teen 1948 was die landdros van Potchefstroom steeds verantwoordelik vir regsaangeleenthede van die Gatsrand met 'n vrederegter as regterlike en administratiewe amptenaar om hom by te staan.

## 6.2 Militêre Ontwikkeling (Verdediging)

### 6.2.1 Militêre opset voor 1899

Weerbare Blanke mans onder Trekkergeledere, tussen die ouderdom 16 en 60 jaar, was so vroeg as 1837 betrokke by oorloë teen Swartstamme in die Oorvaalse gebied. Twee ekspedisies het in dié jaar teen Mzilikazi se Ndebele plaasgevind waaraan persone, wat hulle na 1839 in die Gatsrand gevestig het, waarskynlik ook deelgeneem het.[50]

Ingevolge die Drie-en-dertig artikels van April 1844 moes aangestelde kommandante en veldkornette toesien dat patrollies uitgaan wanneer dit nodig geag is.[51] Volgens die Volksraadnotules van 1850 was daar 249 weerbare man in die Gatsrandwyk wat die patrollies kon meemaak.[52]

Dit blyk dat die burgers dikwels nie aan die oproepe van die onderskeie kommandante en veldkornette om diens te doen gehoor gegee het nie, maar eerder voortgegaan het met hulle boerderybedrywighede. Kommandant P.J.W. Schutte van Buffelsdoorn het byvoorbeeld in 1852 kommandant-generaal A.W.J. Pretorius verwittig dat die burgers van veldkornet F.G.A. Wolmarans van wyk Boven-Mooirivier geweier het om op patrollie te gaan.[53]

---

50) J.A. Vogel, *Konstitusionele eksperimente van die Boere, 1836-1877*, p.53.

51) T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, pp.60, 61.

52) J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius, *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek: Transvaal nr. 1, 1845-1850, 15.4.1850 en 22.11.1850*, pp.312, 347.

53) D.W. Krüger en H.S. Pretorius, *Voortrekker Argiefstukke, 1850-1853*, Oktober 1852, p.225.

Schutte het in sy dienstermyn as kommandant (1850-1855) die burgers van Gatsrand in die oorlog teen die Bakwenastam gelei.[54] Hulle het ook die oorloë teen Sekwati en Segeli (1852), Mapela (1860), Molappo (1868) en Sekhukuhne (1876) meegemaak.[55] Die burgers in die wyk van veldkornet J.H.G. van der Schyff (Boven-Mooirivier) het in 1861 ook die hulp van wyk Gatsrand gekry toe 'n patrollie na die "Bossiemans" uitgestuur is om gesteelde beeste terug te neem.[56]

Dit was die ZAR se betrokkenheid by die Sekhukhune-oorlog wat aan Brit= tanje die geleentheid gebied het om die Republiek in 1877 te annek= seer.[57] In die daaropvolgende jare het die burgers hulle toegespits op die herwinning van hulle verlore onafhanklikheid. Toe dit geblyk het dat 'n verlore stryd gevoer is tydens vele onderhandelinge met die Britse regering en spanning geheers het oor die belastingkwessie het 'n volksvergadering op 8 Desember 1880 te Paardekraal besluit om die ZAR se verlore onafhanklikheid te herstel.[58]

Assistent-kommandant-generaal P. Cronje het opdrag van generaal P. Joubert gekry om met 'n patrollie van 400 man vanaf Paardekraal na Potchefstroom te vertrek en die vryheidsproklamasie by J.P. Borrius te laat druk. Die drukke= ry moes terselfdertyd teen 'n moontlike Britse aanval beskerm word. Cronje het

---

54) W.P. du Plessis, *Phillipus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman*, p.17.

55) F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskie= denis*, 4(2), 1941, p.124. Kyk ook Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 196: Staatsekretaris/Landdros, 9.11.1868 en T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, p.70.

56) Staatsekretaris (TAB), verw. R4404/61: J.H.G. van der Schyff/Waar= nemende president S. Schoeman; 17.5.1861 en R4432/61: J.H.G. van der Schyff/Waarnemende president S. Schoeman, 8.8.1861. Die term "Bossiemans" is die Hollandse weergawe vir die Boesman (San). Kyk I. Schapera, *The Khoisan peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots*, p.18

57) S.P. Engelbrecht, D.D. en I.D. Bosman, "Federasie en anneksasie, 1872-1881"in D.W. Krüger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p.291.

58) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880*, p.150. Vergelyk ook D.J.P. Haasbroek, "Potchefstroom en die Eerste Vryheidsoorlog, 1880/81", *Contree* 7, Januarie 1980, p.22.

Potchefstroom met die poskoetspad vanaf Gatsrand genader. Van die Gats= randers onder leiding van assistent-veldkornet P. Martins het die patrol= lie meegemaak asook Gatsrand se veldkornet, A.J.G. Oosthuizen wat (as kommandant) die wyke Gatsrand en Vaalrivier verteenwoordig het.[59)]

Gerugte dat die soldate in die Britse fort skote gevuur het, het Cronje onmiddellik tot aksie laat oorgaan en hy het die patrollie beveel om in vier afdelings te verdeel. Die drukkery is bewaak, die Britse fort aan die westekant van die dorp omsingel en twee afdelings is na die landdroskantoor om majoor Clarke en sy manskappe se bewegings dop te hou. Die skermutseling het begin toe 'n afdeling van die Boerepatrollie onder leiding van kommandant J. Wolmarans oor die markplein na die land= droskantoor beweeg het en majoor Clarke se manne op hulle begin skiet het. In die vroeë oggendure van 18 Desember 1880 het Clark die wit vlag gehys en die landdroskantoor is ingeneem.[60)]

Die laaste slag van die Eerste Vryheidsoorlog het op 27 Februarie 1881 op Majuba in Natal, ongeveer twee maande na die aanvang van die Potchef= stroombeleg, plaasgevind. Boeremagte onder aanvoering van generaal Joubert het die mag van sir G.P. Colley daar oorwin.[61)] Volgens oorlewering was enkele burgers van Gatsrand ook by die slag betrokke.[62)]

---

59) D.F. le Roux, *Die beleg van Potchefstroom gedurende die Eerste Vry= heidsoorlog, 1880-1881,* pp.30, 46, 164. Kyk ook H.M. van Coller, *Die burgerlike lewe in Potchefstroom ten tye van die Eerste Vryheids= oorlog,* pp.86, 90.

60) D.F. le Roux, *Die beleg van Potchefstroom ...,* pp.164, 215.

61) F.A. van Jaarsveld (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881,* p.194.

62) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe M.M. van der Westhuizen, p.5. Dié oud-bewoner van Gatsrand maak melding van P.S. en J.M.C. Nortje van Rooipoort wat deelgeneem het aan die slag van Majuba. Beide is presies 19 jaar later, tydens die Tweede Vryheidsoorlog, op Magersfontein gevange geneem na generaal Cronjé se oorgawe.





VAN DIE OPGEKOMMANDEERDE GATSRANDERS, 1899
Eerste foto: C. Rautenbach (Carletonville)
Tweede foto: K. Du Preez (Fochville)

Na die Eerste Vryheidsoorlog moes kommando's by verskeie geleenthede weer op kommando gaan om mee te doen aan oorloë teen Swartstamme. Van die vernaamste was dié teen Mapoch en Mampuru (1882), Malaboch (1894 en 1897) en Mphephu (1895-1898).[63] Veldkornet J. Geldenhuys wat die Gatsranders in die oorlog teen Mapoch en Mampuru gelei het, het tussen 1882 en 1883 veertien Blankes en vyf Swartes beboet vanweë hulle onwillig=heid om op kommando te gaan. Elke wyk se opgekommandeerde burgers moes sorg vir hulle eie voedsel en vir die doel het Geldenhuys gereeld vee, meel en kontant van die Burgers in die Gatsrandwyk gevra. Ammunisie is deur kommandant P.A. Cronjé op Potchefstroom uitgereik.[64]


Die ZAR het in die negentigerjare, tydens oorloë teen Swartstamme, ook met die Uitlander-vraagstuk geworstel. Van die Britse onderdane wat vir die oorlog teen Malaboch opgekommandeer is, het heftig gereageer en hulle herroep op hul mondstuk die National Union, terwyl diegene wat die Volksraad positief gesind was, aan oorloë deelgeneem het en selfs die Jameson-inval ('n versetbeweging deur Uitlanders) in Desember 1895 tot Januarie 1896 meegemaak het.[65] Vir die burgers wat Oujaarsdag op 31 Desember 1895 wou vier, was die nuus van L.S. Jameson se plan om na Johan=nesburg op te ruk waarskynlik onwelkome nuus. Volgens oorlewering het die inwoners van dienoordelike plase in die Gatsrand naamlik Elandsheuwel (nr. 494), Rooipoort, Welverdiend, Twyfelvlakte, Wonderfontein en Drie=

---

63) T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, pp.106, 109. Kyk ook J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", in C.F.J. Mul=ler (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.244, 254, 261.

64) Potchefstroom Landdros (TAB), ver. 10: J. Geldenhuys/Landdros, 21.9.1833. Die Blankes is met vier pond en die Swartes met drie pond beboet. Kyk ook Kommandant-Generaal (TAB), verw. KG274 nr. 601: Kom=mandolyste en verslae, 1882-1884, 3.11.1882-21.4.1883. Van die Swar=tes wat op die plaas gewerk het moes normaalweg saam op kommando gaan om onder meer die perde te versorg en kos te maak. Kyk *Die Va=derland*, 10.9.1959, p.9. (Berig oor G.P. Brits).

65) J.H. Breytenbach, *Die Tweede Vryheidsoorlog: Voorspel tot die stryd*, I, pp.2, 54.




VELDKORNET J.T. MARTINS
Foto: A.M.C. Pretorius (Potchefstroom)

fontein (nr. 591) hulle klaargemaak vir boeresport en perderesies op Welverdiend, toe 'n ruiter vanaf Potchefstroom die verrigtinge gestop en gevra het dat alle berede burgers na Krugersdorp moes gaan om Jameson se manne te verhoed om Johannesburg te bereik.[66)]

Daar bestaan nie 'n afsonderlike naamlys van die burgers van Gatsrand wat aan die Jameson-inval deelgeneem het nie. Hulle het waarskynlik vanweë veldkornet J.T. Martins se betrokkenheid by die oorlog teen Mphe= phu[67)] by die burgers van ander veldkornetswyke aangesluit. Name van Gatsranders verskyn byvoorbeeld in die naamlyste van die Vaalrivier, Krugersdorp en Potchefstroom.[68)] Kommandant Cronje het dié burgers aange= voer en op 2 Januarie 1896 is Jameson by Doornkop tot oorgawe gedwing.[69)]

### 6.2.2 Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 en die daaropvol= gende Uitlander-vraagstuk het uiteindelik tot 'n gespanne verhouding tussen Brittanje en die ZAR gelei. Die Tweede Vryheidsoorlog het op 11 Oktober 1899 uitgebreek.[70)]

Die ongeveer 550 weerbare burgers[71)] van die Gatsrand het opdrag gekry om op die plaas Kleinfontein bymekaar te kom. Die Potchefstroom Kommando, bestaande uit burgers van die verskillende veldkornetswyke van die distrik

---

66) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe M.M. van der Westhuizen, pp.21-22. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die Tweede Vry= heidsoorlog ...*, p.29.

67) I. van Wyk, "Landskoonmaker", *Die Boerevrou,* Julie 1950, p.21.

68) Kommandant-Generaal (TAB), verw. KG327 nr, 702: Naamlys van kommando, Jameson-inval, 1895-1896.

69) N.J. Hofmeyer, *Die Afrikaner-Boer en die Jameson-inval,* pp.208-209. Kyk ook W.J. du Plooy, *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval, 1895-1896* (MA-verhandeling, 1958, p.102).

70) T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history,* pp.135-139.

71) Kommandant-Generaal (TAB),verw. KG327 nr. CR892/96: Aantal dienspplig= tige burgers, distrik Potchefstroom. Vergelyk ook Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 28: Lys van burgers op kommando, 1899.



VAN DIE GATSRAND BURGERS IN DIE KRYGSGEVANGENEKAMP TE ST. HELENA, 1900

Staande, v.l.n.r.: H.C. van der Merwe, J.C. Greyling, S. Botha, J.H. van der Bergh, L. Nel, J. Viljoen, J. Kruger, J. Greyling, B. Greyling.

Middel, v.l.n.r.: J.F. van der Merwe, A. van der Merwe, J.F. Greyling, H.J. van der Merwe, J. Marnewick, J.M. van der Merwe, K. Marnewick, J. Steyn.

Voor, v.l.n.r.: J.F. Roos, J.J.J. Steyn, J. Roos, L. Buys, J. Marnewick.

Foto: C. Uys (Potchefstroom)

Potchefstroom het onder leiding van generaal Cronje die Transvaalse wesfront (met Mafeking as sentrum) verdedig.[72)]

Dat die Gatsranders nie 'n tekort sou hê aan wapens vir die stryd nie blyk uit assistent-veldkornet J.F. van der Merwe se bestelling van 20 000 Mausers en 10 000 Martini-Henry-gewere op 24 Junie 1899.[73)] Dit was toe reeds duidelik dat daar voorbereidings getref is vir 'n oorlog.

Die berede burgers in die omgewing van Mafeking was elk toegerus met 'n Mauser en 100 patrone, maar vir mondproviand moes self gesorg word. Veldkornet Martins het generaal Cronje as kommandant bygestaan.[74)] Na ongeveer twee maande het die generaal in opdrag van die regering suid= waarts vertrek om die Vrystaters wat nog by Belmont was te help om die Britse opmars te stuit.[75)]

Generaal Cronje was skaars by die Vrystaters toe die regering hom opdrag gegee het om by generaals De la Rey en Prinsloo aan te sluit. Die Pot= chefstroom Kommando (waarvan die Gatsranders deel was) met onder andere kommandante M.J. Wolmarans, J.T. Martins en T.F.J. Dreyer het vroeg in Desember 1899 op Magersfontein naby Kimberley posisie ingeneem.[76)] Die Boeremagte het op 11 Desember 1899 die Britse troepe oorwin. Generaal Cronje se mag het hulle tydens die aanval onderskei en daarvoor het hulle 'n telegram van gelukwensing van president Kruger ontvang.[77)]

---

72) Defence Council (SAWA), verw. GP1: Skriftelike verklaring, J.A. van der Walt, 12.1.1973. J.A. van der Walt het as 16-jarige seun deel gehad aan die Tweede Vryheidsoorlog. Kyk ook J.H. Breytenbach. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902: Die eerste Britse offensief, Nov.-Des. 1899 II,* p.56.

73) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 26: J.F. van der Merwe/Landdros, 24.6.1899.

74) Defence Council (SAWA), verw. GP1: Skriftelike verklaring, J.A. van der Walt, 12.1.1973. In C. Rautenbach se koerantrubriek, "Rondom die Gatsrand", word veldkornet J.T. Martins sowel as verskeie his= toriese momente tydens die oorlog en daarna breedvoerig bespreek. Kyk in uitgawes van die *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 7.10.1983-15.8.1986.

75) J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., II,* p.56.

76) Defence Council (SAWA), verw. GP1: Skriftelike verklaring, J.A. van der Walt, 12.1.1973. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., II,* pp.56, 77.

77) W.J. Leyds (TAB), verw. 712 nr. 71: S.J.P. Kruger/P. Cronje, 11.12.1899.

Cronje se mag het na die slag van Magersfontein in die omgewing van Kimberley agtergebly met die doel om die Britse garnisoen wat hulle in die dorp bevind het tot oorgawe te dwing.[78] Vir dié se mag, wat naby die Modderrivier stelling ingeneem het, het hierdie taktiek eintlik op 'n lang rustydperk uitgeloop. Kommandant J.T. Martins het in 'n brief aan assistent-veldkornet J.F. van der Merwe onder meer melding gemaak dat "op Modderfontein[79] over het algemeen is het hier betrekkelijk stil, behalwe dat die vyand elken dag eenige aantal bommen zendt, nie over Martins kopje, uitwerking niets dan stof."[80]

'n Burger van die Gatsrand, veggeneraal J.J.M. Breytenbach, het opdrag van generaal Cronje gekry om met 300 man laer langs die Modderrivier stelling in te neem om Britse omsingeling te verhoed.[81] Lord Roberts het egter Cronje se 4 000 man by Paardeberg vasgekeer. Kommandant Martins het voorgestel dat 'n biduur gehou word ten einde die Almagtige te vra om leiding aan die offisiere te verskaf en dit is deur Cronje aanvaar. Kommandant M.J. Wolmarans het hom verset teen die latere voorstel dat daar deur die Britse linie gebrek moes word en Cronje het hom uit die Krygsraad gesit. Die verdeeldheid het gelei tot besluiteloosheid en Cronje se manne is op 27 Februarie tot oorgawe gedwing.[82]

Dié oorgawe was vir die Gatsranders in die besonder 'n gevoelige verlies aangesien die meerderheid berede burgers van die omgewing saam met kom=mandante J.T. Martins en M.J. Wolmarans gevange geneem en sommige na plekke soos St. Helena verban is.[83]

---

78) J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, *II*, p.462.

79) Dit is onseker waarom Martins sowel as oud-stryder J.A. van der Walt in hulle skrywe die woord Modder*fontein* in plaas van Modder=*rivier* gebruik.

80) Potchefstroom Landdros (TAB), ver. 27: J.T. Martins/J.F. van der Merwe, 2.2.1900.

81) J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, *IV*, p.13. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Her=inneringe A.P. Nel, p.7.

82) J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, *IV*, pp.395-406.

83) J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, *IV*, p.426.



KAPTEIN DANIE THERON
Foto: Potchefstroom Museum

ŉ Aantal burgers (waaronder kommandant T.F.J. Dreyer) het skynbaar voor Cronje se oorgawe daarin geslaag om van die laer weg te kom. Veggeneraal J.J.M. Breytenbach en sy 300 man het ook ongeskonde daarvan afgekom, aangesluit by Dreyer se burgers en teruggetrek na Veertien Strome.[84)] Na Cronje se oorgawe het J.C. Smuts vir generaal De la Rey vergesel met die doel om ontvlugte burgers soos dié by Veertien Strome in die rigting van Pretoria en Johannesburg te laat beweeg.[85)]

Nadat Roberts Pretoria op 6 Junie 1900 beset het, is begin met die groot=skaalse verwydering van vroue en kinders van die plase na konsentrasie=kampe. Verder is ŉ netwerk van blokhuislinies opgerig wat van digby Lambertsbaai in Wes-Kaapland tot by Pietersburg in Noord-Transvaal ge=strek het met die doel om die spoorweë te beskerm. In die Gatsrand is blokhuise op Modderfontein, Bankstasie en Vlakfontein nr. 364 ge=bou.[86)]

Die Boeregeneraals het vervolgens besluit om deur middel van guerrilla-oorlogvoering Britse militêre aktiwiteite aan bande te lê deur die spoor=weë en ander kommunikasienetwerke te saboteer om te verhinder dat die vyand die westelike distrikte oorneem.[87)] So byvoorbeeld het generaal P.J. Liebenberg van Potchefstroom en sy manskappe, wat hulle na Augustus 1900 in die omgewing van Bank en Welverdiend bevind het, die spoorlyn gereeld beskadig.[88)] Aan Britse kant het generaal A.F. Hart die spoorlyn tussen

---

84) Defence Council (SAWA), verw. GP1: Skriftelike verklaring J.A. van der Walt, 12.1.1973. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe A.P. Nel, p.7.

85) P.A. Pyper, *Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, pp.34-35.

86) O.J.O. Ferreira (red.), *Memoirs of general Ben Bouwer*, pp.165-166.

87) J. Oosthuizen (TAB), verw. A1449: Boereoorlogsdagboek van De la Rey, 1899-1902, p.80. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*,

88) Bul (pseud.), "Die Tweede Anglo-Boereoorlog", *Kommando* 16(10), Oktober 1965, p.35.

Krugersdorp en Welverdiend bewaak.[89] Die spoorlyn vanaf Pretoria oor Krugersdorp en Klerksdorp na Kimberley was 'n belangrike verbindingsroete na die suide.[90]

Na aanleiding van gerugte dat Engelse kolonne uit die rigting van Johannesburg na Potchefstroom beweeg, het Liebenberg versterking van generaal C.R. de Wet uit die Vrystaat aangevra. Kaptein Danie Theron het met sy verkenningskorps na die Gatsrand vertrek om generaal Liebenberg by te staan. Terwyl sy verkenners op 5 September 1900 in die klowe van die Gatsrand geskuil het, het Theron en een lid van sy korps, W.A.S. Nel, die terrein verken en by die Wolvaardts op Elandsfontein nr. 289 navraag gedoen oor generaal Liebenberg wat skynbaar vir hom 'n boodskap op die plaas moes gelaat het. Liebenberg het egter eers na Theron se vertrek by die Wolvaardts opgedaag en 'n boodskap gelaat. Drie Britse kolonnes het intussen langs die noordelike en suidelike heuwels asook in die valleipaaie deur die Gatsrand in 'n westelike rigting beweeg.[93]

Met Theron se tweede besoek aan die Wolvaardts het hy die boodskap van generaal Liebenberg ontvang en het hy Nel aan die voet van 'n heuwel (by die Britse troepe bekend as "Yeomanry[94] koppie") naby die plaashuis agtergelaat en die heuwel bestyg om die wêreld te bespied.[95] Volgens generaal Hart

---

89) L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, V,* p.47. Vergelyk ook J.H. Breytenbach, *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog,* p.175

90) Anon., *In memoriam: N.Z.A.S.M.,* p.173.

91) J.H. Breytenbach, *Kommandant Danie Theron,* p.214.

92) D.G.C. van Wyk, "Danie Theron monument", *Die Hervormer 14,* September 1976, p.20. Dr. Van Wyk maak melding van Danie Theron se aankoms by die Pienaars op Elandsfontein, terwyl dit volgens ooggetuies die Wolvaardts was waar Theron die boodskap gekry het. Kyk Potchefstroomse Museum, verw. THE 968.20481: Ooggetuies se verslag oor Danie Theron se dood, p.2. Die ligging van die heuwel waar Theron deur die Engelse soldate verras is, is nader aan die Wolvaardts se huis. Die ooggetuies se weergawe word dus aanvaar.

93) Potchefstroomse Museum, verw. THE 968.20481: Extract from the official diary of the Potchefstroom Column, 5.9.1900. Vergelyk ook J.H. Breytenbach, *Kommandant Danie Theron,* p.216.

94) "Yeomanry" beteken burgermag. Dit is 'n term wat redelik algemeen deur die Britse troepe gebruik is.

95) D.G.C. van Wyk, "Danie Theron monument", *Die Hervormer 14,* September 1976, p.20.

het Theron hom in 'n stuk of vier Britse verspieders vasgeloop.[96] Theron, 'n goeie skut, het hom egter goed verdedig.[97] Die Engelse kolonne in die suidelike deel van die Gatsrand was egter reeds baie naby die heuwel en het met hulle skeepskanon daarop gevuur, skynbaar onder die indruk dat daar 'n paar Boere op die heuwel was.[98] Bomskerwe het Theron waar= skynlik gedood en Nel het met die tyding na die verkenningskorps terug= gekeer.[99]

Generaal de Wet het na hierdie terugslag, en in opvolging van Liebenberg se oproep, na die Frederikstad-omgewing opgeruk. Generaal G. Barton het 'n direkte opdrag uit Pretoria gekry om met sy manskappe vanaf Krugers= dorp verby Bank en Welverdiend te marsjeer en De Wet af te sny. Lieben= berg het op 15 Oktober op Buffelsdoorn met Barton se Engelse kolonne slaags geraak - sonder sukses. De Wet slaag nietemin daarin om op 20 Oktober Frederikstad, ten spyte van Barton se teenwoordigheid in die omgewing, te bereik.[100]

Die twee Boeregeneraals het kragte saamgespan en generaal Barton by Frederikstad aangeval. Op bevel van generaal De Wet het 'n aantal Boere gedurende die nag van 24 Oktober na Frederikstadstasie gegaan met die opdrag om die Britse troepe te verjaag.[101] P.A. Vermaas van Losberg (lid van die verkenningskorps) het Froneman met 'n afdeling van 20 man ge= help om die stasie aan te val. Die Engelse oormag was egter te groot

---

96) Potchefstroomse Museum, verw. THE 968.20481: Extract from the official diary of the Potchefstroom Column, 5.9.1900.

97) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud A.P. Nel, 11.3.1987.

98) Potchefstroomse Museum, verw. THE 968.20481: Extract from the official diary of the Potchefstroom Column, 5.9.1900. Volgens die verslag was daar 150 Boere op die heuwel maar volgens oogge= tuies was dit slegs Theron, terwyl W.A.S. Nel aan die voet van die heuwel gewag het. Kyk Potchefstroomse Museum, verw. THE 968.20481: Ooggetuies se verslag oor Danie Theron se dood, p.3.

99) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname B. Wolvaardt, 20.11.1986.

100) L.S. Amery (red.), *The Times history of the war ...*, *V*, pp.9-10.

101) L.S. Amery (red,), *The Times history of the war ...*, *V*, p.12. Ver= gelyk ook A.J. Pienaar, *Christiaan Rudolf De Wet in die Anglo-Boe= reoorlog* (MA-verhandeling, 1974), pp.164-166.

en baie is gevang. Net 'n paar Boere, waarvan Vermaas een was, het ont=vlug.[102)]

Generaal De Wet het na die mislukte aanval by Frederikstad teruggetrek na die Vrystaat. Die meeste burgers is gedurende November die kans gegun om hulle koring te oes en sake op hulle plase in orde te bring. Die toestand in Wes-Transvaal het generaal De la Rey bekommer en hy het instruksies aan Smuts uitgereik om daarheen te gaan om die kommando's behoorlik te organiseer.[103)]

Teen die middel van Januarie 1901 het generaal Smuts uit die omgewing van Ventersdorp in die rigting van die Gatsrand beweeg. Die burgers van Gatsrand het in daardie stadium reeds opdrag gekry om weer op die plaas Kleinfontein te vergader. Hierdie burgers het weer by die res van die Potchefstroom Kommando aangesluit wat deur generaals Liebenberg en J.J.M. Breytenbach, (laasgenoemde 'n burger van die plaas Kleinfontein in die Gatsrand), gelei is. Liebenberg het by Smuts aangesluit terwyl Breytenbach en 'n groepie burgers wat hoofsaaklik afkomstig was van die Losberg-omgewing in die Gatsrand vooruit gegaan het na die Britse blokhuis op Moderfontein. Hier was die Britse getalsterkte onder Casson net 109 man en hy was van die Boeremag in die Gatsrand bewus.[104)]

Intussen het kaptein Magniac op 29 Januarie 1901 met 'n konvooi met 'n maand se voorraad onder beskerming van 108 man van Krugersdorp af na Modderfontein vertrek - onbewus van die Boeremag in die omgewing wat die konvooi moontlik kon buit. Casson moes toe 'n paar man onder luitenant Crawley afstaan om die naderende konvooi by te staan sodat

---

102) P.H.S. van Zyl, *Waar en trou*, p.129.

103) J. Oosthuizen, *Jacobus Hercules De la Rey en die Tweede Vryheids=oorlog* (D.Phil-proefskrif, 1949), pp.358-386.

104) Defence Council (SAWA), verw. GP1: Skriftelike verklaring J.A. van der Walt, 12.1.1973. Vergelyk ook L.A. Amery (red.), *The Times history of the war ..., V*, pp.113-114, en P.A. Pyper, *Gene=raal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, p.46.

dit die blokhuis in veiligheid kon bereik. Ten spyte van herhaalde aanvalle deur generaal Breytenbach het die konvooi tog daarin geslaag om sy bestemming te bereik.[105)]

Generaals Liebenberg en Smuts het hulle op 29 Januarie naby Modderfon= tein bevind na kleiner skermutselings met Britse troepe by Ventersdorp en Frederikstad en besluit om op 30 Januarie met 'n gesamentlike Boeremag van 1 500 man die blokhuis op Modderfontein (wat nou deur 200 beman is) aan te val.[106)] Na 'n geveg van 43 uur het Smuts op 31 Januarie die blokhuis oorgeneem met enkele verliese aan Boerekant. Slegs generaal Breytenbach het gesneuwel en kommandant F.G.A. Wolmarans is lig ge= wond.[107)] Generaal Cunningham wat Modderfontein op 1 Februarie bereik het, het die Boere die volgende dag met 800 man aangeval. Generaal Smuts het Cunningham se magte egter teruggedryf en dit het vir Smuts en die Boere as inspirasie gedien vir verdere optrede elders.[108)]

Kort na die aanval op Modderfontein het Smuts vir generaal Ben Bouwer van Kafferskraal na Gatsrand ontbied om die Boeremagte te help om die brug by Bankstasie met plofstof te vernietig. Alhoewel die sterkte van die Britse kamp op Bank onbekend was, is besluit om tot aksie oor te gaan waarin kommandante T.F.J. Dreyer en F.G.A. Wolmarans van Gatsrand ook deel gehad het. Bouwer en sy 50 man het ervaring van plofstowwe gehad en moes die brug opblaas terwyl Dreyer en 50 man hulle teen 'n moontlike aanval van die vyand sou beskerm en Wolmarans se 50 man die Britse kamp bestorm.[109)]

---

105) L.S. Amery (red.), *The Times history of the war ...*, *V*. p.114.

106) L.A. Amery (red.), *The Times history of the war ...*, *V*, p.115. Kyk ook J. Oosthuizen (TAB), verw. A1449: Generaal J.C. Smuts/ Generaal J.H. De la Rey, 22.1.1901.

107) P.A. Pyper, *Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, p.46. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe A.P. Nel, p.12.

108) L.S. Amery (red.) *The Times history of the war...*, *V*, p.115.

109) O.J.O. Ferreira (red.), *Memoirs of general Ben Bouwer*, pp.106, 110-111.



KONSENTRASIEKAMPKINDERS IN DIE KRUGERSDORP KAMP

Agter, v.l.n.r.: J.P. Nortjé, L.J. Nortjé
Voor, v.l.n.r.: P.S. Nortjé, R.B. Nortjé

Foto: M. van der Westhuizen (Carletonville)

Die geblaf van 'n hond in die Britse kamp het kommandant Dreyer se manne egter ontsenu en daar is geskiet sonder bevel. Die operasie is egter ten spyte van dié voorval suksesvol deurgevoer en Wolmarans het daarin geslaag om die kamp te bestorm en heelwat voedselvoorraad te buit.[110) ] Die fout wat kommandant Dreyer se manskappe begaan het, het gelei tot die verlies van vier van Bouwer se manne wat tydens die geveg aangesien is vir Britse soldate.[111)]

Cunningham het na sy neerlaag op Modderfontein van lord Kitchener opdrag gekry om met. G.E. Benson (Potchefstroom) en C. Shekleton (Elandsfontein) se kolonnes te verenig en Smuts in die Gatsrand te verslaan. Dié kolon= nes kon egter nie daarin slaag om Smuts se mag vas te trek nie. In Julie 1901 het Smuts besluit om die Kaapkolonie in te val en vir die doel moes die burgers op Kaalplaats in die Gatsrand vergader. Van oor die hele Wes-Transvaal het 340 man daar bymekaar gekom en in vier af= delings verdeel onder kommandante Dreyer, Bouwer, Van der Venter [sic] en Kirster [sic].[112)]

Terwyl die ander onmiddellik suidwaarts beweeg het, het generaal Smuts en kommandant Dreyer met 100 man agtergebly en 'n dag later na Losberg vertrek. Die Britse magte het egter van Smuts se plan te hore gekom en Britse troepe is dadelik na Hoopstad gestuur, terwyl Garratt se manne na Losberg beweeg het. Die Boeremag het Garratt by Lindequesdrift ont= glip, maar Dreyer[113)] en nege ander is deur Britse troepe gevang voordat hulle Zastron bereik het.[114)]

---

110) C.J.S. Strydom, *Ruitervuur*, p.165.

111) O.J.O. Ferreira (red.), *Memoirs of general Ben Bouwer*, p.111. Kyk ook C.J.S. Strydom, *Ruitervuur*, p.165.

112) L.S. Amery (red.), *The Times history of the war ..., V*, pp.219-220, 302. Kyk ook Defence Council (SAWA), verw. GP1: Skriftelike verklaring J.A. van der Walt, 12.1.1973.

113) Kyk Carletonville (PU vir CHO): Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987. Kommandant Dreyer is na die krygsgevangenekamp in Indië gestuur.

114) O.J.O. Ferreira (red.), *Memoirs of general Ben Bouwer*, p.114.

Die guerrilla-taktiek van Smuts , De la Rey en andere was besig om sy einde te nader. In die Transvaal en Vrystaat was die land reeds verwoes. Duisende vroue en kinders waaronder die van Gatsrand, is na konmsentrasie=kampe geneem waar baie gesterf het.[115)] Uit vrees vir wegvoering was som=mige vroue en kinders gereeld op die vlug. Onder die voortvlugtende vroue uit die Gatsrand het getel B. Pretorius van Kalbasfontein wat vir 17 dae aaneen gevlug en 'n tyd lank by haar skoonsuster naby Klerks=dorp gaan woon het.[116)] M.S.E. Brits van Jachtfontein het vir maande met haar kroos rondgeswerf [117)] en M.C. Dreyer wat ook in die Gatsrand rond=geswerf het, het vele kere op 'n wonderbaarlike wyse van die Britse troepe ontvlug.[118)] Mevrou D.J.C. Dreyer (kommandant T.F.J. Dreyer se vrou) het die Britse troepe ontwyk deur een nag met haar kinders oor die Mooirivier te swem en elders 'n tuiste te vind.[119)]

Die algemene toestand (veral met betrekking tot afgebrande plaashuise, mens- en veeverliese) waarin die eertydse ZAR verkeer het, het gelei tot die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902.[120)] 'n Groot Britse troepe=mag het in die land agtergebly om toe te sien dat orde gehandhaaf word. Van dié troepe was vir 'n geruime tyd ook in die omgewing van Losberg, Welverdiend, Taaiboschspruit en Bank gestasioneer.[121)] Britse soldate het selfs die plaasinwoners met los werkies gehelp, onder andere komman=dant T.F.J. Dreyer wat gehelp is om die verwoeste krale op sy plaas met klip te herbou.[122)]

---

115) L.S. Amery (red,), *The Times history of the war ..., V,* p.604. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO) verw. 1: Herinneringe A.M. Schutte, 24.9.1950.

116) Konsentrasiekampherinneringe (TAB), verw. WHA 1221: Vertelling B. Pretorius, 1901.

117) Konsentrasiekampherinneringe (TAB), verw., WHA 1221: Vertelling M.S.E. Brits, 1901.

118) J. Dreyer, *Bittereinders onder die vroue,* pp.9, 21.

119) Carletonville (PU vir CHO) verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1897.

120) L.S. Amery (red.), *The Times history of the war ..., V,* p.604. Kyk ook F.A. van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961,* p.172.

121) Justisie (SAB), verw. 519 nr. 6216/29(2): Law Department SAC, 30.10.1904. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Her=inneringe dr. J.A. Schutte, 3.11.1986.

122) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

In 1920 het die Verdedigingshoofkwartier besluit om erkenning te gee vir uitstaande prestasies gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Die me= dalje, die *Dekoratie voor Trouwe Dienst,* is in 1922 aan elf offisiere van die Gatsrand uitgereik. Hulle was J.T. Martins (kommandant), T.F.J. Dreyer (kommandant), M.J. Wolmarans (kommandant), F.G.A. Wolmarans (kom= kandant), J.J.M. Breytenbach (veggeneraal), F.G. Breytenbach (veldkornet), W.P. Grey (assistent-veldkornet), P.J.W. du Plessis (veldkornet), P.A. Vermaas (veldkornet), J.F. van der Merwe (veldkornet) en J. Geldenhuys (veldkornet).[123)]

### 6.2.3 Ontwikkeling, 1903-1948

Met die beëindiging van die oorlog op 31 Mei 1902 moes die Boerekommando's hulle wapens neerlê en is ontbind. Besettingsmagte van Brittanje het toe die land se verdediging waargeneem. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, op 31 Mei 1910, is aandag geskenk aan die daarstel= ling van 'n nasionale verdedigingsorganisasie. Die Verdedigingswet van 1912 het voorsiening gemaak vir persoonlike diensplig en vir 'n aktiewe burgermag bestaande uit Blanke burgers tussen 17 en 25 jaar wat op 'n vrywillige basis opleiding sou ontvang. Van burgers tussen 17 en 60 jaar wat nie dié opleiding ondergaan het nie, moes vir minstens vier jaar by 'n skietvereniging aansluit.[124)] In die Gatsrand is agt skietver= enigings as die Gatsrand Kommando met hoofkwartier Welverdiend saamge= groepeer onder die bevel van kommandant T.F.J. Dreyer. Velkornette en assistent-veldkornette is vir elke skietvereniging aangestel:

---

123) *De Westelike Stem* 8.11.1922, p.6. Vergelyk ook D.R. Forsyth, "De= koratie voor Trouwe Dienst", *Krygshistoriese tydskrif,* 1(1), 11 Desember 1967, pp.14-18, en P.H.S. van Zyl, *Waar en trou,* p.129. Die SAWA besit lyste van aanbevelings van persone wat aansoek ge= doen het, of namens wie aansoek gedoen is, vir die "Dekoratie voor Trouwe Dienst".


124) Anon., "Die geskiedenis van ons", *Paratus,* Oktober 1973, p.9. Vergelyk ook D.J. Potgieter, *Standard Encyclopaedia of Southern Africa III,*

TABEL 9

SKIETVERENIGINGS IN DIE GATSRAND KOMMANDO NA 1913[125)]

| SKIETVERENIGING | LEDETAL | VELDKORNET | ASSISTENT-VELDKORNETTE |
|---|---|---|---|
| Boven Gatsrand noord, nr. 114 | 88 | J.M.L. Steyn | C.J.H. Minnie<br>A.J.G. Oosthuizen<br>G.B. Lindeque<br>J.W. van der Westhuizen |
| Wonderfontein-Rooi= poort nr. 145 | 83 | J.J. Marnewick | J.F. van der Merwe<br>P.H. Roux<br>J.P. Nortjé<br>J.S. Roos |
| Losberg-Botha nr. 146 | 82 | H.J. Strauss | J.G. Pretorius<br>G.D. van der Berg<br>J.J. Oberholzer<br>J.P. Oosthuizen |
| Losberg nr. 188 | 104 | J.B. Wolmarans | C.G.P. Pretorius<br>G. Rossouw<br>P.J. van den Heever<br>L.H. Delport |
| Elandsfontein nr. 218 | 52 | P.J. Davidtz | H.S. Wolvaardt<br>J.P. Kleyn<br>M.C. Hoffmann<br>F.D. Pienaar |
| Boven wyk Gatsrand nr. 147 | 101 | T.P. Pretorius | P.C. Crafford<br>J.J. Martins<br>J.J.F. Rautenbach<br>C.J.J. van Vuuren |
| De Vliegende skiet= vereniging nr. 193 | 81 | J.N. du Toit | T.F. Cronjé<br>J.P. Badenhorst<br>J.P. Cronjé<br>F.J. Cronjé |
| Gatsrand nr. 192 | 113 | F.R.P. Schutte | D.J. du Plessis<br>G.F. Redelinghuys<br>W.P. Grey<br>F.L.M. Schutte |

125) Defence Council (SAWA), verw. GP2 nr. 1403/7: Staff Officer Citizen force/Secretary for defence, 28.4.1914. Defence Council (SAWA), verw. GP2 nr. 14/14: Staf Offisier Burgerman Pretoria/Majoor, nr. 7 militêre distrik, 12.5.1914.



LEDE VAN DIE LOSBERG SKIETVERENIGING, 1920

Foto: B.J.J. Vermaas Jr. (Fochville)

Loongeskille tussen Blanke en Swart arbeiders het in 1913 aanleiding gegee tot 'n staking in die Randse goudmyne. Eenhede van die nuwe weer= mag - onder meer die Gatsrand Kommando - is vir diens opgeroep.[126] Hulle moes die myne, munisipale geboue, spoorwegstasies, kragstasies en sekere private eiendom teen oproerigheid beskerm.[127]

Die stof van die staking het skaars gaan lê toe internasionale spanninge gelei het tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 en die Unie besluit het om Brittanje te steun. Vir die Unie het die oorlog op 'n ongeleë tydstip gekom aangesien die land nog met interne probleme te doen gehad het en die Tweede Vryheidsoorlog nog vars in die geheue was.[128] Generaal Louis Botha het besluit dat die Unie ten minste haar grense moes verdedig en Britse garnisoene teruggetrek kon word. Vir dié doel is besluit om vrywilligers op te roep. Gerugte het egter die rondte gedoen dat die Unie al die burgers vir militêre diens gaan opkommandeer. Dit het nie generaal De la Rey se goedkeuring wegge= dra nie. 'n Ongelukkige skietvoorval het gelei tot De la Rey se dood op 15 September en dit het as lont gedien vir oproerige vergaderings en openlike rebellie.[129]

Generaal Botha het burgers op 12 Oktober opgeroep om die Rebellie te onderdruk. Soos in ander dele van die land was daar ook 'n groot mate van verdeeldheid in Gatsrand na dié oproep. Daar was diegene wat Botha gesteun het en gehoor gegee het, terwyl veldkornette en assistent-veldkornette (soos J.J. Marnewick, P.H. Roux, D.J. du Plessis, M.L. Steyn, J.B. Lindeque) sowel as gewone burgers uit die skietverenigings bedank het om daardeur hulle misnoeë te kenne te gee.[130] Nadat die

---

126) Defence Council (SAWA), verw. GP2 nr. 1403/7: Kommandant, Militêre distrik nr. 7/DSA Burgermag Pretoria, 4.8.1914.

127) S.J. Pietersen, *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914*, p.47.

128) F.V. Engelenburg, *Generaal Louis Botha*, p.310.

129) T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, p.185.

130) Defence Council (SAWA), verw. GP2 nr. 11207/4: Staf Offisier militêre distrik nr. 7/Hoof Unieverdedigingsmag, 23.9.1919. Nuwe veldkornette en assistent-veldkornette wat in 1919 aangestel is in die plek van die wat bedank het, is J.H. Muller, W.P. Grey, F.T.I. Grobler en J.C. van der Westhuizen. Kyk Defence Council (SAWA) verw. GP1 nr. 2/11207/4: Kolonel A.J. Brink/DSO Militêre distrik nr. 7, 17.9.1919.

rebellie onderdruk is, is vrywilligers van die Gatsrand Kommando na Potchefstroom waar hulle by die kommando onder kommandant Hall aange= sluit het. Die kommando het by die res van die Unieverdedigingsmag aangesluit wat na (Duits)Suidwes-Afrika gegaan en uiteindelik 'n sukses= volle veldtog meegemaak het.[131)]

In 1921 het die Gatsrand Kommando uit nege skietverenigings bestaan nadat die Klipdrift Skietvereniging in daardie jaar bygekom het en C.M. du Plessis as waarnemende asistent-veldkornet aangestel is.[132)]

Toe die Staking in 1922 aan die Rand uitgebreek het, is veldkornet W.P. Grey as waarnemende kommandant van Gatsrand gevra om die Kommando na die Rand te neem. Die opdrag was om die Staking wat toe reeds die vorm van 'n gewapende protes aangeneem het, te onderdruk.[133)] Grey het lede van die skietvereniging en hulle veldkornette versoek om by Bankstasie bymekaar te kom sodat hulle vandaar saam kon vertrek. Dié versoek het egter nie veldkornet J.B. Wolmarans van Losberg welgeval nie. Alhoewel hy die lede van die Losberg Skietvereniging na Bankstasie vergesel het, was hy onwillig om verder te gaan nadat sy moeder hom skynbaar verwittig het dat twee van sy broers by die staking betrokke was en een 'n leidende rol gespeel het. As 'n bekende in die omgewing, veral vanweë sy bedrywighede as lid van die Nasionale Party, het sy weiering daartoe gelei dat sommige ander ook nie wou gaan nie en selfs uit die onderskeie skietverenigings bedank het. Die res het egter na die Rand vertrek.[134)]

Nadat die staking in Maart 1922 onderdruk is, het 'n ontevrede Grey vir kolonel Nussey, bevelvoerder van Potchefstroom, versoek om J.B. Wolmarans van sy amp as veldkornet te onthef. Grey het 'n petisie van lede van die

---

131) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud K. Greyling, 13.1.1987. Ten tyde van die data-insameling was mnr. Greyling die enigste oorlewende in die omgewing wat die Suidwes-Afrika veldtog meegemaak het. Hoewel hy bevestig het dat daar nog vrywil= ligers uit die Gatsrand was wat vir diens aangemeld het, kon hy nie onthou wie hulle was nie.

132) Defence Council (SAWA), verw. GP2 nr. 21/11253: Sersant E. Chris= tiaan/DSO militêre distrik nr. 7, 12.6.1921.

133) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 11207/4: Adjudant Grey/ Staf Offisier militêre distrik nr. 7, 31.3.1922.

134) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 11207/4: Luitenant Kolonel Meyer/kolonel A.H. Nussey, 24.4.1922. Vergelyk ook DC196 nr. 11207/4: J.B. Wolmarans/W.P. Grey, 26.3.1922 en Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.

Losberg Skietvereniging ontvang waarin daar gevra word dat Wolmarans moet bedank.[135] Wolmarans het op 5 Mei 1922 bedank, maar is weer in 1924, op aanbeveling van kaptein M.J. Wolmarans van Potchefstroom, aangestel.[136] Toe Dreyer in 1923 as kommandant van die Gatsrand Kommando bedank het, is W.P. Grey, wat vir 'n lang tydperk as waarnemende kommandant opgetree het terwyl Dreyer sy parlementêre verpligtinge nagekom het, aangestel.[137]

J.H. Muller het Grey in 1925 opgevolg.[138] Tot en met kommandant Muller se bedanking in 1934 was die Gatsrand Kommando steeds 'n klas B-kommando, wat beteken het dat die eenheid ten minste een kommandant, een adjudant, een kwartiermeester, 12 luitenante en 600 lede moes hê.[139] Die depressie in die vroeë dertigerjare het die departement van Verdediging teen 1935 in so 'n finansiële nood laat beland dat ook die Gatsrand Kommando gevra is om hulle sterkte te verminder deur alle onaktiewe lede van die sterkte te ontslaan. A.L. Oosthuizen, wat die pos van kommandant in 1935 aanvaar het, moes hierdie opdrag uitvoer.[140]

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die Uniekabinet besluit om weer, soos in 1914, gebruik te maak van vrywilligers om aan die oorlog deel te neem. Dat daar nie 'n gebrek aan vrywilligers was nie, blyk uit die stigting van 'n militêre eenheid in 1940 by die Blyvooruitzichtmyn, bekend as die "Mines Engineering Brigade". Dié Eenheid het gemobiliseer en parades op die myngrond gehou, terwyl hulle gewag het op toestemming om aan die oorlog deel te neem.[141]

---

135) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 11207/4: Waarnemende kommandant W.P. Grey/Kolonel Nussey, 1.5.1922.

136) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 11207/4: Kaptein M.J. Wolmarans, DSO militêre distrik nr. 7/Hoof van die Generale Staf Pretoria 8.4.1924.

137) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 11207/4: Erkentenisvorm W.P. Grey, Desember 1923.

138) Defence Council (SAWA), verw. DC366 nr. 7/40252: Brigadier-generaal Pretoria/Offisier in bevel, militêre distrik nr. 5, 6.12.1926.

139) Defence Council (SAWA), verw. DC59 nr. 87312: Kommando organisa= sie, 31.1.1935.

140) Defence Council (SAWA), ver. GP2 nr. 17041/1: Hoofkommandant Burgerkommando's/A.L. Oosthuizen, 3.1.1935.

141) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.23.

Gatsranders wat vrywillig diens in Noord-Afrika en Italië gedoen het, was onder andere D. Wilkenson, dr. R.A. Caldwell, D.D. Waterman, R.J.S. Fourie, B. Cockroft, S. Coetzee, G.C.A. Dein, G. Peverett, D.C.A. Rey= nolds, C.A. Cotts, G. Pringle, C. Hiles, R.H. Hobson, G. McKednie, C. Rautenbach, L. Kruger, K. Greyling, F.J. Putter, R. Vey, D.N. Cloete, W. Fletcher, G.H. van Onselen, J.M.I. Luyt, G.F. Marais, Z. White en G. Cox.[142)]

Ten tyde van majoor P.P. Oosthuizen se verkiesing as bevelvoerder van die Gatsrand Kommando op 19 Julie 1940[143)] is 'n nuwe fase in die ver= dedigingstelsel ingelui toe die Nasionale Reserwe Vrywilligers (NRV) in Oktober 1940 gestig is met die doel om die yl bevolkte dele van die Unie met vrywilligers te beman. Die Gatsrand Kommando het gevolglik ontbind en vanaf Maart 1941 kon belangstellendes tussen 17 en 60 jaar by die eenheid, toe bekend as die Gatsrand Kommando-afdeling van die NRV, aansluit. NRV-lede moes 'n eed aflê dat hulle in enige plek in Afrika diens sou doen indien dit verwag word. Ook moes 'n minimum van vier uur per maand paradetyd bygewoon word. Die lede is toegerus met 'n wapen en uniform.[144)]

Majoor Oosthuizen het die administrasie vir Gatsrand se NRV-afdeling behartig. Na Oktober 1941 is kaptein H.J. Badenhorst, luitenant J.P. Oosthuizen, tweede-luitenant P.G. Malherbe en tweede-luitenant W.J.A. Vermaas as offisiere aangestel.[145)] Hoeveel persone aanvanklik as NRV-

---

142) Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: C. Rautenbach/E.S. van Eeden, 7.5.1987.

143) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 17041/1: Majoor hoofkom= mandant Burgerkommando's/Majoor P.P. Oosthuizen, 27.3.1941. Vergelyk ook DC196 nr. 17041/1: Hoof kommandant Burgerkommando's/ Majoor P.P. Oosthuizen, 19.6.1940.

144) Defence Council (SAWA), verw. DC59 nr. VSV2911: Commando detachments of the National Reserve Volunteers, 1946.

145) Defence Council (SAWA), verw. DC196 nr. 22253/1: Majoor generaal Sondagh/Hoofkommandant Burgerkommando's, 8.8.1945. Vergelyk ook verw. DC196, nr. 2861 en 6626: Hoofkommandant Burgerkommando's/ Majoor P.P. Oosthuizen, 1.10.1941.

lede aangesluit het, kon nie vasgestel word nie. As daar egter geoor= deel moet word aan die 92 persone wat vanaf 13 Mei 1943 geregtig was op 'n Afrikadiensmedalje nadat aan die vereistes van 'n minimum van 18 uur opleiding voltooi is, is dit onwaarskynlik dat die getal NRV lede in die Gatsrand in 1941 meer as 100 was.[146)]

Majoor P.P. Oosthuizen is na sy bedanking in Mei 1948 deur majoor J.P. Oosthuizen opgevolg .[147)] Sy termyn was egter van korte duur want die minister van Verdediging het op 15 Desember reorganisasie van die verde= digingsmagte gelas.[148)]

---

146) Defence Council (SAWA), verw. DC59 nr. VSV73/7/49: Gatsrand Nasionale Reserwe Vrywilligers, 14.5.1945. Vergelyk ook kaptein H.J. Baden= horst/Hoofkommandant Verdedigingsmag, 1.5.1946.

147) Defence Council (SAWA), verw. DC59 nr. VSV2/12/231: Waarnemende ad= judant-generaal F. du Toit/Bevelvoerende Offisier Voortrekkerhoogte, 13.7.1948.

148) Defence Council (SAWA), verw. DC59 nr. OCM163. Inligtingstuk aan Kommandement, 15.12.1948.

# HOOFSTUK SEWE

# ADMINISTRATIEWE GROEI, GESONDHEIDS- EN WELSYNSDIENSTE

## 7.1 Plaaslike administrasie

Die ZAR-grondwet van 1858 het voorsiening gemaak vir die verdeling van die land in distrikte waarvan elk uit twee of meer wyke bestaan het. Die administrasie van 'n distrik is aan 'n landdros, ses heemrade[1)] en die veldkornette toegewys. 'n Veldkornet se administratiewe pligte het onder meer behels dat plase opgemeet en geïnspekteer en belasting van Blank en Swart ingevorder word.[2)] Die ingevorderde belasting van Gatsrand is by die landdros van Potchefstroom inbetaal aangesien Pot=chefstroom die administratiewe setel van die distrik was.[3)] Buiten die betaling van persoonlike belasting, het die Blankes ook spoorweg- sowel as "weg"-belasting (op paaie) betaal.[4)]

Die Volksraad het soms ook belasting ingevorder vir 'n spesiale saak soos byvoorbeeld in 1876 toe dié Raad gelas het dat geld inge=vorder moes word vir die instandhouding van die forte Steelpoort en Magneelshoogte. Tydens twee openbare vergaderings dié jaar in die Gatsrandwyk het die bewoners aldaar besluit om as gevolg van moei=

---

1) A.G. Oberholster, "Ontwikkeling van die bestuur van landelike gebiede in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Kaaplandse Afdelingsrade en die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike gebiede", *Acta Academica* B(21), 1985, p.67.

2) F.A. van Jaarsveld, "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die ZAR tot 1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1971, pp.274-275.

3) Potchefstroom Landdros (TAB) verw. 73: Persoonlike belasting wyk Gatsrand, 1864-1872. Kyk ook verw. 91: Register op hutbelasting, 1882-1883.

4) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 312: Plaasbelasting wyk Gats=rand, 1884-1890. Vergelyk ook verw. 73: Persoonlike belasting wyk Gatsrand, 1864-1872 en verw. 74: Belastingregister wyk Gatsrand, 1879-1881.

like finansiële omstandighede, net die jaarlikse belasting te betaal. Volksraadlid J.J. Hoffman het die Volksraad van die Gatsranders se besluit in kennis gestel.[5)] Dit is waarskynlik so aanvaar.

Hutbelasting[6)] wat onder die Swartes van Gatsrand ingevorder is, was beskou as hulle persoonlike bydrae tot die uitvoering van plaaslike regeringsdienste.[7)] Dit is aangewend vir dienste soos gesondheids=komitees wat Swartes se welvaart moes bevorder.[8)] Plase waar hutbe=lasting ingevorder is, is Buffelsdoorn, Kraalkop, Deelkraal, Leeuwpoort en Rhenosterfontein.[9)] Op hierdie plase was waarskynlik hutte waar selfs Swart arbeiders wat op naburige plase gewerk het, gewoon het. Dit blyk dat nie al die boere bereid was om vir 'n groot getal arbeiders verblyf op hulle plase te gee nie. Die redes daarvoor is onseker.[10)] Die hutte op die plase waar hutbelasting ingevorder is, was nie so groot in getal dat daarna verwys kan word as lokasies nie. Daar was trouens tot 1948 nog nie sprake van lokasies in die Gatsrand nie.[11)] Enkele boere het wel verblyf aan arbeiders gegee wat vir hulle gewerk het. Ook in sulke gevalle is belasting van dié arbeiders ingevorder.[12)]

---

5) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 6: Verslag J.J. Hoffman/ Landdros, 17.10.1876 en 26.11.1876.

6) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 91: Register op hutbelasting, 1882-1883.

7) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 92: Register op hutbelasting, 1883-1896. Kyk ook W.J.J. Kok/Landdros, 17.4.1882 en B.F. Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys I,* p.135.

8) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 9: Landdros/J. Geldenhuys, Augustus 1882. Kyk ook B.F. Nel, *Naturelle-opvoeding en -onder=wys I,* pp.135-136.

9) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 91: Register op hutbelasting, 1882-1883.

10) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986.

11) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. T1/30/3388. Sekretaris Gesondheidsraad/Prokureurs Roux en Jacobs, 29.12.1953.

12) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 91: W.J.J. Kok/Landdros, 17.4.1882.

Die Potchefstroomse Distriksraad was belas met die instandhouding van paaie en oprigting van skoolgeboue. 'n Groot deel van die wyk Gatsrand se bydrae tot "weg"-belasting is aan dié Raad toegewys. T.F. Cronjê het in 1885 die Gatsrandwyk in die Raad verteenwoordig.[13)]

Die Swartmense se belange is behartig deur 'n kommissaris belas met Naturellesake. In 1899 is veldkornet J.T. Martins as onderkommissaris vir die distrik Potchefstroom aangestel. Hy moes onder andere toesien dat arbeid en verblyf op plase, waar boere dit versoek het, aan Swart=mense verskaf word.[14)]

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die Britse administrasie pogings aangewend om 'n stelsel van plaaslike bestuur in Transvaal in te voer vir dorpe en gebiede wat nie van munisipaliteite voorsien was nie of wat ver van munisipaliteite geleë was.[15)] Anders as in die wyk Laer-Schoonspruit waar die plaaslike owerheid van Klerksdorp na 12 September 1883 sekere van die wyk se administratiewe funksies oorgeneem het,[16)] is Gatsrand tot en met die stigting van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede (28 Junie 1944) deur die landdros van Potchef=stroom geadministreer.[17)] Die gemeenskap was, benewens die dorp Fochville wat in 1920 geproklameer is, tot en met die aanvang van goudmynbedrywig=hede in 1937 oorwegend agraries met geen sentrale plek vanwaar admini=stratiewe aangeleenthede georganiseer is nie.[18)]

---

13) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 12: F.F. Cronjé/Landdros, 16.6.1885.

14) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 26: Diverse stukke, 1899.

15) A.G. Oberholster, "Ontwikkeling van die bestuur van landelike gebiede in Suid-Afrika ...", *Acta Academica* B(21), 1985, p.68.

16) R. Marx, "Watter is die oudste dorp in Transvaal?", *Contree* 19, Januarie 1986, p.29.

17) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T6/13: Town regional plan=ning: West Wits Local area committee, 1948.

18) Fochville het in 1920 reeds 'n gesondheidskomitee gehad wat in die dorp en waarskynlik ook in die omgewing werksaam was. Hoe ver hulle grense gestrek het, is egter onseker. Dié dorp het nie oor 'n plaaslike owerheid beskik nie en het eers op 1 November 1951 'n dorpsraad verkry. Kyk B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952,* p.29.

Mynvesting en dorpsproklamering in die Gatsrand van 1937 af het 'n behoefte vir 'n administratiewe liggaam op plaaslike vlak geskep. In 1944 is die administrasie van die noordelike en oostelike gedeeltes van die gebied aan die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede oorgedra, terwyl die suidelike en westelike dele steeds deur die land= dros van Potchefstroom geadministreer is.[19)] Die Gesondheidsraad het sake soos openbare gesondheid, administrasie en ontwikkeling van die gebied behartig. Munisipale dienste soos water, elektrisiteit en riolering is ingestel. Dorpsbeplanning het ook mettertyd aandag ge= niet.[20)] Ten opsigte hiervan het die maatskappy Consolidated Gold Fields hulle ook beywer om die West Wits-gebied te ondersoek met die oog op die ontwikkeling daarvan. Ontwikkeling is vir die omgewing van die plaas Oog van Wonderfontein nr. 658 beplan.[21)] Die maatskappy het 'n dorpsbeplanningsdeskundige van London, ene professor Holford, genader om die beplanning vir hulle te doen. Consolidated Gold Fields het terselfdertyd die Gesondheidsraad versoek om met die beplanning van die gebied te wag totdat die professor se idees voorgelê is. Daar is gevra dat die Raad ook oorweging moes skenk aan die uitbreiding van die gebied se grense sodat die West-Wits-Lyn in geheel deur die Gesondheidsraad beheer kon word.[22)] Die Provinsiale Administrasie het in 1948 toestemming verleen dat die plase Deelkraal, Boschoek en Stompoorfontein onder die Gesondheidsraad se gesag geplaas word.[23)]

'n Dorpsbeplanningskema vir die Wes-Witwatersrand-gebied is op 2 Desem= ber 1948 deur die Gesondheidsraad begin toe dit duidelik geword het dat Consolidated Gold Fields slegs 'n gedeelte van die Carletonville-

---

19) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T6/13: Town regional plan= ning: West Wits Local area committee, 1948.

20) A.G. Oberholster, "Ontwikkeling van die bestuur van landelike gebiede in Suid-Afrika ...", *Acta Academica* B(21), 1985, p.68.

21) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T6/13: Consolidated Gold Fields Beperk/Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede, 11.2.1948.

22) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T/13: Gesondheidsraad/ Consolidated Gold Fields Beperk, 28.7.1948.

23) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T6/13: Provinsiale admini= strasie/Gesondheidsraad, 31.7.1948.

area wou ontwikkel en die Raad besef het dat die oorblywende gedeelte min baat daarby sou vind.[24)]

Reeds in 1946 het inwoners in die omgewing van die myne 'n waaksaamheids=komitee gestig bestaande uit inwoners van Carletonville (toe al so bekend) en Oberholzer, asook plaaslike boere. Amptenare van die goud=mynmaatskappy van Blyvooruitzicht en Wes-Driefontein is ook betrek. Die Gesondheidsraad is in November van daardie jaar deur die Waaksaam=heidskomitee versoek om laasgenoemde as die plaaslike owerheid te konstitueer.[25)]

Op 12 Oktober 1948 is toestemming verleen vir die stigting van 'n plaas=like gebiedskomitee van agt lede. T.W. Bruyns, J.W. de Villiers, D. Gerson, S.B. Gibbs, D.S. McInnes, A.V. Ozard, J.N. Phibbs en R. Soulsby het eerste daarin gedien. Aangesien die plaaslike Gebieds=komitee nie net in die omgewing van Carletonville werksaam sou wees nie, het die Gesondheidsraad goedkeuring aan die Komitee verleen om sy naam te verander na "West Witwatersrand Local Area Committee".[26)]

In Mei 1948 het J.J. Havenga van Welverdiend die Gesondheidsraad ver=soek om 'n komitee op dié dorp in te stel om die belange van die bewo=ners en grondeienaars te behartig, veral met betrekking tot die hante=ring van probleme ten opsigte van water- en elektrisiteit.[27)] Daarvan het niks gekom nie. In November 1948 het J.G. Fourie die Gesondheids=

---

24) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T6/13: Consolidated Gold Fields Beperk/Gesondheidsraad, 17.11.1948. Vergelyk ook T6/13/3722: Gesondheidsraad/Provinsiale Sekretaris, 2.12.1948.

25) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/29 nr. 1: Waaksaamheids=komitee/Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede,18.11.1946.

26) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/29 nr. 1: Waaksaamheids=komitee/Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede, 3.6.1947. Kyk ook verw. T1/29 nr. 1: Waaksaamheidskomitee/Gesondheidsraad, 12.10.1948.

27) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/29 nr. 12: J.J. Havenga/Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede, 3.5.1948.

raad met 'n soortgelyke versoek genader.[28] Die Raad het die besluit aan die West Witwatersrand Local Area Committee oorgelaat aangesien Welverdiend by dié liggaam se gesagsgebied ingedeel is.[29] Die Provin= siale Administrasie het nietemin die inwoners van Welverdiend op 21 Desember 1948 toestemming gegee om met die stigting van 'n plaaslike gebiedskomitee voort te gaan.[30]

Die Gesondheidsraad het tot 1948 nog die gebied van sanitasie, water en elektrisiteit voorsien. Dorpe se afstand van die goudmyne het die bespoediging van sodanige geriewe beïnvloed.[31] Carletonville en Oberholzer het eerste hierby gebaat aangesien hulle die naaste aan die myne geleë is. Die dorpe West Wits en Blybank het egter as gevolg van hulle afstand van die myne onderontwikkeld gebly.[32]

Sanitasiegeriewe het van dorp tot dorp verskil. Die spoelriolering= stelsel is in Carletonville en Blyvooruitzicht geïnstalleer, terwyl afval op Carletonville met 'n muilwa onder toesig van die Wes-Driefon= tein mynmaatskappy na 'n ashoop ongeveer 1,5 kilometer buite die dorp verwyder is. Daarenteen moes die myndokter van die Blyvooruitzichtmyn en sy personeel toesig hou oor die samitêre toestande by die myn. Rommel is twee-weekliks deur askarre verwyder en in 'n ou skag gestort.

---

28) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/29 nr. 1: J.G. Fourie/ Gesondheidsraad vir buitestedelike gebiede, 8.11.1948.

29) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. 1: Gesondheids= raad vir Buitestedelike gebiede/J.G. Fourie, 28.11.1948.

30) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/29 nr. 1: Provinsiale Administrasie/J.G. Fourie, 21.12.1948. Die datum waarop die plaaslike Gebiedskomitee van Welverdiend gestig is, is onbekend. In 1950 het inwoners dié dorp wel in die "West Witwatersrand Local Area Committee" verteenwoordig. Kyk Carletonville (Munisi= paliteit), verw. T1/30: Welverdiend Township, 11.12.1950.

31) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JG3/T nr. 3: Gesondheids= inspekteur Johannesburg/Mediese beampte: Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede, 8.7.1947. Vergelyk ook T1/29 nr. 1: Waaksaamheidskomitee/Gesondheidsraad, 12.10.1948.

32) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. TA 540/7638: Townships-Board/Administrator, 4.9.1937. Vergelyk ook verw. JB/3/T nr. 3: Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947.

Elke huis is ook voorsien van 'n vergaarbak. Op Oberholzer, Bank en Welverdiend is gebruik gemaak van vrotkelders en stapelriool terwyl vullis oral, veral op leë erwe, gestort is.[33)]

Die beskikbaarheid van water het die ontwikkeling van dorpe beïnvloed. 'n Gebrek aan water, soos dit byvoorbeeld by Welverdiend die geval was, het voornemende dorpsbewoners afgeskrik. 'n Klousule in die kon= trak het nie Tromp, die eienaar, verplig om die nodige water aan te lê nie.[34)] A. Oliff het namens die inwoners by die Gesondheidsraad geklä oor die swak watervoorsiening. Die vernaamste klagte was dat die watervoor deur vee bemors is.[35)] Die Oberholzer Besproeiings= raad [36)] wat die water uit die Oog van Wonderfontein gekontroleer het se simpatie het egter by die boere gelê aangesien hulle duur vir hulle grond betaal het.[37)] Ten spyte van die Besproeiingsraad se siening het die Gesondheidsraad 'n boorgat vir Welverdiend aanbeveel bo die gebruik van water vir huishoudelike doeleindes vanuit 'n onhigiëniese watervoor.[38)]

Op Oberholzer het 'n onbeskermde besproeiingsvoor water uit 'n sinktenk van 9 000 liter na die wonings gevoer. Blyvooruitzicht het ook van die watervoor gebruik gemaak.[39)] Bank en Carletonville se inwoners het

---

33) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. 230: Mediese beampte/Landdros Johannesburg, 7.2.1947. Vergelyk ook verw. JB/3/T nr. 3: Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947.

34) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. TA540/7638: Town= ships Board/Gesondheidsraad, 14.8.1945.

35) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. TA540/7638: A. Oliff/Gesondheidsraad, 18.6.1946.

36) In 1923 is die noordelike deel van die Gatsrand deur die Uitvoe= rende Raad van die Unie as besproeiingsdistrik verklaar onder die naam Oberholzer-Besproeiingsraad. Die Besproeiingsraad moes onder meer toesien dat al die boere voldoende water kry. Kyk Uitvoerende Raad van die Unie (SAB), verw. 654 nr. 3327: Oberhol= zer irrigation district, 9.8.1923.

37) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. TA540/7638: Be= sproeiingsraad/Gesondheidsraad, 12.8.1946.

38) Carletonville (Munisipaliteit), verw. T1/30 nr. 230: Mediese beampte/Landdros Johannesburg, 7.2.1947.

39) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JB/3/T nr. 3: Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947.

water vir huishoudelike gebruik uit boorgate gekry. Carletonville het byvoorbeeld water uit 'n boorgat van die Wes-Driefonteinmyn verkry.[40] In 1946 reeds het die Randse Waterraad begin met die konstruksie van 'n pypleiding van ongeveer 24 kilometer vanaf Zuurbekom en Libanon (dorpe buite Gatsrand) na die Blyvooruitzicht- en Wes-Driefonteinmyn. Van die water sou dan van Wes-Driefontein af na Carletonville gepomp word.[41]

Dorpe aangrensend aan die myne in die Gatsrand was van die eerstes wat van elektrisiteit voorsien is en wel in 1946.[42] Voorheen was die meerderheid inwoners aangewese op kerse, lampe en lanterns.[43] Goud=mynontwikkeling het elektrisiteitsvoorsiening bespoedig aangesien elek=trisiteit nodig was vir die verskaffing van lig ondergronds en die vervoer van gouderts. Voor elektrifisering het die myne van muile gebruik gemaak om erts in koekepanne ondergronds sowel as bogronds te vervoer.[44]

Die Klip Kragstasie (8 kilometer noord van Vereeniging) wat in 1936 deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie in werking gestel is, is aangewend om die drie myne naamlik Blyvooruitzicht, Wes-Driefontein en Doornfontein van elektrisiteit te voorsien. Die maatskappy Victoria Falls and Transvaal Power Company Limited (VFP) het 'n kraglyn van Klip Kragstasie oor die plase Kaalfontein, Cardoville, Wildebeestkuil, Weltevreden en Kraalkop na die drie myne laat aanlê. Boere oor wie

---

40) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JB/3/T nr. 3: Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947. Vergelyk ook A. Nieu=woudt, *Die beplanning van die ontwikkelende verspreide stad in die gebied van Carletonville, Fochville en Westonaria*, p.121.

41) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 22.11.1946, p.2.

42) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JB/3/T nr. 3: Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947.

43) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. en T. Schutte, 27.10.1986.

44) Anon., *ESCOM, twenty five years: A record of the origin progress and achievements of the Electricity Supply Commission in the Union of South Africa, 1923-1948*, p.19.

se plase die kraglyn geloop het, was egter nie van krag voorsien nie.[45] Verder oos is die kraglyn met dié van Libanon na Bank verbind, terwyl die lyn vanaf Wes-Driefontein ook verder noord deur Vlakplaats met die kalkwerke op Rooipoort verbind is.[46]

Die kragnetwerk wat in 1946 deur die VFP voltooi is, het nie die dorpe Oberholzer, Welverdiend, Blybank en West Wits van krag voorsien nie, maar wel Carletonville, Bank en Blyvooruitzicht.[47] Eers in Februarie 1948 is beplan vir die aanlê van elektrisiteit vir onder meer Oberhol=zer en Welverdiend deur middel van 'n kraglyn vanaf Randfontein. Vol=tooiing daarvan is egter eers vir Maart 1949 in die vooruitsig ge=stel.[48]

## 7.2 Gesondheidsdienste

Toe Blanke pioniers hulle in die Gatsrand gevestig het, was daar geen dokters of mediese dienste in die wyk nie. Plaasbewoners moes klaarkom met tradisionele boererate en huisapteke (ook genoem trommeltjies). As iemand ernstig siek was, het 'n boodskapper na Potchefstroom gejaag en 'n dokter ontbied. Die dokter het dan met 'n perd of perdekar na die sieke gegaan.[49]

Die behoefte aan 'n gesondheidskomitee vir Gatsrand het ontstaan tydens die uitbreek van kinderpokke in 1882 toe dit geblyk het dat veldkornet J. Geldenhuys nie die mas alleen kon opkom nie.[50] Om die veldkornet wat ook met die wyk se gesondheidstoestande belas was by te staan,

---

45) Carletonville (Munisipaliteit) verw. JB/3/T nr. 3: Plan of West Witwatersrand Local Area Committee, 1946. Vergelyk ook Anon., *ESCOM, twenty five years: A record of the origin, progress and achievement of the Electricity Supply Commission ..*, p.20.

46) Carletonville (Munisipaliteit), verw. JB/3/T nr. 3: Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947.

47) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 20.2.1948, p.5.

48) *Carletonville/Fochville Herald*, 30.4.1976, p.8.

49) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986.

50) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 9: Landdros/J. Geldenhuys, Au=gustus, 1882.

is 'n tydelike gesondheidskomitee vir Gatsrand in 1884 in die lewe geroep met J.T. Martins (voorsitter), B.J.J. Vermaas, J.P. Nortje, H.T. Otto en J. Geldenhuys as lede. Komiteelede moes toesien dat sertifikate van goedkeuring uitgereik word aan burgers wat in en uit die wyk gaan. Ook moes plase gereeld besoek word en verslae aan die Pokkekommissie op Potchefstroom voorgelê word.[51)]

Die Gesondheidskomitee se uitgawes is deur die Pokkekommissie gedra en elke komiteelid is ook teen twee sjielings per uur vergoed.[52)] Dit blyk dat pokke grotendeels 'n epidemie onder die Swartmense was en daar is van hulle verwag om pokkebelasting van vyf sjielings per jaar per gesin te betaal sodat onkoste gedek kon word.[53)]

In 1895 was waarnemende veldkornet J.F. van der Merwe die voorsitter van die Gesondheidskomitee van die wyk Gatsrand. Nuwe lede wat aange= wys is, was A.J.G. Oosthuizen, H.M. du Preez, D.J. Opperman en G. Kleyn (sekretaris).[54)] Van der Merwe het dieselfde probleem as sy voorganger gehad, naamlik 'n tekort aan dokters om die wyk te besoek.[55)] Toe dokter W.D. Kan die wyk in 1895 besoek het, was die pokke-epidemie nog nie verby nie. Die plase Taaiboschspruit, Wonderfontein, Kaal= plaats, Kalbasfontein, Weltevreden, Jachtfontein, Kraalkop, Elands= fontein nr. 289, Doornkop en Poortjie het erg gebuk gegaan onder die pokke-epidemie.[56)] Swartmense is ingeënt en 'n geel vlag in die omgewing gehang waar die pokke uitgebreek het.[57)]

---

51) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 11: Regulasies van die Gesond= heidskomitee Gatsrand, 1884.

52) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 23: Lys van onkostes van die Gatsrand Gesondheidskomitee, 19.10.1886.

53) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 15: Pokkebelasting, 1888.

54) Staatsekretaris (TAB), verw. R5538/95, Landdros/Sekretaris, 8.11.1895.

55) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 20: J.T. Martins/Landdros, 8.9.1893. Vergelyk ook verw. 22: J. Geldenhuys/Landdros, 3.5.1895.

56) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 22: W.D. Kan/Landdros, 1895. Kyk ook Staatsekretaris (TAB), verw. R2758/98: Landdros/Staatsek= retaris, 19.7.1898.

57) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 22: W.D. Kan/Landdros, 1895.

Om toe te sien dat die regulasies met betrekking tot pokkebestryding nie oortree word nie, het die landdros van Potchefstroom in 1896 Swart polisiemanne vir 'n tydperk van vier maande aangestel om toesig in Gats=rand te hou.[58] Gesondheidstoestande moes blykbaar teen 1899 verbeter het aangesien die Gesondheidskomitee ontbind is.[59]

Swak kommunikasie met Potchefstroom was waarskynlik een van die redes vir die swak voorsiening van gesondheidsdienste in die gebied. So het F.R.P. Schutte tydens die Tweede Vryheidsoorlog daaroor gekla: Hy het in die besonder melding gemaak van siekes op Wonderfontein en Leeuwpoort asook 'n ene Van den Berg wat 'n ontsteekte been gehad het maar niemand met geneeskundige kennis beskikbaar was nie.[60]

In gevalle van ernstige siekte moes die inwoners na Potchefstroom gaan. Dit blyk dat die bewoners van plase soos Bank, Jachtfontein, Rooipoort en Elandsfontein nr. 494 na die Tweede Vryheidsoorlog (1902) ook genees=here op Randfontein en Krugersdorp besoek het.[61] Om moeders tydens be=vallings by te staan, het dames soos S. Hull, H. Dreyer en D. Brits hulle dienste as vroedvroue beskikbaar gestel.[62]

Tydens die Groot Griep (Spaanse Influensa) van 1918 was die bewoners van Gatsrand, as gevolg van 'n gebrek aan mediese fasiliteite, grootliks op mekaar aangewese vir hulp. So byvoorbeeld het J.B. Wolmarans die landdros van Potchefstroom versoek om 'n verpleegster beskikbaar te

---

58) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 23: G. Kleyn/Landdros, 19.10.1896.

59) Staatsekretaris (TAB), verw. R1621/99. Landdros/Staatsekretaris, 21.1.1899.

60) Staatsekretaris (TAB), verw. R4257: F.R.P. Schutte/Staatsekreta=ris, 24.1.1900.

61) Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: S.A.M. Erasmus/C. Rautenbach, 19.5.1985.

62) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986. Vergelyk ook verw. 2: S.A.M. Erasmus/C. Rautenbach, 25.1.1985.

stel sodat hy met haar hulp plase in die wyke Gatsrand en Vaalrivier kon besoek. Kos is aangery en boere het mekaar gehelp met die versor= ging van landerye.[63)]

Ten spyte van die teenwoordigheid van 'n distriksgeneesheer in Fochville, wat ook 'n groot gebied rondom dié dorp bedien het,[64)] was daar teen 1930 steeds 'n tekort aan gesondheidsdienste in die Gatsrand. Mevrou D. Curlewis van Welverdiend het in dié jaar die Minister van Volksge= sondheid versoek om nog 'n distriksgeneesheer vir die gebied aan te stel. Weens die geldtekort van die 1930's is daar nie aan dié versoek voldoen nie.[65)]

Aandag is aan gesondheidsdienste geskenk toe met mynaktiwiteite in die Gatsrand begin is. In 1937 is 'n mynhospitaal vir Swart mynwerkers op Blyvooruitzicht opgerig. Met die hospitaal se amptelike opening in November 1938 het matrone Beard, mediese beampte MacDonald en sus= ters Lambert en Douthwaite diens aanvaar.[66)]

Klinieke vir die behandeling en voorkoming van geslagsiektes onder Swartes is deur die Departement van Gesondheid op Oberholzer en Welver= diend geopen. Stasiewagkamers is vir dié doel gebruik en die distriks= geneesheer van Fochville het die mense elke Woensdag behandel.[67)]

Teen April 1941 is 150 gevalle reeds weekliks in die klinieke behandel wat daartoe gelei het dat mevrou M. van Someren, assistente van die distriks=

---

63) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987. Vergelyk ook verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6/11/1986.

64) B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Ober= holzer, 9-11 Februarie 1952*, p.29.

65) Gesondheid (SAB), verw. 304 nr. 500/1. Additional district sur= geon Welverdiend, 1930-1943, 20.10.1930.

66) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.13.

67) Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/303. Venereal diseases clinic Welverdiend, 20.5.1941. Vergelyk ook Sekretaris Naturelle= sake/Landdros, 30.5.1941.

geneesheer, die departement van Naturellesake namens die inwoners versoek het om geboue vir die klinieke op Welverdiend en Oberholzer op te rig.[68] Die vrederegter op Fochville, J. Venter, is deur die landdros in Potchef=stroom gevra om vas te stel of die oprigting van geboue nodig is.[69] Die afname in die klinieke se bywoningsyfers het egter die planne in die wiele gery. Bowendien is die klinieke op 2 Februarie 1942 gesluit.[70]

Alhoewel kommunikasie (soos treindienste) in die Gatsrand teen 1943 reeds baie verbeter het, het die bewoners steeds probleme gehad om in Potchefstroom te kom vir mediese behandeling. Die treine wat daag=liks heen en terug na Krugersdorp gereis het se aankoms- en vertrektye was geriefliker as die trein wat twee-uur soggens van Welverdiend af na Potchefstroom vertrek het. Hoewel die voorsiening van mediese dienste in die Gatsrand die verantwoordelikheid van Potchefstroom en Fochville was, het die hospitaal op Krugersdorp gevolglik dikwels talle buitepasiënte uit dié gebied opgeneem wat daar aangemeld het. Ene Bruyns van Welverdiend het vir die plasing van 'n distriksgeneesheer op dié dorp[71] gevra, maar dit is eers in 1949 verwesenlik.[72]

'n Toename in die getal Swart mynwerkers en die behoefte aan mediese fasiliteite vir Blanke mynwerkers het in Julie 1948 gelei tot die oprigting van 'n nuwe mynhospitaal op Blyvooruitzicht met 250 beddens

---

68) Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/305. M. van Someren/ Sekretaris Naturellesake, 2.4.1941.

69) Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/303. J. Venter/Landdros, 11.7.1941 en 23.7.1941.

70) Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/303. Sekretaris Natu=rellesake/M. van Someren, 2.3.1942. Daar was vroeër klagtes dat die distriksgeneesheer net die Swartes vir geslagsiektes behand=del het en nie ook na hulle ander probleme geluister het nie. Dit was moontlik die rede waarom die klinieke swak bygewoon is. Kyk Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/303: Venereal disea=ses clinic Welverdiend, 20.5.1941.

71) Gesondheid (SAB), verw. 304 nr. 500/1: Additional district sur=geon Welverdiend, 1930-1943, 7.9.1943.

72) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud dr. W.P. Roux, 15.4.1987.

vir Swartes. Die ou gebou is in 'n Blanke hospitaal omskep.[73]

Die hoofgesondheidsbeampte van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede het van 1944 af die West-Wits-Lyn ('n gedeelte van Gatsrand onder die Raad se gesag) deur middel van gesondheidsinspekteurs beheer, Hulle moes die omgewing gereeld besoek om onder andere onhigiëniese toestande te voorkom. Die myne het hulle eie gesondheidsinspekteurs gehad wat na higiëniese toestande op die myngrond moes omsien.[74]

Teen 1948 was die bewoners van Gatsrand steeds op Potchefstroom, Kru= gersdorp en Fochville aangewese vir mediese behandeling. Die eerste private mediese praktyk is eers in 1949 deur dokter W.P. Roux op Carle= tonville geopen.[75]

## 7.3 Welsynsdienste

Veesiektes, droogtes en oorloë was van die redes waarom boere verarm het.[76] Omstandighede is vererger deur die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) wat ekonomiese aktiwiteite ontwrig het. Die Britse magte se beleid van "verskroeide aarde" tydens die oorlog het in dié verband 'n deurslaggewende rol in die verarming van die burgers gespeel want veetroppe is vernietig en plaasopstalle afgebrand.[77] Repatriasiekommis= sies is na die oorlog deur die regering in elke distrik aangestel wat aan die burgers die nodige lewensmiddele soos groente, saad en implemente verskaf het.[78]

---

73) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.50.

74) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2 verslag nr. 2: Gebied Potchefstroom,* p.44. Kyk ook Carleton= ville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. Rautenbach, 7.5.1987.

75) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud dr. W.P. Roux, 15.4.1987.

76) Staatsekretaris (TAB), verw. R1470/96: P.J.W. Schutte/Staatsek= retaris, 7.1.1896.

77) In hoofstuk 2 en 6 is ook aandag aan die ontwrigting van die Tweede Vryheidsoorlog geskenk.

78) Potchefstroom Repatriasie Kommissie (TAB), verw. 8 nr. C11, Com= mission applications for assistance, 1902.

Armoede het gelei tot die groei van die bywonerbevolking op plase.[79] Die bywoners het in diens van die grondeienaars getree in ruil vir woonplek en voedsel. In die afwesigheid van Losberg se Volksraadlid, generaal L. Botha, het kommandant T.F.J. Dreyer aandag geskenk aan die stigting van 'n nedersetting op Klipdrift met die doel om bywoners en ander hulpbehoewendes tegemoet te kom. Plotte is in 1911 uitgelê en 'n dam gebou wat in 1917 voltooi is.[80]

Die Distriksbesuinigingskomitee van Potchefstroom het in 1924 behoef= tige boere geïdentifiseer en van saad en implemente voorsien. Gats= randers wat lede van die komitee was, is P.J. Schutte, C.J. Burgers, B.C. Greyling, A.S. Grimbeeck, J.B. Wolmarans, G.H. Davidtz en P.J. Da= vidtz.[81]

Baie boere het, vanweë die ekonomiese depressie waarin die land vanaf 1929 verkeer het, 'n sukkelbestaan gevoer. Die daaropvolgende droogte tot ongeveer 1933 het armoede onder die boere laat toeneem.[82] Selfs die jong Nederduitsch Hervormde-gemeente van Losberg kon as gevolg van 'n gebrek aan fondse nie die hulpbehoewende lidmate se nood ten volle verlig nie. Die gemeente se konsistorie is vir vergaderings aan die Skoolraad van Potchefstroom verhuur teen 'n bedrag van een pond per maand. Met dié fondse is huisgesinne in nood gehelp. Ook is skoene deur die Kerkraad gekollekteer en aan behoeftige kinders uitgedeel. Doop- en aanneemgelde wat ouers nie kon betaal nie, is deur die Kerkraad kwytgeskeld.[83]

---

79) Careltonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

80) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 2.5.1947, p.9. Kyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

81) *De Westelike Stem*, 9.4.1924, p.8.

82) *Carletonville/Fochville Herald*, 5.8.1977, p.8.

83) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg-feesuitgawe, 1925-1975*, pp.6, 10.



WOMENS CHARITY COMMITTEE

Foto: Wes-Driefonteinmyn (Carletonville)

In die droogte en depressietyd het jongmense van die Gatsrand in stede soos Pretoria en Johannesburg werk gaan soek.[84] Boere in die omgewing het armblankes deur middel van die departement van Volkswelsyn en Arbeid se plattelandse rehabilitasie- en behuisingskema as bywoners op hulle plase geakkommodeer.[85]

In November 1940 is 'n tak van die Reddingsdaadbond (RDB) op inisiatief van dominee G. Nel van die NG-gemeente Losberg in Fochville gestig. Dié organisasie, 'n uitvloeisel van die Simboliese Ossewatrek, was bedoel om die Afrikaner ekonomies op te hef. Verteenwoordigers van die drie Susterskerke, Transvaalse Onderwyservereniging, Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie en die Vroue Landbou-Unie het opheffingswerk veral onder die plaaslike Afrikaner gedoen.[86] Fondse wat verkry is uit insamelingsaksies soos volkspele en basaars is aangewend om armblankes in die omgewing te versorg. Dié tak het ook die oprigting van sake-ondernemings plaaslik aangemoedig.[87]

In Desember 1941 het die RDB-tak op Fochville reeds 418 lede gehad. Dié tak was in 12 wyke ingedeel en die persone wat elke wyk verteen=woordig het, is J. Oosthuizen (Cardoville), C. Geldenhuys (Jachtfon=tein), D.J. Bloem (Rietfontein), J.A. van Rensburg (Hermina), P.F. Ellis (Leeuwpoort), D.J.Schutte (Buffelsdoorn), B. Pienaar (Elands=fontein nr. 289), P.A. Steyn (Varkfontein), J. Pretorius (Losberg), L.E.J. de Waal (Kaalplaas - Deelkraal) en K.J. Kerling (Oberholzer).[88]

---

84) Anon., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg-feesuitgawe, 1925-1975*, p.10.

85) Volkswelsyn en Arbeid (SAB), verw. 113 nr. B645/199/20: T.F.J. Steyn/Volkswelsyn en Arbeid, 1.6.1935.

86) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Notule van die Reddingsdaadbond, 5.11.1940.

87) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Notule van die Reddingsdaadbond, 3.12.1940.

88) NG-Gemeente Losberg (Fochville), Notule van die Reddingsdaadbond, 1.12.1941.

Dames van die nuutgevestigde gemeenskap van Blyvooruitzicht het onder leiding van mevrou B.A.D. Kinahan (vrou van die bestuurder van Blyvoor=uitzichtmyn) die Blyvoor Womens Guild gestig. Ander stigterslede was Hagan-Watson (sekretaresse), Clark, Coad, Coates, Emmett, Kinghorn, Robson, Sandham, Scott, Shaw, Shelldrake, Stickles, Woollacott en Zietsman. Met gereelde basaars op Blyvooruitzicht is geld vir behoef=tiges ingesamel.[89)]

Vroue van mynbeamptes van die Wes-Driefonteinmyn het in 1946 die Wo=mens Charity Committee gestig met H. Taylor (Voorsitter), M. Pearce, S. Smythe, M. Hartman, H. Rees, S. Nicholls, H. van der Merwe en M. Fredrea as stigterslede. Dié komitee het ook soos die MOTH (Memoriable Order of Tin Hats), wat in 1946 'n tak op Blyvooruitzicht gestig het, die weduwees van gesneuweldes wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelge=neem het finansieel bygestaan.[90)]

Oorlogkostes het 'n uitwerking op die Unie se ekonomie gehad.[91)] Ook die Wes-Driefontein- en Doornfonteinmyn in die Gatsrand is daardeur beïnvloed.[92)] Gevolglik was werkloosheid en armoede teen 1946 steeds 'n probleem. Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging Losberg het na die oorlog fondsinsamelings gehou om verarmdes op te hef.[93)]

Die stigting van nog dorpe in die Gatsrand in 1947-1948 het beteken dat meer mense deur die myne in diens geneem is. Dit was ook 'n geleent=heid vir die oprigting van sakeondernemings wat ook werk voorsien het. Die plaaslike arbeidsmark is daardeur vergroot en dit was vir baie die begin van welvaart.

---


89) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.14. Kyk ook Carleton=

90) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.14. Kyk ook *Carleton=ville/Fochville Herald*, "Rand Mines-Blyvoor, 1937-1987", 19.6.1987, p.21.

91) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 21.4.1944, p.2.

92) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.1.

93) Volkswelsyn en pensioene (SAB), verw. 272 nr. SWP 8/777: NH-Gemeente Sustersvereniging Losberg, 31.12.1946.



'N GEDEELTE VAN DIE POSKOETSSTAL OP WELVERDIEND

Foto: B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets ...*

# HOOFSTUK AGT

# KOMMUNIKASIE

## 8.1 Pos- en telegrafiese dienste

Vanweë die vroeë jagters, veeboere en Trekkers se semi-nomadiese lewensomstandighede was briefwisseling nie 'n algemene praktyk nie. Die instelling van posdienste was egter een van die eerste sake wat in die Voortrekkerstaat noord van die Vaalrivier aandag geniet het. Pos is soms deur Swart posbodes, handelaars en jagters vervoer.[1)] Op 27 Mei 1850 is 'n "Vaste Brieven Post" vanaf Lydenburg via Suikerbosrand oor die plaas Jachtfontein, Hartebeesfontein, Kalbasfontein, Cardoville, Doornfontein nr. 470 en Elandsfontein nr. 360 in die wyk Gatsrand na Potchefstroom ingestel.[2)]

Die veldkornet is in 1857 ook belas met die versending van pos van mense in sy wyk. Weens probleme soos onder meer die onwettige oopmaak van briewe deur die posbodes en veldkornette het die regering besluit om 'n poskontrakteur jaarliks aan te stel. 'n Wet van 1866 het bepaal dat die poswese 'n staatsonderneming sou wees met 'n posmeester-generaal aan die hoof.[3)] 'n Posmeester is nog in dieselfde jaar vir die distrik Potchefstroom aangestel.[4)]

Om posvervoer vir die privaatkontraktante oor ver afstande te vergemaklik, is poskoetsroetes langs regeringsuitspannings beplan en ingestel. 'n Uitspanning was 'n halte waar die koetsier vars perde van die eienaar,

---

1) H. Zeederberg, *Veld express*, p.16.

2) E. Rosenthal en E. Blum, *Runner and mailcoach*, p.27.

3) P.J.H.S. Grobler, *Poswese in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1899* (D.Phil-proefskrif, 1956), pp.9, 220.

4) E.H. Jenkins, "Commercial section of Potchefstroom history" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938*, p.272.

op wie se plaas die uitspanning was, gekry het.[5] Die enigste uitspanning in die Gatsrand, aangrensend aan die westelike sy van die plaas Wonderfontein, is in 1871 as deel van die poskoetsroete vanaf Barberton na Kimberley in gebruik geneem.[6] 'n Vername rede vir die gebruik van dié uitspanning was die strategiese ligging daarvan tussen die dorpe Pretoria en Potchefstroom wat dit moontlik gemaak het om pos daagliks oor en weer te vervoer.[7] Die roete het oor die plase Welverdiend, Wonderfontein, Rooipoort, Oog van Wonderfontein en Elandsfontein nr. 494 gegaan.[8]

Benewens poskantore op groter dorpe is posagente ook op klein plekkies aangestel. Posagentskappe op plase in die Gatsrand is gewoonlik in 'n deel van die boer se huis, winkel of plaasgebou ingerig. Dié posagente, gewoonlik die plaasboer self, moes hierdie werk ook meestal sonder vergoeding verrig.[9] Boere in die omgewing van 'n posagentskap kon gewoonlik net op 'n sekere dag en tyd van die week pos by 'n agent afhaal.[10]

Van 1887 af het die Volksraad ook die distrikspad vanaf Potchefstroom oor die plase Taaiboschspruit, Elandsfontein nr. 289, Leeuwpoort, Doornkloof en Rietfontein nr. 162 na Johannesburg se pospad gebruik.[11] As 'n poskoets, volgens oorlewering, die posagentskappe oor dié roete genader

---

5) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

6) *Staats Courant der ZAR* nr. 366, 21.2.1871, p.205.

7) *Staats Courant der ZAR* nr. 515, 4.3.1874, p.2. Vergelyk ook E.H. Jenkins, "Commercial section of Potchefstroom history" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.274.

8) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

9) P.J.H.S. Grobler, *Poswese in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1899,* p.220.

10) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

11) Staatsekretaris (TAB), verw. R6967/87: Landdros/Staatsekretaris, 27.9.1887.



C. DREYER

Foto: H. Zeederbegrg, *Veld Express*

het, is 'n beuel geblaas om dit bekend te maak. Middagete op Elandsfon= tein kon dan solank vir die koetsier en sy helpers voorgesit word sodat tyd nie verlore gaan nie.[12] Volgens kontrak moes die kontrakteurs hulle hou by die voorgeskrewe tyd van aflewering.[13]

Posagentskappe, waarvan sommige ook 'n poswisselafdeling gehad het, wat voor 1900 in die Gatsrand geopen is, was op die plase Wonderfontein (3 Junie 1873),[14] Elandsfontein nr. 289 (ook genoem Wolvaardts of Suikerbos, 3 Junie 1890), Driefontein nr. 591 (19 Julie 1893), Vlakfon= tein (15 Mei 1894), Rietfontein nr. 162 (ook genoem Geldenhuis, 1 Janua= rie 1895), Boschoek (1 Augustus 1895), Welverdiend (1 Februarie 1897), Bank (1 Maart 1897), Losberg (1 Oktober 1897) en Modderfontein (1 No= vember 1898).[15]

Pos is maandeliks per koets by die meeste posagentskappe afgelewer. 'n Weeklikse posdiens te perd vanaf Potchefstroom na Elandsfontein nr. 289 via Losberg na Krugersdorp, sowel as 'n halfweeklikse posdiens na Welverdiend oor Elandsfontein nr. 289 en Losberg na die wyk Vaalrivier het egter ook bestaan.[16]

Vanweë poskoetskontrakteurs se bedrywighede in die Kaapkolonie was daar teen 1873, toe goud in die ZAR (naby Lydenburg en Pelgrimsrus) ontdek is en dit ook die aanvraag na kontraktante vergroot het, min van dié kontrakteurs in die ZAR werksaam. Die behoefte aan 'n poskoets- en passasiersdiens het gelei tot die stigting van The Transvaal and Goldfields Extension Transport Company deur O.W.A. Forssman van Potchef=

---

12) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

13) H. Zeederberg, *Veld express,* p.14.

14) *Staats Courant der ZAR* nr. 476, 3.6.1873, p.2.

15) P.J.H.S. Grobler, *Poswese in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1899,* pp. 479-491. Kyk ook *Staats Courant der ZAR* nr. 884, 17.3.1895, p.11.

16) P.J.H.S. Grobler, *Poswese in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1899,* bylaag U.

stroom. Dié maatskappy se roete het gestrek van Potchefstroom af oor die Gatsrante na Pretoria en Lydenburg. Forssman was tot en met die anneksasie van die Republiek deur Brittanje in 1877 die grootste kon= traktant in die ZAR. Teen 1882 het die Republiek as gevolg van die ontdekking van goud begin om ekonomies vooruit te gaan. Die welvaart het gelei tot 'n vermeerdering van die getal poskoetskontrakteurs.[17)]

Stellig die bekendste kontraktant was die Zeederberg Poskoetsdiens. Dié kontrakteur het veral pos tussen Potchefstroom en Kimberley vervoer, asook pos na die huidige Zimbabwe.[18)] 'n Gatsrander wat in 1896 in diens van dié kontrakteurs was en tydens sy dienstydperk na Umtali (in die huidige Zimbabwe) en ander dorpe in daardie omgewing gereis het, was C.L. Dreyer van Kraalkop. Hy was skynbaar bekend vanweë sy "avonture" wat hy deurgemaak het met roofdiere, diewe en die Ndebele.[19)] Kraalkop was ook 'n nie-amptelike halte wanneer die Zeederberg Poskoets vanaf Potchefstroom na Johannesburg gereis het. Die hotel aldaar was blyk= baar die groot aantrekkingskrag.[20)]

Die ingebruikneming van die Krugersdorp-Klerksdorp-spoorlyn in 1897 sou geleidelik die gebruik van poskoetsdienste vervang.[21)] Posdienste is verder deur die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog beïnvloed en ook die agentskappe in Gatsrand is vir die duur van die oorlog ontwrig.[22)]

Vanaf 1903 is sake geleidelik genormaliseer en in Potchefstroom is telefone geïnstalleer wat in 1908 in werking gestel is. Sowat 40 huur=

---

17) H. Zeederberg, *Veld express,* pp.17-19.

18) *Carletonville/Fochville Herald,* 5.8.1977, p.9. Vergelyk ook H. Zeederberg, *Veld express,* p. 30, en W. Vernon Johnstone "The old coaching days in South Africa had a thrill all their own" *The Out= span 5,* 6.4.1945, pp.22-23.

19) H. Zeederberg, *Veld express,* p. 144. Kyk ook Senex (Pseud.) "Le= gendary figures of old Potchefstroom", *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 23.12.1975, p.2.

20) *Carletonville/Fochville Herald,* 5.8.1977, p.9.

21) C.F. van R. Zietsman, "Die bou van die Suidwestelyn, 1895-1897, en die NZASM-stasiegeboue op Krugersdorp en Klerksdorp", *Contree 12,* Julie 1982, p. 7. Kyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe ds. J. Dreyer, 5.8.1977.

22) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe ds. J. Dreyer, 5.8.1977.

ders het van die diens gebruik gemaak waarvan meestal besighede was.[23] 'n Telefoniese verbinding tussen Potchefstroom en Johannesburg is ook in 1907 reeds in die vooruitsig gestel[24] en Gatsrand sou ook daaruit voordeel trek. Na die Eerste Wêreldoorlog is 'n telefoon- en telegraaflyn al langs die Krugersdorp-Klerksdorp-spoorlyn aangelê. Die poskantoor by Welverdiendstasie was die hoof telefoonsentrum vir plekke soos Foch= ville, Taaiboschspruit en Klerkskraal. Die omliggende gebied se pos het per trein op Welverdiendstasie aangekom en die verspreiding daarvan is deur 'n posmeester en twee Blanke assistente behartig.[25] Op Welver= diend is ook telegrafiese dienste ingestel.

Buiten die posagentskappe wat voor die Tweede Wêreldoorlog in die Gats= rand bestaan het, is vyf ander naamlik Loopspruit (Klipdrift), Jachtfon= tein, Kraalkop, Cardoville en Rietspruit na die oorlog geopen. Bewoners op grensplase in die Gatsrand het gewoonlik vanweë lang afstande na posagentskappe binne dié gebied, van agentskappe buite die gebied ge= bruik gemaak soos dié van Frederikstad, Vereeniging, Evaton en Potchef= stroom.[26] Na die Potchefstroom-Fochville-spoorlyn in 1927 aangelê is, is Loopspruit, Kraalkop en Losberg se posagentskappe ook van publie= ke telefone verskaf, terwyl by Losberg ook voorsiening gemaak is vir telegrafiese dienste.[27]

---

23) Potchefstroomse Museum, verw. PO. 248.96: "Die ontwikkeling van die poswese", p.4.

24) Unie van Suid-Afrika, *Report of the Postmaster-General for the year 1907* 8, p.1.

25) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: M. du Toit/Secretary SAP, 4.11.1924. Kyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe dominee J. Dreyer, 5.8.1977.

26) Ongekatalogiseer: (TAB), Kieserslys van wyk nr. 5 Gatsrand, 1905. Kyk ook Unie van Suid-Afrika, *Report of the Postmaster-Gene= ral for the year 1913* 13, p.1 en *De Westelike Stem*, 3.10.1923, p. 6 en 9.4.1924, p.8.

27) *De Westelike Stem*, 18.1.1928, p. 5. Vergelyk ook United Transvaal Directory Company Limited, *United Transvaal directo= ry 1941*, pp.402, 1522.

As kommunikasiemiddel vervul pos-, telegrafiese en telefoniese dienste 'n besondere funksie binne elke gemeenskap. Dit is ook die geval met Gats=rand, veral vir myne wat van 1937 af in die gebied geopen is. Mynwerkers moes aanvanklik van die Oberholzer-poskantoor op Wonderfontein gebruik maak.[28)] In 1945 is 'n poskantoor op Blyvooruitzicht geopen met die naam Blyvooruitsig.[29)] Die rede hiervoor was om verwarring tussen dié poskantoor en die een op Schweizer-Reneke uit te skakel. Laasgenoem=de was reeds sedert 1922 as Blyvooruitzicht bekend.[30)] 'n Telefoonlyn is ook na die myne aangelê maar slegs 'n paar mynamptenare het teen 1948 die gerief van 'n telefoon gehad.[31)]

## 8.2 Padvervoer

Behoorlike paaie gedurende die pioniersjare van die Trekkers noord van die Vaalrivier het nie bestaan nie. Die vervoermiddele was rydiere soos osse en perde asook waens.[32)] Die bekendste roete in die Gatsrand in die vorige eeu was waarskynlik die poskoetsroete vanaf Potchefstroom oor Welverdiend en die regeringsuitspanning op Wonderfontein na Preto=ria. By die mense was dit ook bekend as die "boereroete".[33)] Tydens die volksvergadering op Wonderfontein in 1879 het mense van heinde en ver van die roete gebruik gemaak om op die plaas te kom.[34)]

---

28) United Transvaal Directory Company Limited, *United Trans=vaal directory 1941,* p.1557. Kyk ook Anon., "De Nederlandsche Landbounederzetting op Wonderfontein (Transvaal)", *Zuid-Afrika,* Oktober 1934, p.6.

29) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.41.

30) Unie van Suid-Afrika, *Report of the Postmaster-General for the year 1922* 22, p.2. (Inligting hieroor is ook verkry uit die katalogus van die Poskantoor Museum, Pretoria).

31) Carletonville (PU vir CHO), verw.5: Onderhoud C. Rautenbach, 23.4.1987.

32) P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842,* p.359.

33) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

34) M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880,* p.95.

Na Johannesburg se proklamering in 1886[35] is begin met die beplanning van 'n padroete van Potchefstroom af daarheen. Die voorgestelde roete oor die plase Kaalplaats (A. du Plessis), Buffelsdoorn (P. Schutte), Elandsfontein nr. 289 (G. Pienaar en B. Wolvaardt), Driefontein nr. 591 (A. de Vries), Leeuwpoort (J. van der Merwe), Doornkloof (A. Oost= huizen) en Rietfontein nr. 162 (W.M. van Vuuren) is deur veldkornet J.T. Martins geïnspekteer en in oorleg met die eienaars goedgekeur.[36]

Na aanleiding van 'n vroeëre Volksraadbesluit in 1874, naamlik om in ver= skeie gebiede openbare weë tolhekke te plaas, is 'n tolhek na die voltooi= ing van die Potchefstroom-Johannesburg-roete in 1888 op Elandsfontein nr. 289 geopen.[37] Die departement van Openbare Werke - toe bekend as die de= partement Publieke Werke - het die tolhekke beheer.[38] As gevolg van pro= bleme wat met tolhekke ondervind is, soos onvoldoende tollenaars en die koste daaraan verbonde, het die Distriksraad van Potchefstroom in 1896 besluit om tolbelasting in die distrik finaal op te hef.[39]

Wykspaaie is ook gebou en wel op die onkoste van die Distriksraad van Potchefstroom. Boere in die Gatsrand het dikwels self paaie teen vergoeding gebou. Van 1888 af is 'n aantal brûe en paaie in die wyk gebou. Wykspaaie het die bewoners se vervoerprobleme na veral die onderskeie skole en stasies in die omgewing uitgeskakel.[40] In

---

35) J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.250.

36) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 15: J.T. Martins/Landdros, 9.2.1888.

37) Potchefstroomse Museum, verw. NOO 725.98: Tolhekke en die geskie= denis van Noordbrug, p.4. Kyk ook B.J.V. Naudè (red.), *Gedenk= uitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952*, p.58.

38) Departement Publieke Werken (TAB), verw. 28 nr. 07/0728: Tolhekke, 1888.

39) Potchefstroomse Museum, verw. NOO 725.98: Tolhekke en die geskie= denis van Noordbrug, p.4.

40) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname K. du Preez, 6.11.1986.

1888 het J.P. Nortjé 'n pad vanaf Blyvooruitzicht na Doornfontein nr. 470 teen 'n koste van 60 pond gebou.[41] Hy het in 1892 ook 'n pad van Rooipoort af na Wonderfontein gebou vir 11 pond.[42] Ander paaie wat in die tydperk 1888 tot 1892 gemaak is, is die roetes Stompoorfontein na Poortjie (68 pond), Driefontein nr. 591 na Oog van Elandsfontein (40 pond), Leeuwspruit na Doornpoort (15 pond) en Poortjie na Wonder=fontein (11 pond).[43] Ook is vyf brûe gebou naamlik op die plase Stomp=oorfontein, Poortjie, Kaalfontein, Rietspruit en Modderfontein.[44]

Al die vermelde paaie in die Gatsrand was grondpaaie. Die gevolg was dat reën sowel as die gereelde gebruik daarvan, sommige paaie mettertyd onbegaanbaar gemaak het. Veldkornet Martins het byvoorbeeld in 1896 die landdros van Potchefstroom om toestemming gevra om drie plekke op die padroete van Potchefstroom na Johannesburg te herstel teen 'n koste van 50 pond.[45]

Die opening van die Krugersdorp-Klerksdorp-spoorlyn in 1897 het gelei tot die bou van wykspaaie na die stasies Welverdiend en Bank. In 1898 het A. de Vries toestemming verkry om 'n pad vanaf Oog van Elandsfontein na Bankstasie te bou teen 'n bedrag van 35 pond,terwyl J.M. Nortjê en P.J. Terblanche 'n pad van Buffelsdoorn af na Welverdiendstasie vir 30 pond aangelê het.[46] Ander wykspaaie wat voor Uniewording gebou

---

41) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 15: J.P. Nortjé/Landdros, 3.7.1888.

42) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 19: J.T. Martins/Landdros, 10.3.1892.

43) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 15: J.T. Martins/Landdros, 20.8.1888 en 7.7.1888. Vergelyk ook verw. 154: Diverse losse stukke, 12.2.1892, 28.4.1892 en 6.5.1892.

44) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 154: Diverse losse stukke, 12.2.1892, 25.4.1892 en 6.5.1892. Vergelyk ook verw. 25: A.L. Rousseau/Landdros, 23.6.1898.

45) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 23: J.T. Martins/Landdros, 27.8.1896.

46) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 25: J.T. Martins/Distriks=raad, 28.6.1898.

is, was tussen Buffelsdoorn en Taaiboschspruit (1902), en tussen Klip= drift en Potchefstroom (1909).[47]

Mettertyd het die koms van die motor ook die instandhouding en verbe= tering van paaie in die distrik Potchefstroom op 'n beter georganiseerde grondslag geplaas. Transvaal is in die twintigerjare in 'n aantal pad= distrikte verdeel, elk met 'n padraad wat die Administrateur in 'n advi= serende hoedanigheid bystaan. In Potchefstroom het 'n padraad (later die Departement van Paaie) die vroeëre Distriksraad vervang.[48]

Om tweerigtingverkeer moontlik te maak, het 'n paaiekommissie, wat op eie inisiatief deur die bewoners van Gatsrand in die lewe geroep is, die Padraad (ook genoem Wegeraad) in 1924 versoek om die paaie in dié wyk wyer te maak.[49] Die Padraad kon weens 'n tekort aan geld nie altyd aan sulke versoeke voldoen nie. Gevolglik was sommige paaie wat van Potchefstroom na ander dorpe gegaan het in 'n swak toestand.[50]

Vir die gerief van die bewoners van Fochville en omgewing het die SAS en H 'n "motorbusdiens" op 1 April 1925 ingestel wat vanaf Potchefstroom oor Rietfontein nr. 503, Klipdrifskool, Loopspruitposkantoor, Boschoek, Kaal= plaats, Taaiboschspruitkantoor en Elandsfontein nr. 289 na Fochville geloop het. Passasiers en pakkette is vervoer.[51]

Die ekonomiese depressie van die dertigerjare het ook die Padraad van Potchefstroom se werksaamhede beïnvloed. Vanweë 'n tekort aan geld kon paaie nie herstel word nie.[52] Paaie wat in 'n slegte toestand was, het weer

---

47) Departement van Paaie (Potchefstroom), verw. P92/1 nr. DP 07/072/23/22/92, 1909. Kyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

48) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2...*, p.147.

49) *De Westelike Stem,* 9.4.1924, p.5.

50) E.H. Jenkins, "The last quarter of a century" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom, 1838-1938,* p.300.

51) *De Westelike Stem,* 8.4.1926, p.1.

52) E.H. Jenkins, "The last quarter of a century" in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom 1838-1938,* p.300.

eens klagtes tot gevolg gehad. In 1936 het die eienaars van die West Wits Hotel op Bank, G. Morris en Jones, die Padraad van Potchefstroom deur middel van 'n petisie versoek om die pad van Bank af na Ventersport te herstel, aangesien dit in 'n treurige toestand was. Die bewoners van Fochville en omgewing het die Minister van Lande in 1937 versoek om aandag te skenk aan die paaie in die gebied.[53)]

Die goudmynbedryf in die Gatsrand het die behoefte vir beter paaie en vervoerdienste verhaas. Die Blyvooruitzichtmyn het 'n busdiens vanaf Randfontein na Blyvooruitzicht ingestel om mynwerkers heen en weer te vervoer.[54)]

'n Busdiens is in 1946 deur die Stadsraad van Potchefstroom vanaf dié dorp na die Blyvooruitzicht- en Wes-Driefonteinmyn ingestel. Dit het egter in 1947 gelei tot 'n hofsaak tussen die Stadsraad van Potchefstroom en die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Die Spoorweë het die treindiens van Oberholzerstasie af na Potchefstroom as voldoende geag en versoek dat die busdiens gestaak moes word aangesien dit hulle van inkomste beroof. Die Stadsraad het egter aangevoer dat die treinrooster nie aan mynwer= kers (wat skofte werk) se behoeftes voldoen nie. Diegene wat byvoor= beeld om 19h00 saans ophou werk, kon eers om 20h30 'n trein na Potchef= stroom kry. Vanweë die gewildheid van die busdiens het die Spoorweë die hofsaak verloor.[55)]

Buiten die uitbreiding van vervoerdienste in die Gatsrand, is paaie in die omgewing van die myne gebou om vervoerprobleme uit te skakel. In Oktober 1946 is 'n pad oor die plase Varkenslaagte, Welverdiend, Twyfelvlakte, Blyvooruitzicht, Driefontein nr. 118 en Driefontein nr.

---

53) Departement van Paaie (TAB), verw. P89/1 nr. DP 07/072/23/22/98: G. Morris en Jones/Departement van Paaie 22.11.1936. Kyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 18.6.1937, p.5.

54) G.L. van Heerde, *Die invloed van moderne vervoer op die ontwikke= ling van dorpe in Wes-Transvaal,* p.116.

55) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 14.2.1947, p.2.

105 na Uitval beplan en begin bou maar teen 1948 nog nie voltooi nie.[56]

In 1947 is 'n grondpad van 25 kilometer van Welverdiend af na Blyvoor=uitzicht gebou wat aangesluit het by die pad wat na Johannesburg gaan.[57] Buiten die pad van Potchefstroom af na Johannesburg wat reeds in die dertigerjare geteer is, het al die ander paaie in die Gatsrand teen 1948 grond- òf gruisoppervlaktes gehad.[58]

## 8.3 Spoorweë

Alhoewel daar eers in 1895 sprake was van spoorwegontwikkeling in die Gatsrand is bewoners reeds in 1876 deur die regering oor die moontlike bou van 'n spoorlyn vanaf Pretoria na Delagoabaai (die sogenaamde Oos=terlyn) in kennis gestel. Die Volksraad het, voordat stappe geneem kon word vir die bou daarvan, eers die burgers van die ZAR se mening by wyse van 'n volkstemming getoets. Die Gatsranders het in daardie stadium nie die Volksraad se ideaal oor die verkryging van 'n verbinding met 'n nie-Britsbeheerde hawe gedeel nie. Redes daarvoor was die rege=ring se voorneme om staatseiendom vir die verkryging van fondse te ver=koop of 'n lening aan te gaan.[59] Die ZAR se bestaande skuldlas en die vrees vir nog skuld as 'n lening opgeneem word, het gelei tot die burgers se nega=tiewe gesindheid jeens die bou van dié spoorlyn.[60] Gevolglik het die re=gering eers weer na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) aan die bou van die Oosterlyn aandag geskenk. Die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche

---

56) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 22.11.1946, p.2. Ver=gelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. Rau=tenbach, 23.4.1987.

57) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.48.

58) J.H. Coetzee (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde ge=bied nr. 2 ...*, p.146. Vergelyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 3.11.1946, p.3 en 22.11.1946, p.2.

59) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 6: J.J. Hoffman/Landdros, 17.10.1876 en 26.11.1876.

60) J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.246.

Spoorweg Maatschappy (NZASM), is in 1887 gestig met die doel om die Oostespoorlyn aan te lê. Ander spoorlyne het weldra gevolg - onder meer die Suidwestelyn van Krugersdorp na Klerksdorp.[61]

Die spoorwegplan vir die Suidwestelyn het aanvanklik net twee stasies vir die Gatsrand in die vooruitsig gestel, naamlik Bank en Welverdiend.[62] Die eienaars van Wonderfontein, Blyvooruitzicht en Elandsfontein nr. 289 was egter nie gelukkig oor dié besluit nie aangesien hulle te ver van dié stasies geleë was. 'n Versoekskrif is op inisiatief van H.F. Oberholzer in 1896 opgestel en deur al die ontevredenes onderteken. J. Smit, die regeringskommissaris van Spoorweë, het namens die Spoorweë goedkeuring verleen vir die bou van 'n spoorweghalte op Wonderfontein.[63]

Vir die bou van spoorwegstasies moes die eienaars van die betrokke plase 12 morg (10,32 hektaar) aan die NZASM afstaan, waarvan tien morg (9,56 hektaar) vir die bou van die stasie gebruik is en twee morg (1,72 hektaar) vir sakepersele.[64] Op 2 November 1896 is die Suidwestelyn oor 'n afstand van 84 kilometer tot by Frederikstad oopgestel en op 11 Julie 1897 is dié lyn van Krugersdorp af tot by Potchefstroom oor 'n afstand van 108 kilometer voltooi.[65]

---

61) C.F. van R. Zietsman, "Die bou van die Suidwestelyn, 1895-1897 ...," *Contree* 12, Julie 1982, p.5. Kyk ook Anon., *In memoriam N.Z.A.S.M.*, pp. 16, 173.

62) Anon., *In memoriam N.Z.A.S.M.*, p.16.

63) Staatsekretaris (TAB), verw. R12714/97: H.F. Oberholzer/Regerings=kommissaris van Spoorweë, 1897.

64) D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Repu=bliek, 1872-1899*, p.88.

65) C.F. van R. Zietsman, "Die bou van die Suidwestelyn, 1895-1897...," *Contree* 12, Julie 1982, p.7. Kyk ook Anon., *In memoriam N.Z.A.S.M.*, p.174.

Tot en met die einde van die Tweede Vryheidsoorlog (1902) was die Krugersdorp-Klerksdorp-spoorlyn die enigste wat deur Gatsrand geloop het. 'n Trajek tussen Vereeniging en Johannesburg wat in 1904 voltooi is, het oor drie plase binne die suid-oostelike grens van Gatsrand, naamlik Houtkop, Kwaggafontein en Wildebeestfontein, geloop. Op 2 Junie 1911 is Ventersdorp per spoor met Welverdiend verbind.[66)] Dit het weldra beteken dat die Gatsranders meer van die stasie gebruik gemaak het, veral vir die vervoer van vars produkte na ander dorpe. Ook is fasiliteite geskep vir passasiers se gerief soos in 1913[67)] toe toestemming aan die Jood, S. Rosenthal, verleen is om 'n boekwinkel op die stasie te open vir koerant- en tydskrifverkope.[68)]

Die ligging van die Suidwestelyn was nie voordelig vir die plaasbewo=ners in die suidelike dele van Gatsrand nie. 'n Versoek vir 'n meer sentraalgeleë spoorlyn wat met Potchefstroom verbind moes wees, is reeds in 1910 deur T.F.J. Dreyer op aandrang van die inwoners aan generaal L. Botha gerig.[69)] Dié versoek het egter waarskynlik as gevolg van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en 'n geldtekort gesleur. Die belangrikheid van so 'n spoorverbinding het gelei tot die graanboere, wat graag produkte in Potchefstroom wou verkoop, se petisie vir 'n spoorlyn in 1922.[70)]

In 1925 is die bou van 'n spoorlyn vanaf Potchefstroom na Losberg deur die regering goedgekeur.[71)] Dié spoor oor 'n afstand van 50 kilometer

---

66) SAS en H., *Jaarverslag van die hoofbeampte, 1962-1963* 47(63), p.157.

67) Justisie (SAB), verw. 174 nr. 3/1001/13: General Manager SAR/Sec=retary Justice, 1.10.1913 en 17.10.1913.

68) Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAB), verw. 200 nr. G4/547: E.H. Hood/ S. Rosenthal, 29.7.1913.

69) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

70) Ministerie van Vervoer (SAB), verw. 409 nr. 1644: J. Wulfsohn/ T. Dreyer, 15.3.1922.

71) Unie van Suid-Afrika, *Official yearbook of the Union and of Basutu=land, Bechuanaland protectorate and Swaziland* 8, 1925, p.699.

is op 13 April 1927 teen 'n koste van 145 pond voltooi.[72] Op versoek van die bewoners van Klipdrift is 'n spoorweghalte naby die skool ge=bou.[73]

Die vestiging van myne in Gatsrand het 'n nuwe tydperk vir die stasies op Welverdiend, Bank en Oberholzer ingelui. Mynwerkers wat in ander dorpe gewoon het, het van die treindienste na dié stasies gebruik gemaak om by hulle werk te kom. Dit was veral die opening van spoel=diamantvelde in die omgewing van Lichtenburg en Ventersdorp wat die Welverdiend-spoorlynverbinding belangrik laat word het.[74] In 1948 het die Minister van Spoorweë bekend gemaak dat 'n bedrag van 616 000 pond aan spoorwegverbeteringe op Welverdiend gespandeer gaan word.[75] Dit het meer treindienste vir die Gatsranders na ander dorpe in die vooruitsig gestel.[76]

8.4 Lugverkeer

Ten opsigte van lugverkeer het die Gatsrand tot en met 1948 nie oor 'n moderne vliegveld beskik nie. 'n Vliegveld is egter reeds op 21 Februarie 1923 ongeveer een kilometer oos van Welverdiend uitgelê en blykbaar veral deur die weermag vir wapenskoue gebruik.[77] In 1927, tydens 'n wapenskou op Welverdiend, is die swak toestand waarin die vliegveld verkeer te berde gebring nadat vliegtuie nie daar kon

---

72) Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAB), verw. 408 nr. 1644: Sekretaris SAS/ G.P. Brits, 4.4.1928.

73) SuidAfrikaanse Spoorweë (SAB), verw. 408 nr. 1644: P.A.J. Opper=man/Minister van Spoorweë, 13.8.1926.

74) Justisie (SAB), verw. 395 nr. 3/251/25: Commissioner Police/ Secretary of Justice, 6.3.1929.

75) *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 16.1.1948, p.5 en 26.3.1948, p.2.

76) Gesondheid (SAB), verw. 304 nr. 500/1: Additional district surgeon Welverdiend, 1930-1943, 7.9.1943.


77) Direkteur van Burgerlike Lugvaart (SAB), verw. 34 nr. 824/161: Aero=dromes Welverdiend, 21.2.1923.

land nie en na Zwartkop moes terugkeer.[78] Gevolglik is die vlieg= veld baie min gebruik en was dit steeds in die veertigerjare 'n pro= bleem.[79]

Volgens kaart nr. 6 blyk dit dat die kommunikasienetwerk van Gatsrand teen 1948 reeds goed ontwikkel het. Dit het noodwendig nouer skakeling tussen dorpe buite die gebied bewerkstellig en ook stimulerend op alle terreine van elke dorp ingewerk:


78) Direkteur van Burgerlike Lugvaart (SAB), verw. 34 nr. 824/161: Aerodromes Welverdiend 24.10.1927 en 28.10.1927.

79) Direkteur van Burgerlike Lugvaart (SAB), verw. 34 nr. 824/161: Aerodromes Welverdiend, 11.8.1941.




KAART 6 DIE KOMMUNIKASIENETWERK IN DIE GATSRAND TOT 1948

BRONNE: T A B Kaart 14: Posroetes in die Z A R 1899/ Poskoetsroetes: Dr. J.F. Wolmarans/ C.W.F. Jeppe: Kaart van Transvaal en omgewing, 1899/ J.H. Coetzee (red.), Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2 verslag nr. 2 Potchefstroomgebied, p. 147a.



'N SPORTDAG OP ELANDSFONTEIN NR. 289, 1910
Foto: K. du Preez (Fochville)

# HOOFSTUK NEGE

# SOSIAAL-KULTURELE AKTIWITEITE

## 9.1 Ontspanning

Vir die Trekkers wat hulle in die landstreek noord van die Vaalrivier gevestig het, het die lewe nie net uit swoeg en swaarkry bestaan nie. Die Gatsranders het tyd ingeruim vir gesellige verkeer en ontspanning. Boeresportitems soos perderesies, riemtrek, sakresies, naellope, ver=spring en skyfskiet was deel van die vermaak op Nuwejaarsdag. Hoewel hiérdie items met uitsondering van perderesies (wat net vir mans was) nie op 'n georganiseerde grondslag plaasgevind het nie, het dit aange=name ontspanning en tydverdryf verskaf.[1] Voor 1937 het dit hoofsaak=lik net om boeresport gegaan. Uniewording is byvoorbeeld op 31 Mei 1914 op Bank met 'n boeresport gevier.[2]

Mynamptenare wat van 1937 af in die noordelike deel van die Gatsrand werksaam was, het op ander wyses van die Oujaar afskeid geneem. Op 30 Desember 1939 is 'n dans in die eetsaal van die Blyvooruitzichtmyn se enkelkwartiere georganiseer. Die Astra-orkes van Potchefstroom het gereeld op dansfunksies van Blyvooruitzichtmyn opgetree teen 'n vergoeding van sewe pond per funksie.[3]

Filmvertonings en speletjiesaande is in die veertigerjare in die eetsaal van die Blyvooruitzichtmyn se enkelkwartiere gehou.[4] Die ontspannings=klub van dié myn het toe ook 'n biblioteek geopen. Boeke is van die

---

1) J. van Wyk, "Landskoonmaker", *Die Boerevrou*, Julie 1950, p.5. Ver=gelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986. Perderesies as sportsoort word later in dié hoofstuk behandel.

2) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe M.M. van der Westhuizen, p.3.

3) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", pp. 16, 22.

4) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.16.



BLYVOOR AMATEUR DRAMATIC SOCIETY
Foto: C. Rautenbach (Carletonville)

biblioteek in Krugersdorp verkry. A.B. Hagan-Watson was die eerste bibliotekaresse.[5]

Toneelgeselskappe van veral Potchefstroom het soms toneelstukke in die omgewing opgevoer. So byvoorbeeld het die Exelsior Toneelvereniging van Potchefstroom in 1922 'n toneelstuk genaamd "Die simpel seun" op Klipdrift opgevoer.[6]

In November 1944 is die eerste plaaslike verskeidenheidskonsert op Blyvooruitzicht gehou. Dié konsert het uitgeloop op die stigting van 'n amateur drama-toneelgeselskap in 1945 onder leiding van A.W. (Bert) Ozard. Toneelstukke en verwerkings soos "The Ozard of Wiz" (Wi= zard of Oz), "Blyvariety" en "Pot-Pourri" is deur die plaaslike toneelge= selskap opgevoer.[7] In April 1947 het die MOTH-tak van Blyvooruitzicht ook 'n toneelstuk genaamd "Journeys End" opgevoer.[8]

Tot 1948 was daar nie natuurreservate of vakansie-oorde in die Gats= rand nie. Oud-inwoners onthou nog die tye toe families uitgespan het in 'n groot sinkgat, bekend as die oer-sinkgat, op die grond van die huidige Doornfonteinmyn. Vir die bewoners was dié sinkgat 'n lushof van bome waar dikwels uitgespan is vir meer as een dag. Dit was ook 'n gewilde bymekaarkomplek vir pieknieks. Aktiwiteite soos sakloop, toutrek en verspring het deel uitgemaak van 'n dag se vermaak.[9]

Die Wonderfonteingrot, wat ongeveer twee kilometer van die Wonderfon= teinoog af geleë is, was in die sestigerjare van die negentiende eeu al 'n gewilde besienswaardigheid vir besoekers en 'n ontspanningsplek

---

5) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.16.

6) *De Westelike Stem*, 14.6.1922, p.6. Kyk ook 26.11.1924, p.2 en 4.1.1928, p.5.

7) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.45. Vergelyk ook Carle= tonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud C. Rautenbach, 11.3.1987.

8) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.47.

9) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986. Vergelyk ook verw. 3: Onderhoud K. du Preez, 6.11.1985.

vir die inwoners. Die Wonderfonteingrot is 'n netwerk van tonnels wat byna almal ewe groot is.[10] Bekendes uit die buiteland soos Karel Mauch, 'n aspirant onderwyser, en die Tsjeggiese dokter Emil Holub het die grot besoek. Eienaar J. Oberholzer se besoekersfooi het gewissel tussen vyf sjielings en een pond per persoon. Buitelanders het natuurlik meer betaal as Oberholzer se volksgenote.[11]

Twee ander grotte wat ook in die omgewing voorkom, is die Kleinfontein=grot (hutgrot) op die huidige Deelkraalmyngrond[12] en die Wes-Drie=fonteingrot, ongeveer vier kilometer oos van die Wes-Driefonteinmyn. Laasgenoemde grot is eers ontdek nadat die eerste skag op Wes-Drie=fontein gesink is. Vanweë die grot se ligging aan die myne is dit nie vir die publiek oopgestel nie.[13]

## 9.2 Sport

Voor 1902 het sportbedrywighede in die Gatsrand hoofsaaklik gesentreer om boeresport en skietkompetisies wat hoofsaaklik gedurende piekrnieks beoefen is. Laasgenoemde en perdewedrenne was veral baie gewild onder die mans. Elke boer wou graag sy eie vaardigheid met 'n vuurwapen asook die stamina van sy ryperd met die van ander boere vergelyk.[14] Georganiseerde perdesportbyeenkomste (gimkana) is in 1944 en 1946 op Blyvooruitzicht gehou. Perde en ruiters het in 'n wye verskeiden=heid veld- en baannommers teen mekaar te staan gekom.[15]

---

10) J.F. Wolmarans, *Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand: Gebeure in perspektief,* p.53.

11) K. Mauch, *The journals of C. Mauch: His travels in Transvaal and in South Africa, II,* p.20. Vergelyk ook E. Holub, *Seven years in South Africa, II,* p.71. C. Rautenbach het in verskeie uitgawes van die koerantrubriek, "Rondom die Gatsrand", persone se besoeke aan die Wonderfonteingrot breedvoerig geskets. Kyk *Potchefstroom Herald and Western Gazette,* 3.6.1983, p.4 en 17.6.1983, p.2.

12) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud T.F. Dreyer, 6.5.1987.

13) J.F. Wolmarans, *Ontwatering van die dolomietgebied...,* p.47.

14) Carletonville (PU vir CHO), verw. 1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986 en M.M. van der Westhuizen, p.3.

15) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", pp.36, 44. Vergelyk ook Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986.



DIE WOLMARANSE AS WILDJAGTERS
Foto: J.M.F. Terburg (Florida)

Georganiseerde skietkompetisies is reeds in 1885 in die Gatsrand gehou. Op 21 Mei van daardie jaar is 'n kompetisie op G. van der Westhuizen se plaas gehou. Deelnemers moes oor afstande van 100 en 300 tree skiet. J. Labuschagne en J. Steyn van Deelkraal was die gesamentlike wenners met J.F. van der Merwe van Leeuwpoort tweede en J.J. Joubert van Rietfontein derde. Die pryse het gewissel van een tot vier sakkies kruit.[16)]

Skietkompetisies het ook onderling tussen die skietverenigings, wat na die Unieverdedigingswet van 1912 op die been gebring is,[17)] plaasge= vind. Die uitslae is soms in plaaslike koerante gepubliseer. So het die Losberg-Botha Skietvereniging byvoorbeeld op 4 September 1920 met 13 punte teen die vereniging van Wonderfontein-Rooipoort ver= loor.[18)]

Individuele kompetisies is ook gehou. Winkelier Sam Rosenthal van Welverdiend het in 1913 'n beker geskenk vir die beste skut. W.P. Grey het in Junie 1913 die eerste houer van die Rosenthalbeker ge= word.[19)]

Lede van die skietverenigings het ook aan Bisley-skietkompetisies deelgeneem. Die beste agt skuts uit al die skietverenigings het die omgewing onder die vaandel van die Gatsrand Kommando op dié kompetisies verteenwoordig. In 1923 het die Gatsrand Kommando 'n gedugte skiet= span gehad waarvan die lede J.B. Wolmarans, N.J. Grey, H. Pieterse, J.N. Grey, H. Kluyts, H. van der Merwe, H.J. Roux en J. Kraft was. Die beste skut in die span tydens die Bisley-skietkompetisie van 1923 was J. Kraft.[20)]

---

16) Potchefstroom Landdros (TAB), verw. 12: J.T. Martins/Landdros, 21.5.1885.

17) Anon., "Die geskiedenis van ons", *Paratus*, Oktober 1973, p.9.

18) *De Westelike Stem*, 26.9.1920, p.3.

19) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud Kmdt. W.P. Grey (Jr.) 4.5.1987.

20) *De Westelike Stem*, 19.9.1923, p.4.

In ongeveer 1932 het die kommissaris van Polisie 'n beker uitgeloof vir die beste skietspan onder al die kommando's van Wes-Transvaal. Die Gatsrand Kommando het dié beker verower en dit herdoop tot die Gatsrand Kommandobeker. Lede van al die skietverenigings het jaarliks teen mekaar om dié beker gekompeteer. Daar is toe ooreengekom dat die eerste kommandolid wat die individuele kompetisie twee keer agter=eenvolgens wen, dié beker permanent kon hou. Kaptein J.W. Grey het die beker op dié wyse verower.[21)]

'n Onderskeiding wat van die Gatsranders op 'n ander terrein te beurt geval het, was die grootwildjagterkompetisies waaraan die drie seuns van J.B. Wolmarans van Elandsfontein nr. 360 deelgeneem het. Die kompetisie het veral buite die landsgrense geskied. In die veertiger=jare is Manie Wolmarans aangewys as die kampioen grootwildjagter van Suid-Afrika.[22)]

Hoewel rugby in Wes-Transvaal eers teen 1920 op vaste grondslag gespeel is,[23)] was dit eers vanaf 1939 in die Gatsrand op 'n georganiseerde wyse beoefen. Buiten enkele boere was die spelers oorwegend mynwer=kers.[24)] Volgens uitslae in 'n plaaslike koerant het 'n West Wits-rugbyspan in 1939 in die eerste liga om die Neserbeker van Wes-Transvaal gespeel. Die span het egter maar swak vertoon.[25)] Daar word nie weer van hulle in koerante vermeld nie.

In 1942 het twee mynamptenare G.F. Pienaar en C. Truter 'n rugbyspan onder die mynwerkers en boere in die omgewing van Blyvooruitzicht saamgestel en afgerig. C. Vermaak was die eerste voorsitter en

---

21) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud Kmdt. W.P. Grey (Jr.), 4.5.1987.

22) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname J.M.F. Terburg, 30.9.1987.

23) *De Westelike Stem*, 5.3.1921, p.4.

24) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986.

25) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 2.6.1939, p.9.



ELANDSFONTEIN NR. 289 SE TENNISKLUB, 1910
Foto: Dominee A. Brink (Fochville)

S. Bester die sekretaris van die Blyvooruitzicht Rugbyklub wat teen spanne van Potchefstroom en ander dorpe meegeding het.[26)]

In 1943 is 'n span vir die tweede liga (T.O.D.-Suttiebeker) ingeskryf. Die span het in Augustus aan die liga onttrek vanweë 'n tekort aan spelers.[27)] In 1944 het sake vir die Blyvooruitzicht-rugbyspan voor= spoediger verloop. Dié span, wat weer in die tweede liga meegeding het teen spanne soos West Reef, PUK, Ventersdorp, Klerksdorp A en B, Spoorweë, Dominion Reefs en Potchefstroom-dorp, het as wenners geëindig.[28)]

In 1946 is die span vir die eerste liga ingeskryf en het deurgedring tot die finaal teen Garrison (garnisoen van Potchefstroom). Die eind= stryd is egter verloor.[29)] In 1947 het die rugbyspan van Blyvooruit= zicht weer teen dieselfde span in die eindstryd gespeel en die Neser= beker gedeel.[30)] Die tweede span wat in dié jaar vir die T.O.D.-Suttie= beker ingeskryf is, het ook goed gevaar maar voor die finaal uitge= val.[31)] Teen 1948 was die Blyvooruitzicht rugbyspan op die kruin van sukses. In dié jaar het hulle die Neserbeker gewen toe hulle Garrison geklop het. Spelers wat tussen 1942 en 1948 vir Wes-Transvaal se provinsiale span uitgedraf het was C. Truter, J. du Buys, J. du Plessis, L. Trichardt, C. de Villiers en P. Roux.[32)]

Vroeg in 1938 het die eerste *sokker*wedstryd in die Gatsrand op die Blyvooruitzichtmyngronde plaasgevind. Dié wedstryd was tussen twee Blanke spanne, bekend as die plaaslike werkers en kontrakwerkers,

---

26) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986.

27) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 20.8.1943, p.3.

28) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 20.5.1944, p.5. Kyk ook 6.10.1944, p.3 en Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986.

29) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 3.10.1946, p.2 en Carle= tonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986.

30) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 3.10.1947, p.5.

31) *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 20.6.1947, p.5.

32) Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandopname G.F. Pienaar, 20.11.1986.

en het nie op 'n kompetisiebasis plaasgevind nie. Die wedstryd is nie op 'n sokkerveld beslis nie, maar wel op 'n terrein bedek met gras=polle en bossies.[33] Dit was eers teen die einde van 1948 dat 'n ontspan=ningklub vir die werkers van die Blyvooruitzichtmyn in die vooruitsig gestel is met die doel om sportfasiliteite te skep en te sentraliseer. Daar is onder meer begin met die uitlê van 'n sokkerveld vir Blankes. Sokkerfasiliteite vir Swartes het nie voor 1948 aandag geniet nie.[34] Dit is egter moontlik dat hulle die spel op 'n informele grondslag by die mynkampongs gespeel het.

Sover bekend is *tennis* reeds sedert 1910 op die plaas Elandsfontein nr. 289 beoefen en op 'n latere stadium op Wonderfontein en die neder=setting op Klipdrift. Dié sportsoort was grotendeels gerig op ont=spanning.[35] Vir die instandhouding van die tennisbane is klubgelde ingevorder. Lidmaatskap van die tennisklub op Wonderfontein het in 1926 agt sjielings per jaar beloop en toegangsgeld vir nie-lede was vyf sjielings per wedstryd.[36] Die ontspanningsklub van die Blyvooruit=zichtmyn het ook voorsiening gemaak vir tennisfasiliteite.[37]

Mynvestiging in die Gatsrand in 1937 het ook gelei tot die beoefening van ander sportsoorte. In 1939 is 'n *gholfbaan* onder leiding van G. MacDavid en N. Clark uitgelê, terwyl *rolbal* in 1942 onder leiding van P. Groenewald georganiseer is.[38] In 1947 het *jukskei* gevolg. Daar=

---

33) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.10.

34) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.49.

35) Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAB), verw. 292 nr. G13/18: Railway tennis court Wonderfontein, 8.10.1926. Kyk ook J. C. Coetzee, *Pioniers van die skoolplaas Klipdrift: Johan en Johanna Schutte, 1923-1938*, p.72 en Careltonville (PU vir CHO), verw. 3: Bandop=name K. du Preez, 6.11.1986 en G.F. Pienaar, 20.11.1986.

36) Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAB), verw. 292, nr. G13/18: Railway tennis court Wonderfontein, 8.10.1926.

37) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.49.

38) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", pp.17, 33.

voor is 'n baan langs die Blyvooruitzichtmyn se ontspanningsaal uit= gelê.[39] *Krieket* is al voor 1920 op 'n informele basis in die noordwestelike deel van Gatsrand gespeel. In 1915 het die plaas= like koerant, *De Westelike Stem*, melding gemaak van 'n krieketspan van Kleinfontein wat teen Potchefstroom sou speel.[40] Krieket is egter eers in 1948 behoorlik georganiseer toe die Blyvooruitzichtmyn 'n krieketspan saamgestel het. *Hokkie* is gedurende dieselfde jaar op Blyvooruitzicht bekend gestel.[41]

## 9.3 Kultuur

Die Gatsrand se uitgestrekte plattelandse omgewing is waarskynlik die vernaamste rede waarom daar nie juis kultuurorganisasies voor 1948 bestaan het nie. Sover bekend was Geloftedag die enigste volks= fees wat tot en met 1948 plaaslik georganiseer en herdenk is. Dié fees is aanvanklik net in Pietermaritzburg herdenk maar na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) is dit ook gereeld op Paardekraal (noord-oos van Wonderfontein, buite die grense van Gatsrand) gevier.[42] Ge= loftefeeste is eers net by wyse van kerkdienste gevier. Op Paardekraal het die Geloftefees egter oor vier dae gestrek waartydens godsdiens= oefeninge, boeresport en 'n wapenskou deel van die verrigting uitgemaak het.[43] Die Gatsranders het waarskynlik van dié feesdienste op Paarde= kraal bygewoon. Teen 1890 het 'n pleidooi vanuit Afrikanergeledere ge= kom om nie net dié fees op enkele plekke te hou nie, maar dit jaarliks oor die hele land te vier.[44] Alhoewel op verskeie plekke plaaslike feeskomitees tot stand gekom het, is daar nie inligting van die bestaan van so 'n komitee in die Gatsrand voor 1915 nie.

---

39) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.48.
40) *De Westelike Stem*, 16.2.1915, p.5.
41) W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.49.
42) P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp.44, 48.
43) P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p.59.
44) P. de V. Pienaar, (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p.272.

Dit blyk dat Geloftedag vanaf 1915 jaarliks op Weltevreden, die plaas van L. Minie, gevier is. G. Davidtz was in die twintigerjare die voorsitter van die Dingaansfeeskomitee in die Gatsrand.[45)] Die verrigtinge het die vorm van bidure, godsdiensoefening, toesprake en geskiedkundige vertellinge aangeneem.[46)]

Van 1922 af is geloftefeeste ook op Klipdrift gehou. C. du Plessis was die voorsitter en F.G. Zerwick die sekretaris van hierdie feeskomitee. Teen daardie tyd het die feeste oor twee dae (15 en 16 Desember) gestrek.[47)] Boeresport, toneelstukke en die optrede van skoolkore was deel van die verrigtinge. Toneelstukke soos "Afrikaner Harte" en "Jong du Preez" is opgevoer.[48)]

Historiese besienswaardighede in die Gatsrand, soos die A.H. Potgieterskans en die Danie Theron-monument, word waarskynlik as lokaliteite vir Geloftefeeste gebruik. Die A.H. Potgieter-skans of -fort naby Fochville is reeds in 1842 deur die trekgeselskap van Potgieter opgerig. Dié fort is in die vorm van 'n kraal met 'n breë hek aan die noordekant. Die doel van die fort was om die vroue en kinders te beskerm indien die kommando van Potchefstroom teen die Britse troepe in Natal moes gaan veg het.[49)] 'n Monument is in 1950 vir Danie Theron, verkenner tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), op 'n heuwel van die destydse plaas Elandsfontein nr. 289 opgerig op die plek waar hy tydens die oorlog gesneuwel het.[50)]

Mynbedrywighede in die Gatsrand, gepaard met 'n bevolkingstoename in dié gebied, sou na 1948 as stimilus dien vir die stigting van verskeie kultuurorganisasies.

---

45) *De Westelike Stem,* 9.12.1915, p.5, 15.11.1922, p.3 en 26.11.1924, p.3

46) *De Westelike Stem,* 28.12.1915, p.3. Vergelyk ook A. Coetzee, *Die Afrikaanse Volkskultuur,* p.102.

47) *De Westelike Stem,* 22.11.1922, p.3, 27.12.1923, p.5 en 3.12.1924, p.6

48) *De Westelike Stem,* 4.1.1928, p.3.

49) Potchefstroomse Museum, verw. POT 968.0421: Potgieter-skans, 12.3.1971.

50) Potchefstroomse Museum, verw. THE 968:20481: Danie Theron, p.3. Die huis van P.J.W. Schutte op Buffelsdoorn behoort gerestoureer en bewaar te word. Schutte kan beskou word as vader van die Geref.-Kerkgenootskap in die distrik Potchefstroom. Ook is die eerste Gereformeerde diens deur ds. Postma in sy huis gehou. (Kyk hoofstuk 3 oor Godsdiens ontwikkeling).

SAMEVATTING

Ontwikkeling en gebeure in die Gatsrand en wel op die terreine van die ekonomie, godsdiens, onderwys, politiek, regspleging en verdediging, administrasie, kommunikasie en kultuur, maak deel uit van en is aanvul= lend tot die ontwikkeling en geskiedenis van die breëre samelewing van Potchefstroom, Wes-Transvaal en Suid-Afrika.

Die Gatsrand, as rantereeks, is nie alleen 'n baie bekende geografiese landmerk in Wes-Transvaal nie maar het tot 1948 ook as bepaalde staat= kundige entiteit binne die raamwerk van die distrik Potchefstroom gefigureer. Hierdie is 'n studie van Gatsrand se mense en Gatsrand se ontwikkeling vanaf die koms en vestiging van Blankes in dié gebied, sedert die eerste helfte van die vorige eeu, tot die proklamering van die dorp Carletonville in 1948.

In die *inleidende hoofstuk* val die kollig vlugtig op enkele Swart stamme wat die Gatsrand bewoon het voordat Mzilikazi se Ndebele in die derti= gerjare van die negentiende eeu met hulle verwoestingsveldtog in die Hoëveld begin het. Oorlewering wil dit hê dat die eerste Blanke, ene Harmse, hom reeds so vroeg as 1836 in die Gatsrand gevestig het. Volgens die vroegste beskikbare plaasregisters het die Trekkers hulle egter eers teen 1839 in die omgewing gevestig. Dit is inderdaad so dat die eerste plase in Gatsrand gelyktydig met plase in onder meer die Mooirivier gebied vlakby geregistreer is. Deur die aanwending van hierdie gegewens word die spesifieke name van die eerste eienaars van plase in die gebied uitgelig en word ook 'n beeld gegee van die tempo van plaasbesetting in die Gatsrand. Dit is hoogs waarskynlik die eerste keer dat dié plaasregisters in 'n wetenskaplike studie ge= bruik word. Nadere besonderhede oor die herkoms van die name Gatsrand en dié van die plaas Deelkraal, wat in die plaasregisters as verwy= singspunte gebruik word, word ook in die studie toegelig.

Bewoners van Gatsrand was tot vroeg in die twintigste eeu nog agraries ingestel. Daadwerklike ontwikkeling van die gebied het begin met die daarstelling van die nedersetting Klipdrift in 1911 en die prokla= mering van die dorp Fochville in 1920. Na die aanvang van goudmynbe=

drywighede in die gebied in 1937 is nog vyf dorpe geproklameer, naamlik: West Wits, Oberholzer, Welverdiend, Bank en Blybank, totdat Carleton=ville in 1948 op die plaas Twyfelvlakte sy beslag gekry het.

Wat die *ekonomiese geskiedenis* van die gebied betref, was akkerbou as=ook veeboerdery, voor die koms van die goudmynbedryf, die grootste enkele bedryf in die Gatsrand. Aanvanklik was die mark op Potchef=stroom die naaste afsetgebied vir produkte maar later het ook Johannes=burg, Randfontein en Krugersdorp in hierdie behoefte voorsien. Boere het ook 'n paar winkels en hotelle, wat na ongeveer 1867 in die Gatsrand geopen het, van produkte voorsien volgens 'n stelsel van uitruiling. In die boerderybedryf het veesiektes, droogtes, armoede en oorloë die bewoners gedurigdeur gekniehalter.

Dit was egter veral die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), wat ingry=pende veranderinge in die lewenswyse van mense gebring het, wat ook die Gatsranders swaar getref het. Armoede gepaard met oorbenutting van plase, as gevolg van onderverdeling, is maar enkele faktore wat daartoe gelei het dat sommige boere hulle plase verkoop het. Enkeles het iets nuuts probeer soos G.P. Brits wat 'n kwekery op die plaas Jachtfontein gevestig het. Boereverenigings is in veral die twintiger=jare gestig om boere ekonomies op te hef en met raad by te staan.

Met die vestiging van Hollandse nedersetters in 1928 op Wonderfontein het die gebied veral ekonomies gebaat. Dit blyk dat die nedersetters hulle hoofsaaklik op melkboerdery toegespits het hoewel ondernemings soos 'n kaasfabriek, 'n smidswinkel en 'n bakkery nou ook hul verskyning in die gebied gemaak het.

Sedert 1937 het goudmynbedrywighede in die noordelike dele van die Gatsrand die ekonomie van die gebied gestimuleer. 'n Belangrike uitvloei=sel van die goudmynbedryf was dat boere nou 'n plaaslike afsetpunt vir hulle produkte gehad het en dat besighede in die jong geprokla=meerde dorp, veral Oberholzer en Carletonville, geopen is. Behuisings=nood en plakkery was twee ander uitvloeisels van die vestiging van die goudmynbedryf wat 'n impak op die ontwikkeling van die gebied gehad het. As uitvloeisel hiervan het byvoorbeeld die Swart woonbuurt Khutsong sy beslag gekry.

*Godsdiensbedrywighede* in die Gatsrand het aanvanklik dieselfde patroon as in die res van die ZAR vertoon. Vanweë lang afstande wat afgelê moes word, is kerkdienste op Potchefstroom en later ook te Krugersdorp slegs by spesiale geleenthede, soos Nagmaal, bygewoon. Origens het buitedienste, gelei deur 'n predikant of 'n gesiene ouderling, in die behoeftes voorsien. Die Gatsranders was ten spyte daarvan redelik aktief in kerkaktiwiteite. Persone soos F.G. en F.G.A. Wolmarans het 'n prominente rol in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk se vestiging in Transvaal gespeel en P.J.W. Schutte was 'n mede= stigter van die Gereformeerde Kerk in 1859 asook die Mooirivier-gemeen= te se eerste ouderling.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat in die tagtigerjare van die negentiende eeu gestig is, was die eerste om 'n gemeente in die gebied, naamlik in 1925 te Fochville, te vestig. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1935 ook 'n gemeente op dié dorp gestig. Die eerste Gerefor= meerde-gemeente is egter eers in 1949 gestig.

Ander kerkgenootskappe was nie so prominent en aktief soos die Afri= kaanse kerke nie. Die Metodiste en Anglikaanse Kerke het eers na die opening van goudmyne in die Gatsrand met kerkbedrywighede onder Blankes in die gebied begin terwyl die Jode en die Indiërs se gods= diensoefening op 'n meer informele vlak beoefen is en eers na 1948 formeel beslag sou kry.

In lyn met die algemene praktyk was dit buitelandse sendinggenootskap= pe, soos die Berlynse Sendinggenootskap en die Anglikaanse-Kerk, wat in die negentiende eeu op sendingwerk in die gebied bedrywig was. Hoewel daar sporadies en op klein skaal individuele pogings tot sending= werk in Afrikanergeledere voorgekom het, het die Afrikaanse Kerke eers na formele gemeentestigting in die gebied daadwerklike aandag aan sendingwerk begin skenk. 'n Belangrike verwikkeling was toe die reeds gemelde twee Engelstalige kerkgenootskappe in 1948 aansoek gedoen het vir oprigting van kerkgeboue vir sendingdoeleindes.

Met die Trekkers se vestiging in die Gatsrand het daar 'n einde gekom aan die onsekere en lukraak *onderwyssituasie* wat tydens die Groot Trek-tydperk geheers het. Private onderwysers het op plase onderrig. So ver bekend was staatsdrukker J.P. Borrius, 'n bekende in die Potchef= stroomse geskiedenis, een van die eerste private onderwysers wat by 'n plaasskool in die Gatsrand sy dienste aangebied het. Die aanstel= ling van 'n superintendent van onderwys deur die Volksraad van die ZAR in 1879 het ook onderwystoestande in die Gatsrand laat verbeter. Van 1886 af is plaasskole in die Gatsrand aangetref en teen 1899 was daar ongeveer 25 plaasskole in die gebied.

Na die Tweede Vryheidsoorlog, en as uitvloeisel van die Britse admini= strasie se inbreuk op die tradisionele onderwys, het CNO-skole hul verskyning gemaak. Die enkele CNO-skole in die Gatsrand het ook spoedig, soos elders, by die staat om hulp moes aanklop en so hul unieke karak= ter verloor.

Die oorwegend primêr-gerigte onderwys in die gebied het, as gevolg van die koms van die goudmynbedryf, teen die laat dertigerjare so uitgebrei dat 'n eerste volwaardige sekondêre skool kort nar 1948 tot stand kon kom.

Die Gatsrand was in vele opsigte 'n barometer van die breëre konstitu= sionele en *politieke verwikkelinge.* In die vestigingsjare tot en met die Sandrivier-konvensie was dit veral F.G. Wolmarans en P.J.W. Schutte wat 'n rol gespeel het in die pogings om bande met Brittanje te verbreek.

Britse anneksasie van die ZAR in 1877 het die burgers in tydelike verset laat kom. Waarskynlik vanweë sentrale ligging is twee belang= rike volksvergaderings op die vooraand van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) in die gebied op die plaas Wonderfontein gehou. Oor die Gatsranders se simpatie in die "politieke" stryd tussen Kruger en Joubert in die tagtiger- en negentigerjare is nie veel bekend nie; so ook wat betref hul rol in die politieke rekonstruksie na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog. Dit is wel bekend dat 'n tak van die Het Volk in dié gebied gestig is.

Met Uniewording in 1910 het die wyke Gatsrand en Vaalrivier die kies=afdeling Losberg gevorm. Generaal Louis Botha, eerste premier van die Unie en leier van die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Party, het vanaf 1910 tot sy dood in 1919 die kiesers van Losberg as volksraadlid in die parlement verteenwoordig. In dié tydperk het Botha met gewig=tige sake te kampe gehad waaronder die Unie se deelname van die Eerste Wêreldoorlog (1914). In September 1914 het hy 'n groot byeenkoms in dié verband op Bankstasie in die Gatsrand toegespreek. Sy onderdruk=king van die Rebellie later dié jaar het sy gewildheid in die Gatsrand, soos trouens ook elders, geknou. As uitvloeisel hiervan het ontevre=denes in dié gebied 'n Nasionale Party-tak gestig nadat generaal Hert=zog van Botha weggebreek het.

Na-oorlogse toestande, soos die Staking van 1922 aan die Rand en ekono=miese agteruitgang, het die Nasionale Party die 1924-verkiesing, met inbegrip van die Losberg-setel, laat wen. Ten tyde van dié partye se vereniging met die Suid-Afrikaanse Party in 1933, toe bekend as die Verenigde Party, het die meerderheid kiesers van Losberg steeds vir Hertzog gesteun.

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939) en die Unie se besluit om toe te tree, het in die Gatsrand, asook elders in Suid-Afrika, gemengde gevoelens ontlok. Met die herverkiesing van 'n Verenigde Party-kandidaat (J.B. Wolmarans) in die 1943-verkiesing is formeel getoon dat die meerderheid Gatsranders die oorlogsdeelname goedgekeur het. Gatsranders het hierna die unieke situasie beleef dat hulle volksraadlid, vir 'n tweede keer, van politieke oortuiging verander (hy was voor 1929 'n Nasionalis). Hy was 'n groot kritikus van die Smuts-regering se Kleurbeleid en het hom in 1948 as Nasionale Party-kandidaat beskikbaar gestel maar het teen G.P. Brits uitgeval. Dit is betekenisvol dat die meerderheid Losberg-kiesers, soos blyk uit die verkiesingsuitslag van 1948, tog Wolmarans se standpunt jeens die Verenigde Party onderskryf het en die Nasionale Party gesteun het.

Die bewoners van Gatsrand het binne plaaslike verband maar ook op die breër nasionale terrein waardevolle bydraes op *militêre gebied* ge= lewer. Dit geld byvoorbeeld die vele veldtogte om wet en orde binne die staatkundige grense in die ZAR te verseker. Verder het die studie gewys op die Gatsranders se deelname aan generaal Piet Cronjê se sen= ding na Potchefstroom, in Desember 1880, en waaruit die Eerste Vryheids= oorlog ontbrand het. Ook het dié gebied se burgers aktief deel gehad aan Cronjé se voorkoming van die Rhodes-beplande poging van Jameson om die ZAR-bewind in 1895-1896 omver te werp. In die Tweede Vryheids= oorlog (1899-1902) het hulle as deel van die Potchefstroom Kommando die Britse troepe by Magersfontein help verslaan. Baie Gatsranders was ook aktief betrokke by Smuts se bedrywighede tydens die slag van Frederikstad, by die vernietiging van 'n brug te Bankstasie sowel as by die oorname van die Britse blokhuis te Modderfontein. Enkele burgers van dié gebied het daarna Smuts se epiese veldtog na die Kaapkolonie meegemaak.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die militêre opset ontwikkel in die rigting van 'n eie verdedigingsorganisasie wat in 1912 sy beslag gekry het. Gatsrand-burgers is in agt skietverenigings, elk met sy eie veld= kornette en assistent-veldkornette, ingedeel en dié nuwe bedeling het nou bekend gestaan as die Gatsrand Kommando. Vrywilligers uit dié Kommando het deelgeneem aan die Unie se veldtog in Suidwes-Afrika tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918). Sommige burgers het hulle egter verset teen oorlogsdeelname deur aan die 1914 -Rebellie deel te neem. Die Kommando van Gatsrand het ook die Staking van 1922 aan die Rand help onderdruk. Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het vrywilligers van die Gatsrand weer die wapen opgeneem. In Oktober 1940 is 'n nuwe fase van die verdedigingstelsel ingelui toe die Nasio= nale Reserwe Vrywilligers, waarvan daar in Gatsrand ook 'n afdeling was, gestig is met die doel om die yl-bevolkte dele van die land te beman.

Voor Fochville se proklamering in 1920 was die wyk Gatsrand se veldkor= net grotendeels vir die gebied se *plaaslike administrasie* verantwoorde= lik. Deur die invordering van belasting onder Blanke en Swart in die gebied het die Gatsranders ook bygedra tot die instandhouding van plaaslike en nasionale dienste. Na die Tweede Vryheidsoorlog het

die Britse administrasie begin om aandag te skenk aan die wyse waarop gebiede, wat ver van munisipaliteite was, bestuur is. Ook die Gatsrand sou hierby baat en wel in Junie 1944 toe 'n Gesondheidsraad vir Buite= stedelike gebiede 'n groot gedeelte van die omgewing se administratiewe bestuur oorgeneem het. Dié Raad se skepping van 'n infrastruktuur het baie bygedra om dorpe in die gebied vir voornemende bewoners aanloklik te maak.

Vir *mediese dienste* was die Gatsranders tot 1948, met die uitsondering van die distriksgeneesheer op Fochville en die myne se mediese fasili= teite vir hulle werkers, steeds aangewese op die van Potchefstroom en Krugersdorp. Dit kan hoofsaaklik aan die gebied se oorwegend lande= like agrariese karakter toegeskryf word. Hierteenoor is enkele *welsyns= dienste* in die Gatsrand na die proklamering van dorpe en die opening van goudmyne in die gebied, wel gestig wat met fondsinsamelings verarm= des probeer ophef het.

Ontwikkeling van die Gatsrand op die terrein van *kommunikasie* kan hoof= saaklik toegeskryf word aan die gebied se sentrale ligging. Dit is geleë op veral twee belangrike posroetes te wete die vanaf Potchefstroom oor Welverdiend na Pretoria en die Potchefstroom-Johannesburg-roete. Die poskoetsdienste het van hierdie roetes gebruik gemaak en as uit= vloeisel hiervan het vele posagentskappe in die gebied ontstaan. Hierdie twee roetes het ook later die gebied se twee hoof padroetes geword. Goudmynbedrywighede na 1937 het 'n dringende behoefte vir meer en beter paaie in die gebied geskep.

Die belangrike Suidwestelyn, wat vanaf Krugersdorp tot in Klerksdorp gestrek het en bedoel was om uiteindelik by die Kimberley-Kaap-spoorlyn aan te sluit, het deur die Gatsrand geloop. Die Krugersdorp-Frederik= stad-trajek, met stoppunte op Bank, Wonderfontein en Welverdiend, is in 1896 oopgestel. In 1927 is 'n spoorlyn tussen Potchefstroom en Fochville, vir die gerief van veral die bewoners in die sentrale deel van die Gatsrand, oopgestel. Teen 1948 was daar 'n groot behoefte aan verdere spooruitbreiding ten einde in die behoeftes van die groeiende mynbedryf te voorsien.

Van georganiseerde *sosiaal-kulturele bedrywighede* in die gebied in die negentiende eeu was daar met uitsondering van tradisionele items soos boeresport, perderesies en skyfskiet, feitlik geen sprake nie. Goudmyn=bedrywighede sedert 1937 het 'n groot verandering in die lewenswyse van die plaaslike gemeenskap teweeggebring. Blyvooruitzichtmyn het 'n ontspanningsklub begin waar danse, filmvertonings, speletjiesaande en toneelstukke, laasgenoemde opgevoer deur die myn se amateur toneel=geselskap, aangebied is. Buiten die gereelde herdenking van Gelofte=fees, op 16 Desember, was daar teen 1948 van ander kultuurbedrywighede in die Gatsrand nie veel teken nie.

Die Gatsrand het oor 'n tydperk van ietwat meer as 100 jaar 'n ingrypende gedaanteverwisseling ondergaan. Die rustige en landelike boeregemeen=skappe van Twyfelvlakte, Wonderfontein, Blyvooruitzicht en Driefontein het nou plek gemaak vir 'n miernes bedrywighede van die goudmynbedryf wat van besondere betekenis vir die Suid-Afrikaanse ekonomie sou blyk te wees. Die goudrif, bekend as die West-Wits-Lyn, sou spoedig hierna verder weswaarts uitbrei. Verdere navorsing op al die gemelde terreine, maar in die besonder die invloed van die ekonomie op die ontwikkeling van die gebied, word in die vooruitsig gestel.

# BRONNE

AFKORTINGS WAT GEBRUIK IS:

| | |
|---|---|
| *s.a.:* | *sonder jaartal* |
| *s.l.:* | *sonder plek* |
| *s.l.e.a.:* | *sonder plek en jaar* |
| *s.n.:* | *sonder uitgewer* |
| *do.:* | *dieselfde* |

## 1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### 1.1 TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (TAB)

#### 1.1.1 Argief van die Staatsekretaris van die ZAR, korrespondensie 1829-1900

R.-dokumente: R879/55, R90/55, R2251/58, R4404/61, R6967/87, R5538/95, R12714/97, R2758/98, R1621/99, R4257/00.

#### 1.1.2 Argief van die Potchefstroom landdros

| | | |
|---|---|---|
| PLA 1-27 | : | Inkomende stukke, 1842-1900. |
| PLA 57-58 | : | Stukke met betrekking tot plase en erwe, 1852-1869. |
| PLA 68, 73, 91, 99, 101 | : | Finansiële stukke, 1858-1898. |
| PLA 74 | : | Belastingregister wyk Gatsrand, 1879-1881 |
| PLA 92 | : | Register op hutbelasting, 1838-1896. |
| PLA 121, 123, 128 | : | Register van burgers en inwoners, 1865-1899. |
| PLA 132-135 | : | Naturelle stukke, 1852-1881. |
| PLA 144, 147, 148 | : | Krygsake, 1890-1899. |
| PLA 149, 152, 154 | : | Diverse dokumente, 1857-1895. |
| PLA 162 | : | Siviele sake, 1859-1865. |
| PLA 196 | : | Kriminele sake, 1857-1868. |
| PLA 275-278, 280-281 | : | Plaaslike kommissies, 1870-1900. |
| PLA 312, 319, 320 | : | Siviele kommissaris, 1885-1890. |

1.1.3 Argief van die Registrateur van Aktes

RAK 2433 : Plaasrequestenregister, 1839-1851.
RAK 2434 : Inspeksieregister, 1841-1888.
RAK 2689 : Indeks van transportboek, 1853-1858.

1.1.4 Argief van die Repatriasie Kommissie, distrik Potchefstroom (C11)

C11 5-6 : Aansoeke vir ondersteuning, 1902-1904.

1.1.5 Argief van die Burgerlike Vergoedingskommissie, distrik Potchef= stroom (C5)

C5 3-4 : Verskaffing van lewensmiddele, 1902-1904.

1.1.6 Argief van die Transvaalse Onderwysdepartement

TOD W217 : Potchefstroom Skoolraadnotules, 1908-1910.

1.1.7 Argief van die Superintendent van Onderwys

OD 210 : Diverse dokumente, 1890.
OD 212 : Korrespondensie, 1894.
OD 213 : Korrespondensie, 1895-1896.
OD 635 : Register op dorp en wykskole, 1895-1899.

1.1.8 Argief van die Departement Justisie, Transvaal

LD 1268 (lêer AG 223/07), 1557 (AG 85/08) : Aktes van ooreenkomste, 1904-1907.

1.1.9 Argief van die Meester van die Hooggeregshof

MHG 19631 : Boedel, 1869.

1.1.10 Argief van die Potchefstroom Stadsklerk

PM 351,1974 : Dorpstigting, 1940-1948.

1.1.11 Argief van die Departement van Openbare Werke

PWD 263 : Oprigting van geboue, 1903-1914.

1.1.12 Argief van die Departement Publieke Werke

PW 28 (lêer 07/0728) : Tolhekke, 1888.

1.1.13 Argief van die Kommandant-Generaal

KG 274 : Kommandeerlyste en verslae, 1882-1884.
KG 327 : Naamlys van burgers, 1895-1896.

1.1.14 Aanwinste

| | | |
|---|---|---|
| A 1221 | : | Martins-versameling |
| WHA 90 | : | Hommes-versameling |
| A 1666 | : | Losbergskool-versameling |
| WHA 57 | : | W.J. Leyds-versameling |
| A 1449 | : | J. Oosthuizen-versameling |
| A 14 | : | P.J. Joubert-versameling |
| WHA 1221 | : | Konsentrasiekampherinneringe |
| A 1023 | : | Gereformeerde Kerk-gedenkboek |

1.1.15 (Ongekatalogiseer) : Kieserslys van wyk nr. 5: Gatsrand, 1905.

1.2 SENTRALE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (SAB)

1.2.1 Argief van die Suid-Afrikaanse Spoorweë

SAS 200 (lêer G4/547), 292 (G 13/18), 408 (1644), 694 (G 65/1/13): Korrespondensie, 1913-1926.

1.2.2 Argief van die Goewerneur-Generaal

GG 484 (lêer 9/59/20) : Verslag, 1914.

1.2.3 Argief van die Departement van Openbare Werke

PWD 263 (lêers 710/53 en 5892/04), 1603 (5676) : Verslae, 1916-1920.

1.2.4 Argief van die Departement van Justisie

JUS 116 (lêer 5/663/1), 174 (3/1001/13), 395 (3/251/25), 484 (1900/29): Verslae, 1913-1929.
JUS 142 (3/475/12), 519 (6216/29(2))), 614 (2817/35): Korres=pondensie, 1904-1936.
JUS 267 (3/801/18): Aanstelling, 1906.

1.2.5 Argief van die Uitvoerende Raad van die Unie

| | | |
|---|---|---|
| URU 300, 356 | : | Uitvoerende Raadsbesluite met betrek=king tot aanstellings, 1916-1918. |
| URU 654 | : | Uitvoerende Raadsbesluit met betrek=king tot 'n proklamasie, 1923. |
| URU 2324, 2535, 2553, 2628, 2676, 2700, 3441 | : | Uitvoerende Raadsbesluit met betrek=king tot vergunnings, 1946-1949. |

1.2.6 Argief van die Ministerie van Vervoer

MVE 409 (lêer 1644) : Korrespondensie, 1918, 1922, 1929.

1.2.7 Argief van die Hoof Insektekundige

CEN 45 (lêer EE 2801), 63 (EE 3965), 509 (E 1719) : Korrespondensie, 1906-1911.

1.2.8 Argief van die Departement Naturellesake
NTS 403 (lêer 886/56), 2920 (365/303), 3874 (57/309), 4524 (603/313), 7142 (832/323), 7145 (896/323), 7147 (923/323): Korrespondensie, 1936-1948.

1.2.9 Argief van die Departement Gesondheid
GES 304 (lêer 500/1): Korrespondensie, 1928-1943.

1.2.10 Argief van die Departement Volkswelsyn en Pensioene
VWN 2872 (lêer SWP 8/777): Verslae, 1943-1948.

1.2.11 Argief van die Departement Volkswelsyn en Arbeid
VWR 113 (lêer B645/199/20): Aansoek, 1935.

1.2.12 Argief van die Bewaarder van Vyandseiendom
BVE 104 (lêer H3/12): Korrespondensie, 1940-1948.

1.2.13 Argief van die Suid-Afrikaanse Polisie
SAP 116 (lêer SAP 5/663/2): Korrespondensie, 1910-1927.

1.2.14 Argief van die Direkteur van Burgerlike lugvaart
DCA 34 (lêer 824/161): Korrespondensie, 1927-1941.

1.3 SUID-AFRIKAANSE WEERMAGARGIEF, PRETORIA (SAWA)

1.3.1 Defence Council

| | | |
|---|---|---|
| DC GP1 | : | Verklaring, 1973. |
| DC GP 2 | : | Korrespondensie, 1914-1935. |
| DC 59, 196, 366 | : | Korrespondensie, 1922-1948. |
| DC 59, 84, 163 | : | Inligtingstukke, 1935-1948. |

1.4 OSSEWA-BRANDWAGARGIEF, PU VIR CHO

1.4.1 OB 94 : Bandopname-transkripsie, K.J. Kerling, 2.5.1974.

1.4.2 OB 94 : Korrespondensie, 1944.

1.5 AKTEKANTOOR, PRETORIA

1.5.1 IQ : Aktes van Transport, 1853-1948.

1.6 DEPARTEMENT VAN PAAIE, POTCHEFSTROOM

1.6.1 DP P89/1 (lêer DP 07/072/23/22/98), P92/1 (DP 07/072/23/22/92) : Korrespondensie, 1907-1948.

1.7 ARGIEF VAN DIE POTCHEFSTROOMSE MUSEUM

1.7.1 Inligtingslêers
1.7.2 Foto's

1.8 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKARGIEF, PRETORIA (NG-KERKARGIEF)

1.8.1 Potchefstroom-Gemeente

AD-1 POT 1 : Doopregister, 1867-1888
AD-3 POT-1 : Huweliksregister, 1871-1888
POT 1 : Kerkraadnotules, 1890-1912.

1.9 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERKARGIEF, PRETORIA (NH-KERKARGIEF)

1.9.1 Potchefstroom-Gemeente

G1 3/1/1 : Huweliksregister, 1838-1885
G1 3/3/1 : Doopregister, 1842-1849

1.10 ARGIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK, PU VIR CHO (GEREF-KERKARGIEF)

1.10.1 Potchefstroom-Gemeente

1/1 : Kerkraadnotule, 1863
1/4 : Kerkraadnotules, 1907-1917
1/5 : Kerkraadnotules, 1917-1936
PV 72 : Reisjoernaal van D. Postma, 1858-1859.

1.11 ARGIEF VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (ONDERWYSMUSEUM)

1.11.1 Skooljoernale van Rooipoort 50, Elandsfontein nr. 289 en Wel=verdiend.

1.11.2 Jaarverslae van die Onderwysdepartement, 1885-1948

1.11.3 Inspeksierapporte van Wonderfontein, 1925-1943

1.11.4 Korrespondensie van Wonderfontein, Leeuwpoort, 1916-1946

1.12 CARLETONVILLE MUNISIPALITEIT

1.12.1 Korrespondensie, 1944-1956

1.12.2 Kaarte en titelvoorwaardes, 1937-1948

1.13 CARLETONVILLE-PROJEK, PU VIR CHO

1.13.1 Herinneringe : P.F.J. van der Ryst
Herinneringe : S.A.M. Erasmus
Herinneringe : M.M. van der Westhuizen
Herinneringe : A.P. Nel
Herinneringe : Dr. J.A. Schutte
Herinneringe : Ds. J. Dreyer
Herinneringe : A.M. Schutte

1.13.2 Afdrukke van dokumente in private besit

Rekwisisielyste, 1907 : T.F. Dreyer
Korrespondensie, J.B. Wolmarans : J.M.F. Terburg
Korrespondensie, S.A.M. Erasmus : C. Rautenbach
Korrespondensie, B.N.D. Geldenhuys : C. Rautenbach

1.13.3 Korrespondensie

Kol. dr. J. Ploeger/E.S. van Eeden (1986)
J. Grolman/E.S. van Eeden (1987)
C. Rautenbach/E.S. van Eeden (1987)

1.14 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE-GEMEENTE LOSBERG, FOCHVILLE

1.14.1 Kerkraadnotules, 11.4.1935-27.3.1949

1.14.2 Transvaalse Vrouesendingsvereniging notules, 1933-1944

1.14.3 Finansiële state, 5.11.1935-30.6.1949

1.14.4 Mannesendingbond, finansiële state vir 1947-1948

1.14.5 Sendingwerkkring, finansiële verslag vir 1947-1948

## 2. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

BREYTENBACH, J.H. (red.), *Notule van die Natalse Volksraad: Natal nr. 1, 1838-1845.* Kaapstad: Staatsdrukker, 1958.

BREYTENBACH, J.H. en PRETORIUS, H.S., *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek: Transvaal nr. 1, 1845-1850.* Pretoria: Staatsdrukker, 1949.

BREYTENBACH, J.H. en PRETORIUS, H.S., *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek: Transvaal nr. 5, 1864-1866.* Pretoria: Staatsdrukker, 1949.

COSTER, J.H., *Locale wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893.* Pretoria: Staatsdrukker, 1894.

GOLDMAN, P.L.A., *Beredeneerde inventarissen van oudste archiefgroepen der Zuid-Afrikaansche Republiek.* Pretoria: Staatsdrukker, 1927.

KRYNAUW, D.W. en PRETORIUS, H.S., *Voortrekker Argiefstukke, 1850-1853.* Pretoria: Staatsdrukker, 1949.

PRELLER, G.S., *Voortrekkerwetgewing: Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845.* Pretoria: J.L. van Schaik, 1924.

VAN JAARSVELD, F.A. (red.), *Honderd basiese dokumente by die studie van Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961.* Kaapstad: Nasou, 1972.

3. REGERINGSPUBLIKASIES

PROVINSIE TRANSVAAL, *Provinsiale Raad notules, 1910-1948.*

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, *Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, 1962-1963.*

TRANSVAAL COLONY, *Preliminiry report on rinderpest in the Transvaal, 1901.*

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Official yearbook of the Union and of Basutuland, Bechuanaland protectorate and Swaziland 8,* 1925.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Staatskoerante, 1915-1948.*

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Verslag van die Posmeester-Generaal vir die jare, 1910-1922.*

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Buro vir Statistiek: Verslag nr. 02-02-01. Stede= like en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960.* Pretoria: Staatsdrukker, 1968.

UNION OF SOUTH AFRICA, *Report of the Transvaal constituencies Delimition Commission,* 1906-1947.

ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, *Staats Courant, 1857-1899.*

4. MANUSKRIPTE

Anon., "Laerskool Kalabasfontein". s.l. e.a., s.n.

HAGAN-WATSON, W., "Down memory lane. Blyvoor's first 20 years". s.l., 1965.

KERLING, K.J., "Laer Gedenkskool Danie Theron". s.l., 1953.

5. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

BADENHORST, W.J., *Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal, 1842-1885.* D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1951.

BARNARD, A., *Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys (Blank) in Transvaal, 1836-1934.* MA-verhandeling, UP, 1935.

BARNARD, S.L., *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967.* D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, 1971.

DIPPENAAR, J.H., *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp, 1887-1939.* MA-verhandeling, PU vir CHO, 1953.

DREYER, N., *Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die ag= tergrond van die Transvaalse geskiedenis tot 1884: In die geslagslyn na se= nator A.D.W. Wolmarans, Joseph, Josephus Johannes, Frederik Gerhardus en Fre= derik Gerhardus Andreas.* MA-verhandeling, UP, 1968.

DU PLESSIS, J.S., "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van staats=president in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1902". D.Phil-proef=skrif, PU vir CHO, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 18(1), 1955.

DU PLESSIS, W.P., *Phillipus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman.* MA-ver=handeling, PU vir CHO, 1984.

DU PLOOY, W.J., *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-in=val, 1895-1896,* MA-verhandeling, UP, 1958.

ELOFF, S.J., *ʼn Evaluering van die grondgebruikpatroon van die Vredefort=koepel noord van die Vaalrivier.* MA-verhandeling, PU vir CHO, 1984.

FOURIE, L.M., *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid, 1939-1942.* D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1987.

GROBLER, P.J.H.S., *Die geskiedenis van die poswese van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1899.* D.Phil.- proefskrif, UNISA, 1956.

HAASBROEK, D.J.P., *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881.* MA-ver=handeling, PU vir CHO, 1955.

HEYNS, A.M., *ʼn Geografiese ondersoek na die landboukleinhoewes in die ge=bied Randfontein-Welverdiend.* M.Sc.-verhandeling, PU vir CHO, 1954.

HOON, M.G., *Die finansiering van die onderwys van Blankes in die Suid-Af=rikaansche Republiek.* D.Ed.-proefskrif, UP, 1955.

HUGO, M.J., "Die stemreg vraagstuk in die ZAR". D.Phil-proefskrif, UP, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 10(1), 1947.

LE ROUX, D.F., *Die beleg van Potchefstroom gedurende die Eerste Vryheids=oorlog, 1880-1881.* MA-verhandeling, UNISA, 1976.

MALAN, J., *Die werksaamhede van die amptenare belas met die administrasie van naturellesake in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1877.* MA-verhande=ling, UP, 1958.

NAUDé, P., *Boerdery in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858-1899.* D.Litt.-proefskrif, UNISA, 1954.

NIEUWOUDT, A., *Die beplanning van die ontwikkelende verspreide stad in die gebied van Carletonville, Fochville en Westonaria.* MA-verhandeling, PU vir CHO, 1985.

OOSTHUIZEN, J., *Jacobus Hercules De la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog.* D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1949.

PIENAAR, A.J., *Christiaan Rudolf de Wet in die Anglo-Boereoorlog.* MA-ver=handeling, PU vir CHO, 1974.

PIETERSEN, S.J., *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914.* MA-verhande=ling, UP, 1970.

PYPER, P.A., *Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.* MA-verhandeling, PU vir CHO, 1960.

ROOS, S.I.W., *Onderwys in Transvaal.* M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1952.

SWANEPOEL, J., *Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954, met spesia= le verwysing na staatsoptrede in hierdie verband.* D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1958.

SYMINGTON, F.C., *Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode, 1900-1907.* D.Ed.-proefskrif, UP, 1948.

VAN COLLER, H.M., *Die burgerlike lewe in Potchefstroom ten tye van die Eerste Vryheidsoorlog.* MA.-verhandeling, PU vir CHO, 1983.

VAN DEN BERGH, G.N., *Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1881.* MA-verhandeling, PU vir CHO, 1957.

VAN DER WALT, J.H.P., *Onderwys van Blankes in die Ventersdorpse distrik tot 1970.* M.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, 1977.

VAN HEERDE, G.L., *Die invloed van moderne vervoer op die ontwikkeling van dorpe in Wes-Transvaal.* D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1981.

VAN JAARSVELD, F.A., "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1870". MA-verhandeling, UP, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 13(2), 1950.

VERMOOTEN, F., *J.P. Borrius: 'n Drukker-pionier, 1840-1892.* MA-verhande= ling, PU vir CHO, 1945.

VORSTER, L.P., *Die baKWENA baMARE-a-PHOGOLE.* MA-verhandeling, PU vir CHO, 1969.

WICHMANN, F.A.F., "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Repu= bliek, 1838-1860". D.Phil.-proefskrif, UP, *Argiefjaarboek vir Suid-Afri= kaanse geskiedenis*, 4(2), 1941.

WOLMARANS, J.F., *Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand: Gebeure in perspektief.* D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1984.

## 6. BANDOPNAMES/ONDERHOUDE

### 6.1 BANDOPNAMES, CARLETONVILLE-PROJEK (PU VIR CHO)

| | |
|---|---|
| K. Baard | (1987) |
| K. du Preez | (1986) |
| G.F. Pienaar | (1986) |
| J.M.F. Terburg | (1987) |
| B. Wolvaardt | (1986) |

6.2 PERSOONLIKE ONDERHOUDE, CARLETONVILLE-PROJEK (PU VIR CHO)

| | |
|---|---|
| T.F. Dreyer | (1987) |
| Kmdt. W.P. Grey | (1987) |
| K. Greyling | (1987) |
| A. Judelsohn | (1987) |
| A.P. Nel | (1987) |
| T. Nosarka | (1987) |
| A.M.C. Pretorius | (1987) |
| C. Rautenbach | (1986 en 1987) |
| Dr. W.P. Roux | (1987) |
| C. en T. Schutte | (1986) |
| A. van der Westhuizen | (1987) |
| T. Waks | (1987) |
| Dr. J.F. Wolmarans | (1987) |

7. KOERANTE EN TYDSKRIFTE

7.1 KOERANTE

*Carletonville/Fochville Herald*, 1966-1984
*Dagbreek en Sondagnuus*, 19.7.1937
*De Emigrant*, 1862
*De Volkstem*, 1874-1882
*De Westelike Stem*, 1915-1933
*Die Transvaler*, 1950-1960
*Die Vaderland*, 10.7.1959
*Die Volksblad*, 29.3.1947
*Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 1908-1914 en 1929-1948
*Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 23.12.1975
*Rand Daily Mail*, 29.9.1914.

7.2 KOERANTARTIKELS

ANON., "Rand Mines - Blyvoor, 1937-1987," *Carletonville/Fochville Herald*, 19.6.1987.

ANON., "Terugblik oor katoenverbouing in die Zuid-Afrikaansche Re= publiek", *Die Potchefstroomer*, 7.2.1885.

H.R.B. (Pseud.), "Mooirivier (Potchefstroom)", *Die Kerkbode*, xxxv 21, 22.5.1935.

## 7.3 TYDSKRIFARTIKELS

ANON., "De Nederlandsche Landbounederzetting op Wonderfontein (Transvaal)", oorgedruk uit *Zuid-Afrika*, Oktober 1934.

ANON., "Die geskiedenis van ons", *Paratus*, Oktober 1973.

BRANKEN, D., "Maritz se laer by Suikerbosrand", *Argiefnuus* XXVII (8), Februarie 1985.

BUL (Pseud.), "Die Tweede Anglo-Boereoorlog", *Kommando* 16(10), Oktober 1965.

DE JONG, C., "Dullstroom, 1884-1984", *Contree* 17, Januarie 1985.

ELLIOT, H., "Down towards the styx", *Optima* 34(2), June 1986.

FORSYTH, D.R., "Dekoratie voor trouwe dienst", *Krygshistoriese tydskrif* 1(1), 11 Desember 1967.

HAASBROEK, D.J.P., "Potchefstroom waar kry jy daardie naam?", *Contree* 3, Januarie 1978.

HAASBROEK, D.J.P., "Potchefstroom en die Eerste Vryheidsoorlog, 1880/1881", *Contree* 7, Januarie 1980.

KOTZE, A.L., "J. van der Tak", *Onderwysblad* XLVIII (544), 1 Julie 1945.

MARX, R., "Watter is die oudste dorp in Transvaal?", *Contree* 19, Januarie 1986.

NEL, A.P., "Buffelsdoorn - 'n baken in ons kerk se geskiedenis", *Gerefor=meerde Vroueblad* XXX(8), Januarie 1977.

OBERHOLSTER, A.G., "Ontwikkeling van die bestuur van landelike gebiede in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Kaaplandse Afdelingsrade en die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike gebiede", *Acta Academica* B(21), 1985.

OBERHOLSTER, A.G., "Redaksioneel", *Contree* 7, Januarie 1980.

OBERHOLSTER, A.G., "Streekgeskiedenis en die historikus", *Contree* 6, Julie 1979.

PELLETIER, R.A., "Contributions to the geology of the Far West Rand", *Tran=sactions of the geological society of South Africa* XL, July 1987.

VAN DEN BERGH, G.N., "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?", *Con= tree* 18, Julie 1985.

VAN WYK, D.G.C., "Danie Theron monument", *Die Hervormer* 14, September 1976.

VAN WYK, I., "Landskoonmaker", *Die Boerevrou,* Julie 1950.

VERNON JOHNSTONE, "The old coaching days in South Africa had a thrill all their own", *The Outspan* 5, 6.4.1945.

ZIETSMAN, C.F. VAN R., "Die bou van die Suidwestelyn, 1895-1897, en die NZASM-stasiegeboue op Krugersdorp en Klerksdorp", *Contree* 12, Julie 1982.

8. ALMANAKKE EN JAARBOEKE

ALMANAK VOOR DE GEREFORMEERDE KERK IN ZUID-AFRIKA (jg.26-36). Pretoria, 1895-910.

ALMANAK VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA (jg.45-74). Pretoria, 1917-1948.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA, *Almanak en Bybelse dagboek*(jg.42-69). Pretoria, 1926-1948.

UNITED TRANSVAAL DIRECTORY COMPANY LIMITED, *United Transvaal directory for 1941-1942.* 'Johannesburg 1942.

TRANSVAAL TELEPHONE DIRECTORY COMPANY LIMITED, *Transvaal telephone directory for 1948.* Johannesburg 1948.

9. GEPUBLISEERDE WERKE

AMERY, L.S. (ed.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, V,* London: Sampson Law, 1907.

ANON., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Losberg-feesuitgawe, 1925-1975.* Pretoria: Ned. Herv. Weeshuispers, 1975.

ANON., *Die Transvaalse Vroue Landbou-unie, 1925-1975*, s.l.: Koöperasiepers, 1975.

ANON., *ESCOM, twenty five years: A record of the origin, progress and achievements of the Electricity supply comission in the Union of South Afri= ca, 1923-1948.* Johannesburg: s.n., 1948.

ANON., *Fochville 50, 1920-1970: Gedenkuitgawe.* s.l.: Dagbreek Pers, 1970.

ANON., *Gedenkalbum Rooipoort 50 skool, 1910-1960.* s.l.: s.n., 1960.

ANON., *Halfeeufees NG Kerk Losberg, 1935-1985.* Roodepoort: Transo drukkery, 1985.

ANON., *In Memoriam: N.Z.A.S.M.,* Amsterdam: De Bussy drukkery, 1910.

ANON., *Laerskool De Beer: Gedenkblad, 1880-1980, 100ste bestaansjaar.* Klerksdorp: Mernel drukkery, 1980.

ANON., *Rand mines: Blyvooruitzicht gold mining company limited visitors brochure.* s.l. e.a.: s.n.

ANON., *Vyftig jaar van Koöperasie in Wes-Transvaal, 1909-1959.* s.l.: OVS Afrikaanse Pers, 1967.

BREDELL, H.C. en GROBLER, P. (reds.), *Gedenkskrifte van Paul Kruger.* Pre= toria: Van Schaik, 1947.

BREUTZ, P.-L., *Die stamme van die distrik Ventersdorp.* Pretoria: Staats= drukker, 1954.

BREYTENBACH, J.H., *Die Tweede Vryheidsoorlog: Voorspel tot die stryd, I.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1968.

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, II: Die eerste Britse offensief Nov.-Des. 1899.* Preto= ria: Staatsdrukker, 1971.

BREYTENBACH, J.H., *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1949.

BREYTENBACH, J.H., *Kommandant Danie Theron.* Kaapstad: Nasionale Boekhan= del, 1950.

BURGERS, T.F., *Schetsen uit de Transvaal.* Kaapstad: s.n., 1872.

CACHET, J.L., *Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1859-1909.* Potchefstroom: A.H. Koomans, 1909.

CARTWRIGHT, A.P., *Gold paved the way.* New York: St Martins, 1967.

CHRISTOPHER, A.J., *Southern Africa: Studies in historical geography.* Dawson: Archon books, 1976.

COETZEE, A., *Die Afrikaanse Volkskultuur,* Kaapstad: A.A. Balkema, 1953.

COETZEE, D.J., *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1940.

COETZEE, J.C., *Pioniers van die skoolplaas Klipdrift: Johan en Johanna Schutte, 1923-1938.* Pretoria: Staatsbiblioteek, 1987.

COETZEE, J.H. (red.), *Voortgesette Streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 2: Gebied Potchefstroom.* Potchefstroom: PU vir CHO, 1955.

COETZEE, J.H. (red.), *Voortgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2, verslag nr. 3: Gebied Westonaria-Welverdiend.* Potchefstroom: PU vir CHO, 1957.

CRAFFORD, F.S., *Jan Smuts: 'n Biografie* (vertaal deur F.A. Venter). Kaap= stad: Edina works, s.a.

DAVENPORT, T.R.H., *South Africa: A modern history*, Johannesburg: Mac=millan, 1977.

DE VILLIERS, C.G.S. en PAMA, G., *Geslagsregisters van die ou Kaapse fa=milies, I (A-M)*. Kaapstad: A.A. Balkema, 1981.

DREYER, J. 1969. *Bittereinders onder die vroue*, Potchefstroom: s.n., 1969.

DU TOIT, S., (red.), *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959: Gedenkboek by geleentheid van die eeufees*. Johannesburg: Dagbreekpers, 1959.

ENGELENBURG, F.V., *Generaal Louis Botha*, Pretoria: J.L. van Schaik, 1928.

FERREIRA, O.J.O. (red.), *Memoirs of general Ben Bouwer*, Pretoria: RGN, 1980.

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur: Ons volksfeeste, III*. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

GYBLAND OOSTERHOFF, H.H.A., *Indrukken van een reis naar Zuid-Afrika*. Den Helder: N.V. Drukkerij, 1938.

HOFMEYER, N.J., *Die Afrikaner-Boer en die Jameson-inval*. Kaapstad: Jaques Dusseau, 1896.

HOFMEYER, S., *Twintig jaren in Zoutpansberg: Een verhaal van twintig ja=ren arbeid onder die Heidenen in de Transvaal*. Kaapstad: Rose, 1890.

HOLUB, E., *Seven years in South Africa, II*. London: Gilbert and Riving=ton, s.a.

JOOSTE, J.P., *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald, 1958.

KOK, J.W., *Sonderlinge vrug*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1971.

KRÜGER, D.W. (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewers, 1977.

MACNAB, R., *Gold their touchstone: Goldfields of South Africa, 1887-1987, a centenary story*. Johannesburg: Jonathan Ball, 1987.

MARTINS, H., *Ek en my speke*. Northmead: Semna, 1974.

MAUCH, K., *The journals of C. Mauch: His travels in Transvaal and Rho=desia, 1869-1872*. Rhodesië: s.n., 1969.

MAWBY, A., *The political behavior of the British population of the Trans=vaal, 1902-1907*. s.l.: s.n. 1914.

MULLER, C.F.J., (red.) *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Pretoria: Academica, 1968.

NAUDE, B.J.V. (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberhol= zer, 9-11 Februarie.* Krugersdorp: Ned. Herv. Weeshuis pers, 1952.

NEL, B.F., *Naturelle-opvoeding en onderwys, I.* Bloemfontein: Nasionale Pers, 1942.

NOBLE, J. (red.), *Illustrated official handbook of the Cape and South Africa: A resume of the history, conditions, populations, productions and resources of several colonies, states and territories.* Cape Town: s.n., 1893.

PELZER, A.N., *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, I: Wordings= jare.* Kaapstad: A.A. Balkema, 1950.

PIENAAR, P. de V. (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1945.

POTGIETER, C. en THEUNISSEN, N.H., *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter.* Johannesburg: Afrikaanse Pers, 1938.

POTGIETER, D.J. (red.), *Standard Encyclopedia of Southern Africa III,* Johannesburg: Nasionale opvoedkundige uitgewers, 1970.

POTGIETER, D.J. (red.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa IV,* Johannesburg: Nasionale opvoedkundige uitgewers, 1971.

PRELLER, G.S., *Voortrekkermense, II.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1920.

PRELLER, G.S., *Voortrekkermense, III.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1922.

PRELLER, G.S., *Voortrekkermense, IV.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1925.

PRELLER, G.S. en ENGELENBURG, F.V., *Onze Krijgs-officieren,* Pretoria: Volksstem drukkery, 1904.

PU VIR CHO., Instituut vir pedologiese navorsing: *Inleiding van die Wonder= fonteinvallei in agt substreke vir die bepaling van die landboupotensiaal,* Potchefstroom: PU vir CHO, 1977.

RAVENSCROFT, A.P., *The course of the depression in South Africa.* s.l. e.a.: s.n.

ROMPEL, F., *Heroes of the Boer war.* Pretoria: s.n., 1903.

ROSENTHAL, E. en BLUM, E., *Runner and mailcoach.* Cape Town: Purnell, 1969.

SCAPERA, I., *The Khoisan peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots.* London: George Routledge, 1930.

SCHOEMAN, B.M., *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976.* Pre= toria: Sigma drukkery, 1977.

SCHOLTZ, G.D., *Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gere=formeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885-1910.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers, s.a.

SCHOLTZ, G.D., *Die ondertekening van die Sandrivier-konvensie herdenk, 1852-1952.* Johannesburg: FAK, 1961.

SCHOLTZ, P.L., *Streekgeskiedenis - 'n fassinerende mikrokosmos.* Publi=kasiereeks van die Universiteit van Wes-Kaapland, A (26). Belville, 1980.

SHIMONI, G., *Jews and Zionism: The South African experience, 1910-1967.* Cape Town. Oxford University press, 1980.

SHORTEN, J.R., *The Johannesburg saga.* Johannesburg: City Council, 1970.

SPOELSTRA, C., *Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek: Historisch kritisch onderzocht.* Kampen, s.n., 1915.

STALS, W.A., *Die kwessie van naturelle eiendomsreg op grond in Trans=vaal, 1838-1884.* Pretoria: s.n., 1970.

STRYDOM, C.J.S., *Ruitervuur.* Kaapstad: Tafelberg, 1970.

STUART, J., *Die Hollandsche Afrikanen en hunne republiek in Zuid-Afrika.* Amsterdam: G.W. Tielkemeyer, 1854.

THOM, H.B., *Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika.* Amster=dam: Swets en Zeitlinger, 1936.

THOM, H.B., *Die lewe van Gert Maritz.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.

VAN DER WALT, A.J., *Vastrappers (of Volkstiepe).* Potchefstroom: A.H. Koo=mans, 1920.

VAN DER WALT, A.J.H. (red.), *Potchefstroom, 1838-1938.* Johannesburg: Afrikaanse Pers, 1938.

VAN DER MERWE, P.J., *Die Matebeles en die Voortrekkers.* Pretoria: Staats=drukker, 1986.

VAN DER MERWE, P.J., *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek, 1770-1842.* Kaapstad: Burger Boekhandel, 1937.

VAN DER VYVER, G.C.P., *Professor Dirk Postma, 1818-1890.* Potchefstroom: Pro Rege, 1858.

VAN JAARSVELD, F.A. (red.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881.* Pre=toria: HAUM, 1980.

VAN ONSELEN, L.E., *A rhapsody in blue (South African Police).* Cape Town: Tafelberg, 1960.

VAN ZYL, M.C., *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners, 1877-1880.* Pretoria: Academica, 1979.

VAN ZYL, P.H.S., *Waar en trou.* Johannesburg. Afrikaanse Pers, 1948.

VOGEL, J.A., *Konstitusionele eksperimente van die Boere, 1836-1877.* Krugersdorp: s.n., s.a.

VOIGHT, J.C., *Fifty years of the history of the republic in South Af= fica, 1795-1845, I.* London. T. Fisher and Unwin, 1899.

WALKER, E.A., *The Great Trek*, London: A and C Black, 1934.

WIERINGA, P.A.C., *De oudste Boeren-Republieken in Zuid-Afrika: Graaff-Reinet en Zwellendam van 1775 tot 1806*, Gravenhage: Martinus Nijhoff, 1921.

ZEEDERBERG, H., *Veld express.* Cape Town: Howard Timmins, 1971.